# KONSENSUS IN KOMMUNIKASIE

H. J. GROENEWALD

Bloemfontein
BIBLIOTEEK

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0198471
111088179901220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

# KONSENSUS IN KOMMUNIKASIE

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
(Departement Kommunikasiekunde)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

deur

Hendrik Johannes Groenewald

Studieleier: Prof. D.A.S. Herbst

Januarie 1977

# DANKBETUIGINGS

Graag betuig ek my opregte dank aan die volgende persone:

- Prof. D.A.S. Herbst, hoof van die Departement Kommunikasiekunde aan die U.O.V.S., vir sy aan=moediging en belangstelling. Ek sal sy besondere hulp en leiding baie lank onthou.

- Prof. M.B. van Schoor van die Universiteit van Suid-Afrika, met wie ek insiggewende gesprekke oor bepaalde aspekte van die Kommunikasiekunde kon voer.

- Christine, wie se opofferinge en onderskraging 'n voortdurende bron van inspirasie is. Dat sy, ondanks baie ander verpligtinge, ook die tikwerk kon doen, word opreg gewaardeer. Hierdie studie word aan haar opgedra.

Die Skrywer

BLOEMFONTEIN
Januarie 1977

INHOUD


| HOOFSTUK | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | | 1 |
| 2. | PERSPEKTIEF OP KOMMUNIKASIE | | 5 |
| | 2.1 | Problematiek rondom kommunikasie | 5 |
| | | 2.1.1 Inleiding | 5 |
| | | 2.1.2 Opkoms van Kommunikasiekunde | 5 |
| | | 2.1.3 Plek van Kommunikasiekunde | 8 |
| | | 2.1.4 Onvolledige teoretiese raamwerk | 12 |
| | | 2.1.5 Multi- of interdissiplinêre wetenskap? | 15 |
| | | 2.1.6 Sosiale aard van kommunikasie | 20 |
| | | 2.1.7 Samevatting | 25 |
| | 2.2 | Noodsaaklikheid van kommunikasie | 25 |
| | 2.3 | Invloed van enkele vakwetenskappe op die Kommuni=kasiekunde | 29 |
| | | 2.3.1 Sielkunde | 30 |
| | | 2.3.2 Sosiologie | 33 |
| | | 2.3.3 Kubernetika | 37 |
| | | 2.3.4 Linguïstiek | 41 |
| | 2.4 | Definisies van kommunikasie | 44 |
| | | 2.4.1 Inleiding | 44 |
| | | 2.4.2 W. Weaver | 47 |
| | | 2.4.3 T.R. Nilsen | 47 |
| | | 2.4.4 G.R. Miller | 48 |
| | | 2.4.5 C. Cooley | 49 |
| | | 2.4.6 Byeenvoeging van definisies deur F.E.X. Dance en J. Stappers | 50 |
| 3. | DIE BEGRIP KONSENSUS IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE | | 57 |
| | 3.1 | Inleiding | 57 |
| | 3.2 | Politikologie | 58 |
| | 3.3 | Sosiologie | 65 |

3.4 Kommunikasiekunde 71

3.5 Samevatting 81

4. KONSENSUS EN BETEKENIS 83

4.1 Inleiding 83

4.2 Kommunikasiekodes 84

4.2.1 Tekens en simbole 85

4.2.1.1 Tekens 85

4.2.1.2 Simbole 88

4.2.1.3 Gebruik van tekens en simbole 90

4.2.2 Simboolsisteme 95

4.2.2.1 Nie-verbale simboolsisteme 95

4.2.2.2 Taal as simboolsisteem 97

4.3 Probleme van die Semantiek 100

4.4 Betekenis in kommunikasie 104

5. KONSENSUS IN INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE 113

5.1 Inleiding 113

5.2 Intrakommunikasie 116

5.2.1 Omskrywing 116

5.2.2 Intrakommunikasie en konsensus 119

5.2.3 Samevatting 124

5.3 Interkommunikasie 125

5.3.1 Omskrywing 125

2.3.2 Interpersoonlike kommunikasie 126

5.3.2.1 Omskrywing 126

5.3.2.2 Tweeledige kommunikasie (Diad) 127

5.3.2.2.1 Omskrywing 127

5.3.2.2.2 Konsensus in tweeledige kommunikasie 131

5.3.2.3 Kommunikasie in 'n groep 141

5.3.2.3.1 Inleiding 141

5.3.2.3.2 Mikrogroep 146

5.3.2.3.2.1 Omskrywing 146

5.3.2.3.2.2 Konsensus in 'n mikrogroep 149

5.3.2.3.3 Makrogroep 153

5.3.2.3.3.1 Omskrywing 153

5.3.2.3.3.2 Konsensus in 'n makrogroep 155

6. KONSENSUS IN MASSAKOMMUNIKASIE 160

6.1 Inleiding 160

6.2 Omskrywing van massakommunikasie 163

6.3 Massakommunikasie en konsensus 168

6.3.1 Publieke opinie 170

6.3.1.1 Omskrywing 170

6.3.1.2 Publieke opinie en konsensus 177

6.3.2 Massakultuur 181

6.3.3 Effek en konsensus in massakommunikasie 185

7. FAKTORE WAT KONSENSUS BEPAAL 189

7.1 Inleiding 189

7.2 Die kommunikasieboodskap 189

7.3 Verwysingskader 193

7.3.1 Lewens- en wêreldbeskouing 194

7.3.2 Houdinge 195

7.3.3 Sosiaal-kulturele agtergrond 198

7.4 Geloofwaardigheid 201

7.5 Stereotipering 205

7.6 Seleksie in kommunikasie 208

7.6.1 Selektiewe aandag 209

7.6.2 Selektiewe waarneming 209

7.6.3 Selektiewe blootstelling 210

7.6.4 Selektiewe retensie 211

7.6.5 Samevatting 212

7.7 Strewe na ooreenstemming 212

7.7.1 Heider se balansteorie 213

7.7.2 Newcomb se simmetrieteorie 214

7.7.3 Die kongruensiebeginsel van Osgood en Tannenbaum 214

7.8 Sinchroniese en diachroniese kommunikasiemetodes 215

7.9 Samevatting 217

8. SLOT 218

BIBLIOGRAFIE 221

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Ingrypende gebeure en belangrike tegnologiese ontwikkelinge het vir baie mense in die 20e eeu 'n ernstige bestaanskrisis meegebring. Om die probleme tussen nasies te oorbrug, is voortdurend geprobeer om nuwe forums vir kontak en dialoog daar te stel. Dié grootse verwag= tinge moes dikwels plek maak vir ewe groot teleurstellinge, want 'n toename in kommunikasiegeleenthede gee onvermydelik aanleiding tot meer kommunikasiekortsluitings.[1]

Ondanks die konflik wat kommunikasiepogings dikwels verydel, word geen tyd en moeite ontsien om mense van verskillende sosio-kulturele agter= grond byeen te bring om hul verskille deur kommunikasie by te lê nie. 'n Wetenskaplike ontleding van sodanige situasies gee 'n aanduiding dat 'n goeie begrip van die aard en funksionering van kommunikasie sou kon bydra tot die opklaring van baie aanvanklike onduidelikhede. An= ders gestel: beter kennis van kommunikasie sou veel beter resultate tot gevolg hê.[2]

Vooruitgang op die gebied van kommunikasie is nie altyd gesien as die uitdrukkingswyse van die mens se vermoë om dinge te leer en om idees

---

1. Andersch, E.G. e.a. Communication in everyday use, p. 117. Die geskilpunte in die V.V.O. en in 'n mindere mate in die E.E.G., NAVO en die O.A.E. is goeie voorbeelde hiervan. Die moderne mens se vertwyfeling word goed saamgevat deur David Berlo: "We cannot place our faith in communication - yet, increasingly, that's all there is to place our faith in." Berlo, D. The context for commu= nication. In: Hanneman, G.J. McEven, W.J. Communication and behavior, p. 20

2. Baie mense se verwagtinge ten spyt, is lukrake kommunikasie geen wondermiddel om krisisse mee op te los nie. In enige kommunikasie= situasie is veel meer relevante faktore op die spel as net kommu= nikasie. Kommunikasie as determinante element is so afhanklik van aspekte soos die verwysingskader van die betrokkenes, die situasie e.s.m. dat bloot 'n "goeie" kommunikator nie noodwendig sukses sal behaal nie.

en ondervindinge met ander te deel nie, maar uitsluitlik as 'n metode om regeringsfunksies uit te voer of bepaalde handelsbedrywighede te laat plaasvind. Later volg die beskouing dat die samelewing 'n "vorm van kommunikasie" is waardeur individuele en groepondervindings beskryf, gewysig, gedeel en bewaar word.[1]

Sinvolle kommunikasie geskied nooit sonder 'n bepaalde doel nie. Vol=gens Villard en Whipple lê 'n bestaansbehoefte - nl. om 'n behoren=heidsgevoel te bevredig asook individuele ontwikkeling - aan alle kommu=nikasie ten grondslag. Hulle vervolg ".... people communicate with one another to achieve social relatedness and self-validation; that is, people communicate to obtain support for their self-images and their interpretation of social reality."[2] Hiervoor is dit nodig dat konsensus tussen mense bereik word. Daarsonder gaan baie kommunika=siepogings vrugteloos wees en kan sulke pogings selfs in chaos eindig.

Om kommunikasie beter te begryp, want hieroor gaan dit hoofsaaklik in hierdie studie, is dit soms nodig om bepaalde modelle te gebruik. Hiervan sê Williams: "Communication begins in the struggle to learn and to describe. To start this process in our minds, and to pass on its results to others, we depend on certain communication models, cer=tain rules or conventions through which we can make contact. We can change these models, when they become inadequate, or we modify and

---

1. Williams, R. Communications, p. 18. Hier word nie soseer 'n onder=skeid getref tussen individue wat kommunikeer en bv. 'n groep nie, as dat alle mense altyd as lede van bepaalde samelewings kommuni=keer. Reeds in die 19e eeu het Emile Durkheim aangevoer dat die individu en sy samelewing nie van mekaar geskei kan word nie. Ver=gelyk Cherry, C. World communication: Threat or promise?, p. 3

2. Villard, K.L., Whipple, L.J. Beginnings in relational communica=tion, p.v. Met sosiale kommunikasie word hier hoofsaaklik klem gelê op die verhouding tussen individue wat kommunikeer.

extend them."[1] Die konsensusmodel, wat in die sosiale wetenskappe - veral in die Sosiologie en die Staatkunde - die aandag trek, word ook in die Kommunikasiekunde in oënskou geneem.

As uitgegaan word van die standpunt dat kommunikasie plaasvind wanneer 'n gedagte, idee of ervaring vergemeenskaplik word, vervul konsensus 'n uiters belangrike en noodsaaklike rol in alle sosiale kommunikasie. In dié verband merk Duncan op: "The specific social end of all commu= nication is the consensus that is reached through the establishment and maintenance of attitudes, beliefs and knowledge, as these are ex= pressed in roles whose successful performance guarantees social order."[2]

In sosiale kommunikasie gaan dit primêr om deelgenootskap in eenderse betekenisgewing van die gekommunikeerde bewussynsinhoud.[3] Konsensus[4] word in hierdie studie beskou as die ooreenstemming in betekenis deur die gemeenskaplikmaking van 'n boodskap tussen 'n kommunikator en sy bestemming.[5]

Sonder 'n noodsaaklike perspektief op kommunikasie en 'n teoretiese

---

1. Williams, R., op. cit., p. 19. Vergelyk ook Ex, J. Communicatie van gezicht tot gezicht, p. 10.

2. Duncan, H.D. The search for a social theory of communication in American Sociology. In: Dance, F.E.X. Human communication theory, p. 240. Hoewel baie kritiek teen die stelling ingebring kan word, onderstreep dit egter die belangrikheid van konsensus in kommunikasie.

3. Verderber, R.F. Communicatie, p. 4: "Communication is the process of stimulating meaning." Wenburg, J.R., Wilmot, W.W. The personal communication process, p. 7: "Communication is an attempt to get meaning."

4. In die daaglikse omgangstaal word onder konsensus verstaan: oor= eenstemming of ooreenkoms. Dit word hier deurgaans gebruik as 'n funksionele begrip.

5. Konsensus kan gekonstitueer word tussen individue en groepe in interpersoonlike kommunikasie asook in massakommunikasie waar 'n "kollektiewe kommunikator" (ook genoem 'n institusionele kommuni= kator) konsensus met die bestemming kan teweegbring.

begronding van die vakgebied Kommunikasiekunde, kan konsensus as funksionele begrip nie bespreek word nie. Tot dusver is die begrip nie as baie belangrik vir Kommunikasiekunde beskou nie. Trouens, dit is slegs in die vakgebied Sosiologie en op die terrein van die politieke denke (Staatsleer of Politokologie) dat konsensus soms ter sprake kom.[1]

'n Studie van konsensus is egter nie volledig sonder 'n uiteensetting van die rol van betekenis in kommunikasie nie. Betekenis is een van die ingewikkeldste, maar terselfdertyd een van die fundamenteelste begrippe in die Kommunikasiekunde. Ten einde die kommunikasiekundige opvatting van betekenis te verduidelik en dit in verband met konsensus te bring, word ook die meer algemene beskouings bespreek, o.m. die linguïstiese, psigolinguïstiese en sosio-linguïstiese.

Die funksie en belangrikheid van konsensus in interpersoonlike en massakommunikasie word uiteengesit. Hier is dit nodig om bepaalde begrippe duidelik te stel en 'n afbakening van die onderwerp te gee.

Vervolgens word die faktore wat konsensus kan beïnvloed, behandel om die moontlikhede en waarde van die begrip in kommunikasie uit te wys.

Hierdie studie is oorsigtelik sover dit konsensus betref en het ook terselfdertyd die doel om afbakenings en indelings te doen, asook begrippe in die vakgebied Kommunikasiekunde te verduidelik. Dit moet goed begryp word: oor die gebruik van konsensus deur die publiek en wetenskaplikes in 'n breë verband, en dikwels ook ongekwalifiseerd, is die laaste woord nog nie gespreek nie. Toekomstige navorsing sal veel meer lig op dié bruikbare konsep in kommunikasie moet werp.

---

1. 'n Uiteensetting van die gebruik van die konsensusmodel in die genoemde vakgebiede word later verstrek. Vergelyk Hoofstuk 3, p. 57

# HOOFSTUK 2

# PERSPEKTIEF OP KOMMUNIKASIE

## 2.1 Problematiek rondom kommunikasie

### 2.1.1 Inleiding

Die belangstelling in die verskynsel kommunikasie, veral sedert die sestigerjare, het meer as enigiets anders bygedra tot die ontwikkeling van die selfstandige vakwetenskap Kommunikasiekunde in Suid-Afrika.

Soos van 'n jong wetenskap verwag kan word, ondervind Kommunikasiekunde nog baie groeipyne. In die ontplooiing van die vakgebied kan die in= vloed van talle ander vakwetenskappe en breë strominge t.o.v. weten= skapsbeoefening bespeur word. Baie van die begrippe in die Kommunika= siekunde is oorgeërf.[1] Dié faktor en die wye gebied van die vak skep aansienlik probleme vir kommunikasiekundiges. Kommunikasie is glad nie so 'n eenvoudige begrip soos in baie kringe gemeen of voorgegee word nie. Blignaut sê hiervan: "Die kompleksiteit van ons reaksies op ons belewenisse in elke denkbare sfeer van menslike denke en handeling is oorweldigend, veral as ons dink dat kommunikasie-inhoude dinamies ontwikkelde kwaliteite is wat onbegrens is."[2]

### 2.1.2 Opkoms van Kommunikasiekunde

Sowel die publiek as sosiale wetenskaplikes stel in kommunikasie belang. Meer mense as ooit vind 'n bestaan in kommunikasieberoepe en -rigtings.[3] Volgens Berlo is die mens elke dag sowat sewentig persent van die tyd

---

1. Van Schoor, M.B. Vertrekpunte vir die kommunikasiekunde, p. 2
2. Blignaut, F.W. Kommunikasie: Sielkundige aspekte en oorwegings, p. 1
3. Predikante, onderwysers, regsgeleerdes, e.s.m.; ook in die kommu= nikasiebedryf, bv. joernaliste, reklamedeskundiges, persone in diens van die radio en televisie. Vergelyk McGarry, K.J. Communication, knowledge and the librarian, p. 7

dat hy wakker is, besig met kommunikasie.[1] In die beroepslewe, maar ook in die alledaagse bestaan, is kommunikasie 'n noodsaaklike bestaansfaktor.

Die ontwikkeling van kommunikasie toon 'n bepaalde verband tussen mondelinge en geskrewe kommunikasie. "The earliest known writings of men deal directly with problems of effective oral communication. These manuscripts were written by advisors for their leaders over four thousand years ago in the early civilization of Egypt and of China."[2]

Die Grieke het al doelbewus aandag begin gee aan die verbetering van mondelinge kommunikasie. So het Isokrates 'n skool vir die opleiding van goeie sprekers gestig. Aristoteles se Retorika het die beginsels en praktyk van oorredingskommunikasie saamgevat. In die Gorgias het Plato tot die gevolgtrekking gekom dat goeie manne nie persoonlike sukses kan verwag of goeie diens aan ander kan lewer sonder opleiding in doeltreffende redevoering nie.[3]

Gedurende en na die Eerste Wêreldoorlog het die belangstelling in die verskynsel kommunikasie veral in die V.S.A. na vore gekom. Kommunika= sie tussen enkelinge, groepe en in sosiale kategorieë het in die soeklig gekom.[4] Daar was egter nog geen sprake van 'n wetenskaplike en sistematiese studie van kommunikasie nie.

"Die studie van kommunikasie as wetenskaplike dissipline het eers na die Tweede Wêreldoorlog sy beslag gekry. Dit het gespruit uit die

---

1. Berlo, D.K. The process of communication, p. 1
2. Oliver, R.T., e.a. Communicative speaking and listening, p. 3
3. Ibid. Vergelyk Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 67
4. Faucounier, G. Massamedia en samenleving, p. 16

besorgdheid oor die effek van die vinnige tegnologiese ontwikkeling van die massamedia, en by name pers (koerant en tydskrif), radio, rolprent en veral televisie."[1] Navorsing is spoedig op talle ander fasette van kommunikasie toegespits.

Die behoefte aan 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir Kommunikasiekunde het baie sosiaal-wetenskaplikes aangemoedig om hulle hierop toe te lê. Veral sedert 1960 is die talle publikasies oor kommunikasie 'n aanduiding van navorsing op dié gebied. Volgens Eastman is hierdie vinnige ont=wikkeling 'n aanduiding van die kommunikasieteorie se volwaardige ont=wikkeling in die akademiese opset.[2]

Oor hedendaagse omstandighede word gesê: "Teenswoordig kan kommunika=siekundiges nie kla oor 'n gebrek aan belangstelling vir die onderwerp wat hulle bestudeer en die vak wat hulle beoefen nie. Meer en meer studente binne en rondom die vak doen nou navorsing daaroor. Buite die universiteite is dit 'n populêre onderwerp van bespreking en geniet kommunikasie die aandag van 'n verskeidenheid belanghebbendes."[3]

Een van die grootste probleme wat uit die wye belangstelling in kommu=nikasie spruit, is die verwarring wat die algemene gebruik van die begrip kenmerk. Thayer sê hieroor: "Even a cursory examination of the communication 'literature' will reveal an almost infinite variety of problems and topics dealt with under the rubric of 'communication'. Surely it must be obvious that a single concept cannot usefully cover phenomena of such diverse nature as a 'communicator' (some marks on

---

1. Herbst, D.A.S. Kommunikasie en die samelewing. In: INEG - <u>Kom=munikasie in die eie tyd</u>, p. 55

2. Eastman, H.A. A communication theory bibliography speaks out - softly. In: <u>Journal of communication</u>, Vol. 22, p. 307

3. Van Schoor, op. cit., p. 1

a page), 'a communication' (what goes on between the 'black boxes' in a computer), 'a communication' (what the female partridge does during a mating season), 'a communication' (an attempt to modify attitudes), 'a communication' (the process of 'information' storage and retrieval), and on and on. In the last six years of the literature, I count more than 25 conceptually different referents for this term."[1]

Kommunikasie is so 'n alledaagse omgangsverskynsel dat mense nie altyd daarvan bewus is dat hulle dit beoefen nie. Dit is 'n handeling wat maklik en so natuurlik uitgevoer word dat mense vanselfsprekend aanneem dat effektiewe kommunikasie sonder veel moeite plaasvind.[2] De Fleur is van mening dat kommunikasie so deel van die mens is dat 'n studie daarvan moeilik onderneem kan word. Kommunikasie is alomteen= woordig en vind voortdurend plaas. Dit kan vergelyk word met die lug wat ons inasem. Elkeen weet dit is beskikbaar en so algemeen dat dit nie noodsaaklik is om daaroor bekommerd te wees nie.[3]

Stappers benadruk die feit dat kommunikasie een van die mens se funda= menteelste begrippe is en daarom 'n gebruiksvoorkeur het wat op sekere veralgemenings berus. Almal praat daaroor, maar dit is nie altyd duidelik wat hulle daarmee bedoel nie. Dikwels duur dit lank voordat mense wat daaroor kommunikeer, besef dat hulle mekaar nie begryp nie.[4]

2.1.3 Plek van Kommunikasiekunde

Daar is sosiale wetenskaplikes wat twyfel aan die selfstandigheid en

---

1. Thayer, L.O. On theory-building in communication: some conceptual problems. In: Journal of communication, Vol. 13, p. 217

2. Bormann, E.G. & Bormann, N.C. Speech communication: An inter-personal approach, p. 3

3. De Fleur, M.L. Theories of mass communication, pp. 76,77

4. Stappers, J. Definities van communicatie. In: Massa Communicatie, Vol. 1, p. 133

selfs lewensvatbaarheid van Kommunikasiekunde as vakwetenskap. Maar hoewel heelwat afgrensings nog gedoen moet word, is Kommunikasiekunde reeds goed gevestig, soos onder meer blyk uit die talle universiteite wat dit as selfstandige dissipline aanbied.

Studie van kommunikasie word hedendaags onderneem om die aard en om= vang van die verskynsel self te ondersoek en nie bloot as middel tot 'n doel in 'n ander sosiale wetenskap nie. Dat die kommunikasiekun= dige 'n taak het, word al meer erken, en sy plek kan nou nie meer weg= geredeneer word nie. Van Schoor sê: "Wetenskapsbeoefening word gedra en gedy volgens die probleme wat die leefwêreld van die wetenskaplike aan hom opdring en die wetenskap self word gekonstitueer volgens die aanhoudende kritiese ondersoek na sy oorspronge."[1] Sonder hierdie in= gesteldheid kan die Kommunikasiekunde nie 'n besondere bydrae lewer tot die wetenskap nie.

Kommunikasiekunde is in die posisie dat gevestigde wetenskappe[2] belang= rike bydraes gelewer het (en steeds lewer) oor nuwe insigte in kommu= nikasie. So het die model van Claude Shannon[3] wat oorspronklik ontwerp is om ingenieurs te help, 'n hele aantal van die oorspronklike teg= niese begrippe - soos enkodering, dekodering, steuring, entropie en redundansie - ingeburger in die Kommunikasiekunde. Die rede is dat die resultaat van tegnologiese kommunikasie-ondersoeke ook op menslike kommunikasie van toepassing gemaak is.[4]

---

1. Van Schoor, M.B. Vertrekpunte vir die kommunikasieteorie, p. 1

2. Hierdie aspek word nader toegelig in Afdeling 2.3.

3. Mortensen, C.D. Communication: the study of human interaction, pp. 36 - 40. Vergelyk ook Blignaut, F.W., Fourie, H.P. Kommuni= kasiekunde. Inleidende opstelle, pp. 292 - 297; Wenburg & Wil= mot, op. cit., pp. 50, 51

4. Weaver, W. The mathematics of communication. In: Smith, A.G. Communication and culture, p. 16 e.v.

Hierdie breë benadering het bygedra tot nuwe kennis oor kommunikasie, maar ook probleme geskep ten opsigte van die afbakening van 'n eie vak=gebied. Vakwetenskappe word volgens Miller onderskei deur die aanspraak op 'n bepaalde studiegebied en die gebruik van 'n eie metodologie. "It is true, however, that in the evaluation of these disciplines there was a point in time at which they could claim a methodology or subject matter that was at least nominally 'all theirs'. By contrast, this tidy state of affairs has never existed in communication. From its intellectual infancy, scholars in communication have borrowed both methodology and content from a host of related academic disciplines. Projective tests, Q-sorts, content analysis, and Chi-squares have been wedded in happy scholarly union, and the content of psychology, sociology, journalism and speech has been used to furnish the newlywed's home. In short, communication has never been in a position to qualify as a discipline on the basis of a unique methodology or body of content."[1]

'n Wye verskeidenheid beskouinge is al onder die begrip kommunikasie byeengebring. In 1960 het Clevenger daarop gewys dat bydraes onder die begrip kommunikasie eerder verwys na 'n besondere afdeling as na die geheel. Wetenskaplikes het nie soseer hul navorsing op die uitbouing van kommunikasie (-kunde) gerig nie, maar eerder op inligting en teoretiese raamwerke vir hul onderskeie belangstellingsterreine.[2] So het baie wetenskaplikes hul navorsing oor massakommunikasie, psigo=linguïstiek en kubernetika onder die vaandel van kommunikasie onderneem. Dit is daarom verstaanbaar dat uiteenlopende aspekte soos probleemop=lossings, argumentering en redevoering, opvoeding, voorligting, onder=

---

1. Miller, G.R. On defining communication: another stab. In: Journal of communication, Vol. 18, p. 91

2. Clevenger, T. Some characteristics of the study of communication in 1960. In: Journal of communication, Vol. 10, pp. 164,165

houdvoering, nuusblad-uitleg, analise van televisiebestemmings, audiovisuele hulpmiddels, inligtingsteorieë, e.s.m. onder kommunika= sie tuisgebring word.[1]

Die snelle ontwikkeling van tegnologiese hulpmiddele om kommunikasie te verbeter, het 'n wye dimensie aan die studiegebied gegee. "Die wetenskap en die tegnologie het nuwe apparaat en toerusting vir die druk en die verspreiding van koerant, tydskrif en boek gebring en met die koms van die rolprent, die radio en televisie is die ander massa= media gebore. Die mens se sintuie is verleng en ons is as't ware bure van die wye wêreld gemaak. Die wêreld se koerante het tot duisende aangegroei en die lesertal tot miljoene. Die rolprent het 'n vername vermaaklikheidsmiddel dwarsdeur die wêreld geword en die radio het 'n tuiste in die gehug en die paleis gevind. Die beeldradio het 'n uit= kyktoring op die ganse wêreld gebring en die mens kan hoor en sien wat op feitlik enige plek in die wêreld gebeur. Tyd, afstand en geletterd= heid is geen hindernis meer vir intermenslike kontak en die verspreiding van inligting en kennis nie."[2]

Volgens Herbst is die twintigste eeu al bestempel as die era van die kommunikasieomwenteling en die tegnetroniese tydvak.[3] Die kommunika= sieomwenteling kan 'n groter invloed op wêreldontwikkeling uitoefen as die Renaissance of die Nywerheidsomwenteling.[4]

Kommunikasiekundiges moet egter voortdurend bepaal in watter mate die

---

1. Ibid.

2. Swanepoel, J.N. Kommunikasie kom kuier op die kampus. In: Die Bult, Desember 1971, p. 15

3. Herbst, D.A.S. Die dilemma van die moderne koerant, p. 165

4. Fourie, H.P. Kommunikasiemedia en die mens, p. 1

kritiek van Clevenger steeds geld. "For want of integrating principles for the entire field, the term communication is vague and ambiguous. The man who would become an expert in it, must study rhetoric qua rhetoric, psychology qua psychology, logic qua logic, phonetics qua phonetics and so forth; for when it comes to communication qua com= munication, there is little to study. As taught, studied, and re= searched, communication is today a fragmented discipline."[1]

Anderhalf dekade ná bogenoemde opmerking - dit is in 1960 gedoen - kan egter met sekerheid aanvaar word dat Kommunikasiekunde ondanks sekere probleme reeds 'n eie staanplek verwerf het. Die stelling geld ook vir Suid-Afrika, soos die instelling van die vakgebied aan verskeie universiteite, die Instituut vir Kommunikasienavorsing aan die R.G.N. en die belangstelling en navorsing van talle studente getuig.

2.1.4 <u>Onvolledige teoretiese raamwerk</u>

Daar bestaan nog geen teorie oor kommunikasie wat kan dien as 'n alge= mene aanvaarde teoretiese raamwerk nie.[2] Elke kommunikasiekundige pro= beer sy weg volgens enkele bekende riglyne vind. Fauconnier vind dit opvallend dat studente en navorsers in die Kommunikasiekunde dit moeilik vind om die verskillende bydraes oor die teorie van kommunikasie tot 'n harmoniese geheel te bind.[3]

Een van die vernaamste redes is om 'n vertrekpunt te vind.[4] Dance noem in die verband twee faktore. Hy vra of die teoretikus met 'n

---

1. Clevenger, op. cit., p. 165

2. Sereno, K.K., Mortensen, C.D. Foundations of communication theory, p. 5

3. Fauconnier, op. cit., p. 16

4. Van Schoor se pogings hiertoe is goeie voorbeelde. Vergelyk Van Schoor, M.B. Vertrekpunte vir die kommunikasieteorie en Vertrek= punte vir die kommunikasiekunde. 'n Ander probleem is die uiteenlopende benaderings van baie wetenskaplikes soos die behaviourisme, positi= visme, fenomenologie, e.s.m.

breë veralgemening moet begin en dan voorbeelde soek om sy hipotese te staaf, of moet hy met die kleinste moontlike aspek begin sodat daaruit 'n omvattende teorie kan groei.[1]

Carl Rogers sê hieroor: "I came to a conclusion, which others have reached before, that in a new field perhaps what is needed first is to step oneself in the events, to approach the phenomena with as few preconceptions as possible, to take a naturalist's observational, de= scriptive approach to these events, and to draw forth those low-level inferences that seem most native to the material itself."[2]

Uit bostaande lyk dit of kommunikasie so 'n omvangryke studiegebied is dat een besondere teorie oënskynlik nie die verskynsel volledig kan omvat nie. Dit is die geval met een van die eerste "volledige" toevoegings, nl. die wiskundige teorie van kommunikasie. "This mathematical theory, as set forth in the work of Shannon and Weaver, rightfully caught the attention, the respect and the fancy of the scientific and humanistic community, and has been creatively applied to areas as diverse as neuronal functioning and esthetic perception. Authors such as J.R. Pierce have tried to indicate the breadth of application and the potency of this mathematical theory. The pro= blem is that the information, or mathematical theory, although quite elegant, cannot be made to apply to all instances of human communi= cation except insofar as human communication is divested of its significative aspects and is solely observed in terms of iets in= formational attributes. Yet, as we can easily attest, much, if not most, human communication derives its importance as much from

---

1. Dance, F.E.X. Toward a theory of human communication, In: Dance F.E.X. Human communication theory, p. 291

2. Ibid, p. 292

its non-informational and nonquantitative aspects as from measurable relationships."[1]

Thayer het al in 1963 'n aantal konseptuele hindernisse aangedui wat 'n omvattende teorie oor kommunikasie belemmer. Die hindernisse is:

1. Die opvatting dat kommunikasie afsonderlik of los van menslike gedrag bestudeer kan word. 'n Studie van kommunikasie kan na sy oordeel nie buite die motivering vir en gedragswyse van 'n persoon se optrede aangepak word nie.

2. Verskillende vlakke van kommunikasie word nie skerp genoeg geskei nie, bv. fisiologiese, psigologiese, sosiologiese en tegnologiese aspekte.

3. Onnoukeurige aannames oor oorsaak en gevolg.

4. Die aanvaarding dat kommunikasie altyd bewus en doelgerig is.

5. Die neiging om net een aspek van die verskynsel, bv. taal, as belangrik te beskou.

6. Om een aspek ten koste van 'n ander te beklemtoon, soos 'n studie van die boodskap sonder die ooreenkomstige aandag aan die kommuni= kator en die bestemming.

7. Die opvatting dat kommunikasie iets is wat iemand doen en nie iets is wat gebeur nie.

8. Die mite van objektiwiteit, rasionaliteit en logika.

9. Die problematiek van betekenis.[2]

Dit lyk of die situasie rondom die studie van kommunikasie sedertdien nie aanmerklik verbeter het nie, hoewel daar talle hoopvolle tekens is. Van Schoor sê: "'n Eerste peiling van die amptlike of handboekstand van kommunikasie is nie bemoedigend nie. Opvallend is die verdeling van die kommunikasiegebeure met begrippe soos kommunikator, medium, boodskap, ontvanger, en dan word die terminologie aaneengeryg met

---

1. Ibid.

2. Thayer, L.O. On theory-building in communication: some concep= tual problems. In: Journal of communication, Vol. 13, p. 223

beskrywings soos proses, vloei van kommunikasie, een- en tweerigting=verkeer, en word dit alles gewoonlik in meer of minder ingewikkelde modelle van kubernetiese oorsprong gerangskik. Van nader beskou, blyk hierdie verdeling nie net ter wille van analitiese doeleindes te wees nie, maar eerder om die kommunikasieproses in 'n oorsaaklike ver=band te vestig."[1]

Van Schoor dui riglyne aan wat deur kommunikasiekundiges gevolg kan word. "Werklikheidsbelewing, strukturele ontleding, betekeniskon=stituering en selfondersoek is die vier vertrekpunte waarmee die kommunikasiefenomeen vasgevat kan word. Voor die hand lê die struk=turele ontleding van die medium as medium. Daarvolgens kan die uit=voering van kommunikasie inhoudelik ondersoek word om die kern van betekeniskonstituering te ondersoek. Die eksistensiële vereiste van selfondersoek onderlê die ander drie vertrekpunte omdat dit die be=trokkenheid van die ondersoeker as kommunikeerder en as kommunikasie=kundige bevestig."[2]

Ondanks leemtes in dié verband is die belangstelling in en geesdrif vir die vakgebied, ook in Suid-Afrika, sodanig dat vinnige vordering verwag kan word. Stewige grondslae vir enige vakgebied kom nie hals=oorkop tot stand nie. Volgehoue navorsing en kommunikasie tussen wetenskaplikes wêreldwyd behoort àl meer vordering mee te bring.

### 2.1.5 Multi- of interdissiplinêre vakwetenskap?

Daar is geen eenstemmigheid onder sosiale wetenskaplikes oor die plek van Kommunikasiekunde in die hiërargie van die wetenskappe nie. Vir

---

1. Van Schoor. Vertrekpunte vir die kommunikasieteorie, p. 5
2. Van Schoor. Vertrekpunte vir die kommunikasiekunde, p. 12

party is Kommunikasiekunde interdissiplinêr[1] en vir ander multidis=siplinêr. Diegene wat Kommunikasiekunde as 'n multidissiplinêre vakwetenskap beskou, bestempel dit as 'n roofwetenskap wat slegs rele=vante gegewens en navorsingsresultate uit ander vakwetenskappe versamel.

Shands maak melding van 'n metadissipline, 'n wetenskap wat tussen die bestaande vakwetenskappe moet inpas. Een van die belangrikste moderne ontwikkelings is volgens hom die daarstel van 'n nuwe dissipline wat elemente van die bestaande benaderings in sosiale en natuurwetenskappe kombineer.[2] Hierdie wetenskap, Kommunikasie(kunde), vervul 'n oorkoe=pelingsfunksie tussen die ander "wetenskappe" wat as verwant aan kommu=nikasie beskou word. Shands meen egter dat die metadissipline verskil van die epistomologie, semantiek, simbolisme, linguïstiek, leksikogra=fie, e.s.m. waarvoor daar reeds bepaalde kursusse en beroepe bestaan.[3]

Breedweg onderskryf Miller ook hierdie gedagtegang. "It means that the zoologist who records the grunts and gestures of the great apes, or the psychologist who analyses the almost unintelligible utterences of young children, or the neurologist who stimulates the centres of the brain that control speech, or the engineer who designs telephone circuits to transmit the human voice more efficiently, or the grammarian who states rules for forming grammatical sentences, or the logican who analyses the way we should use words like 'some all' and 'none' or the philosopher who tries to untangle linguïstic sources of philosophical

---

1. Kommunikasie word deur 'n aantal vakwetenskappe bestudeer.

2. Shands, H.C. Outline of a general theory of human communication: implications of normal and pathological schizogenesis. In: Thayer, L., (ed)., Communication: concepts and perspectives, p. 99

3. Ibid. Dit wil voorkom of Shands met kommunikasie 'n multidissipli=nêre wetenskap in die oog het om waarskynlik 'n meer logiese oor=gang tussen die genoemde wetenskappe te verseker, 'n probleem wat teruggevoer kan word na die eise van 'n hoogs gediversifieerde samelewing.

confusion, or the sociologist who measures the social effects of mass media of communication - all these workers and many others can see themselves as participating in and contributing to one of the great intellectual adventures of the twentieth century."[1]

Fauconnier dui op die neiging in die V.S.A., maar ook in Europa om naas die studie van kommunikasie in vakwetenskappe soos die Sosiologie en die Sosiale sielkunde, die beskikbare gegewens oor kommunikasie onder een oorkoepelende begrip, kommunikasiewetenskap, saam te vat.[2] Onder kommunikasiewetenskap word al die bydraes van die Sielkunde, die Sosiale sielkunde, die Sosiologie, die Filologie, Linguïstiek, Kuber= netika en ander dissiplines saamgevoeg.

Die verskillende benaderingswyses en besondere doelstellings van elke vakwetenskap is in hierdie multidissiplinêre situasie dus grootliks verantwoordelik vir die huidige probleme ten opsigte van begripsver= warring, afbakening van 'n studieterrein[3] en die leemte t.o.v. 'n gesistematiseerde verwysingsraamwerk.

Naas die multidissiplinêre benadering is daar by baie wetenskaplikes die oortuiging dat kommunikasie slegs inter-dissiplinêr bestudeer kan en moet word.[4] Budd en Ruben is voorstaanders van dié benadering.

---

1. Miller, G.A. Psychology and communication, pp. 6, 7
2. Fauconnier, G. Massamedia en samenleving, p. 16. In die V.S.A. staan dit ook bekend as "Communication research."
3. Om 'n studieterrein af te baken wat uitsluitlik vir Kommunikasiekunde bedoel is, lyk prakties nie heeltemal moontlik nie. Probleme ont= staan bv. t.o.v. navorsing en beskikbare gegewens tussen vakweten= skappe wat uit die aard van die saak naby mekaar moet beweeg, bv. Kommunikasiekunde en die Sosiale sielkunde. Vergelyk Van Schoor. Vertrekpunte vir die kommunikasieteorie, p. 1. Vir elke vakweten= skap is daar 'n werksverdeling wat nog altyd geïntegreer bly.
4. Baie wetenskaplikes gebruik dit as argument vir hul beskouing dat Kommunikasiekunde geen bestaansreg behoort te hê nie.

Die afgelope paar dekades, voer hulle aan, het wetenskaplikes verskeie modelle ontwerp om kommunikasie te verduidelik. Hierdie modelle, vanaf biologiese tot elektroniese voorstellings, moes dien as verwysings=raamwerke vir die verduideliking en beter begrip van kommunikasie. Dik=wels is geprobeer om kommunikasie vanuit 'n bepaalde vakwetenskaplike beskouing te verduidelik. Budd en Ruben kom dan tot die gevolgtrekking dat daar nie een enkele benaderingswyse kan bestaan nie.[1]

Gedurende die afgelope dekade het daar in veral Europa, maar ook die die V.S.A., die gedagte posgevat om al die relevante aspekte van kommunikasie onder een noemer byeen te bring. Die voordeel wat dit kan meebring, blyk uit die volgende opmerking. ".... the unfortunate practice of breaking communication up and calling the resultant parts business communication, managerial communication, political communica=tion, instructional communication, religious communication and many other varieties of 'communication'. This, in turn, has led to the il=logical assumption that these different 'communications' have little or nothing in common, and that managers, teachers, ministers, politicians and other specialists are not using the same process whenever they communicate."[2]

In Nederland en België word onder die begrip kommunikasiewetenskap 'n studie van kommunikasie tussen enkelinge en groepe asook van massa=kommunikasie ingesluit. Hiernaas word soms ook "intrapersonele" (intra-kommunikasie) gevoeg.[3]

---

1. Budd, R.W., Ruben, B.D. Approaches to human communication, p. xi Daar word toegegee dat kommunikasie inter-dissiplinêr is, maar dit is geen afdoende rede waarom dit nie ook in 'n bepaalde vak=wetenskap, Kommunikasiekunde, bestudeer kan word nie.
2. Fourie, H.P. Communication by objectives, introduction.
3. Fauconnier, op. cit., p. 16

Uit 'n ontleding van literatuur blyk dit dat die benaming kommunikasie=wetenskap in twee betekenisse gebruik word. Dit verwys eerstens na die proses van algemeen menslike kommunikasie. Tweedens verwys dit, veral volgens Amerikaanse literatuur, na 'n besondere rigting of selfs 'n deel van menslike kommunikasie.[1] Hierdie grepe uit die kommunikasiewe=tenskap is dan gerig op onderwerpe soos politiek en bedryfs- en inter=kommunikasie in die samelewing.

Die Kommunikasiewetenskap is volgens die eerste beskouing oorkoepelend wat betref spesifieke studierigtings.[2] In die tweede geval omvat die vakwetenskap slegs een onderwerp. Fauconnier verklaar dat hy om prak=tiese en prinsipiële redes verkies om kommunikasiewetenskap in 'n oorkoepelende betekenis te gebruik. Die vernaamste praktiese rede is dat dit so aanvaar word aan Europese universiteite. Prinsipieel voer hy aan dat dit geensins sinvol is om die studie van kommunikasie tussen indiwidue of tussen groepe los te maak van 'n studie van ander "vorme" van kommunikasie nie. In al die studies is daar 'n gemeenskaplike faktor aanwesig, nl. die bestudering van die mens as kommunikerende wese.[3]

Nadat die verskillende beskouings aan die orde gestel is, is Miller se gevolgtrekking rigtinggewend. "If any word could accurately describe the dominant contemporary viewpoint regarding communication, that word would probably be 'inter-disciplinary'. Interested students reasoned that communication permeats all aspects of human behaviour; conse=quently, individuals calling themselves 'communication researchers'

---

1. Ibid., p. 32
2. Ibid., p. 33
3. Ibid.

have found a home in many diverse academic areas."[1]

'n Saak wat nog omlyn moet word, is wat Kommunikasiekunde se bepaalde studieterrein is. Volgens Miller bestudeer die Sielkunde individuele menslike gedrag en die Sosiologie die kollektiewe gedrag van mense in 'n samelewing. Die vernaamste verantwoordelikheid van 'n kommunikasie= kundige ("communication researcher") is die bestudering van spesifieke aspekte van gedrag.[2]

Blignaut en Fourie vat dit só saam: ".... die verskil tussen die kommunikasiekundige benadering van die mens en die benaderings van ander vakke is daarin geleë dat die Kommunikasiekunde die boodskap sen= traal stel, m.a.w. die inhoud van die boodskap, hoe dit voortgebring, versend en waargeneem word, wat die uitwerking daarvan is, watter pro= sesse by die vertolking daarvan werksaam is, vorm die studieterrein van die Kommunikasiekunde."[3]

2.1.6 Sosiale aard van kommunikasie

Om die begrip kommunikasie ongekwalifiseerd te gebruik, kan lei tot ongelukkige wetenskaplike misverstand. Die misverstande kan daaruit spruit dat soms te veel van die begrip verwag word wat 'n oorbelading meebring. Daarby laat kommunikasie hom moeilik as 'n algemene aanvaarde wetenskaplike begrip definieer: 'n omskrywing word moeilik in woorde vasgelê.

Kommunikasie kom van die Latynse woord communis of communicare wat

---

1. Miller, G.R. On defining communication: another stab. In: Journal of communication, Vol. 18, p. 89. Vergelyk ook Herbst, D.A.S. Mas= sakommunikasie - 'n Benadering. In: Acta Academica, 1973, p. 54

2. Ibid., p. 91. Hy bedoel met gedrag: ".... to envision any situation involving a response to a stimulus as a communication situation." Ibid., p. 97

3. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 15

beteken om iets gemeenskaplik te maak of te deel.[1] Blignaut sê hiervan: "Kommunikasie is die naamwoord van die werkwoord kommunikeer, wat beteken om mee te deel, te openbaar, bekend te maak, om iets met ander gemeen te hê, om met ander om te gaan en te verkeer."[2]

Kommunikasie impliseer 'n gemeenskaplike simboolsisteem waarmee twee mense of twee groepe in wisselwerking kan tree. Hierdie verbinding is nie net unilateraal nie, want boodskappe word voortdurend deur die kommunikator en sy bestemming geruil. Kommunikasie is 'n meedeel sowel as 'n deelneemproses m.b.v. 'n simboolsisteem. Hierdie simboolsisteem is uniek en eie aan die mens, omdat dit abstrak van aard is. Net die mens het die vermoë om abstrakte simbole te gebruik.[3]

Hiervolgens is dit duidelik dat net die mens werklik sinvol kan kommu= nikeer. Tog word deur baie wetenskaplikes aanvaar dat alle organismes en selfs masjiene kan kommunikeer. Goyer stel dit só: "Some writers conceive of the communicative process as involving only humans, while others are inclined to a much broader view. Many writers use the term 'communication' as synonomous with 'influence' as in the sense that any response to any stimulus involves communication process. These advocates suggest that communication occurs in its most primitive form whenever an organism responds, discriminatively or otherwise, to any stimulus event; no distinction is made between the influential behaviour of either animate or unanimate objects as parties to the process."[4]

---

1. Merrill, J.C., Lowenstein, R.L. Media, messages and men, p. 5
2. Blignaut. op. cit. p. 1
3. Eisenson, J., e.a. The psychology of communication, p. 141
4. Goyer, R.S. Communication, communicative process, meaning: toward a unified theory. In: Journal of communication, Vol. 20, p. 5. Saam hiermee gaan dus die aanvaarding van die stimulus-responsteorie wat heeltemal te simplisties is om kommunikasie na behore te begryp.

Die aanname dat alle lewende organismes kommunikeer, kan lei tot 'n onrealistiese toepassing van aspekte van menslike kommunikasie op "organismiese kommunikasie",[1] en omgekeerd. So beweer Wilson dat, oppervlakkig beskou, dit voorkom of die "dans" van die heuningby sekere elemente van die menslike taal bevat. Simbolisme kom hier voor in die "ritueel" om die rigting na bv. blomme vir ander bye aan te dui. Bood=skappe kan dus deur middel van die simbolisme gekommunikeer word. Die doel van die kommunikasie (die rigting na die blomme) word in "abstrakte" terme aangedui en die werklike objekte is verwyderd t.o.v. tyd en ruimte.[2]

Die mens word van die dier nie net deur die gebruik van abstrakte sim=bole, d.w.s. taal, onderskei nie. Boulding voer aan dat die mens ook 'n bewustheid van die self besit wat nie gelyk gestel kan word aan blote bewustheid van iets anders nie. Sy selfbeeld het 'n refleksiewe kwaliteit wat selfs nie by die hoër diersoorte aanwesig is nie. ".... he not only knows, but knows that he knows."[3]

Ook ander skrywers spreek hulle uit teen die gelykstelling van menslike kommunikasie aan organismiese en tegnologiese kommunikasie. Thayer verklaar: ".... to refer to cells as 'communicating', persons as 'communicating' and groups as 'communicating' must surely be to refer to different orders of events with the same concept. If cells 'commu=nicate' then persons do not, in my view, since these seem to be dif=

---

1. Organismiese kommunikasie word verduidelik in Blignaut & Fourie, op. cit., pp. 100,101. Vergelyk ook Wilentz, J.S. The senses of man, p. ix Lang, A, (ed.) Communication in development, pp. 1 - 15

2. Wilson, E.O. Animal communication. In: Flanagan, D. (ed.) Communication: A scientific american book, p. 29. Vergelyk ook Etkin, W., Communication among animals, In: Eisenson, J., e.a. op. cit., p. 149 e.v. Diere (organismes, uitgesluit mense) kom=munikeer op 'n eenselwige patroon sonder noemenswaardige ontwikkeling.

3. Nwanko, R.L. Communication as symbolic interaction: A synthesis. In: <u>Journal of communication</u>, Vol. 23, p. 200

ferent orders of events. When one cell 'responds' to chemical stimu=lation emanating from another, that phenomena is conceptually dif=ferent to me from the 'stimulation' of one person by another. The functioning of a complex 'thinking machine' is, for me, a phenomenon conceptually different and distinct from the functioning of a human being. And surely, to bring in the technological level, the theory of gaming is a conceptually different phenomenon from a man or a computer 'playing' a chess game."[1]

Barker en Kibler wys daarop dat die eerste kommunikasie-teoretici elektro=niese kommunikasiesisteme as moontlike modelle ondersoek het om die menslike kommunikasiesisteem goed te begryp. Later het hulle besef dat die verskille, ondanks ooreenkomste, veel groter is.[2]

Matson en Montagu meen dat die kubernetiese teorie, die grondslag van teg=nologiese kommunikasie, monologies en voortskrydend is. Dit is wesentlik verskillend van menslike kommunikasie, wat meer dialogies van aard is.[3]

Williams dui die probleme aan wat kan ontstaan as kommunikasie as 'n allesomvattende begrip beskou word. Een van die vernaamste tekortkominge is dat die eie aard van menslike kommunikasie op die agtergrond geskuif word. "A science of communication must be no less adequate for its subject matter than a science of anything else. Yet the psychicalistic paradigm of communication science exhibits several inadequasies by virtue of its mechanistic assumptions, acturial bias and narrow utilita=rianism. A correlative inadequacy is that the psysicalistic paradigm ignores the whole human person and what he is prepared to notice about his lived experience of communicating. Man communicating is not simply

---

1. Thayer, op. cit., p. 223

2. Barker, L.L., Kibler, R.J. Speech communication behaviour, p. 6

3. Matson, F.W., Montagu, A. The human dialogue, p. 3. Vergelyk ook Rorvik, D.M. As man becomes machine, p. 53

an object. He is also a subject. He is not simply reactive but also proactive."[1]

Menslike kommunikasie geskied tussen minstens twee menslike subjekte. 'n Objek, 'n lewende organisme of selfs 'n rekenaar is nie tot sinvolle kommunikasie met 'n mens in staat nie, al sou so 'n rekenaar kon praat, soos Syni, die "pratende" masjienskepping van die Oos-Duitsers.[2]

Wat menslike kommunikasie betref, sê Rhoodie: "Daar kommunikasie die wyse is waarop individue mekaar onderling beïnvloed, is dit vanselfsprekend dat kommunikasie inderdaad die sosiale aard van die mens bepaal. Sonder die vermoë om te kommunikeer, kan die mens geen sosiale wese wees nie en verval die grondslag van sosiaal nuttige aktiwiteite."[3]

Dit is duidelik dat teen die ongekwalifiseerde gebruik van die begrip kommunikasie gewaak moet word. Om dié rede is dit noodsaaklik om te onderskei tussen sosiale of menslike,[4] organismiese en tegnologiese kommunikasie. In die Kommunikasiekunde kom laasgenoemde "vorme" van kommunikasie net ter sprake waar dit menslike kommunikasie aanvul, verbeter en beïnvloed. Omdat konsensus die resultaat van kommunikasie is, volg dit dat konsensus, soos later aangetoon sal word, ook 'n unieke menslike verskynsel is.

---

1. Williams, K.R. Reflections on a human science of communication. In: Journal of communication, Vol. 23, p. 239

2. Die Volksblad, 30 Januarie 1975. Vergelyk ook Rorvik, op. cit., p. 17 e.v.; Nwanko, op. cit., p. 201 sê dat menslike kommunikasie kwalitatief verskil van masjiensimulasie. Laasgenoemde kommunikeer slegs omdat die mens dit so verlang.

3. Rhoodie, op. cit., p. 4

4. Stappers, op. cit., p. 133. Die Franse wetenskaplikes maak melding van sosiale kommunikasie om aan te dui dat dit uitsluitlik gaan om menslike kommunikasie.

### 2.1.7 Samevatting

Die opkoms van Kommunikasiekunde as vakwetenskap dui nie net op die belangrikheid van dié betreklike jong dissipline nie, maar ook op die noodsaaklikheid om dit as 'n sosiale vakwetenskap te bestudeer. Hoewel baie probleme nog nie bevredigend opgelos is nie, is daar reeds grond=slae gelê waarop voortgebou kan word.

Die afgrensing van sosiale kommunikasie sal nog baie besinning verg. Williams stel enkele vereistes waaraan 'n studie van menslike kommunika=sie moet voldoen: "A human science of communication, by contrast, considers the whole human person normatively as a being characterized by conscious apprehension, rationality, and a moral sense. In Allport's famous phrase, man is a being-in-the-process-of-becomming and it is the task of a human science of communication to understand the activity through which this being is becoming. That is, the task is to under=stand the holistic phenomenon of man communicating rather than to pre=dict and control reductive 'communication behaviours'."[1]

## 2.2 Noodsaaklikheid van kommunikasie

Oor die noodsaaklikheid van kommunikasie vir die mens is daar min twyfel. Kommunikasie word tereg bestempel as 'n voorwaarde vir menslike bestaan.[2]

Vir Jordaan is 'n basiese hoedanigheid van die mens sy vermoë om te kommunikeer - met homself, sy medemens en die leefwêreld waarin hy hom bevind.[3] Elke mens ondervind 'n dwingende behoefte om te kommunikeer en daarom kan hy nooit nie-kommunikeer nie.[4] In elke bewuste situasie

---

1. Williams, op. cit., p. 248
2. Rhoodie, op. cit., p. 3
3. Jordaan, W.J. Identifikasie in skriftelike kommunikasie, p. 1
4. Vergelyk Watzlawick, P. e.a. The pragmatics of human communication, p. 48

waarin die mens hom bevind, kommunikeer hy voortdurend.[1]

'n Groot aantal behoeftes lê aan menslike kommunikasie ten grondslag.[2] Die bevrediging van hierdie behoeftes is een van die vernaamste redes vir kommunikasie. Selfs misverstand en konflik kan ontstaan wanneer kommunikasie botsende behoeftes by mense openbaar. Ooreenstemmende behoeftes kan lei tot bevredigende kommunikasie.[3]

Fourie onderskei tussen universele, algemene en spesifieke behoeftes.[4] Eersgenoemde het betrekking op die fisiese welsyn van die individu, soos kos, klere, 'n normale liggaamstemperatuur e.s.m. Dit sluit ook psigologiese behoeftes in, soos selfverwesenliking, sosiale samesyn, die behoefte aan sekuriteit en verskeie egobehoeftes.[5]

Algemene kommunikasiebehoeftes dui op die behoefte aan inligting, oor= reding en ontspanning asook emosionele, ideologiese en estetiese behoeftes. Kombinasies van algemene behoeftes kom dikwels voor.[6] Mense kan die behoefte aan ontspanning en skoonheid (estetika) maklik gelyktydig bevredig deur kunsuitstallings en rolprentvertonings by te woon. Inligting word ook baie saam met enige van die ander kategorieë bevredig deur onder meer radio- en televisieprogramme.

Spesifieke behoeftes hou verband met diegene wat betrokke is by die kommunikasie en die situasie waarin hulle verkeer.

---

1. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 3
2. Fourie, H.P. Communication by objectives, p. 1
3. Krech, D. e.a. Individual in society, p. 291. Dit blyk dat be= hoeftes nooit identies is nie.
4. Fourie, op. cit., p. 1
5. Ibid., p. 3. Vergelyk ook Schneider, A.E., e.a. Organizational communication, p. 49
6. Ibid.

Dit blyk dat 'n mens nie net bewus moet wees van sy eie behoeftes nie, maar ook van die omgewing waarin hy hom bevind. "Om sy bestaan te verseker, is dit noodsaaklik dat hy op die hoogte moet bly met toestande en gebeurtenisse in die omgewing: daarin is die materiële bronne van sy bestaan geleë (soos kos, warmte, ens.). Daaruit verkry hy die meeste van sy geluk en bevrediging, van die sintuiglike streling van smaak en geur tot die estetiese genot van klank, kleur en vorm, van die ple= sier in die geval van beweging in die ruimte tot die waardering van menslike verhoudings en interaksie. Maar dit kan ook gevaar en bedreig= ing inhou waarteen op een of ander wyse gereageer moet word.

"Daarom moet 'n mens in gedurige kommunikasie met die omgewing verkeer en daaruit informasie ontvang. Hy moet bewus bly van energietoestande, soos die daglig rondom hom, en veral veranderinge in energietoestande in die omgewing - enige gebeurtenis van 'n aardbewing tot 'n gefluis= terde woord. Maar hy moet ook gedurig op sy beurt na buite toe, na die omgewing toe, reageer met gedrag, enigiets van 'n skop tot 'n glimlag. Informasie moet gedurig van buite ontvang word maar ook na buite gestuur word. Kommunikasie vind in twee rigtings plaas. Daaruit bestaan die lewe grootliks."[1]

Deur kommunikasie bly die mens bewus van die werklikheid en die eise wat dit meebring. "Kommunikasie is om jou met die ander in die kommunikatiewe werklikheid te stel. Kommunikasie is die sinvolle verwerking van wat rondom ons en met ons gebeur. En dit geld vir sowel die bedoeling van die mededeler as vir die vertolker van die betekenisinhoud daarvan. Kommunikasie is nie maar om iemand omtrent iets inligting te verskaf; om die behoefte aan meer en vinniger inligting vir die materiële fril= letjies van 'n konsumpsiemaatskappy te bevredig nie. Kommunikasie is

---

1. Du Toit, J.M., Van der Merwe, A.B. Sielkunde, pp. 52,53

realisering van die werklikheid."[1]

Sonder kommunikasie kon geen sinvolle naasbestaan van mense plaasvind nie. Uit die interkommunikasie deur individue in die gemeenskap ontstaan norme, waardes en begrippe wat as kommunikasiesimbole vir die groep geld, ongeag die enkeling se interpretasie daarvan.[2] Die bestaan van enige gemeenskap kan sonder hierdie interkommunikatiewe wisselwerking ernstig bedreig word of in chaos verval. Daarom verklaar Fauconnier dat kommunikasie een van die fundamentele sosiale prosesse is. Sonder kommunikasie is geen kennis, wetenskap, kultuur, sosiale sisteem of samelewing moontlik nie.[3]

Ook die mate waarin die samelewing ontwikkel het, kan aan die vlak van die kommunikasie daarin toegeskryf word. "It is no exaggeration to say that the human communicative act, proceeding on the basis of the significant symbol, is a prerequisite ability without which it would not be possible for man to have developed his societies and culture to the elaborate degree that he has. In fact, it is not possible to imagine any form of human society that could exist without this facility. The communicative act is the means by which a group's norms are expressed, by means of which social control is exerted, roles are allocated, co-ordination of effort is achieved, expectations are made manifest, and the entire social process is carried on. Without such exchanges of influence human society would simply collapsed."[4]

---

1. Van Schoor, op. cit., pp. 3,4
2. Beyers, E. Kommunikasiesielkunde, p. 8
3. Fauconnier, G. Massacommunicatie: Een terreinverkenning, p. viii. Vergelyk ook Rhoodie, op. cit., p. 3 e.v.
4. De Fleur, op. cit., p. 90

Die mens streef gedurig daarna om tot 'n verstandhouding met sy mede= mens te kom. Selfs mense met sintuiglike gebreke soos blindes en doofstommes probeer alles in hul vermoë om deel te wees van hul samele= wing.[1] Diegene wat in afsondering leef, soos die Boesmans en die Eskimo's, bevredig hul kommunikasiebehoeftes in eenvoudige en klein gemeenskappies en hou hulle aan die algemene voorskrifte van hul groep.

In hierdie verband kom konsensus in kommunikasie veral ter sprake. Dit blyk dat selfs primitiewe en ontwikkelde gemeenskappe dit sonder kon= sensus moeilik vind om hul bedrywighede te koördineer en bepaalde doelstellings na te streef. "Every form of collective action rests on meanings shared through some pattern of communication. Society can exist only because most people's coincide at least approximately most of the time. Communication is the means for establishing this consensus."[2]

2.3 <u>Invloed van enkele vakwetenskappe op die Kommunikasiekunde</u>

Kommunikasie word as 'n fundamentele begrip beskou in 'n hele aantal vak= wetenskappe. Stappers dui aan dat uiteenlopende betekenisse in die verskillende dissiplines aan die begrip toegeken word. Die verskille is veral baie opmerklik in die sosiale en natuurwetenskappe. So is die wiskundige teorie van kommunikasie en die tegniek van telekommunikasie volgens Stappers "verwant" aan sosiale kommunikasie, maar hy noem dit 'n baie "ver verwante familielid."[3]

Dit is verstaanbaar dat verskeie vakwetenskappe 'n belangrike bydrae gelewer het (en dit steeds lewer) tot die teoretiese grondslae van Kommunikasiekunde. Knower en Bettinghaus het elkeen 'n lys opgestel van verskillende vakdissiplines met 'n belangstelling in kommunikasie.

---

1. Vogelaar, G.A.M. Communicatie: kernproces van de samenleving, p. 12

2. Larson, O. Social effects of mass communication, in Faris, R.E.L. (ed.) Handbook of modern sociology, p. 348

3. Stappers, op. cit., p. 133

Uiteindelik is tot die gevolgtrekking gekom dat nie minder nie as vyftig definisies opgestel kon word wat elkeen 'n ander vakwetenskaplike benadering tot die onderwerp reflekteer.[1]

Slegs enkele van die vakwetenskappe se benadering tot kommunikasie word hier kort en oorsigtelik bespreek, o.m. die Sielkunde, Sosiologie, Kubernetika en Linguïstiek.[2]

2.3.1 Sielkunde

In die Sielkunde het veral die vertakkinge Sosiale sielkunde, psigo= linguïstiek en die persoonlikheidsteorie baie belang by die wyse waarop kommunikasie tussen mense geskied.[3] Exline sê dat sielkundiges in die algemeen 'n studie maak van kommunikasie en dit verdeel in die sin= taktiese ('n studie van tekens en die verhouding tussen die tekens), die semantiese (waardeur betekenis toegeskryf word aan die tekens) en die pragmatiese (waar die mens se reaksie op die tekens ter sprake kom).[4]

McLeod wys daarop dat afhangende van die kriteria wat aangelê word, kommunikasie òf op byna elke aspek van die Sielkunde betrekking het òf byna nie relevant tot die vakgebied beskou word nie. As egter aanvaar

---

1. McGarry, op. cit., p. 9. Vergelyk ook Sereno, K.K., Mortensen, C.D. Foundations of communication theory, p. 1. Hulle maak gewag van meer as 20 vakdissiplines wat aspekte van kommunikasie bestudeer.

2. Ander vakwetenskappe soos bv. die Antropologie, Politikologie, die Filosofie, Opvoedkunde, Biblioteekkunde en Bedryfsekonomie kan a.g.v. praktiese oorwegings nie hier behandel word nie.

3. Blignaut & Fourie, op. cit. p. 12

4. Exline, R.V. Psychology: an approach to human communication. In Budd, R.W. e.a. Approaches to human communication, p. 334. Tekens kan hier as sinoniem aan simbole beskou word. Van Peursen toon egter aan dat hierdie indeling nie net deur sielkundiges gebruik word nie. Van Peursen, C.A. e.a. Informatie: Een interdiscipli= naire studie, p. 18. Die pragmatiese word egter deur die outeurs be= skou as die invloed van tekens of die effek daarvan.

word dat Sielkunde 'n studie van menslike gedrag is en die mens 'n groot persentasie van die tyd wat hy wakker is, aan kommunikasie be=stee, moet kommunikasie as deel van Sielkunde beskou word. Kommunikasie word dus as 'n bepaalde tipe gedrag gesien en só moet sielkundiges daar=van kennis neem. Aspekte soos waarneming, leer en motivering moet ook in samehang met kommunikasie bestudeer word.[1]

Miller meen dat Sielkunde as vakwetenskap probeer om psigiese en ge=dragsgebeure te beskryf, voor te skryf en te kontroleer.[2] Hiervolgens kan die sielkundige aspek van kommunikasie beskryf word as die verhouding tussen verskillende psigiese en gedragsgebeure. Wat 'n persoon sê, is een aspek van die gebeure. Die ander aspek dui op wat sy bestemming van die kommunikasieboodskap begryp. Eers wanneer die gebeure 'n noue verband vorm, is daar sprake van kommunikasie.[3]

Die sielkundige aspekte van kommunikasie is nie beperk tot praat of luister nie, maar tot enige intensionele of nie-intensionele gebeure. 'n Psigologiese studie van kommunikasie sluit dus verbale sowel as nie-verbale interaksie in. Sommige sielkundiges is van mening dat "orga=nismiese kommunikasie" ook hierby gevoeg moet word.[4]

'n Opvallende kenmerk van sielkundiges se benadering tot kommunikasie is die klem wat hulle plaas op die kommunikasieproses. Hulle stel nie noodwendig belang in die eindresultaat van menslike kommunikasie nie.[5]

---

1. McLeod, J.M. The contribution of psychology to human communication. in Dance, F.E.X. (ed.) Human communication theory, p. 202

2. Miller, G.A. Psychology and communication, p. 3

3. Ibid. Dit sluit in breë trekke aan by Stewart, D.K. The psychology of communication, p. iii en Parry, J. Psychology of human communi=cation, p. 16

4. Ibid., p 5. Vergelyk ook Eisenson, op. cit., p. 131

5. McLeod, op cit., p. 203

Die rede hiervoor is die gebrek aan betroubare en geldige metodes om deeglike analises te maak. Kommunikasie, byvoorbeeld, waar inligting tussen twee persone uitgeruil word, is moeilik meetbaar, anders as die effek daarvan op 'n ander veranderlike.[1] Sielkundiges is daarby geneig om kommunikasie dikwels te beskou as 'n konstante faktor eerder as 'n sleutelveranderlike of as 'n onderwerp vir ontleding.[2]

Wat die Sosiale sielkunde betref, het veral Carl Hovland 'n belangrike bydrae gemaak t.o.v. die invloed van die kommunikator op die menings, houdings en optrede van die bestemming. Die kognitiewe konsistensie-teorieë van Zajonc, Heider, Osgood, Festinger en Newcomb het, wat interpersoonlike kommunikasie betref, nuwe lig gewerp op die hipotese dat die opinies en houdings van mense volgens 'n rasionele patroon gestruktureer is.[3]

Psigolinguïstiek word algemeen bestempel as 'n studie van verbale gedrag.[4] Verbale gedrag is van kardinale belang wanneer denke, oordeel, redenering, waarneming, motivering en emosie bestudeer word. Wat 'n persoon in 'n bepaalde situasie sê, hou nie net verband met sy linguïstiese vermoë nie, maar word ook beïnvloed deur faktore soos sy behoeftes, houdinge kennis, ervaring, waardes, norme, e.s.m.[5]

Psigoterapie bestaan hoofsaaklik uit tegnieke wat gegrond is op die onbelemmerde kommunikasie tussen 'n terapeut en pasiënt. Die doel van

---

1. Ibid.

2. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 13

3. Fauconnier, G., Massamedia en samenleving, p. 14. Hierdie teorieë word ook algemeen beskryf as die balans-teorieë.

4. Caroll, J.B. Psycholinguïstics. In: Markel, N.N. (ed.) Psycholinguïstics: An introduction to the study of speech and personality, p. 13

5. Fodor, J.A. e.a. Psycholinguïstics and communication theory. In: Dance, F.E.X., Human communication theory, p. 132

dié kommunikasie is die uitskakeling van psigiese probleme en om 'n gevoel van selfvertroue en sekuriteit op te bou. Beter aanpassing kan ontstaan uit die ervaring van selfverwesenliking deur kommunikasie.[1]

Die Sielkunde is 'n baie ouer en gevestigder vakwetenskap en navorsing het baie gegewens beskikbaar gestel wat vir die Kommunikasiekunde van groot belang is. Belangstelling in die voortbring en ontvangs van kommunikasieboodskappe in 'n spesifieke situasie en die prosesse wat hier 'n rol speel, bv. die kommunikasie tussen klein groepies, tegnieke om kommunikasie te verbeter, e.s.m. word deur albei die vakwetenskappe gedeel. Kommunikasiekunde kan ook baat vind by die gebruik van be= paalde navorsingsmetodes en prosedures wat reeds deur die Sielkunde beproef is. Wedersydse beïnvloeding is onvermydelik, want hoewel die Kommunikasiekunde slegs toegespits is op die kommunikasie van die mens, verreken die Sielkunde ook baie ander sosiale veranderlikes wat meer lig werp op die kommunikasiesituasie van bepaalde individue in bepaalde situasies.

2.3.2 Sosiologie

Die belangrikheid van kommunikasie in die studie van sosiale prosesse kan moeilik oorbeklemtoon word. Deur kommunikasie ontwikkel en hand= haaf die mens homself as 'n sosiale wese.[2]

"Sonder kommunikasie sou die saamleef van mense geen funksionele same= hang gehad het nie, maar tot chaos van betekenislose liggaamlike kontakte beperk gewees het. Sonder kommunikasie sou begrippe soos sosiale sis= teem, sosiale handeling, sosiale struktuur, sosiale funksie en sosiale

---

1. Meerloo, J.A.M. Contributions of psychiatry to the study of human communication. In: Dance, F.E.X. Human communication theory, p. 132

2. Hartley, E.L., Hartley, R.E. The importance and nature of communi= cation. In: Steinberg, C.S. (ed.) Mass media and communication, p. 8

dinamika betekenisloos gewees het - met ander woorde sou ons nie van die mens as maatskaplike wese en van die gemeenskap as 'n georgani= seerde sosiale sisteem kon gepraat het nie. Kommunikasie verleen die dinamiek en betekenis aan menslike interaksie waarsonder geen gemeenskap moontlik sou wees nie. Hierdie dinamiek is geheel en al afhanklik van die verspreiding, uitruil en oordrag van idees en inligting (m.a.w. werklike of potensieel sinvolle prikkels) deur middel van onderling sinvolle simbole."[1]

Die Sosiologie het kortweg tot taak die bestudering van sosiale gedrag. Om sosiale gedrag te ontleed en te begryp, moet kennis geneem word van die struktuur en organisasie van die soorte groepe waarin die mens se sosiale gedrag plaasvind, die groep se maatskaplike verhoudingsisteem en menslike interaksie as sosiale handelingsisteme.[2]

Kennis van kommunikasie sal bydra tot 'n beter begrip van bogenoemde as= pekte. Vogelaar sê: "De communicatie doorbreekt niet alleen het iso= lement van de menslijke geest met betrekking tot de buitewereld; maar de tussenmenslijke communicatie doorbreekt het individuele isolement tot verstandhouding en verband met anderen en vormt zodoende het kern= proces van de samenleving. Het sosiale verband is zonder inzicht in de communicatie niet te begrijpen, ja zelfs alleen in zijn kern te vatten door studie van de communicatie."[3]

Die begrip interaksie verdien meer aandag omdat kommunikasie baie dik= wels as sinoniem daarmee gebruik word. Joubert en Steyn omskryf dit sô: "Onder interaksie moet verstaan word enige gebeure waar die

---

1. Rhoodie, op. cit., p. 4
2. Ibid., p. 2
3. Vogelaar, op. cit., p. 13

handeling van een persoon (deels) die waarneembare gedrag of houdings (geestesgesteldheid) van 'n ander persoon op 'n kenbare wyse beïnvloed. Die komponente van interaksie sou dus as aksie en reaksie aangewys kan word. Daar word onderskei tussen interaksie en kommunikasie. Laasge= noemde dui primêr op woordelike wisselwerking, op die oordrag van inligting of kennis tussen persone. Interaksie het 'n wyer betekenis en sluit kommunikasie as een faset in. Interaksie tussen persone ver= onderstel in elk geval kommunikasie tussen hulle."[1]

Fauconnier meen dat die Sosiologie tog nie soveel aandag aan kommunikasie gee as wat algemeen verwag sou word nie.[2] Veral interpersoonlike kom= munikasie bly agterweë. Die belangstelling van sosioloë is meer toege= spits op kommunikasie in groepsverband. Op meer gespesialiseerde ondersoekgebiede kom kommunikasie dikwels ter sprake, soos in die sosiologie van die taal.[3]

In die V.S.A. het wetenskaplikes soos Lazersfeld, Wright, Katz en De Fleur, en in Brittanje Halloran, Chaney en McQuail groot belangstelling getoon en ook navorsing gedoen in massakommunikasie. In die moderne samelewing speel massamedia soos televisie, die rolprent, die radio, koerante en tydskrifte 'n belangrike rol t.o.v. inligting en vermaak.[4] Vir die Sosiologie gaan dit hoofsaaklik om die verandering wat die massamedia aan die sosiale struktuur van die samelewing kan teweegbring. Om dit na behore te begryp, moet die sosioloog die teoretiese fundering van die kommunikasieproses ken.

---

1. Joubert, D.D., Steyn, A.F. Groepdinamika, p. 18
2. Fauconnier, op. cit., p. 13
3. Ibid, p. 15
4. Chaney, D. Processes of mass communication, p. 1

'n Algemene beswaar is dat sosioloë wel bevindinge oor massakommuni= kasie bekend maak, maar omdat 'n verwysingsraamwerk vir kommunikasie ontbreek, lei dit nie tot verheldering van probleme nie, maar soms tot verwarring en wanbegrip. Volgens Duncan het sosioloë, ondanks hul belangstelling in kommunikasie, nie veel bygedra tot die daarstel van 'n teoretiese raamwerk vir die vakgebied nie.[1]

Halloran laat hom veel sterker uit oor die bydraes van die Sosiologie. "On the whole we find an investigator rather than a debater, a curious if cautious character who isn't known for his involvement or commitment. He doesn't know, but would like to find out. Occasionally, when he does find out, he uses the most obscure language to relate to the obvious."[2]

Riley wys daarop dat sosioloë wegskram van menslike kommunikasie omdat dit nie beskou word as die fokus van sosiologiese ondersoek nie.[3] Burke meen dat die Sosiologie se bydrae gekonsentreer moet word op die wyse waarop simbole gebruik word om sosiale orde te skep en in stand te hou.[4] Dit is nie meer voldoende om te sê dat kommunikasie die fondament vir die samelewing is nie. Die wyse waarop 'n gemeenskap deur kommunikasie funksioneer, moet uitgewys word. 'n Sosiale teorie van kommunikasie moet beskryf hoe kommunikasie sosiale orde bepaal en ook hoe probleme om sosiale orde the handhaaf, kommunikasie kan beïnvloed.[5]

Die bydrae van die Sosiologie tot die Kommunikasiekunde moet egter nie

---

1. Duncan, H.D. The search for a social theory of communication. In: Dance, F.E.X. Human communication theory, p. 236

2. Winston, B. The image of the media, p. 20

3. Riley, J.W., Riley, M.W. Sociology: an approach to human communi= cation. In: Budd, R.W., Ruben, B.D. Approaches to human communi= tion, p. 357

4. Duncan, op. cit., p. 250

5. Ibid., p. 251

gering geskat word nie. Hoewel die klem hoofsaaklik op effekstudies val, het die Sosiologie waardevolle insigte daargestel t.o.v. die funksionering en belangrikheid van kommunikasie in die samelewing.[1] Veral na die Tweede Wêreldoorlog het die Mass Communications Depart= ment van UNESCO talle publikasies oor navorsing en konferensies i.v.m. massamedia die lig laat sien.[2]

2.3.3 Kubernetika

Die woord kubernetika is afgelei van die Griekse woord kybernetes wat beteken stuurman.[3] Kubernetika bestaan sedert 1948 toe die grondlegger daarvan, Norbert Wiener, die beginsels van dié dissiplinêre vakweten= skap geformuleer het. Die ontstaan van die vakdissipline spruit uit die werk van Wiener en Bigelow gedurende die Tweede Wêreldoorlog om 'n outomatiese afweergeskut te ontwerp.[4] Die konvensionele manier van korrel en skiet, was ondoeltreffend teen die vinnige en laag vlieënde vegvliegtuie. 'n Stelsel is ontwerp om seine outomaties op te vang en te verwerk en sodoende is beter resultate behaal.

Die Kubernetika het 'n sterk meganiese inslag en word ook wiskundig bestudeer.[5] As 'n afdeling van die teorieë oor inligting, moet die Kommunikasiekunde van die Kubernetika kennis neem.

---

1. McQuail, D. (ed.) Sociology of mass communication, p. 10 e.v. Vergelyk ook Tunstall, J. (ed.) Media sociology, p. 2 e.v.; Klapper, J.T. The effects of mass communication, pp. 8, 10, 43 e.v.

2. Rhoodie, op. cit., p. 6

3. Wiener, N. Cybernetics. In: Smith, A.G. (ed.) Communication and culture, p. 25. Wiener het hierdie begrip uitgebrei en van toepassing gemaak op outomatiese masjiene, vandaar die benaming kubernetiese sisteem. Vergelyk Rothman, M.A. Cybernetics. Machines that make decisions, p. 8

4. Erasmus, P.F. Algemene inleiding tot toekomsnavorsing - 'n oorsig= telike literatuurstudie, p. 5

5. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 302. Die Kubernetika is veral belangrik vir natuurwetenskappe, o.m. fisika en ingenieurswese.

Wiener het in sy navorsing verskeie ooreenkomste tussen die reaksies van mense en die beheerstelsels van masjiene waargeneem.[1] Kubernetika is volgens hom 'n studie van menslike denke en wat in die ingenieurs= wese bekend is as beheer en kommunikasie. Dit is 'n poging om ooreen= stemmende aspekte te vind in die funksionering van outomatiese masjiene en die werking van die menslike senustelsel, asook 'n teorie wat be= heer en kommunikasie in masjiene en lewende organismes omvat.[2]

Porter verduidelik die begrip in 'n breër verband. "Cybernetics is concerned with the communication and manipulation of information and its use in controlling the behaviour of biological, physical and che= mical systems. It is the basic science underlying the process of homeostasis in biological systems and automation in industry and in= creasingly its implications are being applied in economic and social planning. Indeed, the word cybernetics, feedback, automation and digital computer are becomming important in the vocabulaty of managers, trade union leaders, and in all professions."[3]

Kubernetika hou grootliks verband met die handhawing van orde. In 'n wêreld waar alles voortdurend beweeg en tot verandering lei, moet dit wat georden is, altyd weerstand bied teen wanorde. So is die Kuber= netika 'n studie van regulering en selfbestuur.[4]

Twee begrippe wat in hierdie verband deur die Kubernetika bekend gestel is, kontrole en terugvoering, is ook in die Kommunikasiekunde van belang. Kontrole is veral belangrik om die korrektheid van boodskappe wat ont=

---

1. Malan, J.C. Propaganda en oorreding, p. 38
2. Wiener, op. cit., p. 25
3. Porter, A. Cybernetics symplified, p. vii
4. Vogelaar, op. cit., p. 29

vang word, te bepaal. Om te verseker dat die boodskap korrek ontvang word, is terugvoering noodsaaklik. Hierdie aspek word met die vol= gende voorbeeld geïllustreer. "Die outomatiese temperatuurkontrole= stelsel of reostaat ontvang 'inligting' of terugvoering uit die vertrek waarin die temperatuur gereël moet word. As die temperatuur te laag daal, skakel die reostaat die verwarmers aan en, andersom, as die temperatuur te hoog styg, skakel dit die verwarmers af."[1] Daar moet dus altyd 'n reëlingsmeganisme wees. Volgens Wiener is 'n kenmerk van so 'n stelsel die kringkarakter wat die vloei beheer.[2]

Die Kubernetika vind veral in die tegnologie baie toepassinge. Van Peursen glo dat die skepping en verbetering van beheerstelsels en die toenemende gebruik daarvan, 'n kubernetiese omwenteling tot gevolg het.[3] Veral ingenieurs het Wiener se bevindinge toegepas en verskeie kommu= nikasiestelsels, soos die telefoonnetwerk, verbeter.[4]

Ander wetenskaplikes slaan die Kubernetika so hoog aan dat hulle meen die kubernetiese tegnologie kan die mens in baie funksies vervang. Outomatisasie, die bestuur of regulering van masjiene sonder die tus= senkoms van die mens, het daartoe bygedra dat die elektroniese rekenaar 'n besondere gebruikswaarde in die moderne samelewing het. Van Peursen wys daarop dat die verkenning van die ruimte afhanklik is van die snelle dataverwerking deur elektroniese rekenaars. Belangrike besluite wat blitssnel geneem moet word, kan alleen korrek wees as 'n rekenaar teen die jaar 2000 menslike intellektuele vermoëns sal kan naboots, ewenaar of

---

1. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 302
2. Snyman, P.G. Pers en leser, p. 110
3. Erasmus, op. cit., p. 5
4. Malan, op. cit., p. 5
5. Van Peursen, op. cit., p. 159

selfs oortref.[1]

Een van die vernaamste besware teen die Kubernetika is die vermeende belangrikheid van die studierigting vir die wetenskap in die algemeen. "Hierdie mense het vir die Kubernetika die besondere eer opgeëis dat dit die eerste wetenskap is wat sowel gees as stof omvat en het voorspel dat dit sal lei tot 'n tweede industriële rewolusie wat die eerste na kinderspeletjies sou laat lyk. Gedurende die eerste industriële rewolusie is masjiene gebou om die mens se spierkrag te spaar. Gedurende die tweede sou masjiene gebou word wat die mens se breinkrag sou spaar.[2]

Bok wys op die begrippe wat deur die Kubernetika bekend gestel is, o.m. die handhawing van ewewig, waarneming van wanorde, die korreksie van dreigende afwykings, die behoefte aan die verwerking van inligting en die neiging tot kommunikasie in 'n sisteem om die genoemde situasies in die sisteem te beheer. Voorstanders van die Kubernetika "...... zouden de hoop koesteren, dat hun begrippen ook voor de zaken des geestes zullen blijken te gelden en dat zij ook daar verhelderend zul= len werken.[3]

Malan wys daarop dat die menslike wêreld vereng as dit sonder deeglike oorweginge in 'n kubernetiese sisteem ingepas word. Volgens haar is die boodskap van die Kubernetika op skrif geprogrammeer en is dit sta= ties van aard. Die mens se taal is daarenteen genuanseerd, simbolies en gedurig wisselend in betekenis.[4] Deur die Kubernetika word die mens 'n robot wat in 'n bepaalde reëlingsisteem teen wil en dank moet inpas.

Snyman meen dit is foutief om die natuur en die wêreld vanuit menslike

---

1. Erasmus, op. cit., p. 6
2. Malan, op. cit., p. 38
3. Vogelaar, op. cit., p. 32
4. Malan, op. cit., p. 39

vorming van tegniek te beskou. Daardeur kan alles in beginsel òf ver=menslik òf die mens verdinglik word.[1]

Nog 'n moontlikheid is dat die Kubernetika as 'n soort ideologie beskou en slaafs nagevolg word. Hoewel dit veral baie tegniese toepassings=moontlikhede het, is die Kubernetika slegs die wyse waarmee die mens 'n aantal ingewikkelde take met behulp van gesofistikeerde outomate kan verrig.[2]

2.3.4 <u>Linguïstiek</u>

Linguïste se bydrae tot die Kommunikasiekunde is aansienlik. Taal is die ontwikkeldste en gesofistikeerdste wyse waarvolgens mense kommunikeer. "Taal is 'n besonder gestruktureerde kommunikasiemedium. Dit onderskei gewoonlik mense van verskillende kulture en selfs temperamentele oor=sprong. Woordbetekenisse, woordordes, gesegdes, idiome verskil van taal tot taal en dra die belewenisse van hulle wat dit besig, nie net in woordbetekenis nie, maar ook in klankvorming, stembuiging, ritme."[3]

Die omvang van die linguïstiese teorie kan hoofsaaklik bepaal word as die analise van taal. In hierdie verband word met taal bedoel 'n vorm van menslike gedrag in die algemeen. Hierdie vorm van menslike gedrag is vollediger en noukeuriger ontleen as enige ander gedragsvorm. Die doel van die linguïstiese teorie is om 'n model en 'n werkswyse te ont=wikkel vir 'n volledige, bondige en objektiewe beskrywing van taal bv. die fonologie, sintaksis, e.s.m.

---

1. Snyman, op. cit., p. 117

2. Ibid., p. 118

3. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 14

4. Smith, A.G. (ed.) Communication and culture, p. 119. Daar is baie uiteenlopende standpunte t.o.v. die linguïstiese teorie wat uit die aard van die saak hier irrelevant is.

Hoewel die linguïs en die kommunikasiekundige se gebiede aansienlik verskil, moet laasgenoemde altyd op hoogte bly van ontwikkelinge op taalgebied. Hymes verklaar ".... whereas it is the task of the linguïs=tics to coördinate knowledge about language from the viewpoint of the language, it is the communicologist's to co-ordinate knowledge about language from the viewpoint of the development of human relations."[1]

Taal is so onlosmaaklik deel van elke menslike kommunikasiegebeure dat Petterson melding maak van linguïstiese kommunikasie. Dit kan volgens hom omskryf word as die aandeel van taalprosesse in kommunikasiesituasies.[2]

Een van die algemene kommunikasieprobleme is die kompleksiteit van die taalboodskap, of dit skriftelik of mondeling geskied. So kan komplek=siteit begripsvorming vergemaklik of bemoeilik. Dit kan ook die be=tekenis van die boodskap beïnvloed. Horowitz noem drie bydraende fak=tore tot die kompleksiteit van die boodskap, nl. die leksikaliese, die sintaktiese en die ideologiese.[3]

Hymes dui die volgende aspekte aan as belangrik vir die studie van lin=guïstiese strukture in sosiale verband.

1. Die plek van taal in die beskikbare verbale en nie-verbale kommuni=kasiesisteme.
2. Die verhouding van linguïstiese gewoontes tot die waarneming van die sosio-kulturele omgewing.
3. Die verhouding van taalnorme tot die sosiale struktuur.

---

1. Petterson, D.D. Linguïstics: an approach to human communication. In: Budd, R.W., Ruben, B.D. Approaches to human communication, p. 210
2. Ibid. Taal word hier gebruik in die omvattendste betekenis, nl. enige stel tekens, simbole of gebare wat gebruik word om 'n beteke=nis uit te druk. Vergelyk ook Schoonees, P.C. e.a. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p. 872. Kommunikasiekun=diges gebruik dikwels die indeling verbaal en nie-verbaal om beter aan te dui hoe die kommunikasie geskied.
3. Jordaan, op. cit., p. 25

4. Houdings teenoor taal.

5. Taalgedrag en taalverandering.[1]

Al hierdie faktore sal in mindere mate ook die belangstelling van kommunikasiekundiges geniet.

Die onlosmaaklike verband tussen taal en kommunikasie word geïllustreer deur die definisie van Sapir. "Language is a purely human and non-instinctive method of communicating ideas, emotions and desires by means of a system of voluntarily produced symbols."[2]

Whorf voer aan dat taal grootliks die mens se denke en gevolglik sy kommunikasie beïnvloed. ".... the background linguïstic system .... of each language is not merely a reproducing instrument for voicing ideas but rather is itself the shaper of ideas .... We dessect nature along lines laid down by our native language. The categories and types that we isolate from the world of phenomena we do not find these because they stare every observer in the face; on the contrary, the world is presented in a kaleidescopic flux of impressions which has to be orga= nized by our minds - and this means ..... by the linguïstic system in our minds."[3]

Uit die Linguïstiek het moderne verwante vakrigtings ontwikkel wat bekend is as die psigo- en sosiolinguïstiek. Hierdie spesialiseringster= reine is ook vir studie van kommunikasie belangrik.[4]

---

1. Petterson, op. cit., p. 210

2. Vetter, H.J. Language behaviour and communication, p. 17

3. Rosch, E. Linguïstic relativity. In: Silverstein, A. (ed.) Human communication: Theoretical explorations, p. 95. Vergelyk ook Jordaan, op. cit., p. 5

4. 'n Kort uiteensetting van die psigo- en sosiolinguïstiek word in hoofstuk 4 gedoen.

## 2.4 Definisies van kommunikasie

### 2.4.1 Inleiding

Oor die dilemma van die sosiale wetenskappe en die Kommunikasiekunde in die besonder, wat met kommunikasie as verskynsel gemoeid is om 'n alge= mene aanvaarbare definisie te vind, is al baie geskryf. Minter meen dit is onmoontlik om so 'n definisie daar te stel vir diegene wat be= langstel in die studie van kommunikasie as 'n proses.[1] Kommunikasie is 'n proses wat bestaan uit interafhanklike en wisselwerkende elemente en daarom is dit geensins maklik om 'n definisie sō te bewoord om die proses as 'n dinamiese gebeure te beskryf nie. Jordaan doen aan die hand dat gesoek word na 'n algemene geldende beginsel vir alle kommu= nikasiesituasies, wat nie net verwys na spesifieke vorme nie.[2]

Newman noem enkele probleme wat by die formulering van 'n definisie op= duik. Dit is nie net gebrek aan kennis oor kommunikasie as proses of die omvang van die besondere studiegebeure wat die opstel van definisies bemoeilik nie, maar ook onvolledige kennis in verband met die aard, omvang en funksies van definisies. So moet die epistomologiese gedagte van 'n definisie wat rekening moet hou met al die aspekte van die saak wat dit probeer definieer, as onprakties verwerp word. Kommunikasie is so 'n wydlopige verskynsel dat pogings om 'n enkele definisie te formuleer, eerder verwarrend as ophelderend kan wees.[3]

Nilsen wys op verwarring wat kan ontstaan deur die gebruik van die begrip kommunikasie. "The meaning of the word 'communication' is at

---

1. Minter, R.L. A denonative and connotative study in communication. In: Journal of communication, Vol. 16, p. 27

2. Jordaan, op. cit., p. 2

3. Newman, J.B. A rationale for a definition of communication. In: Smith, A.G. (ed) Communication and culture, p. 56

once both clear and obscure. It is clear enough in conventional usage, but obscure when we seek to determine the limits of its appli= cation. To illustrate, if someone talks to another and common under= standing results (indicated by mutually satisfactory action) we have no qualms about saying that communication has occured. If however, mis= understanding results (as indicated by mutually unsatisfactory action) we are uncertain whether we should say that there has been poor, or no, communication."[1]

Dié aspek word ook deur Goyer toegelig. "To use the term 'communica= tion' (whether in noun, verb or adjectival form) as a synonym for 'message' (e.g. 'the communication was received') and/or as a synonym for the transmitting act (e.g. 'the message was communicated') and/or a synonym for the entire process (e.g. 'the communicative environment was disrupted') etc., is avoidable and contributes to the ambiquity which unfortunately and unnecessarily is often found in the literature, in this field. Similarly, the dual use of the word 'communication' as both noun and adjective is ambiguous and potentially confusing; restricting 'communication' to usage as a noun and employing 'commu= nicative' or 'communicational' as the adjectival form should help increase precision in usage."[2]

Gerbner meen sosiale wetenskaplikes verwag te veel van kommunikasie.[3] Die begrip is oorlaai met die wye verskeidenheid van aspekte wat dit byeenbring en veroorsaak onnodige beperkings. Kommunikasie word in

---

1. Nilsen, T.R. On defining communication. In: Sereno, K.K., Mortensen, C.D. Foundations of communication theory, p. 15

2. Goyer, R.S. Communication, communicative process, meaning: toward a unified theory. In: Journal of communication, Vol. 20, p. 6

3. Dance, F.E.X. The concept of communication. In: Journal of communication, Vol. 20, P. 210

sommige studierigtings in te 'n losse verband en te vaag gebruik. So 'n diversifikasie kan bydra tot groter insig, maar kan ook maklik tot verdeeldheid, akademiese versnippering en teoretiese verdelings lei. Hy waarsku ook teen 'n enkele beperkende definisie omdat dit noodwendig baie aspekte van belang uitsluit.[1]

'n Kenmerk van die talle definisies is dat party die wyse waarop kom= munikasie plaasvind aantoon asook die tegnieke en middele waarmee dit geskied. Enkele definisies probeer selfs die oorsake en gevolge van kommunikasie uitwys. In die verband rig Stappers 'n ernstige waarskuwing. "Wie 'communicatie' wenst te definieren aan de gevolgen, impliceert dat alles wat tot die gevolgen leidt, ook communicatie genoemd moet worden. Communicatie leidt mogelijkerwijs tot vermindering van onzekerheid, tot begrip en tot integratie. Dergelijke resultaten kunnen ook worden bereikt door een ruzie, of zelfs een gewapend conflict."[2]

Kommunikasiekundiges durf bogenoemde probleme egter nie te ontduik deur te verklaar dat kommunikasie ondefinieerbaar is nie. Kommunikasie is beslis nie 'n "phlogiston"[3] wat 'n wetenskaplike studie daarvan baie bemoeilik nie. Hoewel Newman meen dit is byna onmoontlik om woorde in terme van ander woorde te definieer,[4] is definisies baie noodsaaklik om bepaalde vertrekpunte aan te dui en die studiegebied af te baken.

Die vraag is egter: watter kriteria moet gebruik word om 'n seleksie te doen? Om dié vraag enigsins op te helder, word enkele wetenskap=

---

1. Ibid.

2. Stappers, op. cit., p. 145

3. Newman, op. cit., p. 59. 'n Begrip uit die antieke chemie wat massaloos, reukloos en ontasbaar is en as die geheimsinnge oorsaak van 'n vuur beskou was.

4. Ibid.

likes se pogings om aanvaarbare definisies op te stel, kortliks be=spreek.

2.4.2 W. Weaver

Weaver stel sy definisie so wyd moontlik. "The word communication will be used here in a broad sense to include all the procedures by which one mind may affect another ..."[1] Wat Weaver presies met sy definisie bedoel, blyk uit die volgende: "In some connection it may be desirable to use a still broader definition of communication to include the procedures by which one mechanism (say automatic equipment to track an aeroplane and compute its probable future positions) affects another mechanism, say a guided missile chasing this aeroplane."[2] Die be=swaar teen so 'n breë definisie is dat kommunikasie omtrent alles vir almal beteken.

2.4.3 T.R. Nilsen

Nilsen gebruik twee breë kategorieë. In die eerste kategorie word definisies versamel wat die proses van kommunikasie beperk tot bepaalde stimulus-responssituasies waarin 'n kommunikator doelbewus 'n stimulus uitstuur om 'n reaksie te verkry. In die tweede kategorie word sti=mulus-respons ingesluit waar die kommunikator geen bedoeling het om enige reaksie uit te lok nie.[3] Die eerste kategorie oorvleuel die eer=ste gedeeltelik.

In die eerste kategorie word definisies ingesluit wat veral op die algemene gebruik van die begrip kommunikasie dui, bv. om iets bekend en gemeenskaplik te maak, om inligting te gee, 'n wisselwerking d.m.v. verbale uitinge, e.s.m. 'n Belangrike verskil by die tweede kategorie

---

1. McGarry, op. cit., p. 12

2. Ibid. Vergelyk die besware geopper in Afd. 2.1.6 en 2.3.3

3. Nilsen, op. cit., p. 16

is die insluiting van verwante aspekte van gedrag soos die definisie van Stevens wat deur Nilsen verkies word. "Communication is the discriminatory response of an organism to a stimulus ......"[1] Hoe= wel dié benadering interessante gesigspunte inhou, is hier 'n sterk be= havioristiese inslag te bespeur wat dikwels probleme oplewer om kom= munikasie ten volle te begryp.

2.4.4 G.R. Miller

Miller neem as uitgangspunt "... communication has as its central in= terest those behavioural situations in which a source transmits a message to a receiver(s) with conscious intent to affect the latter's behaviors."[2] Hierdie benadering plaas die klem op die bewuste (en soms onbewuste) bedoeling van die kommunikator om sy boodskap met 'n bepaalde effek aan 'n geselekteerde bestemming tuis te bring. Dit is uiteraard nie 'n nuwe begrip nie, en denkers soos Fröhner en Maletzke het dit reeds uitvoerig behandel.[3] Ook Fauconnier het hieraan baie aandag gegee.[4]

Miller se standpunt dat bedoeling (intensie) die klem op die kommuni= kasiegebeure as sodanig plaas en nie onnodig aandag gee aan periferiese aspekte nie, bevat heelwat waarheidselemente, maar vir ander navorsers is so 'n definisie te beperkend en word die kommunikator se aandeel in die kommunikasieproses as van groter belang as die van die bestem= ming geag. Wenburg en Wilmot noem Miller se definisie 'n goeie voor= beeld van 'n definisie wat kommunikator-georiënteerd is. 'n Illustra=

---

1. Ibid., p. 20
2. Miller, G.R., op. cit., p. 92
3. Fauconnier, G. Massamedia en samenleving, p. 87
4. Ibid.
5. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 5

sie van dié definisie is die vraag of 'n aantreklike meisie wat by 'n straatoorgang oorstap, wel 'n boodskap kommunikeer aan verby= gangers wat haar opmerk en deur haar voorkoms beïndruk is? Volgens Miller se definisie het sy geen bedoeling om enigiets aan enigiemand te kommunikeer nie.

Miller verdedig sy benadering so: "The point to be stressed is that a number of intrinsic factors of the communicative act itself have been given relatively little attention in prior research. A definition emphasizing the intentional dimension of communication spotlight these factors, many of which are message-oriënted, and assures the researchers will not be sidetracked into avenues of secondary interest. While neat categories are difficult to establish, such a definition maximizes the probability that students of communication will focus upon variables of central importance, rather than devoting their efforts to an examination of variables of greater relevance to the more generic discipline of social psychology."[1]

2.4.5 C. Cooley

Cooley is een van die min wetenskaplikes wat probeer om die verhouding tussen die interpersoonlike kommunikasiegebeure en die funksie van kommunikasie in die samelewing duidelik te stel. "By communication is here meant the mechanism through which all human relations exist and develop - all the symbols of the mind together with the means of conveying through space and preserving them in time."[2]

Hierdie definisie beklemtoon veral kommunikasie as die sine qua non van die mens as sosiale wese. Die klem val hier baie sterk op die

---

1. Miller, op. cit., p. 97

2. McGarry, op. cit., p. 13

verhouding wat tussen mense tot stand kom deur middel van kommunikasie.[1]

2.4.6 Byeenvoeging van definisies deur F.E.X. Dance en J. Stappers

In 1960 het Dance sowat 95 definisies van kommunikasie versamel en hieruit 15 onder bepaalde hoofde geklassifiseer. Hy onderskei drie kon= septuele verskille, nl. die vlak van waarneming, die aan- of afwe= sigheid van bedoeling by die kommunikator en die normatiewe oordeel oor die kommunikasiegebeure.[2]

Wat die eerste konsep betref, merk Dance op dat die studiegebied van kommunikasie aansienlik beperk word as navorsers hulle slegs bepaal by sosiale kommunikasie. Definisies van kommunikasie omvat 'n wye terrein en die beskouing van kommunikasie as proses geld vir die hele gebied.

Dance voer verder aan dat die komponent bedoeling beperkend is. "The concept of 'intentionality' is one of those instances in which expe= rience and reality seem to object to the conceptual component. If one chooses to include only acts which are characterized by sender intent as communication then how does one clasify acts wherein there is manifest deception, or the altering of behavior (including verbal messages) of another organism?"[3]

Ook wat die derde aspek betref, het Dance besware omdat 'n beskouing van suksesvolle kommunikasie ook 'n onnodige vernouing van die studie= gebied is.

---

1. Villard, K.L., Whipple, L.J. Beginnings in relational communication, p. 125 e.v.

2. Dance, op. cit., pp. 201,202. Hy het ook aangetoon hoedanig hier= die 15 komponente teorieë oor kommunikasie beïnvloed.

3. Ibid., p. 209

Met die versameling definisies van Dance as grondslag maak Stappers 'n indeling waarvolgens hy ses hooftipes onderskei. Twee voorbeelde van elke indeling word deurgaans gegee.

Tipe 1

Stevens, S.S.: "Communication is the discriminatory response of an organism to a stimulus ....."

Thayer, L.O.: ".... communication is in basis, that process which occurs when some living system takes-something-into-account to some end.[1]

Volgens Stappers word die nadruk hier op die aktiwiteit van die be= stemming geplaas, want van die kommunikator is daar geen sprake nie.[2] Die definisie van Stevens is 'n voorbeeld van hoe alle menslike inter= aksie, en in sekere gevalle ook nie-menslike interaksie, onder kommu= nikasie tuisgebring word.[3] Thayer se definisie meld 'n "lewende sis= teem" wat op prikkels reageer. Dit kan nie ondubbelsinnig as 'n mens geïnterpreteer word nie. Hoewel die definisie volgens Stappers nie uitsluitlik van behavioristiese oorsprong is nie, openbaar dit in mindere of meerdere mate 'n meganistiese formulering.[4]

Tipe 2

Hovland, C.I.: "The process by which an individual (the communicator) 'transmits' stimuli (actual verbal symbols) to modify the behaviour of other individuals (communicatees)."

Weaver, W.: "The word communication will be used in a very broad sense to include all the procedures by which one mind may affect another ...."[5]

---

1. Stappers, op. cit., p. 140

2. Ibid. Vergelyk ook Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 5,6. Sommige difinisies beklemtoon òf die rol van die kommunikator òf die rol van die bestemming.

3. Miller, op. cit., p. 92

4. Stappers, op. cit., p. 139

5. Ibid., p. 140. Vergelyk ook Afd. 2.4.2

U.O.V.S.—U.O.F.S. BIBLIOTEEK LIBRARY 198471

In hierdie definisies kan, soos ook in die eerste geval, duidelik tekens van die stimulus-responsteorie onderskei word. Nog 'n onder=skeibare element is die beïnvloeding of moontlike beïnvloeding wat van die kommunikator uitgaan. Die kern is dat die bedoeling van die kommunikator duidelik na vore kom.[1] In Hovland se definisie neem die kommunikator die inisiatief terwyl dit lyk of die bestemming in 'n mate weerloos staan teenoor die gekommunikeerde boodskap. Die moont=likheid dat die dialektiese aard van kommunikasie hier geïgnoreer en dat kommunikasie hoofsaaklik unilateraal geskied, is opvallend.

Tipe 3

Cherry, Colin: "Communication is essentially the relationship set up by the transmission of stimuli and the evocation of a response."

Dewey, J.: "The heart of language is not 'expression' of something antecedent, much less expression of antecedent thought. It is commu=nication: the establishment of cooperation in an activity in which there are partners and in which the activity of each is modified and regulated by partnership."[2]

Stappers illustreer hier 'n belangrike beginsel. Albei definisies wys op die sosiale aard van die begrip kommunikasie. Sowel Cherry as Dewey probeer nie bepaal wat kommunikasie self is nie, maar dui een=voudig aan wat gebeur wanneer en deurdat kommunikasie plaasvind. Die sosiale eenheid en verhouding tussen die kommunikasie-deelnemers word na vore gebring.[3]

Tipe 4

Clevenger, T: "Communication is a term to refer to any dynamic information sharing process.

---

1. Ibid.

2. Ibid., p. 141

3. Ibid. Vergelyk Afd. 2.4.5

Gode, A.: "It is a process that makes common to two or several what was the monopoly of one or some."[1]

Die sosiale aard van kommunikasie blyk hier duidelik. Geen van die definisies omskryf kommunikasie nie, maar sê duidelik waarheen dit lei, nl. 'n deelneming aan iets gemeenskapliks tussen die twee partye.

In teenstelling met die voorbeelde in die vorige indeling, word hier duideliker aangetoon wat die aard van die relasionele binding tussen die deelnemers is. Hier geskied kommunikasie van inligting wat uiteindelik die gemeenskaplike besit van sowel die kommunikator as die bestemming word.[2]

Tipe 5

Toda: "Communication is an information transmission process which originates at a mind and ends at a mind."

Cullen, S.R.: ".... communication, I believe, may be simply defined as the flow of information and ideas from one individual to another."[3]

Hoewel albei definisies verskillende begrippe, soos oordrag of trans= missie en vloei van inligting gebruik, is hulle ingestel op die kommu= nikasieproses. Albei se nadeel is dat hulle nie die deelhebberskap in die aard van kommunikasie na vore bring nie.

Tipe 6

Lundberg, G.A.: "We shall use the word communication, then, to desig= nate interaction by means of signs and symbols."

Hoben, J.B.: "Communication is the verbal interchange of thought or idea."[4]

Dié indeling kom sterk ooreen met tipe 5. Hier word ook beskryf wat

---

1. Ibid.

2. Ibid.

3. Ibid., p. 142

4. Ibid.

gebeur as mense kommunikeer, maar die "middele" wat gebruik word, o.m. tekens, woorde en simbole, word beklemtoon. Lundberg dui duidelik aan dat kommunikasie 'n onderdeel is van interaksie, nl. die "inter= aksie" wat geskied deur middel van tekens en simbole. Daar is ook 'n verskil tussen kommunikasie en gewone kontak tussen mense. Eersge= noemde berus op 'n tydelike identifikasie van een mens met 'n ander deur die gebruik van simbole wat dien as basis vir die spesifieke kommunikasiegebeure.[1]

2.4.7 Samevatting

Dit is opvallend dat kommunikasiekundiges voorkeur gee aan nie-inten= sionele definisies. Minter het 'n vraelys aan lede van die National Society for the Study of Communication gestuur, waarin hulle gevra is om twaalf definisies in voorkeurorde te rangskik. Die resultaat was dat 'n nie-intensionele definisie (dié van Ruesch en Bateson) die hoogste aangeslaan is en 'n intensionele definisie, die van G.A. Miller. die laagste aangeslaan is.[2]

Daar is oplossings vir die dilemma om bevredigende definisies te for= muleer. Dance en Stappers se indeling gaan op die duur niemand bevre= dig wat die kern van kommunikasie probeer peil nie, want daar is nog talle aspekte wat beklemtoon kan word. 'n Moontlike oplossing kan wees om 'n definisie vir 'n bepaalde kommunikasiesituasie (of kommuni= kasieprobleem) te stel, en bewus van die beperkings daarvan, nie te probeer om vanuit daardie spesifieke situasie, die hele verskynsel van kommunikasie te probeer verklaar nie. Dance noem die moontlikheid van 'n "familie" van konsepte wat uiteraard bymekaar hoort.[3] Hoewel dit

1. McGarry, op. cit., p. 13
2. Minter, op. cit., p. 26
3. Dance, op. cit., p. 210

'n soort sisteembenadering impliseer, kan dit bydra om die verwarring en diversifikasie in groot mate op te klaar. Dance meen ook dat dit sal bydra tot 'n sistematiese teorie van kommunikasie.[1]

Fauconnier steun die gedagte dat 'n jong wetenskap, soos Kommunikasie=kunde, 'n behoefte het aan 'n aantal definisies.[2] Breë besinning sal bydra tot die algemene sistematiek van die vakwetenskap en help om dit in 'n positiewe rigting te stuur. Hoewel Kommunikasiekunde nog in 'n ontwikkelingstaduim is, verander die begrippe wat gebruik word, nie so vinnig en ingrypend dat definisies vermy moet word nie.

As uitgangspunt in hierdie studie word aanvaar dat kommunikasie 'n poging is om betekenis tussen mense te konstitueer.[3] Hiervoor is konsensus 'n noodsaaklike voorwaarde, soos later aangetoon sal word. 'n Studie van sosiale kommunikasie word hier onderneem, want die stu=diegebied word meervoudig gekompliseerd as die omskrywing van Patton en Griffen aanvaar sou word: "We define communication as the generation and attribution of meaning. This definition is broad enough to en=compass nonhuman communication. Thus bees may performe a dance that signals other bees to go for nectar. A dog may show hunger by walking back and forth to the dog bowl. People may attribute meaning to elements in the nature; for example, dark clouds signal the prospect of rain or bad weather; an unusual noise in the night stirs us to investigate. As we assign significance to phenomena or events around us, communication is taking place."[4]

---

1. Ibid.
2. Fauconnier, op. cit., p. 70
3. Vergelyk in dié verband Hfst. 1 en die definisies daar gestel.
4. Patton, B.R., Giffen, K. Interpersonal communication, p. 6. Probleme wat uit hierdie stelling spruit, word in Hoofstuk 4 behandel.

Daar is egter nog baie insigte oor kommunikasie wat blootgelê moet word. Gerbner rig 'n waarskuwing in die verband. "Social scientists in communication need to isolate and define something distinct and common about their work, but they also need to avoid the temptation of settling for the most convenient and salable service functions. The problems to be solved require fuller understanding of the types of message systems that tend to be produced under different cultural, institutional, and technological conditions; of the ways in which the composition of message systems tends to structure and weight is= sues and choices from the interpersonal to the international level; and of the ways in which information is processed, transmitted, and integrated into given frameworks of knowledge. Students of communi= cation should not shrink from defining their field where the problems of communication are, rather than where solutions be easiest to find."[1]

---

1. Gerbner, G. On defining communication: still another view. In: Journal of communication, Vol. 16, p. 103

# HOOFSTUK 3

## DIE BEGRIP KONSENSUS IN DIE SOSIALE WETENSKAPPE

### 3.1 Inleiding

Definisies van konsensus is skaars. In geen Afrikaanse verklarende woordeboeke kan 'n verwysing na konsensus gekry word nie, wat dui op die onbekendheid van die begrip. Twee woordeboek-definisies lui: Konsensus kan omskryf word as 'n ooreenkoms of ooreenstemming t.o.v. die opinie of reaksie van mense.[1] Konsensus is 'n ooreenkoms wat betref 'n opinie, verklaring of oortuiging. Dit kan ook beskou word as 'n kollektiewe opinie.[2]

Dit is opvallend dat wetenskaplikes se definisies baie verskil. Slegs 'n paar word hier aangehaal. "Consensus is a feeling, opinion, or belief to which a number of people subscribed."[3] Shils sê: "Con= sensus is a particular state of the belief system of a society."[4] Albig se definisie lui: "A state of agreement following an opinion controversy is a consensus."[5] Uit al die omskrywings blyk een gemeen= skaplike kenmerk, nl. ooreenstemming.

Konsensus word tussen twee of meer mense gekonstitueer. 'n Ontleding is dus moontlik om die omvang van die konsensus (ooreenstemming) t.o.v. 'n besondere saak in 'n groep mense te meet. 'n Konsensus-skaal kan aangewend word om bv. die ooreenstemming van 'n opinie te bepaal.[6]

---

1. Alden, op. cit., p. 142. Vergelyk ook Hoofstuk 1.
2. The New Merriman-Webster Pocket Dictionary, p. 105
3. Zadrozny, J.T. Dictionary of Social Science, p. 63
4. Shils, E. The concept of consensus. In: Sills, D.L. (ed.) International Encyclopaedia of the Social Science, Vol. 3, p. 260
5. Albig, J.W. In: Encyclopaedia Brittanica, Vol. 18, p. 744 A (a)
6. Zadrozny, op. cit., p. 63

Om konsensus vollediger te verduidelik, word 'n kort uiteensetting van die begrip gegee soos dit in die Politikologie, Sosiologie en die Kommunikasiekunde ter sprake kom. Hier word, wat eersgenoemde vakge=biede betref, nie op volledigheid aanspraak gemaak nie, maar word ge=probeer om die aspekte wat vir die Kommunikasiekunde van belang is, uit te lig.

## 3.2 Politikologie

Die begrip konsensus word baie op politieke gebied gebruik. "Political consensus involves kinds of agreement that are politically relevant."[1]

Dit blyk dat konsensus op vier maniere deur wetenskaplikes gebruik word wat veral in die lewensvatbaarheid van demokratiese politieke prosesse belangstel. Een van dié standpunte hou in dat konsensus 'n ooreenkoms is wat die fundamentele politieke prosesse betref. 'n Tweede is dat konsensus bloot 'n vorm skyn te wees van 'n gedrags=patroon wat op gewoonte berus. Hierdie vorm van konsensus word be=langriker beskou as 'n ooreenkoms wat op 'n algemene grondslag aanvaar word.[2]

'n Derde standpunt benadruk die aanvaarding van regeringsbeleid deur belangrike sosiale groepe. Konsensus t.o.v. belangrike sake kan veral in die moderne welsynstaat 'n belangrike invloed op die stabiliteit van die sosiale sisteem uitoefen.

'n Vierde standpunt beklemtoon die situasie waar die belangrikste sosiale groepe aanhangers is van die vernaamste politieke partye. Konsensus moet verseker dat sosiale en politieke verskille nie in

---

1. Lipsitz, L. The study of consensus. In: Sills, D.L. (ed.) International Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. 3, p. 266

2. Ibid.

onvermydelike en vernietigende konflikte ontaard nie. Hier is konsensus die teenpool van konflik en word dit beskou as 'n hipotese van verdraagsaamheid en ontspanne politieke verhoudinge.[1]

Die konsensus-konflik gedagte kan teruggevoer word na die 17e-eeuse Thomas Hobbes en later ook Karl Marx se geskrifte. Hul sieninge is gegrond op die aanvaarding dat die mens nie spontaan geneig is tot enige samewerking nie. Die mens moet tot samewerking deur die mag van die owerheid gedwing word. Geweld is dus die belangrikste mag in die samelewing en nie 'n ingewikkelde sisteem van gemeenskaplike waardes nie. Laasgenoemde kan boonop nie die samelewing saambind en orde verseker nie. Konsensus is dus die produk van die mag van die samelewing se invloedrykste groep of groepe, wat hul posisies gebruik om idees te skep en te laat posvat wat die <u>status quo</u> ondersteun.[2]

'n Teenoorgestelde standpunt word gehuldig deur die sosioloog, Emile Durkheim en in die moderne tydvak ook Talcott Parsons. Hoewel hulle erken dat konflik in 'n samelewing kan ontstaan, word dit duidelik gestel dat so 'n konflik plaasvind in 'n konsensusraamwerk van gemeenskaplike waardes. Wanneer die waardes nie meer algemeen aanvaar word nie, word die samelewing deur chaos en verval bedreig.[3]

Kritiek word teen albei standpunte uitgespreek. "It is doubtful whether either of these views is totally adequate by itself. Moreover, both are excessively abstract and demand to be specified by reference to particular political systems. It seems highly likely that if this is done the mix between coercion and consensus will vary from system

---

1. Ibid.

2. Young, J.P. (ed.) Consensus and conflict: Readings in American politics, p. 2

3. Ibid., p. 3

to system, with some politics resting on a high level of spontaneously shared values and others relying much more heavily on outright coercion or on a manipulated consensus."[1]

Die opvatting dat konsensus 'n voorwaarde vir die demokrasie is, soos voorgestaan deur De Tocqueville,[2] word deur baie wetenskaplikes be= twyfel. Prothro en Grigg bevraagteken die ooreenstemming onder kiesers wat betref fundamentele sake in die samelewing. Dahl voer aan dat politieke stabiliteit nie gegrond is op die algemene vertroue in demo= kratiese norme en prosedure nie, maar alleen op grond van die aanvaar= ding daarvan. Gegewens wat beskikbaar gestel is deur Stouffer, Prothro en Grigg, laat Dahl tot die gevolgtrekking kom dat ooreenstemming t.o.v. demokratiese beginsels groter is by 'n politiek aktiewe groep as by die breë kieserspubliek.[3]

Wetenskaplikes wat konsensus as noodsaaklik vir 'n vrye samelewing beskou, het in gebreke gebly om die begrip duidelik te definieer en ook te bepaal wat dit moet insluit. Lowell het nie De Tocqueville se standpunt van konsensus as gemeenskaplike idees, gewoontes en opinies aanvaar nie. Sy standpunt is ".... popular government requires agree= ment mainly 'in regard to the legitimate character of the ruling authority and its right to decide the questions that arise'."[4] Kon= sensus word hier bloot gelykgestel aan wettigheid,[5] wat neerkom op die aanvaarding en goedkeuring van die bestaande regering en sy doelstellings.

---

1. Ibid.

2. De Tocqueville, A. Democracy in America, p. 295 e.v.

3. McCloskey, H. Consensus and Ideology in American Politics. In: Young, J.P. (ed.) Consensus and conflict: Readings in American politics, p. 85

4. Ibid., p. 85

5. Lipsitz, op. cit., p. 266

Een van die vernaamste onduidelikhede van konsensus het betrekking op die begrip ooreenkoms in die politiek. Dit lyk logies dat ooreen=koms die kern van konsensus vorm. Hierdie hipotese verskaf egter nie die antwoorde op die vrae hoedanig 'n ooreenkoms of 'n gebrek aan 'n ooreenkoms verband hou met politieke stabiliteit, demokrasie en die beperking van moontlike konflikte nie.[1] "Political scientists have most frequently employed the term to designate a state of agreement about the 'fundamental values' or 'rules of the game' considered essen=tial for constitutional government. Rarely, however, have writers on consensus attempted to state what the fundamentals must include, how extensive the agreement must be, and who must agree. Is agreement required among all men or only among certain of them? Among the entire electorate or only those who actively participate in public affairs? Is the same type of consensus essential for all democrasies at all times, or is a firmer and more sweeping consensus needed for periods of crises than for periòds of calm, for newer, developing democrasies than for older stable ones?"[2]

Wanneer konsensus in 'n spesifieke verband gebruik word, is dit nodig om die begrip duidelik te omskryf. McCloskey sê hiervan: "It has principally to do with shared beliefs and not with feelings of solida=rity, the willingness to live together, to obey the laws, or to accept the existing government as legitimate. Nor does it refer to an ab=stract or universal state of mind, but to a measurable state of occur=rence around values that can be specified. Consensus exists in degree and can be expressed in quantitative form. No one, of course, can say how close one must come to unanimity before consensus is achieved,

---

1. Lipzitz, op. cit., p. 267
2. McCloskey, op. cit., pp. 86,87

for the cutting point, as with any continuous variable, are arbitrary. Still, the term or ordinary usage has been reserved for fairly sub= stantial measures of correspondence, and we shall take as a minimal requirement for consensus a level of agreement reaching 75 per cent."[1]

Ondersoeke wat uitgevoer is na meerderheidsregering en minderheids= regte in Amerikaanse stede, het 'n besonder hoë mate van konsensus (90 persent) gevind.[2] Oor bepaalde sake, o.m. menings oor kommuniste en negers, was veel minder konsensus aanwesig. McCloskey het gevind dat konsensus ook nie baie hoog was i.v.m. sake soos politieke, sosiale en ekonomiese gelykheid nie. Konsensus was hoog i.v.m. 'n meer ab= strakte aspek soos vryheid van spraak. McCloskey meen konsensus is slegs nodig as stabiliserende faktor as sosiale wanorde in 'n same= lewing dreig.[3]

Konsensus speel deurgaans 'n belangrike rol in die neem van politieke besluite deur die owerheid. Geen demokratiese regering kan die risiko loop om konsensus oor 'n bepaalde aangeleentheid te ignoreer nie.[4] Hier speel die massamedia, veral die koerante wat die regerende party steun, 'n belangrike rol. Beheer en manipulering van konsensus is dus gevolglik in enige land van groot belang.[5]

Mueller maak melding van gestruktureerde konsensus. "A structured

---

1. McCloskey, op. cit., pp. 88,89. Prothro en Grigg beskou 'n 90% ooreenkoms as konsensus. Vergelyk Lipsitz, op. cit., p. 268

2. Lipsitz, op. cit., p. 268

3. Ibid.

4. Lerche, C.O., Saïd, A.A. Concepts of International politics, p. 53

5. Veldtogte op nasionale vlak bv. burgerlike beskerming en brand= stofbesparingsmaatreëls moet aangepak word in ooreenstemming met bestaande konsensus of konsensus wat doelbewus gekonstitueer word.

consensus is either one which is reached by political elites and passed down to the public that responds as an acclamatory agent only, or one which is formulated according to the imperatives of the poli= tical-economic system. There is obviously a close relation between the two types of structured consensus, as the elite consensus is often influenced by the imperatives of system maintenance."[1]

Gestruktureerde konsensus word daargestel om ekonomiese groei te ver= seker. Inskiklikheid en lojaliteit van die bevolking berus, volgens Mueller, nie soseer op ideologiese oorwegings nie, maar op materiële en sosiale kompensasie. In die ontwikkelde en geïndustrialiseerde samelewing is die behoefte aan 'n hoë lewenstandaard, mediese voor= sorg, welsyn en sosiale veiligheid die belangrikste voorkeure.[2]

Om hierdie rede beskou Partridge konsensus as 'n belangrike faktor wat spruit uit die sosiale sisteem. "... 'the system itself plays a part in the manifacture of attitudes and habits required for its own sur= vival. Elements of consensus are implanted and consolidated by the downward pressures of institutional practice.'"[3] Volgens dié siening vind konsensus afwaarts i.p.v. opwaarts plaas. Strukturele "meganis= mes" van die owerheid, eerder as die publiek, is verantwoordelik vir die oriëntering en rigting van politieke kommunikasie. Die publiek is nie uitgesluit van konsensus nie, maar is veelal toegespits op sake van sekondêre belang.[4]

Konsensus word in die jongste tyd as van groot belang beskou vir die

---

1. Mueller, C. The politics of communication, p. 92
2. Ibid., p. 93
3. Ibid., p. 94
4. Ibid.

handhawing van politieke stabiliteit in ontwikkelende lande. Nogtans skep omvangryke sosiale veranderinge 'n wanbalans tussen verwagtinge en geleenthede en maak konsensus gevolglik grootliks onbereikbaar. Die gaping tussen verwagtinge en geleenthede is grootliks die gevolg van werksgeleenthede vir goed opgeleide personeel en die verspreiding en aanvaarding van idees van gelykheid en ekonomiese ontwikkeling.[1]

Die kloof wat tussen regeerders en die kieserskorps bestaan, belemmer kommunikasie en vertraag nasionale identiteit en kultuur. Behoeftes en eise van die bevolking dring nie altyd deur tot die regering nie.[2] 'n Sterk gevoel van konsensus oor verstoke regte en verworpe eise kan in 'n demokratiese bestel selfs aanleiding gee tot 'n verandering van regering.

Op internasionale terrein kan konsensus ook 'n betekenisvolle rol ver= vul. "The most broadly applicable alternative to war has been insti= tutionalization of consensus. Speaking primarily through the General Assembly of the United Nations, but on occasion through special con= ferences or other ad hoc instrumentalities, a cohesive and articulate body of supranational consensus has sometimes exercised a controlling effect on crisis situations. If development of such international consensus goes to completion, displacing military power as final arbi= ter, the international political system will become a vastly different phenomenon than it was for three centuries."[3]

---

1. Lipsitz, op. cit., p. 268

2. Ibid.

3. Lerche, O., Said, A.A., op. cit., pp. 187,188

## 3.3 Sosiologie

Konsensus in die Sosiologie is geen onbekende begrip nie. Vir een van die grondleggers van die moderne sosiologie, Auguste Comte, was dit in sy studie van sosiale verskynsels 'n sentrale begrip.[1] Hy noem "consensus universalis" die grondslag vir sosiale orde en solida= diteit.[2]

Sonder kommunikasie wat lei tot konsensus, kan geen samelewing doel= treffend funksioneer nie. Larson sê: "Communication is basic to any social system. Every form of collective action rests on meanings shared through some pattern of communication. Society can exist only because most people's definitions of the most important situations coincide at least approximately most of the time. Communication is the means for establishing this consensus."[3]

Die konsep van die samelewing as 'n sosiale sisteem is veral deur Talcott Parsons gepropageer. "A social system basically consists of two or more individuals interacting directly or indirectly in a bounded situation. There may be physical or territorial boundaries, but the fundamental sociological point of reference is that the individuals are orientated, in a wide sense, to a common focus or interrelated foci. Thus it is appropriate to regard such diverse sets of relationships as small groups, political parties and whole societies as social systems."[4]

Parsons het konsensus nie breedvoerig behandel in sy teorieë oor sosiale

---

1. Bernsdorf, W., Bülow, F. Wortenbuch der Soziologie, p. 81
2. Timascheff, N.S. Sociological theory. Its nature and growth, p. 23
3. Larson, O. Social effects of mass communication. In: Faris, R.E.L. (ed.) Handbook of modern sociology, p. 348
4. Mitchell, G.D. A dictionary of Sociology, p. 191. Vergelyk ook Parsons, T. Societies, pp. 1 - 4, 8 - 10; McQuail, D. Communi= cation, pp. 43 - 45

sisteme nie. Hy het egter die balans tussen konsensus en skeiding bespreek i.v.m. die funksionering van stemprosedures as deel van die sosiale sisteem waarin dit funksioneer.[1] Hy beskou die minimum oor= eenkoms i.v.m. die belangrikste waardes van mense as 'n voorwaarde vir die bestaan van 'n samelewing. As dié waardes nie meer algemeen aanvaar word nie, loop die samelewing die gevaar van ontbinding.[2] "Consensus exists when the members of these systems are in a state of affirmative agreement about normative and cognitive matters relevant to their own action towards one another, toward the central persons or roles in the system, and toward persons, roles and collectives outside the system. Consensus is, then, agreement about the rules of the system, and the allocation of roles and rewards within the system."[3]

Konsensus is groepbesluite waaraan die meeste lede van die samelewing besustelik deelneem. Dit is 'n bewuswording van gesamentlike sentimente, tradisies, waardes en opinies, en word uitgedruk in solidariteit en gesimboliseer deur kollektiewe aanbiedinge.[4]

Volgens Theodorson vervul konsensus drie belangrike funksies in die samelewing:

1. Die daarstel van aspekte van ooreenkoms by individue of groepe wat tevore in botsings betrokke was. Konsensus is in so 'n geval 'n teenvoeter vir konflik.

2. Die konstituering van ooreenkomste en 'n duidelike omskrywing van die situasie deur persone wat 'n gesamentlike onderneming aanpak.

3. Die waardes, oortuigings, houdings e.s.m. wat algemeen aanvaar word in 'n bepaalde kultuur. Kulturele konsensus is veral belangrik in

---

1. Parsons, T. Sociological theory and modern society, p. 243

2. Young, op. cit., p. 3

3. Mitchell, op. cit., p. 40

4. Fairchild, H.P. Dictionary of Sociology, p. 62

sosiale integrasie.[1]

Shils meen dat konsensus die openbare orde handhaaf en daarom vermin= der die moontlikheid van geweld vir die oplossing van verskille. "Consensus refers to the broad area of agreement, open or unspoken, within which the terms of cooperation are laid down."[2] Samewerking word verbeter deur:

1. Die vermindering van die moontlikheid van verskille.
2. Die beperking van die intensiteit van motivering, asook die "ver= sagting" van onbuigsaamheid t.o.v. die doelstellings waaroor ver= skil word.
3. Die bevordering van 'n gewilligheid om vreedsame metodes aan te wend om verskille te besleg.[3]

Dit beteken egter nie dat algehele konsensus in 'n gedeversifieerde sa= melewing bestaan nie. Veral belangegroepe kan in botsing kom. "Consen= sus facilitates collaboration: it reinforces the cooperation which arises from coincidences of interest, limits the range of the diver= gence of interests by defining ends in a way which renders them more compatible, and circumscribes the actions injurious to cooperation which might arise from divergent interests."[4]

Konsensus kan beter bereik en in stand gehou word tussen groepe met dieselfde kultuur en belange. In 'n kultureel-homogene gemeenskap kan konsensus bydra tot 'n sterk solidariteitsgevoel. Dit word veral be= vorder deur 'n gevoel van 'n gemeenskaplike identiteit wat, naas 'n gemeenskaplike kultuur, berus op bande van persoonlike geneentheid,

---

1. Theodorson, G.A., Theodorson, A.G. A modern dictionary of Sociology, p. 13
2. Green, A.W. Sociology: an analysis of life in modern society, p. 72
3. Shils, op. cit., p. 264
4. Ibid.

fundamentele karaktertrekke, 'n gemeenskaplike houding teenoor as= pekte van besondere belang, bv. godsdiens, feesdae e.s.m. en deel= name aan die aktiwiteite van die samelewing.[1]

Shils noem drie faktore wat van deurslaggewende belang is om konsensus te bereik. Die eerste is die algemene aanvaarding van wette, reëls en norme; tweedens die lojaliteit aan die instellings wat die wette en reëls voorstaan en toepas; en derdens 'n algemene gevoel van identi= teit en eenheid onder lede van die groep by wie konsensus van belang is.[2]

Die behoefte om konsensus te bereik, ontstaan wanneer die lede van 'n groep deur 'n verskil verdeel word.[3] Hier is sprake van botsende belange, maar nie so ernstig dat 'n konflik daaruit spruit nie. Elke lid van die groep verlang om die meningsverskil op te los omdat elkeen oortuig is van die behoefte aan harmonie en samewerking.[4]

In 'n bepaalde groep is konsensus gewoonlik noodsaaklik om belangrike aspekte soos rolverwagting, rolvoorskrywing en rolevaluering te bepaal. Dit is meestal 'n ooreenkoms wat bepaal wie 'n besondere taak moet uit= voer, van wie verwag word om 'n taak te voltooi en die optrede waardeur 'n individu iets tot stand gebring het.[5]

---

1. Mitchell, op. cit., p. 40. By interkulturele kommunikasie kan konsensus sinoniem met groepsolidariteit beskou word.

2. Shils, op. cit., pp. 260,261

3. Konsensus is moontlik in 'n hele samelewing wanneer 'n ernstige bedreiging voorkom of 'n kontroversiële saak ter sprake kom. In so 'n geval kan 90 persent ooreenstemming as konsensus aanvaar word, omdat 'n minderheid van tien persent onbeduidend is om dis= sensus te laat ontstaan.

4. Green, op. cit., p. 72

5. Swenson, C.H. Introduction to interpersonal relations, p. 381

Konsensus beteken dat in 'n groep persone nie net saamgedink word nie, maar ook saamgewerk word. In albei gevalle speel konformisme, wat ooreenkoms met konsensus vertoon, 'n belangrike rol om die gevoel van konsensus in 'n groep te versterk. By die lede van 'n groep is daar gewoonlik 'n groot mate van betrokkenheid en individue ondervind 'n sterk behoefte om hulle op groepnorme en oordele te verlaat om 'n mening te vorm.[1]

Waar in groepe so 'n verskil bestaan dat geen ooreenkoms moontlik is nie, heers dissensus. 'n Onderskeiding word gemaak tussen gepolari= seerde en nie-gepolariseerde dissensus. Eersgenoemde kom voor wanneer twee mense of groepe betrokke is in 'n situasie waar teenoorgestelde menings oor 'n saak na vore kom. Die menings is regstreeks teenoor= stellend. Nie-gepolariseerde dissensus kom voor wanneer elkeen in die kommunikasiesituasie 'n totaal verskillende en uiteenlopende mening huldig.[2]

Konsensus en dissensus kom in 'n ingewikkelde en wisselwerkende patroon in die samelewing voor. By dieselfde groep mense kan konsensus oor 'n faset van 'n besondere saak bestaan, maar ook dissensus oor 'n ander faset. Selfs t.o.v. 'n besondere saak waaroor konsensus bereik is, kan individuele verskille voorkom. "Apart from differences in inten= sity among those who share in any particular belief in a consensus, there are differences in the number or proportion of beliefs adhered to. Every consensus is constituted by a plurality of beliefs, such as beliefs about the right principles of remuneration, the proper shape

---

1. Sargeant, S.S., Williamson, R.C. Social Psychology: an introduc= tion of human relations, p. 333. Vergelyk ook Martin, H.H., Colburn, C.W. Communication and consensus: An introduction to rhetorical discourse, pp. 168 - 171

2. Swenson, op. cit., p. 381

of particular distributions (equality and inequality), the preroga= tives of property ownership, the propriety of incumbency by certain individuals and classes of individuals in certain positions on partic= ular distributions, and the value of the total national community. Within the 'public' of a consensus, some sectors might be attached in= tensely to all the beliefs, others intensely to some of them and faint= ly to others, and some might be attached only to a few and repudiate most others. A common acceptance of certain of the beliefs might bind the entire 'public' into a partial consensus; just how partial it is depends on the extent to which other beliefs are repudiated and various contrary ones espoused by the various subsectors of that public."[1]

Hoe effektief konsensus in 'n samelewing is, word bepaal deur talle eksterne en interne faktore, bv. tydsduur, tegnologiese veranderinge, innovasies, bedreigings, invloede van buite die samelewing, e.s.m. Twee belangrike faktore is die welslae van die sosialiserings- en opvoedingsprosesse en die rol van kommunikasieleiers in die samelewing. "To be effective consensus depends particularly on those persons scat= tered throughout the society in many classes, regions, and occupations who have a fairly continuous concern with

(i) the macrosocial distribution of roles, facilities and rewards,

(ii) the particular decisions taken in the center of the society inasmuch as they affect these distributions or are affected by them, and

(iii) the institutions in which these decisions are taken or which influence the distributions."[2]

---

1. Shils, op. cit., p. 263

2. Ibid., p. 264

Veranderinge in konsensus kan voortdurend voorkom en met verloop van tyd kan aansienlike verskille in die konsensus oor belangrike sake opgemerk word. 'n Opvallende kenmerk is dat ofskoon baie stremmings voorkom, konsensus 'n besondere aanpasbaarheid en voortgang openbaar.[1]

3.4 Kommunikasiekunde

In elke kommunikasiesituasie is konsensus van groot belang vir die betrokkenes. Konsensus kom gewoonlik tot stand wanneer mense kommuni=keer om 'n gemeenskaplike doelstelling te bereik. Newcomb het opge=merk: "The actual consequences of communication, as well as the intended ones, are consensus-increasing."[2]

Konsensus vergemaklik en bevorder toekomstige kommunikasie. Daar is reeds 'n grondslag vir 'n onderlinge verstandhouding en moontlike samewerking gelê. Waar uitgegaan word van die standpunt dat konsensus 'n ooreenstemming van betekenis impliseer, wat tussen mense gekonsti=tueer word, is die bereiking van konsensus vir albei partye in die kom=munikasiesituasie baie bevredigend.

Sinvolle kommunikasie berus op die moontlike konsensus tussen die persone wat kommunikeer. Kommunikasie impliseer kontak tussen mense. Om deur middel van kommunikasie kontak met sy medemens te maak, is nie net 'n behoefte van die mens nie, maar ook 'n voorwaarde vir sy bestaan.[3]

Hierdie kontak kan tot gevolg hê dat iets gemeenskaplik gemaak word. "Het begrip communicatie houdt dus in: het met een ander of met anderen in gemeenschap, in contact treden; gemeenschappelijkheid die

---

1. Ibid., p. 264
2. Ibid., p. 265
3. McCloskey, op. cit., p. 104

tot stand gebracht wordt. Die gemeenschappelijkheid, dat contact komt simpelweg tot stand doordat één of een aantal persone een waar= neembare (zichtbare, hoorbare, voelbare, etc.) handeling verricht of verricht heeft (of een aantal handelingen) waardoor een andere persoon (of een aantal andere personen) van iets op de hoogte wordt gesteld. Er wordt dus op de een of andere wijze informatie gegeven, een 'bericht', een 'boodschap' gezonden, met het doel inlichtingen te geven of te kommen krijgen over zichzelf, de anderen."[1]

Dit wat in 'n kommunikasieproses gemeenskaplik gemaak word, is altyd van psigiese aard, bv. 'n denkbeeld, 'n opvatting of 'n wens. Hierdie psigiese komponent moet dan veruiterlik word deur een mens, sodat die ander 'n deelgenoot in die kommunikasiegebeure kan word. Bilaterale kommunikasie vind tussen mense plaas met die bedoeling om psigiese kontak te maak.[2]

Bewuste kommunikasie word deurgaans met 'n bepaalde bedoeling tot 'n bestemming gerig.[3] Fröbner voer aan dat bedoeling nie net 'n gerigt= heid tot 'n spesifieke bestemming is nie, maar ook tot 'n spesifieke boodskap.[4] In verreweg die meeste kommunikasiesituasies is die pri= mêre bedoeling om in te lig, te oorreed of te vermaak. Omdat in praatjies, lesings, preke, openbare toesprake en massakommunikasie gestreef word na 'n ooreenstemming in betekenis, kan konsensus as 'n

---

1. Korswagen, C.J.J. Mondelinge communicatie, pp. 14, 15
2. Peters, J.M. Communicatiemiddelen en communicatievormen, p. 5
3. Berlo, D.K. The process of communication, p. 15
4. Fauconnier, G. Massamedia en samenleving, p. 87

sekondêre bedoeling beskou word. Selfs fatiese kommunikasie[1] kan as konsensus-situasies beskou word.

Hoewel enige kommunikasiesituasie konsensus of dissensus tot gevolg kan hê, kan albei partye spesiale pogings aanwend om konsensus na te streef. Konsensus kom veral in groepsituasies voor waar 'n gemeenskap=like taak of probleem opgelos moet word. "When communication among members of a group has been genuinely open and receptive, and when each person has been able to express his or her opinion and tender his or her objections, agreement can be reached at the point when members are willing to subscribe to the idea if they have some reser=vations about it. Consensus represents support for a majority opinion giving willingly and as a consequence of the members understanding of that opinion and the fact that they have influenced their shaping during interaction.[2]

Dit moet in gedagte gehou word dat konsensus reeds bestaan waar mense uit dieselfde samelewing en met dieselfde simboolsisteem kommunikeer. "Elke simboolsisteem impliseer weer 'n höe mate van konsensus en gemeen=skaplike begrip onder die kommunikeerders vir sover dit die inhoud en betekenis van elke simbool betref (vandaar dat mense kan redeneer, konfereer, debatteer, mekaar kan verveel of amuseer, prys of beledig). Vir praktiese doeleindes kan ons 'n groep mense wat dieselfde poel van kommunikasiesimbole deel 'n kommunikasiesisteem noem. Die mate van konsensus en wedersydse begrip word regstreeks bepaal deur die

---

1. Fatiese kommunikasie is deur B. Malinowski beskryf as 'n vorm van rituele kommunikasie. Dit het nou die betekenis van "speech which is used to establish the bonds of social communication between individuals. Greetings, pretty compliments, pleasantries, jests, all serve to create a pleasant social atmosphere". Eisenson. op. cit., p. 115. Vergelyk ook Condon, J.C. Semantics and commu=nication, pp. 88 - 89; Myers,M.T., Myers G.E. The dynamics of human communication, p. 153

2. Pace, E.M., Boren, R.R. The human transaction, p. 341

mens se verstandelike verwerking van sy tussenpersoonlike ervaringe."[1]

Aansluitend hierby is Sullivan se begrip van konsensuele bekragtiging. Die betekenis van simbole word afgelei van die konsensus tussen die lede van die samelewing wat die simbole gebruik. Elke individu leer deur kommunikasie nuwe betekenisse aan. Gedurende die ontwikkeling tot volwassenheid, verander 'n kind sy individuele betekenisse in ooreenstemming met die aanvaarde betekenisse van sy sosiale groep.[2]

Belangrike bydraes die afgelope paar jaar is o.a. Pollay se navorsing oor kommunikasie en konsensus in gesinsverband. Sy navorsing was oor die besluite en wie hulle in die huwelik neem as 'n produk vir huis=houdelike gebruik aangekoop moet word.[3] Hy kom tot die gevolgtrekking dat waar die huwelik 'n normale kommunikasiepatroon openbaar, en kon=sensus oor belangrike sake maklik bereik word, geen noemenswaardige probleme voorkom nie. "These couples no doubt have some degree of con=tinued emphaty and they have a large amount of experience in common, both of which help to make utility mappings more coincident. Through experience they have developed a high degree of definition on the priority structure, so that it may rarely even be a topic of discus=sion. They have a high degree of knowledge of the other's utilities and preferences without communicating and should communication be necessary it is likely to be very efficiently dispatched. All in all, decision making in these marriages occurs with a minimum of difficulty, communication and time."[4]

---

1. Rhoodie, op. cit., p. 7

2. Theodorson, op. cit., p. 73

3. Pollay, R.W. Intrafamily communication and consensus, In: Journal of communication, Vol. 19, p. 182

4. Ibid., p. 198

Die werk van Cushman en Whiting verdien die aandag van kommunikasie=kundiges. Hul standpunt gaan oor konsensus van reëls of voorskrifte in kommunikasie. "A very important activity which gain significance and coherence from adherence to rules is that of communication. Certain rules must be consensually held among communicating participants for the communication to occur."[1]

Die kern van hul teorie is dat kommunikasie belangrikheid en betekenis verkry deur die konsensuele reëls wat deur die betrokke partye onder=skryf word. Kommunikasie vereis dat minstens twee persone mekaar in ag moet neem in die kommunikatiewe verhouding deur die ontwikkeling en toepassing van kommunikasie-voorskrifte. Laasgenoemde lei en kon=stitueer die belangrikheid van hul kommunikatiewe handelinge. Die voorskrifte help mee om beslissings te maak in die enkodering en de=kodering van boodskappe.[2]

Reëls om kommunikasie te vergemaklik, is ook deur ander wetenskaplikes geopper. "All human relations and communication systems are governed by rules; these are either handed down from generation to generation or newly created by mutual consent or by forceful imposition. A great deal of time is spent at home or in school in teaching the rules govern=ing communication in social situations, and those who openly defy these rules land either in jail or in mental institutions."[3] Cherry meen dat alle funksionele verhoudinge in die gesin, nywerheidsondernemings, verenigings, e.s.m. deur verskillende stelle reëls gekoördineer word.

---

1. Cushman, D., Whiting, G.C. An approach to communication theory: Toward consensus on rules. In: Journal of communication, Vol. 22, p. 218

2. Ibid., p. 217

3. Ruesch, J. Semiotic approaches to human relations, p. 62

Dit bepaal ook in groot mate die gepatroneerde vloei van kommunikasie. Hierdie reëls wissel van spontane ongeskrewe voorskrifte tot ingewik= kelde wetgewing, wat verseker dat kommunikasie altyd ordelik geskied.[1]

Cushman en Whiting se teorie val hoofsaaklik in twee dele uiteen. Die eerste behels die gedragsaspek m.b.t. die kommunikasiereëls en die tweede betrek die konsensuele verband van die kommunikasievoorskrifte.

Eersgenoemde aspek word so verduidelik:

"1. Communication action is relevant to complex, conjoint action and such action is characteristic of humans;

2. the transfer of information and indication of how that inform= ation is taken - how it figures in the activities and constructs of others involved - facilities complex, conjoint human action;

3. control of such informational transactions among individuals de= pends upon the development and utilization of consensually shared rules - depends upon at least temporary interpretation of participants perspectives in regard to appropriate communi= cation rules; and

4. communication rules from general and specified patterns of choice which provide the basis for a fruitful explanation and description of particular communication transactions." [2]

In die konsensuele verband word veral aandag gegee aan die struktuur en funksies van die kommunikasiereëls. Vir die ontstaan en die funk= sionering van 'n kommunikasiesisteem is dit noodsaaklik dat die lede moet deel in die inligting wat hoofsaaklik simbolies oorgedra word. Dit vereis bepaalde kommunikasiereëls. In die algemeen dien die reëls as riglyne om verwagtinge aan te dui en voorsien ook kriteria om te kies tussen alternatiewe boodskappe. Die algemene toeganklikheid van die lede tot die simboliese inligting word bepaal deur die mate van konsensus wat oor die reëls tot stand gekom het. Die voorskrifte

---

1. Cherry, C. On human communication, p. 8. Vergelyk ook McQuail, D. Communication, p. 9

2. Cushman & Whiting, op. cit., p. 219

is noodsaaklik vir die leiding en bestuur van die kommunikasiesisteem.[1]

Kommunikasiereëls word volgens Cushman en Whiting verdeel in voorskrifte wat enersyds op inhoud en andersyds op prosedure gemik is.

Eersgenoemde lewer min probleme vir die bereiking van konsensus op. Persone wat by die kommunikasie van simboliese inligting betrokke is, moet konsensus bereik t.o.v. die volgende aspekte:

1. Konsensus oor die naam van die konsep ('n woord wat gebruik word, bv. stoel);
2. konsensus oor die eienskappe van die konsep (bv. 'n stoel is 'n objek met die volgende kenmerke: dit het 'n rugleuning, 'n sitplek en vier pote); en
3. konsensus oor die funksionering van die konsep ('n stoel het die funksie dat iemand daarop sit). [2]

Reëls i.v.m. prosedure lei en rig die organisasie van simbole en deelnemers binne die grense van die kommunikasiesisteem. Hierdie grense kan vasgestel word na gelang van die kommunikasiebehoeftes, bv. 'n volk of 'n nasie, die parlement of die persoonlike ruimte waarin twee kom=munikasiedeelnemers beweeg.[3]

Cushman en Whiting wys daarop dat algemeen aanvaar word dat konsensus sinoniem is met ooreenstemming, veral tussen lede van 'n groep. Hier=die opvatting kan foutief wees in soverre lede kan dink dat hulle van ander verskil, hoewel daar tog geen werklike verskil is nie. Lede kan ook wel verskil, maar onbewus aanneem dat hulle in volle ooreenstem=ming met die res van die groep is. "De facto agreement between two persons may lack public import. The individuals involved may not know

---

1. Ibid., p. 227
2. Ibid., p. 229
3. Ibid., pp. 229,230

that they are making the same associations or have the same position on that issue. Evidence of understanding is absent."[1]

Pearce noem enkele punte van kritiek teen Cushman en Whiting se teorie. Vir Pearce is die benadering met die oog op toekomstige navorsing on= voldoende. Hy meen verder dat aan die werk van sosiolinguïste, wat o.m. 'n studie van reëls maak, nie genoeg aandag gegee is nie. Die konsep van kommunikatiewe handeling of gedrag is ook te beperk. Sy vernaamste beswaar is egter: ".... complex patterns of inter-personal communication requires the concept of hierarchially ordered contracts, consisting of a few fundamental rules, several sets of rules governing interaction in specific situations, and switching cues used to move from one subset to another. Simply identifying rules is not adequate to describe or explain communication in contracts."[2]

Die konsep van ooreenkoms (contract) wat hier te berde gebring is, verskil van ooreenstemming in die mate dat ooreenkoms permanenter van aard is. Die begrip is daargestel om veral die verskeidenheid en kom= pleksiteit van kommunikasiegedrag te ontleed. Ooreenkomste verskil van reëls in twee opsigte. Terwyl sommige reëls daargestel word vir 'n spesifieke verhouding tussen twee deelnemers aan kommunikasie, bly ander onaangeraak as sosiale vorme wat deur die voorwaardelike goed= keuring van lede van die samelewing afgedwing word. Ooreenkomste is altyd die skepping van kommunikasiedeelgenote en word toegepas op 'n spesifieke situasie. Konsensus is ook hier van deurslaggewende belang vir die aanvaarding en uitvoering van die ooreenkoms.[3]

---

1. Ibid., p. 231

2. Pearce, W.B. Consensual rules in interpersonal communication: A reply to Cushman and Whiting. In: Journal of communication, Vol. 23, p. 160. Vergelyk ook Schramm, W. Men, messages and media, p. 44 e.v.

3. Ibid., p. 166

Ooreenkomste sluit voorskrifte vir kommunikasie in. 'n Goed gefor= muleerde en beplande ooreenkoms omvat verskeie stelle reëls. Dit voorsien verwagtinge van die moontlike kommunikatiewe optrede, wat nie alleen vordering in kommunikasie voorspelbaar maak nie, maar mense ook in staat stel om bevredigend te kommunikeer.[1]

Hoewel Pearce ooreenkomste as vollediger as reëls aanvaar, is laasge= noemde nie sonder waarde in kommunikasie nie. "In the absence of for= mal rules specifying appropriate behavior for each (as in the case of a driving instructor and his pupil) legitimacy - and the nature of subsequent communication acts by each - depends on the establishment of rules between the participants which govern and guide not only the type of meanings to be made, but who shall do what to whom. One reason why 'back-seat-drivers' are generally resented rather than ap= preciated for their help is that they make negatively evaluated mes= sages questioning the driver's competence in the absence of a rule defining them as a legitimate form of behavior."[2]

Carson het die gedagte geopper dat die interpersoonlike gedrag (ook kommunikasie) ingedeel kan word in twee dimensies, nl. dominant-onder= worpe en vriendelik-vyandiggesinde optrede. So sal 'n vriendelik-domi= nante optrede die ander persoon as't ware verplig tot 'n vriendelike onderworpe gedrag. 'n Vyandiggesinde onderworpe optrede sal in baie gevalle aanleiding gee tot vyandiggesinde dominante gedrag.[3] Indien een persoon aan 'n ander 'n opdrag gee, is dit 'n duidelike aanduiding dat die persoon wat die opdrag uitvoer, die ondergeskikte rol aanvaar. Wanneer twee persone 'n oënskynlik eindelose argument sou aanknoop

---

1. Ibid., p. 166
2. Ibid., p. 164
3. Ibid.

oor wie van Eddie Barlow en Barry Richards Suid-Afrika se beste krieketspeler is, kan die mislukking van die kommunikasiesituasie daaraan toegeskryf word dat hulle nie konsensus kon bereik oor die voorskrif t.o.v. die rol wat elkeen moet vertolk nie. Die persoon wat in die geval die dominante rol verower, sou as die "krieketkenner" in die situasie aanvaar word.

Wetenskaplikes stem nie almal i.v.m. konsensus saam oor die konsepte ooreenstemming of ooreenkoms nie. Howe wys daarop dat konsensus nie begryp moet word as instemming met die standpunt van die kommunikator nie. "Agreement is not the aim of communication. Agreement there may be, but it should come as a result of independent, self-deciding participation in a process that leads up to it. On the other hand, communication that seeks to gain agreement may do violence to the persons who are led to agree."[1]

'n Minder bekende betekenis van konsensus is die nadruk op die gesament= like, gelyktydige oriëntering van individue tot mekaar en tot 'n ver= skilpunt. 'n Onderskeiding word gemaak tussen die individueel-siste= matiese model van konsensus wat gegrond is op ooreenstemming, en die teenoorgestelde, nl. 'n sosiaal-sistematiese model. In laasgenoemde geval word die aandag nie soseer gerig op net 'n saak of objek waar= oor konsensus bereik moet word nie, maar ook die inagneming van die posisie van ander individue wat in die kommunikasie-situasie betrokke is. Konsensus is dus 'n kollektiewe proses eerder as 'n samestelling

---

1. Howe, R.L. The miracle of dialogue, p. 55. Howe het hier die dominering van die kommunikator in die kommunikasiesituasie in gedagte. Omdat die kommunikator dikwels die inisiatief neem, word aanvaar dat die bestemming se bydrae beperk is tot 'n passiewe instemming. Albei partye dra, in die lig van die uitgangspunt in hierdie studie, by tot die bereiking van konsensus. Hier gaan dit nie om wie die grootste bydrae lewer nie - as ooreenstemming oor die betekenis van die boodskap nie bereik word nie, is daar wel nie konsensus nie, maar dit kan steeds effektiewe kommunikasie wees.

van individuele prosesse. "This position led Dewey to regard com= munication less as a situation in which two systems, sender and receiver, independently tossed messages to one another, and more as a temporary melding of perspectives into a single interactive system. Furthermore, exact agreement is not so important in this definition of consensus; rather what is crucial is accurate understanding of the positions of significant others."[1]

### 3.5 Samevatting

Konsensus is die ooreenstemming t.o.v. die betekenis van 'n boodskap wat mense deur kommunikasie bereik. Met die voorafgaande beskouings oor konsensus in gedagte, is dit duidelik dat die begrip gekwalifiseer moet word.

Die konsensusbegrip in die Politikologie en Sosiologie moet beskou word as algemene konsensus, wat deur die meerderheid sosiaal-weten= skaplikes beskou word as die teenpool van konflik en wanorde.[2] Algemene konsensus is ter sprake as mense oppervlakkig saamstem en saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik. Dié konsensus is soms baie kwesbaar t.o.v. bepaalde sake, soos die publieke opinie en modegiere. Dit kan ook betreklik maklik by die eise van die tydvak aangepas word. Hoewel talle eksterne faktore algemene konsensus kan beïnvloed, bly dit be= treklik konstant t.o.v. gebruike, norme en gewoontes in die samelewing, die reëls vir ordelike kommunikasie, e.s.m. Dit vereis weinig kommu= nikatiewe inspanning en word dikwels spontaan en onwillekeurig deur die meeste volwasse lede in 'n samelewing aanvaar.

---

1. Cushman & Whiting, op. cit., p. 231. Hierdie beskouing toon 'n sterk ooreenkoms met die ontmoetingsgedagte. Vergelyk Jordaan. op. cit., p. 8; Stewart, J., Bridges not walls, p. 284 e.v.

2. Mitchell, op. cit., p. 41

Konsensus kan ook van 'n blywender aard wees. Met eenderse of oor= eenstemmende betekenisgewing aan 'n bepaalde boodskap (of meer as een boodskap) word spesifieke konsensus gekonstitueer. Spesifieke konsensus sluit nooit algemene konsensus uit nie. Laasgenoemde dien dikwels as voorwaarde vir die eerste. Spesifieke konsensus is egter veel beperkter van aard as algemene konsensus en kom gewoonlik tot stand t.o.v. een besondere saak of idee. Dit skakel dissensus nie uit nie en kan ook nie as teenvoeter vir chaos en anargie dien nie.

Spesifieke konsensus vereis insig en vaardigheid t.o.v. kommunikasie en die doeltreffende uitskakeling van interne sowel as eksterne fak= tore wat betekenisvolle kommunikasie kan belemmer.

Hierdie onderskeiding word in die volgende hoofstukke nader toegelig.

# HHOFSTUK 4

## KONSENSUS EN BETEKENIS

### 4.1 Inleiding

Studie van die semantiek skep probleme vir linguïste, sosioloë, siel=kundiges, antropoloë, kommunikasiekundiges en ander wetenskaplikes wat in die onderwerp belangstel.[1] Baie literatuur oor die onderwerp is be=skikbaar, maar elke vakwetenskap benader betekenis vanuit sy besondere gesigshoek en vertrekpunt. Van 'n geïntegreerde geheelbeeld is daar gevolglik nie sprake nie. "There are too many theories of meaning, each talking about something different, and none sufficiently articulate to make clear to which aspect of language it is addressed. So, in=stead of having a semantic theory to which we can appeal for clarifi=cation of the subject, we must seek clarification first in order to get a theory."[2] Cassirer het opgemerk: "There is perhaps no more bewilder=ing and controversial problem than the meaning of meaning."[3]

Vir die Kommunikasiekunde is betekenis 'n sentrale begrip. Berlo meen dat die daarstel van betekenis die vernaamste doelstelling van kommu=nikasie is.[4] Hy sê: "Your meanings for things consist of the ways that you respond to them, internally, and the predispositions which you have to respond to them, externally."[5] Hiermee stem Minnick saam:

---

1. Dit is nie moontlik om hier 'n volledige uiteensetting van betekenis te gee nie.

2. Katz, J.J. The realm of meaning. In: Miller, G.A. (ed.) Com=munication, language, and meaning, p. 36

3. Jordaan, op. cit., p. 15

4. Berlo, op. cit., p. 169. Vergelyk ook Stewart, D.K. op cit., p. 22. "Communication is a mental-physical process whose function is the elicitation of intended meaning."

5. Ibid., p. 184

"Communication consists in the communicator's selecting and arranging symbols and inferring their intended meaning."[1]

Die belangrikheid van betekenis vir die Kommunikasiekunde kan saamgevat word as die wyse waarop betekenis gekonstitueer en hoedanig die kommunikasie-deelgenote daardeur geraak word. Konsensus word deurgaans veronderstel waar mense só kommunikeer dat ooreenstemming t.o.v. die betekenis van die boodskap moontlik is.[2] Hierdie spesifieke konsensus is van permanenter aard as algemene konsensus, en vereis ook 'n meer intensionele betrokkenheid by die kommunikasiegebeure deur diegene wat kommunikeer.

Om betekenis ten volle te begryp, moet kortliks aandag gegee word aan die kodes[3] wat mense gebruik om te kommunikeer.

4.2 Kommunikasiekodes

Alle moontlike tekens en simbole word beskou as die kodes waarmee mense kommunikeer.[4] 'n Onderskeiding tussen verbale (taal) en nie-verbale (semiotiek) kodes word in die Kommunikasiekunde gemaak.[5] Boodskappe kan bestaan uit verbale of nie-verbale kodes, maar dikwels 'n kombinasie

---

1. Martin & Anderson, op. cit., p. 51

2. Betekenis word hier in 'n wyer verband geplaas as net die betekenis van 'n woord, sin of paragraaf.

3. Volgens Read is 'n kode enige simbool of stel simbole wat die mens in staat stel om 'n boodskap te formuleer, te kommunikeer, te ontvang en te verwerk. (In die Kommunikasiekunde word die begrippe enkodering en dekodering ook vir bogenoemde stappe gebruik.) Read, H. Communication: methods for all media, p. 19. Vergelyk ook Mortensen, C.D. Communication: the study of human interaction, p. 79; Schramm, W. The process and effects of mass communication, p. 22 t.o.v. die begrippe enkodering en dekodering.

4. Vergelyk Fourie, H.P. Communication by objectives, p. 87

5. Ibid. Read, op. cit., p. 19

van albei.[1]

Om groter duidelikheid hieroor te kry, word die rol van tekens en sim= bole in kommunikasie eers bespreek en daarna nie-verbale en verbale simboolsisteme.

4.2.1 Tekens en simbole

Daar is nie altyd duidelikheid oor die gebruik van tekens en simbole in kommunikasie nie. Sommige wetenskaplikes gebruik albei begrippe, ter= wyl ander voorkeur gee aan òf tekens òf simbole.[2] Om verwarring te voor= kom, word 'n beknopte uiteensetting van elke begrip vervolgens gegee.

4.2.1.1 Tekens

Een van die algemeenste omskrywings van 'n teken is: "An object or event that stands for something else. Any cue or stimulus that evoke a response to, or is associated with something not physically present at the time is a sign. A sign may be experienced through any of the senses, that is, it may be something seen, heard, feel, tested or smelled. Signs range from the very simple to the very complex, and include conditional stimuli to which animals may be trained to react as well as abstract linguïstic symbols understood only by humans."[3]

In die omgangstaal word 'n teken gebruik as 'n selfstandige naamwoord en 'n werkwoord.

1. Selfstandige naamwoord: 'n Aanduiding van 'n objek of saak deur

---

1. Read, op. cit., p. 19 Gesproke of geskrewe taal (verbale kodes) word hier in 'n enger sin gebruik as bv. deur linguïste wat alle tekens en simbole wat gebruik word om betekenis uit te druk, as taal beskou. Vergelyk ook Schoonnees, op. cit., p. 872

2. Vergelyk Afdeling 4.2.1.3

3. Theodorson, op. cit., p. 379; Weinreich, U. Semantics and semio= tics. In: Sills, D.L. (ed) International Encyclopaedia of the Social Sciences, Vol. 14, p. 165 e.v.

'n letter, syfer, kruisie, voorwerp, gebaar, handeling; 'n aanwysing, 'n sigbare of hoorbare middel om iets te kenne te gee; kenmerk, bv. 'n teken van die tyd; 'n sein, sinjaal; simp= toom; sinnebeeld, simbool; bewys; voorspelling, wonderteken. [1]

2. Werkwoord: Onderteken, skriftelik deur naamgewing verbind; af= beeld, ontwerp, sketse maak, skilder, verf; met woorde 'n beeld van 'n persoon of saak beskryf. [2]

Nog 'n onderskeiding is tussen natuurlike en arbitrêre tekens. Eers= genoemde dui bv. op rook, wat 'n teken is van 'n brand, 'n ontploffing of die kenmerkende geur van sekere kossoorte. In dié voorbeelde word die begrip sein soms gebruik om 'n teken aan te dui wat 'n mens gebruik om oor 'n afstand mee te kommunikeer.[3] 'n Arbitrêre of konvensionele teken word as 'n simbool beskou.[4]

Een van die eerste persone wat 'n diepgaande studie van tekens gemaak het, is die pragmatis Peirce. Hy het drie afsonderlike groepe tekens onderskei:

1. Kwaliteitstekens: d.i. tekens wat 'n bepaalde kwaliteit besit, bv. grootte, vorm, beweging, kleur en gewig.

2. Tekens wat bestaan uit afsonderlike objekte of feite, bv. 'n fiets, 'n vlag, 'n advertensie, 'n gebaar.

3. Tekens wat bestaan uit 'n besondere tekensisteem, met reëls wat daarvoor geld en 'n kode genoem word, bv. woorde, syfers, seine met 'n vlag, e.s.m. [5]

Die tweede en derde groep sluit elke keer ook die voorafgaande in.

---

1. Schoonees, P.C. e.a. Handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p. 879; Alden, A.M. Odhams Concise English Dictionary, p. 524; Merriman-Webster Pocket Dictionary, p. 459

2. Ibid.

3. Merriman-Webster Pocket Dictionary, p. 459. Transmissie van seine impliseer egter nog geen kommunikasie alvorens dit nie geïnter= preteer en verwerk is tot 'n betekenisvolle boodskap nie. Cherry, op. cit., p. 9

4. Theodorson, op. cit., p. 429

5. Peters, J.M. Retoriek van de communicatie, p. 6. Vergelyk ook Edward, P. The Encyclopaedia of Philosophy, Vol. 6, p. 431. Blignaut en Fourie onderskei tussen biologiese-, natuur- en be= skawingstekens. Op. cit., p. 25

Peters se verdeling sluit natuurlike, konvensionele, ikoniese en simboliese tekens in.[1]

Natuurlike tekens dien as "aanduiders" en verwys na 'n spesifieke objek of saak. So is koors 'n teken van siekte. Konvensionele tekens is spesiaal deur die mens daargestel om kommunikasie te vergemaklik. Gewoonlik ontstaan dië tekens deur konvensie of afsprake waartoe die gebruikers ooreenkom.[2] Taal, syfers, algebraïse tekens, Morse-kode en seine met 'n vlag, word as konvensionele tekens beskou.

'n Ikoniese teken of tekenvorm vertoon 'n uiterlike ooreenkoms met die objek wat dit voorstel. Hiermee word hoofsaaklik beelde, foto's en illustrasies bedoel.[3]

Peters beskou 'n simboliese teken as 'n innerlike verhouding met 'n gemeenskaplike eienskap of geskiedenis tussen die teken en sy beteke= nis. So kan die see 'n simbool word van oneindigheid, 'n uitgaande kers die simbool van die sterwe van 'n mens en die herfs 'n simbool van ouderdom. 'n Simbool is dus die veraanskouliking van 'n saak wat te omslagtig deur die ander tekens beskryf word. 'n Simbool kan 'n komplekse gedagte of idee uitdruk. Dit suggereer meer as 'n konven= sionele teken en appèlleer nie net op die kognitiewe vermoë van die mens nie, maar ook op die verbeelding en die gevoel.[4]

Dance en Larson beskou 'n teken as 'n stimulus wat 'n enkele vaste betekenis het, onafhanklik van die konteks waarin dit voorkom. Dit kan aangebore of aangeleer wees. Om die rede bestaan nie-menslike

---

1. Peters, op. cit., pp. 32, 33

2. Konsensus is 'n voorwaarde vir kommunikasie.

3. Peters, op. cit., p. 33. Vergelyk ook Fearing, F. Toward a psycho= logical theory of human communication, Sereno & Mortensen, op. cit., p. 47

4. Peters, op. cit., p. 34

kommunikasie slegs uit tekens,[1] maar menslike kommunikasie maak ook van simbole gebruik.

Sommige wetenskaplikes soos Cherry en Spence beskou 'n teken as 'n allesinsluitende begrip en verkies dit pleks van 'n simbool.[2] Taal is deur De Saussure as 'n tekensisteem beskou[3] en hierin word hy deur talle sosiaal-wetenskaplikes nagevolg.

4.2.1.2 Simbole

Die mens se gebruik van simbole om met sy medemens te kommunikeer, word in die Kommunikasiekunde baie hoog aangeslaan. "The basic need which is obvious only in man, is the need for symbolization. This symbol making function is one of man's primary activities, like eating, look=ing or moving about. It is the fundamental process of the mind and goes on all the time."[4] Alfred Korzybski voeg by: "Man's achievements rests upon the use of symbols."[5]

Die begrip simbool is afgelei van die Griekse woord symballo wat bete=ken om iets saam te voeg.[6] Symballo is die werkwoord van die naamwoord symbolon wat beteken 'n ooreenkoms of 'n kontrak.[7] Symbolon is sino=

---

1. Dance, F.E.X., Larson, C.E. Speech communication, p. 10. Vergelyk ook Etkin, W. Communication among animals, In: Eisenson. op. cit., p. 150; Wilson, op. cit., p. 29; Condon, op. cit., p. 7; Dance voer aan dat dierekommunikasie hoofsaaklik deur tekens plaas=vind en menslike kommunikasie hoofsaaklik deur simbole. Dance, F.E.X. Toward a theory of human communication, In: Dance, F.E.X. (ed.) Human communication theory, pp. 299, 300

2. Cherry, C., op. cit., p. 7; Spence, N.W.C. Semantics: sign and symbol. In: Meetham, A.R., Hudson, R.A. Encyclopaedia of linguis=tics, information and control, p. 510

3. Van Heerden, C. Inleiding tot die semantiek, p. 2

4. Jordaan, op. cit., p. 5

5. Baird, A.C. e.a. General speech communication, p. 119

6. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 43

7. Symbolon beteken dus iets wat tussen mense gemeenskaplik gemaak is.

niem aan die Latynse woord tessera.[1] Laasgenoemde was die twee helftes van 'n gebreekte potskerf wat presies inmekaar pas en as 'n bewys (soms ook as 'n soort rekening) van herkenning of as 'n "wagwoord" in die antieke Romeinse Ryk gebruik is.[2]

Mettertyd het die betekenis van die begrip verander. "Gradually a symbol began to mean any identity token and even a guarantee. It became a written document, a passenger list, a treaty, a passport and the like. It might be a contract, a receipt, a warrant to obtain allow= ances, or to secure an officer's past from the Emperor. Then the mean= ing extended in other directions: a beacon, a sign of an approaching storm, a portent, an omen, or a sympton. It might denote a watchword. The early Christians recognized each other by a very concise formula of their faith which come to be called a symbol, the germ of all later creeds. A symbol was the name given to an allegory; it might be a code, a legionary standard, a standard weight, a coin, and a meeting by chance."[3]

Simbole word steeds in uiteenlopende situasies gebruik. So word 'n simbool dikwels in die plek van iets ander gestel, bv. 'n konkrete objek wat nie maklik gevisualiseer kan word nie, soos 'n brandende fakkel wat 'n skool voorstel.[4] Simbole kan ook voorwerpe, woorde of tekens wees wat dien as 'n voorstelling van 'n bepaalde begrip of sin=

---

1. Wilden, A. System and structure. Essays in communication and exchange, p. 32

2. Ibid. Vergelyk ook: De Jongste, H. On Symbols. In: Philosophia Reformata, p. 162. Hy meen dat simbool van symbolon afgelei is. Volgens Findlater, A. Chambers Etymological Dictionary, p. 506 beteken symballo: "syn, together and ballō, to throw". Dus: om bymekaar te voeg, te vergelyk en om tot 'n gevolgtrekking te kom.

3. De Jongste, op. cit., p. 162. Vergelyk ook Pierce, J.R. Symbols, signals and noise, p. 293

4. Odendaal, F.F. Aspekte van taal, p. 7

nebeeld. So is die kruis die simbool van die Christendom, in die chemie stel die simbole $H_2O$ water voor, 'n gebaar soos 'n omhoogge= rigte gebalde vuis die simbool van Swart Mag en 'n trouring 'n sim= bool van die huwelik.[1]

Zadrozny beskou 'n simbool as: ".... an act, sound or object which in its simplified form represents an idea that is much more complicated and not easily expressed. A symbol, as such, is arbitrary and com= pletely divorced from its referent."[2]

Volgens Spence is taal die ingewikkeldste, maar ook die belangrikste simboolsisteem van die mens, hoewel nie-linguïstiese verskynsels soos verkeerstekens en gebare ook as simbole beskou moet word.[3]

4.2.1.3 <u>Gebruik van tekens en simbole</u>

Die gebruik van tekens en simbole is 'n saak waaroor aansienlike on= duidelikheid in die Kommunikasiekunde bestaan. Sommige wetenskaplikes verkies die begrip teken[4] en ander simbool.[5] Daar is ook voorstanders van albei begrippe en hulle waarsku teen die gebruik van die een of die ander.[6]

Nadere ondersoek dui daarop dat daar min verskil is tussen die twee begrippe. Volgens Korswagen bestaan tekens uit sintuiglike waarneem= bare aanduidings van voorwerpe of sake, terwyl simbole verwys na

---

1. Myers & Myers, op. cit., p. 29. Vergelyk ook Schoonees, op. cit., p. 750; The Merriman-Webster Pocket Dictionary, p. 498
2. Zadrozny, op. cit., p. 339
3. Spence, op. cit., p. 510
4. Vergelyk p. 88 nr. 2
5. Jordaan, op. cit., p. 15. Hy wys daarop dat Fearing en Church tekens en simbole as gelykwaardige terme beskou.
6. Keltner, J.W. Interpersonal Speech communication, p.78

dinge van 'n geestelike of abstrakte aard.[1] Webb se beskouing sluit hierby aan. Hy wys op die nie-arbitrêre aard van tekens wat 'n enkele en maklike verstaanbare betekenis het. Met behulp van simbole kan die mens egter dinge ondersoek, bespreek, beredeneer, ontdek, projekteer en beplan. Simbole stel hom in staat om te dink.[2]

Dance steun hierdie gedagte. "Whereas signs have a fixed and simple meaning regardless of context, symbols are defined as being contextually flexible. Whereas signs are fixed and often innate, symbols are flexible and always learned. Whereas signs are concrete, symbols are abstract. Whereas signs announce something of which they are part, symbols can exist aside and apart, from the situation in which they were first learned. Symbols provide man with the ability to move in all directions through time; symbols enable man to remember, to anticipate, to predict. As Samuel Hayakowa remarked 'The future exist only in symbols'."[3]

Tussen 'n teken en die saak of voorwerp waarna dit in die werklikheid verwys, is daar altyd 'n direkte verband, maar nie tussen 'n simbool en sy verwysing nie.[4] 'n Teken is bv. 'n voorstelling van 'n motor op 'n uithangbord om 'n parkeergarage aan te dui, terwyl 'n verkeerslig simbolies van aard is, bv. 'n rooi verkeerslig simboliseer gevaar en 'n groen lig veiligheid.[5]

---

1. Korswagen, op. cit., p. 19
2. Webb, R. Interpersonal speech communication, p. 7
3. Dance, op. cit., pp 299, 300. Vergelyk ook Ashly Montagu se uiteensetting wat hiermee ooreenstem. Gordon, G.N. The languages of communication, p. 54
4. Pace, R.W., Boren, R.R. The human transaction, pp. 18, 19. Verge= lyk ook Rickert, S.J.P.K. Wat is betekenis? - 'n Kernvraag vir die Linguïstiek. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, 1ste Kwartaal, 1975, pp. 20 - 21
5. Odendal, op. cit., p. 7

Keltner verskil van hierdie siening. Vir hom is 'n teken iets wat 'n eenderse handeling by mense ontlok en daarom is 'n verkeerslig 'n teken. Reaksies op simbole is altyd baie persoonlik en die situ=asie waarin die persoon hom bevind, speel ook 'n belangrike rol.[1]

Fearing erken dat dit geen maklike taak is om tussen tekens en sim=bole te onderskei nie. Daar is baie grensgevalle, voer hy aan, wat 'n duidelike klassifikasie moeilik maak. "Broadly speaking, signs occur naturally. For example, a person lost in a forest may inter=pret a column of smoke on the horizon as an indication of fire and pos=sible human habitation. This is clearly a sign. If the fire has been built with the intend to produce smoke as a sign to another individual, it is a symbol. The symbolic character becomes clearer if we assume that by prearrangement the interpreter and producer of the fire have agreed that smoke of different qualities, shades, etc., have particular significations; they become a code which either party may utilize. The prearrangement may involve only two persons, or it may be implicit in the culture of a large number of individuals."[2]

Dance onderskryf hierdie standpunt. 'n Gebeurtenis kan sowel 'n teken of simbool van iets anders wees, omdat die mens in staat is om 'n bykomende betekenis aan die teken toe te voeg en dit gevolglik 'n simboliese betekenis te gee. So is 'n donderslag die gevolg van 'n skielike uiteensetting van lug na 'n elektriese ontlading in 'n don=derstorm. In party primitiewe kulture word die donderslag as die

---

1. Keltner, op. cit., p. 78

2. Fearing, F. Human communication. In: Dexter, L.A., White, D.M. People, society and mass communication, p. 60. Uit Fearing se opmerking is dit duidelik dat t.o.v. simboolgebruik 'n hoë mate van konsensus aanwesig moet wees vir doeltreffende kommunikasie. Mense twyfel nie oor 'n teken en sy betekenis nie; daarom is spesifieke konsensus hier nie van deurslaggewende belang nie.

woede van gode vertolk. As aan sodanige gebeurtenis 'n arbitrêre betekenis toegeken word, is daar sprake van 'n simbool.[1] 'n Teken kan altyd 'n simbool word, maar die omgekeerde is nooit moontlik nie.

Om moontlike verwarring uit te skakel, moet dit oorweeg word om deur=gaans net een van die begrippe te gebruik. Die Nobelpryswenner, Bridgman, het gesê: "De werkelijke betekenis van een begrip blijkt uit wat ermee gedaan wordt, niet uit wat erover wordt gesegd."[2]

Dit moet toegegee word dat 'n teken 'n omvattender begrip is as 'n simbool.[3] Tekens word in alle moontlike kommunikasiesituasies gebruik, selfs om kommunikasie tussen diere en masjiene aan te dui.[4] Seine en tekens word ook dikwels sinoniem gebruik.[5] Kommunikasiekundiges wat geïnteresseerd is in kommunikasie as 'n sosiale proses, kan nooit 'n teken ongekwalifiseerd gebruik nie. Wanneer dit wel gedoen word, is dit opvallend dat sosiale kommunikasie gelykgestel word aan die "oor=drag" van inligting van een punt na 'n ander.

Waar tekens wel gekwalifiseerd gebruik word, soos deur Peters, kan min beswaar teen so 'n indeling geopper word.[6] Nadere ontleding laat dit egter duidelik blyk dat sy konvensionele teken deur die meeste sosiaal-wetenskaplikes as 'n simbool beskou sal word. 'n Opvallende kenmerk van Peters se indeling is dat 'n simboliese teken geen konkrete ver=

---

1. Dance, op. cit., p. 300
2. Hayakawa, S.I. Symbool, status en persoonlijkheid, p. 2
3. 'n Teken sluit ook 'n simbool in.
4. Cherry. op. cit., p. 7
5. Ibid.
6. Vergelyk p. 87

wysing het nie, en hierdie indeling spesiaal vir sulke gevalle voor= siening maak.[1]

Stewart verduidelik 'n belangrike aspek wat maklik uit die oog verloor kan word. "Whereas the customary distinction between sign and symbol is clearly appreciated as far as it goes, it misplaces the emphasis in the study of communication by omitting the most critical point, which is where symbols are related to meaning. When employed in the communication process, symbols act as necessary contingencies for the elicitation of intended meaning. But if analysis of sign and symbol reduce meaning to something of a physical nature, then, in such research, the relation between symbols and meaning becomes invalidated when pre= dicated to the communication process."[2]

Om die ontologiese probleem te vermy dat betekenis altyd na iets kon= kreets herlei word,[3] kan die begrippe konkrete en abstrakte simbool in sosiale kommunikasie gebruik word. (Met 'n konkrete en abstrakte simbool word bedoel dat die simbole verwys na òf konkrete òf abstrakte sake, wat deur die simbole gekonstitueer word.) Eersgenoemde verwys na alle sake in die werklikheid wat sonder twyfel deur diegene wat kommunikeer, uitgeken kan word, bv. 'n bord langs 'n hoofpad met die voorstelling van 'n boom, dui 'n rusplek aan.[4] 'n Abstrakte simbool het ook meervoudige betekenisse en om effektief te kommunikeer, is

---

1. Vergelyk p. 88

2. Stewart, D.K. The psychology of communication, p. 6

3. Ibid., p. 9

4. In elke samelewing is daar talle konkrete simbole wat kommunikasie baie vergemaklik, bv. die voorstelling van 'n telefoon, hospitaal, aanklagkantoor e.s.m. op kennisgewingborde en "padtekens". Hier moet duidelik verstaan word dat die begrip teken nie totaal uit= geskakel word nie; daar word slegs voorgestel dat simbole gebruik word wanneer na menslike kommunikasie verwys word.

hieroor in bepaalde gemeenskap spesifieke konsensus nodig. Mense gebruik in hul kommunikasie altyd albei tipes simbole. Gevolglik is konsensus altyd noodsaaklik om kommunikasie te bevorder.

4.2.2 Simboolsisteme

Om sinvol te kommunikeer, moet die mens oor 'n simboolsisteem beskik wat deur ander in sy gemeenskap algemeen aanvaar word. 'n Simboolsis= teem word deur Alson omskryf as "... a set of symbols so organized as to form a system of interrelated options which are correlated with a field of reference, e.g. language, music, numbers."[1]

'n Simboolsisteem word ook soms gelykgestel aan 'n kode. Dit word beskou as 'n aantal elemente (simbole) en verskillende prosedures wat die elemente op 'n betekenisvolle wyse saamvoeg.[2]

4.2.2.1 Nie-verbale simboolsisteme

Naas taal verstaan Gross onder die belangrikste simboolsisteme[3] mens= like gebare ('n onderafdeling van die kinestiek), die ikoniese (illus= trasies, foto's, modelle), die logies-matematiese (syfers, asook 'n kombinasie van syfers en letters soos gebruik in die natuurwetenskappe) en musiek ('n belangrike deel van akoestiese semiotiek).[4] By 'n studie

---

1. Olsen, D.R. (ed.) Media and symbols: the forms of expression, communication and education, p. 12

2. Gross, L. Modes of communication and the aquisition of symbolic competence. In: Olson. op. cit., p. 59; Vergelyk ook Berlo, op. cit., p. 57; p. 85 no. 3,4,5

3. Die bestudering van nie-verbale simboolsisteme staan bekend as semiotiek. Vergelyk Fourie. op. cit., p. 87. Dat hierdie verdeling soms probleme kan skep, blyk daaruit dat gebaretaal van dowes, brailleskrif, Morsekode en seine met 'n vlag as 'n verbale simbool= sisteem aanvaar moet word. Vergelyk Vetter, op. cit., p. 233. Hierdie sisteme is onafhanklike kommunikasiesisteme en daar is geen sprake van metakommunikasie nie, behalwe in die eerste geval.

4. Gross, op. cit., p. 60. Vergelyk ook Fourie, op. cit., p. 87 e.v.

van die semiotiek kan ook ander belangrike aspekte bygevoeg word, bv. proksemetiek en taktielestiek.[1]

In sosiale kommunikasie word verbale en nie-verbale simbole dikwels gelyktydig gebruik. Hoewel daar tussen hierdie simbole onderskei word, kan hulle nie sonder meer geskei word nie. In 'n interpersoon=like kommunikasiesituasie is veral metakommunikasie belangrik. Meta=kommunikasie hou grootliks verband met die reëls wat ten grondslag lê aan interkommunikasie[2] i.v.m. verbale en nie-verbale simbole. Dit is inderdaad kommunikasie oor kommunikasie. Wanneer twee persone oor 'n bepaalde saak kommunikeer, is die belangrikste feit die feit dat hulle wel kommunikeer.[3] Die aanvul, versterking of wysiging van ver=bale simbole deur nie-verbale simbole, en omgekeerd is van die ver=naamste kenmerke van metakommunikasie.[4]

By die meeste nie-verbale simboolsisteme is algemene konsensus nood=saaklik vir sinvolle kommunikasie. Individuele vertolking van hierdie simbole kan kommunikasie belemmer. Daar is in die meeste samelewings 'n algemene aanvaarding en gebruik van hierdie simbole, veral omdat hulle die orde help handhaaf en voortdurende kommunikasie verseker. 'n Persoonlike interpretasie en begrip van sekere simbole (bv. bepaal=de tipes musiek) sal egter nie maklik aanleiding gee tot algemene dissensus nie. Hoewel sommige van die simbole in een samelewing ook

---

1. Knapp, M.L. Nonverbal communication in human interaction, p. 36 e.v. Mehrabian, A. Nonverbal communication, p. 1 e.v. Fourie, op. cit., p. 96

2. Luft, J. Interaction patterns and metacommunication. In: Cath=cart, R.S., Samover, L.A. Small group communication. A reader, p. 263

3. Bateson, G. Information, modification, and metacommunication. In: Smith, A.G. (ed.) Communication and culture, p. 425. Vergelyk ook Mortensen, C.D. Communication. A study of human interaction, p. 427

4. Luft, op. cit., pp. 265, 266. Vergelyk ook Watzlawick, op. cit., p. 36 e.v.

in ander samelewings bekend is, bv. grafiese simbole,[1] is daar weinig sprake van 'n universele simboolsisteem.

'n Verbale simboolsisteem (taal) is egter afhanklik van spesifieke konsensus. Taal word nie deur linguïste daargestel nie, maar deur die gebruikers.

4.2.2.2 Taal as simboolsisteem

Taal is sonder twyfel die belangrikste, maar ook een van die ingewik= keldste simboolsisteme waaroor die mens beskik.[2] "Language is the most highly developed of the multitudinous forms of symbolism. Human beings seem to have the unique ability to make anything stand for other things. Language, by centuries of agreement, compared by lung, throat, teeth, lips and resonance channels, has become identified with specific needs, experiences, attitudes and ways of living."[3]

Taal is simbolies omdat dit na iets verwys en dit benoem wat self buite die taal is. Dit kan 'n konkrete objek wees waarna verwys word en die= gene wat kommunikeer, kan dit self waarneem. Taal kan egter ook ver= wys na dinge wat nie teenwoordig is of selfs nie bestaan nie.[4] Die rol wat taal in kommunikasie vervul, word deur Keltner verduidelik. "Words perform an important function in that they provide vehicles by which we can transmit information and create messages. Remember that words are not the information that we are transmitting. Words are representatives of things and behavior; they are not things and beha= viors, except as we view them specifically as words (for example, when

---

1. Dreyfuss, H. Symbol sourcebook. An authoritative guide to inter= national graphic symbols, p. 18

2. Russell, H.S., Black, K. Human behavior in business, p. 111

3. Baird, A.C. e.a. General speech communication, p. 119

4. Odendal, op. cit., p. 7

we consider the spelling of a word or the sound of a word or the definition of a word). As we put bits of information together to make a message, so we put words together to create more complex messages."[1]

Deur simbolisering word een mens betrek by 'n ander se belewing van die werklikheid.[2] Rapoport het dit duidelik gestel dat ervaring nie as ervaring gekommunikeer kan word nie. 'n Kommunikator enkodeer sy boodskap in simbole (verbaal of nie-verbaal of albei), wat deur die bestemming gedekodeer en in betekenisvolle ervaring omgeskep word.[3] Slegs 'n simboliese weergawe van situasies, gebeure, gedagtes en idees kan gekommunikeer word. 'n Kat kan deur 'n persoon gestreel word, maar nie sy kennis van die ervaring kat nie.[4] In kommunikasie word simbole gevolglik gebruik om by diegene wat kommunikeer, 'n soort=gelyke voorstelling op te roep. Dit is hierdie voorstelling wat Lipp=mann "pictures in our heads" noem.[5]

'n Fout wat maklik begaan kan word, is om aan te neem dat 'n woord se betekenis vervat is in die dinge waaroor mense kommunikeer.[6] Taal is arbitrêr omdat geen natuurlike of vanselfsprekende verband bestaan tussen 'n woord en die saak waarna dit verwys nie.[7] "The meaning of

---

1. Keltner, op. cit., p. 77. Inligting moet hier baie omvattend beskou word.

2. Soos Keltner ook aandui, is 'n simbool en dit wat gesimboliseer word, nie dieselfde nie. Vergelyk ook Hayakawa, S.I. Language in thought and action, p. 27; Myers & Myers, op. cit., p. 30

3. Haney, W.V. Communication and organizational behavior. Text and cases, p. 154. Enkodering en dekodering is oorspronklike tegniese begrippe wat algemeen in sosiale kommunikasie gebruik word. Verge=lyk ook Mortensen. op. cit., p. 79; Schramm, W. The process and effects of mass communication, p. 7 e.v.

4. Van Heerden, op. cit., p. 22. Vergelyk ook Haney W.V, op. cit., p. 154

5. Lippmann, W. Public opinion, p. 6, 11

6. Riekert. op. cit., p. 22

7. Odendal. op. cit., p. 8

a symbol is arbitrary in the sense that it is not inherent in the sound, object, event, etc., but is derived from the common learning and consensus of the people who use it in communication."[1]

In kommunikasie gaan dit dus oor die denotatum of sake waarna verwys word. Die kern van kommunikasie is of die sake vir diegene wat kom= munikeer, dieselfde betekenis inhou. Betekenis is volgens Van Heer= den "iets agter die konstantheid in tekengebruik" (simboolgebruik).[2] Kinders leer van jongs af om woorde (simbole) so te gebruik dat die bestemming sonder twyfel weet waarna verwys word en wat die betekenis daarvan is. Soms word hierna as sosiale simbole verwys omdat by die kinders geen twyfel gelaat word waarna verwys word nie.[3] 'n Mens bou vir homself mettertyd 'n voorraad betekenisse op, waaroor in sy ge= meenskap algemene konsensus bestaan, en dit stel hom in staat om effek= tief te kommunikeer. "If the individual has learned to initiate a symbol that he responds to himself in the same way that he knows others will respond, he has acquired the technique of human communication."[4]

In homogene taalgemeenskappe kan die meeste mense betreklik maklik kommunikeer, omdat hulle simbole gebruik wat op die grondslag van konsensus baie bekend is. "A symbol that arouses the same general set of internal responses (meanings) within the individual initiating the stimulus as are aroused within the individual who perceives the stimulus is called a significant symbol. It is through the signifi= cant symbol that the human being learnes to manipulate meanings with= in himself (thought) and in exchanges with others (interpersonal

---

1. Theodorson, op. cit., p. 429
2. Van Heerden, op. cit., p. 19
3. Fairchild, op. cit., p. 294
4. De Fleur, op. cit., p. 89

communication)."[1]

Probleme in kommunikasie kan onder sekere omstandighede toegeskryf word aan die mens se onvermoë om taal teenoor sy ervaring en die werklikheid te kontroleer.[2] Die gebruik van veral "abstrakte"[3] simbole kan meebring dat die simboolgebruikers nie altyd weet waarna verwys word nie en dus word ook geen ooreenstemmende betekenis ontlok nie. Vir sinvolle kommunikasie moet spesifieke konsensus bereik word en sodanige kommunikasie op interpersoonlike vlak gaan gepaard met groot inspanning.[4]

## 4.3 Probleme van die Semantiek

In die Linguïstiek word 'n studie van die Semantiek gekenmerk deur teenstrydige opvattings en vae begrippe.[5] Vir enige oningewyde is dit 'n Minoïse labirint en daarom word slegs enkele relevante aspekte, waarmee in studie oor kommunikasie rekening gehou word, aangestip.

Van Heerden meen dat die Semantiek 'n studie moet maak van die funksie en strukturering van betekenis. Insig is nodig in die struktuur en werking van die betekeniseenheid. Slegs dan sal duidelik onderskei kan word tussen dit wat op die wyse van die taal en dit wat nie op

---

1. De Fleur, op. cit., p. 89. Die konsep van "significant symbol" is afkomstig van Mead, 'n bekende sosioloog, wat hiermee bedoel dat die betekenis wat deur die bekende simbool ontlok word, dieselfde is. Vergelyk Theodorson. op. cit., p. 430. Die "significant symbol" het dus algemene konsensus tot gevolg.

2. Katz, E. Psychological barriers to communication. In: De Vito, J.A. Communication: concepts and processes, p. 170

3. Vergelyk p. 95

4. Uitdrukking en vertolking speel hier 'n vername rol om spesifieke konsensus daar te stel.

5. Riekert, op. cit., p. 31

die wyse van die taal bestudeer moet word nie.[1] Taalkundiges sal bv. geïnteresseerd wees in woordbetekenisse, die betekenis-gestruktureerde sin en hoedanig betekenisstrukture verander.[2]

Wanneer in gedagte gehou word dat betekenis 'n abstrakte gegewe is,[3] kan tussen die Linguïstiek en Kommunikasiekunde 'n aansienlike "betekenisverskil" ontstaan oor betekenis! "Met die beweeglike simbool-sisteem, taal, het die mens hom losgemaak van die sake, van die werklikheid en eenhede geskep wat nie meer sake in die gewone sin van die woord is nie. Deur die proses van abstrahering word die klank tot woord, kry die taalteken (simbool) gestalte en vind die mens 'n middel om oor sake te praat. Die mense in 'n gemeenskap ken sekere tasbare en ontasbare dinge vanweë hul daaglikse ervaring. Om oor hierdie dinge 'n gesprek te voer, vind 'n abstraheringsproses plaas. ..... In taal het ons dus met taal te doen, die realiteit staan daar buite ...... Taalkategorieë en taalstruktuur, ook sover dit betekenis betref, moet dus nooit met sake van die realiteit, d.w.s. met ontiese kategorieë, verwar word nie."[4]

Uit die Linguïstiek het mettertyd twee afsonderlike rigtings ontwikkel, nl. die psigo- en sosiolinguïstiek. Albei rigtings het besinning oor kommunikasie baie beïnvloed.

Een van die vernaamste eksponente van die huidige psigolinguïstiek, is Charles Osgood. Hy beskou betekenis as 'n interne proses, waar

---

1. Van Heerden, op. cit., p. 19
2. Riekert, op. cit., p. 32. Berlo is van mening dat denotatiewe, konnotatiewe en wat hy ook strukturele en kontekstuele betekenis noem, in kommunikasie belangrik is. Berlo, op. cit., p. 191 e.v.
3. Stewart, op. cit., pp. 9, 71 e.v.; Riekert, op. cit., p. 34
4. Riekert, op. cit., p. 34

'n aangeleerde verband tussen 'n eksterne stimulus en 'n interne respons ontstaan. Sy benadering is in ooreenstemming met die stimulus-responsteorie van Skinner, hoewel hy geprobeer het om weg te beweeg van die behaviorisme.[1] George Miller en ander psigoloë lê meer klem op 'n kognitiewe benadering. Vir hulle gaan dit om die psigiese prosesse onderliggend aan die voortbring en begrip van spraak.[2] Taalgebruik word in die psigolinguïstiek as 'n besondere vorm van gedrag beskou.[3]

Hoewel baie spesialiseringsrigtings bestaan in die psigolinguïstiek, is die bestudering van taal as 'n vorm van interpersoonlike gedrag ook vir die studie van kommunikasie belangrik. Die klem word hier op die gesproke woord geplaas as 'n handeling van die kommunikator en 'n reaksie van die bestemming wat min of meer gelyktydig plaasvind. Kommunikasie vind altyd plaas in 'n bepaalde situasie waar een of ander vorm van gedrag deur die kommunikator van die bestemming verwag word. Die korrekte optrede deur die bestemming is 'n aanduiding dat die betekenis van die kommunikator deur eersgenoemde gesnap is.[4]

Sosiolinguïstiek is 'n studie van die rol van taal in die samelewing, veral taal as 'n sosiale en kulturele verskynsel.[5] Die uitwerking

---

1. Williams, F. Language and communication. In: Hanneman & McEwen, op. cit., p. 67

2. Ibid.

3. Lindgren, H.C. An introduction to social psychology, p. 315; Terwilliger, R.F. Meaning and mind. A study in the psychology of language, p. 6

4. Herriot, P. An introduction to the psychology of language, p. 15 Die invloed van die behaviorisme kan hier duidelik bespeur word. Bloomfield, en in die jongste tyd ook Chomsky, het 'n groot aandeel in die ontwikkeling van die psigolinguïstiek. Vergelyk Miller, M.H. Linguïstics and developmental psycholinguïstics. In: Bartsch, R., Vennemann, T. Linguïstics and neighbouring disciplines, p. 209 e.v.

5. Trudgill, P. Sociolinguïstics. An introduction, p. 32. Vergelyk ook Firth, R. Symbols: Public and Private, p. 79

van die samelewing op die struktuur en gebruik van taal, bv. die kenmerkende linguïstiese eienskappe van streke (provinsies), etniese groepe, sosiale klasse en beroepe word as 'n belangrike deel van die studierigting beskou. Taalgebruik kan ook varieer ooreenkomstig die besondere sosiale groepe waarin dit gebesig word.[1] Lede van dieselfde gemeenskap is soms meer as een taal magtig en dit beïnvloed die kom=munikasie tussen individue.[2]

Betekenis hou vir die linguïste noue verband met die simboliese wissel=werking in kommunikasie.[3] Mense tree op of handel ooreenkomstig die betekenisse wat sekere dinge (objekte of sake) vir hulle het. Beteke=nisse kan ook ontstaan uit die kommunikasie tussen mense. Dié beteke=nisse kan ook verwerk en verander word deur die interpretasie van die mens wanneer hy met dinge in aanraking kom.[4]

Die wye belangstelling van sosiale wetenskaplikes in die Semantiek het in die jongste tyd 'n interdissiplinêre karakter gekry. Diegene met belangstelling hoofsaaklik in die psigolinguïstiek het metodes ontwik=kel om betekenis te meet. Op hierdie terrein is veral Osgood, Suci en Tannenbaum baie bekend.[5] Meer sosiolinguïsties gerigte ondersoeke is deur Helper en Garfield uitgevoer in hul navorsing oor interkulturele verhoudinge.[6]

---

1. Lehman, W.P. Descriptive linguïstics: An introduction, p. 239
2. Ibid.
3. Simboliese wisselwerking moet gesien word as multidimensioneel, d.w.s. dit fungeer op alle vlakke van menslike kommunikasie. Vergelyk Rasmussen, D.M. Symbol and interpretation, p. 5
4. Blumer, H. Symbolic interaction: an approach to human communi=cation. In: Budd, R.W., Ruben, B.D. Approaches to human commu=nication, p. 401
5. Lindekens, R. Inleiding tot een analyse van boodschappen volgens strukturele, linguïstische methode, p. 5; Lindgren, op. cit., p. 322

Hoewel verskeie metodes ontwikkel is om betekenis te meet,[1] word slegs die semantiese differensiaalskaal hier genoem. "An individual's response to the intensional (connotative) meaning of a word is measured by the semantic differential, which indicates, among other things, whether a person's emotional reactions to a word is positive or nega= tive."[2]

Ontwikkelinge en teorieë op die terrein van die semantiek, moet nood= wendig 'n groot invloed hê op die teoretiese grondslae van die Kommu= niekasiekunde. Of hierdie invloed verhelderend gaan inwerk op die bestudering van die fenomeen kommunikasie, sal bepaal word deur toe= komstige diepgaande besinning en navorsing.

4.4 Betekenis in kommunikasie

In die voorafgaande bespreking is talle aspekte aangeraak wat op kommu= nikasie van toepassing is. Enkele kernsake i.v.m. die funksionering van betekenis in kommunikasie word vervolgens bespreek.

Een van die opvallendste aannames deur kommunikasiekundiges is dat be= tekenis in die mens is.[3] Hierdie beskouing openbaar 'n psigologiese invloed.[4] So kan 'n alledaagse kommunikasiesituasie tussen mense beskryf word. Gedurende die proses van bewuste kommunikasie neem mense deur hul sintuie stimuli uit hul onmiddellike omgewing waar. Dié stimuli, hoofsaaklik visueel en ouditief, is bloot fisies van aard wanneer die individu daarvan bewus word, bv. ligprikkels val op die

---

1. Vergelyk Stewart, op. cit., p. 126 e.v.; Lin, N., The study of human communication, p. 61 e.v.

2. Webb, op. cit., p. 52

3. Phillips, D.C. Lamb, J.H. Speech as communication, p. 167

4. Lin. N., op. cit., p. 60

retina van die oog. Hierdie waargenome stimulus word via die sentrale senuweestelsel na die brein gevoer en is in hierdie fase slegs 'n fisiologiese stimulus. In die brein word dit ontvang, geïnterpreteer en geëvalueer. Hierdie proses is betekenistoeskrywing. Dit is psigo=logies.[1]

Dié beskouing word deur die meeste kommunikasiekundiges aanvaar en so deur Berlo beskryf: "The elements and the structure of a language do not themselves have meaning. They are only symbols, sets of symbols, cues that cause us to bring our own meanings into play, to think about them, to rearrange them, etc. Communication does not consist of the transmission of meaning. Meaning are not transmittable, not trans=ferable. Only messages are transmittable, and meanings are not in the message, they are in the message-users."[2]

Die kern van die stelling is dat betekenis ontlok word nadat 'n bood=skap deur die kommunikator geënkodeer en deur die bestemming gedekodeer is. Berlo grond sy beskouing op die volgende stellings:

1. Betekenis word gevind in mense wat kommunikeer en is altyd deel van die individu en nie van die boodskap nie.
2. Betekenis word aangeleer en is daarom 'n funksie van persoonlike ervaring.
3. Mense leer woorde en skryf daaraan 'n bepaalde betekenis toe omdat dit begryp (verstaan) word in verband met ander woorde, objekte en waarnemings, waarvoor daar reeds betekenisse bestaan.
4. 'n Mens leer eers betekenisse vir sekere klankkombinasies aan en eers later word betekenisse aan geskrewe woorde toegeskryf.[3]

Hiervan kan afgelei word dat betekenis o.m. verband hou met menslike

---

1. Barnard, J.S. (red.) Sielkunde vir onderwysstudente, p. 99. Hier=die proses staan bekend as waarneming of persepsie.
2. Berlo, op. cit., p. 175
3. Ibid., p. 188

ervaring.[1] Die aanleer van betekenisse is belangrik, spontaan of formeel. Hierin speel die sosialiseringsproses 'n groot rol. Bete=kenisse van belangrike sake, gebeure, gedagtes en idees word in die brein vasgelê en alle nuwe betekenisse word daarmee in verband gebring. Om hierdie rede kan geen mens betekenis toeskryf aan iets wat nie reeds in sy ervaringswêreld bestaan nie.[2] "Something is meaningful when it is recorded in individual memory or in group consciousness in such a way that it has sustaining significance."[3]

Geen mens kan met meer as sy onmiddellike leefwêreld deur sy sintuie in aanraking kom nie. Vir die grootste deel van sy ervaring is hy afhanklik van simbole wat in 'n bepaalde vorm en struktuur as boodskap=pe, hoofsaaklik visueel en ouditief, deur mense en instellings aan hom gekommunikeer word. Hieruit moet mense onophoudelik betekenisse kon=stitueer. "The symbols we call words have power only to the extent that we know their meaning."[4]

Hoewel dit kan lyk of betekenisvolle kommunikasie maklik plaasvind, kan talle faktore dit ernstig belemmer. Die arbitrêre aard van verbale simbole (taal) moet in gedagte gehou word. So kan bepaalde klanke wat in konvensionele patrone gekombineer word, voorwerpe, konsepte, kleur, kwaliteit, plekke en gewoontes simboliseer.[5] Die betekenisse wat hieruit voortkom, kan die kommunikator en sy bestemming sinvol laat kommunikeer, maar dan moet oor die betekenisse konsensus bestaan.

---

1. Ervaring word hier wyd geïnterpreteer as die somtotaal van menslike kognitiewe en affektiewe bewussynsinhoude.

2. Vergelyk die begrip "vlieënde piering."

3. Rasmussen, op. cit., p. 10

4. Bassett, G.A. The new face of communication, p. 31

5. Thompson, W.N. Fundamentals of communication: an integrated approach, p. 23

Bogenoemde kan aan die hand van 'n voorbeeld geïllustreer word. Die redes waarom 'n hond in Engels "a dog", in Frans "le chien" en in Duits "der Hund"[1] genoem word, is vanweë algemene konsensus oor die gebruik van sodanige simbool.[2] Deur voortdurende gebruik van die sim= bool in elke taal, is die betekenis vir die meeste Engelse, Franse, of Duitsers baie duidelik. Wanneer twee mense oor die noodsaaklikheid van waghonde sou kommunikeer, verseker algemene konsensus dat hulle be= sef hulle praat nie oor 'n viervoetige dier wat runnik nie. Tog kan een persoon aan sy waghond dink, 'n klein hondjie, en die ander aan 'n aggressiewe dier wat goed opgepas moet word. Spesifieke konsensus moet hier bereik word voordat albei 'n gemeenskaplike betekenis kan deel. "Words stimulate the meaning the other person has for them. Communi= cation is a stirring-up process; the meanings we have for words deter= mine the meanings we get from them. As long as the person has values that approximate our values for words, the message will stimulate a meaning for him that is similar to what we want. Our attempts to get meaning will coincide."[3]

Algemene konsensus kan meehelp om kommunikasie oppervlakkig te laat vlot, maar in sinvolle kommunikasie is spesifieke konsensus nodig sodat mense hul ervarings as't ware kan "vergelyk" en betekenisse, veral t.o.v. abstrakte simbole, duideliker kan blyk. Omdat in betekenis dikwels kognitiewe sowel as affektiewe elemente ingesluit is, is volkome konsen= sus dikwels onbereikbaar. Goyer beklemtoon veral gemeenskaplike bete=

---

1. Ibid.

2. Ex, J. Communicatie van gezicht tot gezicht, p. 8. "Om te kunnen communiceren wordt van de ontmoetingspartners gevergd, dat zij handelen volgens patronen, die een conventionele configuratie be= zitten en aldus in eenzelfde betekenis - functie of doelgerichtheid - voor de participanten herkenbaar zijn."

3. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 92

kenis. "Thus, to share meaning is to share experience, which is to communicate."[1]

Die konstituering van betekenis in kommunikasie is onderworpe aan die voortdurende inwerking van eksterne en interne faktore.[2] So bepaal die situasie waarin die kommunikator sowel as die bestemming hulself bevind, ook die konstituering van nuwe betekenisse.[3] "Present contexts interact with past traces to determine the nature of the present cog= nition. People can and do, therefore, interpret words in entirely novel ways, depending upon the situation and the present psychological state of the individual. To understand the meaning of the word then, we must know, in addition to the individual's experience with it, the present context - verbal and nonverbal - in which the word is used."[4] Betekenisse in interkommunikatiewe ervaring wat opgeneem is, word al= tyd intrakommunikatief vertolk. Dit is deel van 'n individu se kommu= nikatiewe gesteldheid en beïnvloed weer sy houdings, waardes, belang= stellings en behoeftes.[5]

Wat in gedagte gehou moet word, is dat 'n groot deel van sosiale kom= munikasie op 'n interpersoonlike vlak geskied en 'n gelyktydige wissel= werking (transaction) plaasvind, waartydens 'n mens bestaande betekenisse soms aanpas en wysig, nuwe betekenisse aanleer en desnoods betekenisse konstitueer om 'n sekere doel te bereik.[6] Betekenis is dus kumulatief

---

1. Goyer, op. cit., p. 15
2. Mortensen, op. cit., p. 19. Eenmalige ervaring lê nie betekenisse finaal vas nie.
3. Jordaan, W.J. op. cit., p. 21
4. Krech, op. cit., p. 283
5. Jordaan, op. cit., p. 20
6. Sereno & Mortensen, op. cit., p. 88

en kan met elke nuwe simbool verruim word. Betekenis kan ook uitgebrei word wanneer simbole, waaroor konsensus bestaan, op 'n minder bekende wyse saamgevoeg word.

Om die verband tussen konsensus en betekenis beter te begryp, moet onderskei word tussen konsensus oor (d.w.s. as simbole gebruik word waar=oor algemene konsensus bestaan en daar gevolglik geen twyfel is oor die betekenis wat ontlok word nie) en konsensus in (as spesifieke kon=sensus deur kommunikasie bereik word). Konsensus oor simbole en die reëls (prosedure) vir kommunikasie bestaan reeds vir lede met dieselfde kultuur en kan, indien nodig, met min moeite deur die betrokke partye aangepas of gewysig word. Konsensus in veronderstel altyd konsensus oor, want 'n aanknopingspunt moet gevind word om te verseker dat on=middellike dissensus nie die kommunikasiegebeure verongeluk nie.

Die rol van konsensus, soos hierbo uiteengesit, kan geïllustreer word aan die hand van denotatiewe en konnotatiewe betekenisse.

By denotatiewe betekenis vind 'n duidelike aanwysing na die denotatum plaas sodat identifikasie van die betekenis met laasgenoemde moontlik is. Wanneer simbole (woorde) gebruik word en die betekenis van die voorwerp of situasie waarna verwys is, word dadelik gesnap, is dit denotatiewe betekenis.[1] "Denotative meanings refer to the critical attributes of an object - attributes on which we all agree."[2] Sodanige betekenisse is algemeen bekend in 'n homogene taalgemeenskap. Dit is onderworpe aan min veranderinge en algemene konsensus hieroor bevestig die voortdurende gebruik daarvan in die wetenskap, nywerhede, instel=

---

1. Jordaan, op. cit., p. 16

2. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 92

lings en organisasies.[1] "Denotatiewe betekenisse is egter onontbeerlik in die mens se bestaan, omdat dit verseker dat mense se kommunikasie minstens begrypbaar is deur lede van dieselfde taalgemeenskap. Hier=die betekenisse ontwikkel deur leer en sosialisering en omvat die algemene 'gebruiksreëls' van woorde in 'n taalgemeenskap. Hierdie ge=bruiksreëls is dit wat in woordeboeke as die definisies van woorde aangedui word."[2]

Konnotatiewe betekenisse word hoofsaaklik bepaal deur die mens se persoonlike ervarings, idees, houdings, belangstellings, behoeftes en gevoelens[3] - dus sy kommunikasiegesteldheid. Hierdie kommunikasiege=steldheid is by mense nooit identies nie en altyd dinamies van aard.[4] Konnotatiewe betekenis is altyd subjektief en dra dikwels 'n sterk emosionele "lading"[5] wat nie maklik deur 'n ander persoon geëvalueer kan word nie. ".... die mens se taalgewoontes .... is .....die resul=taat van 'n lang leerproses. Hoewel ryping ook 'n belangrike rol vul in die ontwikkeling van taal, kan aangeneem word dat een persoon se verbale gedrag van dié van 'n ander verskil vanweë verskillende en uit=eenlopende ervaring in die verlede. Deur hierdie subjektiewe ervarings word sterk assosiasies van wisselende kwaliteit en intensiteit vasgelê tussen die betrokke belewenisse en die taalsituasies.[6]

---

1. Giffen, K., Patton, B.R. Fundamentals of interpersonal communi=cation, p. 161. Volgens Jordaan kom 'n hoër mate van denotatiewe betekenis voor in die konkrete wetenskappe en t.o.v. die toepas=sing van wetsterminologie. Jordaan, op. cit., p. 17

2. Jordaan, op. cit., p. 16

3. Andersch, E.G. e.a. Communication in everyday use, p. 122. Ver=gelyk ook Jordaan, op. cit., p. 17

4. Berlo, op. cit., p. 209; Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 93

5. Giffen & Patton, op. cit., p. 163

6. Jordaan, op. cit., p. 17

Om sinvolle kommunikasie te verseker, vereis konnotatiewe betekenis dat spesifieke konsensus bereik word. Wat interkommunikasie dikwels bemoeilik en soms totaal onmoontlik maak, is die verdringing van de= notatiewe deur konnotatiewe betekenisse op 'n intrakommunikatiewe vlak.[1] Waar taal en kulturele verskille tussen mense wat kommunikeer voorkom, kan probleme verwag word. Om onbegrip, wanvoorstellings en stereotipering te oorkom, verg besondere kommunikasievermoëns en erva= ring. Konnotatiewe betekenisse ondergaan wel veranderinge[2] in kommu= nikasie as spesifieke konsensus bereik word en dit dra by tot weder= sydse begrip.

Oor die rol van konsensus in kommunikasie is daar uiteenlopende menings. Sommige sosiaal-wetenskaplikes maak nie eens melding van konsensus nie, hoewel hul beskouings tog daarmee ooreenstem. "Meaning is a term used to describe that a state of mind wherein given ideas are associated or juxtaposed to each other harmoniously."[3] "Communication .... appears to take place through the juxtapositioning of an elicited idea to some other idea or set of ideas, and in such a way that the elicited idea is harmoniously associated with the set."[4]

Fauconnier maak melding van gelyklopende of paralelle gedagtesisteme van die kommunikator en sy bestemming.[5]

De Fleur wys op 'n isoformisme wat voorkom tussen die interne reaksie

---

1. Ibid., p. 18

2. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 93. Konnotatiewe betekenisse word soms makliker gewysig as denotatiewe betekenisse.

3. Stewart, op. cit., p. 74

4. Ibid., p. 106

5. Fauconnier, Massamedia en samenleving, pp. 166, 167

(betekenis) wat die stel simbole (boodskap) by sowel die kommunikator as die bestemming laat ontstaan.[1]

Shands laat egter geen twyfel oor sy beskouing van konsensus nie. "The meaning of meaning is consensus, and the birth of meaning is in the social process allowing consensus to develop."[2]

---

1. De Fleur, op. cit., p. 126

2. Shands, H.C. Outline of a general theory of human communication: Implications of normal and pathological schizogenesis. In: Thayer, L. Communication: Concepts and perspectives., p. 104. Shands erken hiermee net konnotatiewe betekenis wat 'n oorvereenvoudiging van sowel konsensus as betekenis is.

# HOOFSTUK 5

# KONSENSUS IN INTERPERSOONLIKE KOMMUNIKASIE

## 5.1 Inleiding

Om konsensus[1] in interpersoonlike kommunikasie toe te lig, moet sekere aspekte van interkommunikasie eers bespreek word. Veral die aard en omvang van interkommunikasie word kortliks uiteengesit.

Die meeste kommunikasiekundiges beskou kommunikasie "as a process, not a thing."[2] Kommunikasie is 'n dinamiese handeling,[3] waarna die per=sone wat daarby betrokke is, nie meer dieselfde is as vóór die kommu=nikasiegebeure nie.

So 'n aanname oor kommunikasie as proses berus op die volgende begin=sels:

1. Kommunikasie is 'n voortdurende veranderde en voortstuwende fenomeen.
2. Om 'n kommunikator en 'n bestemming in elke kommunikasiesituasie aan te wys, is 'n kunsmatige besluit. [4]
3. Kommunikasie het inderdaad geen begin of einde nie.
4. Kommunikasie is 'n handeling tussen mense waar die optrede van een

---

1. In hierdie hoofstuk word deurgaans met konsensus verwys na spesi=fieke konsensus, behalwe waar anders aangedui.
2. Patton, B.R., Giffen, K. Interpersonal communication. Basic tests and readings, p. 5; Berlo, op. cit., p. 24; Brooks, W.D. Speech communication, p. 6
3. Daar is voortdurende simboliese (verbaal en nie-verbaal) wissel=werking tussen diegene wat kommunikeer. In sy Retorika het Aristoteles daarop gewys dat in kommunikasiesituasies minstens drie elemente noodsaaklik is: 'n spreker, boodskap en 'n luister=aar. Vergelyk Berlo, op. cit., p. 25. In die Kommunikasiekunde val die klem op die dinamiese "wisselwerking" van boodskappe. Vergelyk Borden, G.A. An introduction to human-communication theory, p. 18
4. In interpersoonlike dialogiese kommunikasie ruil die rolle van kom=kommunikator en bestemming voortdurend.

persoon 'n ander voortdurend beïnvloed, en omgekeerd.[1]

Berlo noem twee probleme wat by 'n beskouing van kommunikasie as pro=ses voorkom. Om die dinamiek van kommunikasie vas te vat, is soort=gelyk aan die fotografering van bewegende voorwerpe. Van die foto kan bruikbare afleidings gemaak word, maar die foto is nie 'n volledige reproduksie van die werklikheid nie.[2] Dit is 'n statiese weergawe van 'n dinamiese gebeure. Hoewel die verskillende objekte uitgeken word, is die verband nie duidelik waarneembaar nie.

Die tweede probleem duik op by die gebruik van woorde om die proses van kommunikasie te beskryf. Taal is 'n proses omdat dit onderworpe is aan voortdurende verandering en ontwikkeling. Geskrewe taal, en ook die gesproke woord, is oor 'n kort tydsbestek betreklik staties. Hierdie statiese verbale simbole word gebruik om die proses van kommu=nikasie te "bevries".[3]

Sowel Peters as Fauconnier tref 'n onderskeid tussen kommunikasie as proses ("daar vind kommunikasie plaas wanneer ......") en kommunikasie as 'n toestand ("daar is kommunikasie as ......").[4] Fauconnier stel die

---

1. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 55. Vergelyk ook Dance, F.E.X. A helican model of communication. In: Sereno & Mortensen, op. cit., p. 105. Die verband tussen kommunikasie-interaksie (inter=action) en simboliese handeling (transaction) word deur Turney-High so verduidelik: "..... communication is the material out of which interaction is made and is not interaction itself." Tur=ney-High, H.H. Man and System: foundations for the study of human relations, p. 184 e.v. "Transaction and communication are not synonomous, even if when the one is present, the other is also. Transaction refer to the interpenetrative influence a personality or groups of personalities have on each other, and communication is the method by which this influence is accomplished." Ibid. p. 199. Die begrip "transaction" kan ook beteken 'n skikking, ver=gelyk of ooreenkoms. Bosman. Tweetalige woordeboek, Engels-Afrikaans, p. 1783

2. Berlo, op. cit., p. 25

3. Ibid.

4. Peters, op. cit., p. 5; Fauconnier, op. cit., p. 24

vraag of daar soms hieroor nie verwarring bestaan nie, veral as ge= probeer word om te onderskei tussen kommunikasie en geslaagde kommuni= kasie. As kommunikasie 'n toestand aandui, skyn die vraag te wees of die bestemming die boodskap ontvang het en die bedoeling van die kom= munikator begryp is.[1] By kommunikasie as proses is hierdie vraag nie van soveel belang nie. Die proses dui grootliks op die dinamiese gebeure wanneer kommunikasie plaasvind. As met kommunikasie as toe= stand bedoel word dat iets tussen mense gemeenskaplik gemaak word, is die implikasie duidelik dat kommunikasie as proses moet plaasvind.[2]

Tydens die dinamiese kommunikasiegebeure deel mense hul ervarings sim= bolies met mekaar. "..... 'communication' is therefore that particu= lar event which culminates in some degree of shared experience. The experience for the involved parties may be either 'direct' in terms of the time and space dimensions of the event, or it may be 'vicarious' (indirect) involving the processing of surrogate elements (ranging from arbitrarily different to highly related) which are substitutes for the original direct experience, and which occur at a point in time and/or space removed to source degree from the original event."[3]

Kommunikasie as proses kan nie bloot beskou word as die oordrag van inligting (of iets anders) nie. Slegs die boodskap word dan beklemtoon, en wel die inhoud daarvan.[4] Diegene wat by die kommunikasiegebeure betrokke is, word op die agtergrond geskuif, en dit is 'n verskraling van die studie van menslike kommunikasie. Wanneer mense hul ervarings

---

1. Fauconnier, G. op. cit., p. 24
2. Ibid.
3. Goyer, op. cit., p. 5
4. Myers & Myers, op. cit., p. 8

deel, vind 'n simboliese wisselwerking plaas wat lei tot betekeniskon= stituering.[1]

"We prefer to view communication as a 'transactional process. All persons are engaged in sending (encoding) and receiving (decoding) messages simultaneously. Each person is constantly sharing in the encoding and decoding process, and each person is affecting the other."[2]

Hierdie beskouing hou belangrike implikasies in vir die studie van konsensus in interpersoonlike kommunikasie. "Communication requires idea formulation by both the speaker and the listener. Meanings occur only within people; communication is the process through which one person formulated a meaning and induces a second person to formulate approximately the same meaning. Thus, explanation of the communica= tion process must examine the individuals involved and the factors which connect those individuals in the mutual acquisition and compre= hension of ideas."[3]

Om te begryp hoe 'n mens voortdurend en aktief met sy hele persoonlik= heid in kommunikasie betrokke is,[4] moet onderskei word tussen intra- en interkommunikasie.

## 5.2 Intrakommunikasie

### 5.2.1 Omskrywing

Intrakommunikasie is 'n persoon se kommunikasie met homself. Blignaut

---

1. Nwankwo, op. cit., p. 205

2. Wenburg & Wilmot, op. cit. p. 55

3. Trent, J.D., Trent J.S. The process of human communication. In: Trent, J.D. e.a. Concepts in communication, p. 59. Vergelyk ook Myers & Myers, op. cit., p. 9

4. Jordaan, op. cit., p. 3

en Fourie stel dit dat intrakommunikasie bestaan uit die denke, gevoel en al die gewaarwordinge wat 'n individu op 'n bepaalde tydstip beleef. Intrakommunikasie sluit ook die innerlike verwerking en vertolking van die betekenisse wat die persoon aan simbole heg, in.[1] Nuwe betekenisse word altyd in verband gebring met reeds bestaande betekenisse en word in die geheue vir latere gebruik geberg.[2] Ander prosesse, o.m. voor= stellingsvermoë, konsepvorming en kreatiewe denke, dra by tot nuwe bewussynsinhoude, wat die individu se intrakommunikatiewe lewe verryk.

'n Belangrike deel van intrakommunikasie staan in verband met waarneming. Sodra betekenis aan sintuiglike indrukke toegeskryf word, is daar sprake van intrakommunikasie. Rogers noem dit die simbolisering van organismiese ervarings.[3] Hierdie simbolisering van organismiese kommu= nikasie[4] impliseer dat die inwerkende prikkel tot 'n betekenisvolle waarnemingsinhoud ontwikkel, aldus Blignaut.[5]

'n Individu se verwysingskader bepaal grootliks wat die persoon sal waarneem en verwerk. Aandag en waarneming is egter selektief[6] en daarom stel 'n mens homself ook selektief bloot aan potensiële boodskappe.[7] Broadbent maak gewag van 'n "filter" wat grootliks bydra tot die selek= sie van waarnemingsinhoude.[8]

---

1. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 101

2. Dit kan beskou word as intrakommunikatiewe konsensus.

3. Jordaan, op. cit., p. 4

4. Blignaut, Fourie en Jordaan onderskei tussen organismiese en intra= kommunikasie. Vergelyk Jordaan. op. cit., pp. 3, 4; Blignaut & Fourie, op. cit., pp. 100, 101.

5. Blignaut, F.W. Kommunikasie: Sielkundige aspekte en oorwegings, p. 5

6. Schneider, op. cit., p. 92

7. Ibid. Vergelyk ook Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 120 e.v.

8. Broadbent, D.E. Perception and communication, p. 251 e.v. Vergelyk ook Applbaum, R.L. e.a. Fundamental concepts in human communication, p. 20. Broadbent se beskouing van "filter" is soortgelyk aan die konsep van die verwysingskader wat selektiewe blootstelling noodsaak.

Waarneming kan egter die vonk wees wat die intrakommunikasie van 'n individu aan die gang sit. "Intrakommunikasie of simbolisering is essensieel 'n kognitiewe dinkproses waardeur die mens in sy bewussyn voorstellings en konsepte vorm van inwerkende prikkels en sy belewe=nisse in die verband. Hierdie voorstellings wat varieer van die hoogs konkrete (fisiese objekte soos kos, fiets, boom, perd, ens.) tot die hoogs abstrakte (die Godheid, naasteliefde, ens.) is simbolies van aard, d.w.s., weergawes van die konkrete en abstrakte werklikheid."[1]

Jordaan meen dat intrakommunikasie nie soseer bestaan uit suiwer sin=tuiglike prikkels of indrukke nie. "Die voorstellings wat deur intra=kommunikasie ontstaan, is die resultaat van die huidige inwerkende prikkel, die kwaliteit en intensiteit van gepaardgaande affektiewe inhoude en alle ander elemente wat daardeur na vore gebring word - vorige ervarings, geheue-inhoude, assosiasies, waardes, behoeftes, houdings - kortom, die individu se hele verwysingsraamwerk. Dit alles bepaal en kleur gesamentlik die betekenis van elke nuwe ervaring wat weer die gepaardgaande waarnemingsinhoude en die daaropvolgende gedrag beïnvloed."[2]

'n Individu, bewus van sy omgewing en die kommunikasiesituasie waarin hy hom bevind, is voortdurend besig om boodskappe te dekodeer, maar ook te enkodeer. "The minimum conditions for communication is a more or less constant monitoring of the two realms of experience, the physi=cal and the simbolic. No event in our physical world has any self=contained or proper significance; nor for that matter, does activity

---

1. Jordaan, op. cit., p. 4. Vergelyk ook Haney, W.V. Perception and communication. In: Patton, B.R., Giffen, K. Interpersonal communication. Basic text and readings, pp. 193, 194; Du Toit & Van der Merwe, op. cit., pp. 140 - 143.

2. Jordaan, op. cit., p. 4

within us. Meaning occur, rather, when we interpret or assign significance to the aspects of our experience."[1]

Intrakommunikasie kan nie van interkommunikasie geskei word nie. Dit laat individuele gesteldhede ontstaan en bepaal die kwaliteit van denke en handeling van die kommunikerende individu wat in 'n aktiewe en dinamiese interkommunikasie met sy medemens verkeer.[2] Intrakommunikasie dien as grondslag vir interkommunikasie.[3]

### 5.2.2 Intrakommunikasie en konsensus

Faktore wat konsensus baie in interpersoonlike kommunikasie beïnvloed, kan teruggevoer word na intrakommunikasie. Enkele van hierdie faktore word vervolgens bespreek.

Een van die belangrikste aspekte van die menslike persoonlikheid, en wat deur intrakommunikasie bepaal word, is die konsep van die self. Selfkonsep kan kortliks omskryf word as die fisiese, sosiale en psigologiese waarneming van die self en wat ontwikkel vanweë individuele ervaring en kommunikasie met ander.[4] Hall en Lindzey beskou dit as die bewus wees van die self as mens en hoe hy in bepaalde situasies optree.[5]

Die psigoloog Rollo May meen dat die bewuswording van die self aan die mens die moontlikheid gee om homself te sien soos ander hom sien en om 'n gevoel van empatie jeens hulle te ontwikkel.[6] Dit gee aan 'n

---

1. Mortensen, op. cit., p. 79
2. Blignaut, op. cit., p. 5
3. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 20
4. Brooks, op. cit., p. 40. Vergelyk ook De Koning, T.L. Motiverings= aspekte in kommunikasie, p. 11
5. Ibid.
6. Patton & Giffen, op. cit., p. 10

persoon die geleentheid om homself in die toekoms te projekteer en 'n voorstelling te vorm van hoe hy in 'n bepaalde situasie behoort op te tree. Ook kan hy homself in die plek van ander stel en 'n kon=sep probeer vorm van hul houdings en gevoelens in 'n sekere situasie.[1]

Indien so 'n persoon homself ken en ander eerlik en opreg probeer be=gryp, sal dit baie bydra tot die bereiking van konsensus. Dit geld veral 'n situasie waar affektiewe simbole gekommunikeer word. So 'n benadering impliseer dat die ander persoon of persone ook eerlik en minder subjektief tot die kommunikasiesituasie toetree.

Die toeskryf van betekenis aan simbole hang in groot mate af of dit voordelig is vir die self of nie. Waar die betekenis vir die self ne=gatief lyk, geskied distansiëring en in gevalle waar die betekenis in 'n positiewe sin aanvaar word, is daar 'n sterk vereenselwiging met die simbole.[2]

Op watter wyse selfkonsep 'n persoon se interkommunikasie kan beïnvloed, blyk uit die volgende voorbeelde. "Negative self-concept (low self-esteem) is developed as a result of many negative experiences over a long period of time. Some of the characteristics or symptoms of nega=tive self-concept are:

1. sensitivity to criticism,
2. over-responsiveness to praise,
3. hypercritical attitudes,
4. a feeling of 'nobody likes me', and
5. a pessimistic attitude towards competition."[3]

---

1. Ibid.
2. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 104. Vergelyk selektiewe bloot=stelling, p. 115, verwysing 1, p. 121
3. Brooks, op. cit., p. 46

Aan die anderkant het die individu met 'n positiewe selfkonsep die nodige selfvertroue om met ander te kommunikeer en ook vertroue in sy vermoë om probleme aan te pak en te probeer oplos. So 'n persoon beskou homself as gelykwaardig aan ander, aanvaar aanprysing sonder verleentheid, is in staat om aan homself te erken dat van sy gevoelens, begeertes vir ander 'n steen des aanstoots kan wees en is bereid om aanvaarbaarder op te tree.[1] Die moontlikheid om konsensus te bereik, is groter tussen mense met 'n positiewe selfbeskouing.

Intrakommunikasie kan 'n ernstige ontwrigting meebring op interkommuni= katiewe vlak. Jourard en Mowrer wys op die teenstrydigheid tussen die private self (dit wat die individu intrakommunikatief beleef i.v.m. homself) en sy openbare self (dit wat hy werklik is in sy interkommuni= kasie met ander). 'n Gebrekkige intrakommunikatiewe lewe kan só daar= toe bydra dat 'n individu soveel van homself op die voorgrond bring dat sy egoïstiese bedoelings die interkommunikasie belemmer.[2] In dié om= standighede is konsensus kwalik moontlik.

'n Mens is hoofsaaklik op homself aangewys vir die evaluering en korrek= sies van sy kommunikasie.[3] Op intrakommunikatiewe vlak is dit van die grootste belang vir konsensus. "Suppose you tell yourself that people are basically untrustworthy. You may reflect on this formulation, interpret your experiences in a very idiosyncratic way, and then confirm your original formulation. Your behavior in subsequent interpersonal or person-to-persons communication encounters will probably be effected by your original formulation that 'people are not to be trusted'. However it is doubtful that interpersonal or person-to-persons communi=

---

1. Ibid.
2. Jordaan, op. cit., p. 7
3. Barker, L.L., Kibler, R.J. Speech communication behavior, p. 32

cation encounters will result in a correction of your original formu= lation. In fact, people who try to act trustworthy may simply provide you with additional evidence that people are capable of being very devious."[1]

Een van die redes hiervoor is die klassifikasiesisteem wat mense gebruik om boodskappe te orden.[2] So 'n sisteem is sorgvuldig oor jare ontwik= kel en is vir die individu die wyse waardeur hy sy omgewing begryp. Mense se klassifikasiesisteme verskil van mekaar vanweë hul verskillende leefwêrelde. Ervarings van dieselfde of soortgelyke gebeure sal ver= skil t.o.v. die wyse waarop dit by reeds bestaande kennis geïntegreer word. Sodanige verskille kan konsensus erg in die wiele ry. Om op intrakommunikatiewe vlak te verseker dat konsensus wel bereik word, vereis 'n besondere kommunikasiepoging. "Communication with others involved an attempt to share our meanings with them by calling up in= side another person a classification and experience reaction similar to ours."[3]

Intrakommunikasie vind gelyktydig en geïntegreerd met interkommunikasie plaas.[4] Verandering en aanpassing van bewussynsinhoude is 'n deur= lopende proses in die mens se lewe, hoewel dit nie altyd deur inter= kommunikasie geopenbaar word nie. Die "algemene konsensus-raamwerk", waarin die meeste interkommunikasie plaasvind, kan die individu van waardevolle leidrade voorsien in die mate waartoe betekenisooreenstemming moontlik is. "The thought process which organizes units of knowledge

---

1. Dance, F.E.X., Larson, C.E. Speech communication. Concepts and behavior., pp. 127, 128

2. Myers & Myers, op. cit., p. 9

3. Ibid.

4. Jordaan, op. cit., p. 6

by relating them to each other is seen here as the most basic form of symbolic process. Therefore, the symbolic process is defined as a series of symbolic actions relating units of symbolic content to each other. At the individual level a person may relate one or more units of his symbolic content to other units external to him. The external symbolic unit may be part of the content of the symbolic sys= tem of another person or that of a collectivity, but it must necessa= rily be part of the human societal symbolic system which is inclusive of all other symbolic systems. Thus a person might imagine or guess what another person is thinking or he might think of what members of a particular group, organization, or nation think about a particular issue or event."[1]

Rokeach het die waarde van konsensus in intrakommunikasie gebaseer op die rol van verskillende oortuiginge in die lewe van 'n mens. Hy het hierdie oortuiginge in verskillende tipes, A tot E, ingedeel.[2]

Tipe A word 'n primêre oortuiging genoem as honderd persent konsensus aanwesig is. Dit word gevorm deur 'n persoon se eerste ervaring met die voorwerp van oortuiging. "The object of belief may be some aspect of physical reality, social reality, or the nature of the self. The distinguishing characteristic of primitive beliefs is that they are based on and maintained through social consensus."[3]

'n Persoon weet bv. hy is 'n man, het 'n naam en beoefen 'n bepaalde beroep. In sy kommunikasie met ander word hierdie feite voortdurend

---

1. Nwankwo, op. cit., p. 205

2. Dance & Larson, op. cit., p. 132 e.v. Hier word slegs aandag gegee aan tipes A en B. Tipe C (gesagsoortuigings), tipe D (af= geleide oortuigings) en tipe E (inkonsekwente oortuigings) is nie van soveel belang by dié studie nie.

3. Ibid, pp. 132, 133

bevestig. Hierdie oortuiginge is die kern van sy totale oortuigings i.v.m. homself. Die oortuigings word verbind met ander bewussynsin=houde. Veranderinge hier sal dadelik aanleiding gee tot aansienlike veranderinge in enige ander oortuiginge.[1]

Tipe B word beskryf as 'n primêre oortuiging waar geen konsensus aan=wesig is nie en is "another type of belief arises from our direct ex=perience with the world around us but is not based on or maintained through social consensus."[2]

Sommige oortuiginge is gebaseer op die mens se idiosinkratiese inter=pretasie van sy ervarings. Dit word aanvaar dat hierdie oortuigings nie deur ander mense beïnvloed word nie. Sulke oortuigings word ook nie maklik deur die individu verander nie.[3] Hulle word gewoonlik ook nie met ander gedeel nie en min kommunikasie vind hieroor plaas. So kan 'n persoon bv. glo dat sy kinders meer intelligent is as die van ander ouers of dat hy gewild is vanweë sy finansiële vermoë. Enige van hierdie of soortgelyke oortuiginge kan essensieel wees in die per=soon se waardestruktuur. Dit sal dan altyd 'n belangrike rol speel in die interpretasie van sy leefwêreld. Ander oortuigings word noodwendig hierdeur beïnvloed.

5.2.3 Samevatting

Intrakommunikasie is van die allergrootste belang om te bepaal op wat=ter wyse iemand met ander om hom kommunikeer om sodoende sy waardes, oortuiginge en houdinge; kortom, sy lewens- en wêreldbeskouing, voort=durend veruiterlik. Sonder dat die individu vir homself duidelikheid gekry het, kan hy nie met ander in verbinding tree nie. Die deel van

---

1. Ibid.
2. Ibid.
3. Ibid.

betekenis geskied dus tussen mense wat ten volle ontplooi is in al die fasette van hul lewe.

## 5.3 Interkommunikasie

### 5.3.1 Omskrywing

Interkommunikasie vind plaas wanneer twee of meer mense direk of indi=rek kommunikeer. Hierdie begrip dui op kommunikasie tussen mense. Massakommunikasie word hierby ingesluit.[1]

Fourie wys daarop dat interkommunikasie bestaan uit interpersoonlike en massakommunikasie.[2] Hierdie beskouing word deur die meeste kommuni=kasiekundiges onderskryf.[3] Jordaan se onderskeiding val uiteen in twee groepe, nl. regstreekse interkommunikasie, wat hy beskryf as 'n ontmoeting van persoon tot persoon (dus interpersoonlike kommunikasie) en onregstreekse interkommunikasie, wat algemeen bekend is as massa=kommunikasie.[4]

Daar is soms verwarring oor die gebruik van die begrippe interkommuni=kasie en interpersoonlike kommunikasie. Merrill en Lowenstein onder=skei vier tipes interpersoonlike kommunikasie: persoon tot persoon, klein groep, groot groep en massa.[5] In ander gevalle word met inter=

---

1. Herbst, D.A.S. Massakommunikasie - 'n Benadering. In: Acta Academica, p. 54

2. Fourie, H.P. Rolprentkommunikasie, p. 3

3. Schramm, W. Men, messages and media, p. 14; Mc Croskey, J.C. e.a. An introduction to interpersonal communication, p. 231 e.v., Wenburg, J.R., Wilmot, W.W. op. cit., p. 22 e.v. Gewoonlik word onderskeid getref tussen kommunikasie in 'n klein groep (mikro=groep), 'n groot groep (makrogroep), waaronder openbare redevoering ingesluit word, en massakommunikasie.

4. Jordaan, op. cit., p. 8 en pp. 10, 11

5. Merrill, J.C., Lowenstein, R.L. Media, messages and men, p. 10. Vergelyk ook die indeling van Meier soos aangehaal deur De Koning, op. cit., p. 6

persoonlike kommunikasie bedoel dat slegs twee mense in die kommunika= sie betrokke is.[1]

In die uiteensetting wat volg, word die indeling, soos deur Fourie[2] uiteengesit, gebruik en word by interpersoonlike kommunikasie onderskei tussen tweeledige kommunikasie (dyadic communication) en groepskommu= nikasie wat verdeel word in mikrogroep- en makrogroepkommunikasie.[3]

## 5.3.2 Interpersoonlike kommunikasie

### 5.3.2.1 Omskrywing

'n Opvallende kenmerk van die omskrywings van interpersoonlike kommuni= kasie, is die noue betrokkenheid van die kommunikerende individue t.o.v. mekaar. "Communication is the form of interpersonal exchange through which figuratively speaking, persons can come into contact with each others minds."[4] So 'n betrokkenheid impliseer nooit eensydigheid nie, want hoewel dit in party gevalle meer voorkom as in ander - bv. 'n ge= sprek teenoor kommunikasie in 'n makrogroep - kan die dominering deur een persoon soms ernstige hindernisse in die weg van konsensus laat ontstaan.

Brooks sê: "Interpersonal communication refers to that communication in which persons are engaged directly with each other in the overt and covert transmission and reception of messages. It does not refer to communication situations in which the sender of a message is unable to communicate directly with an individual as a person, with each aware

---

1. Applbaum, op. cit., p. 9
2. Fourie, op. cit., p. 3
3. McCroskey. e.a., op cit., p. 232 onderskei tussen interpersoonlike kommunikasie en kommunikasie in groepe, hoewel hulle geen beswaar het teen die gebruik van interpersoonlike kommunikasie in groepe nie.
4. Martin & Andersen. Speech communication, p. 50

of the other as a unique person."[1]

Nog 'n omskrywing lui: "Interpersonal communication involves two or more individuals who agree to focus upon one another as sources of messages, but each individual processes the messages privately. It is the sharing of these privately processed meanings which character=izes the act of communicating."[2]

'n Logiese afleiding van hierdie omskrywings is dat individue in me=kaar se teenwoordigheid moet verkeer wanneer hulle kommunikeer, of in regstreekse verbinding moet wees, sodat regstreekse terugvoering moont=lik is. Terugvoering is noodsaaklik om te bepaal of diegene wat in die kommunikasiesituasie betrokke is, ooreenstemmende betekenis heg aan die simbole wat hulle gebruik.[3]

Op grond van die laaste omskrywing, blyk dit dat algemene konsensus in enige interpersoonlike kommunikasiesituasie aanwesig is. Omdat dié soort kommunikasie hoofsaaklik plaasvind tussen diegene wat mekaar ken, is spesifieke konsensus soms latent aanwesig.

Dit is begryplik dat die bereiking van konsensus sal verskil in 'n tweeledige en 'n groepsituasie, en elkeen word dus afsonderlik bespreek.

5.3.2.2 Tweedelige kommunikasie (Diad)

5.3.2.2.1 Omskrywing

Kommunikasie, waarby net twee persone betrokke is, word beskou as twee=

---

1. Brooks, op. cit., p. 10

2. Pace & Boren, op. cit., p. 308

3. Schramm, W. How communication works. In: De Vito, J.A. (ed.) Communication: concepts and processes, p. 19

ledige kommunikasie.[1] Die twee basiese vorme wat hier onderskei word, is die gesprek en die onderhoud.[2]

Tweeledige kommunikasie het unieke kenmerke en probleme,[3] in teenstel= ling met bv. groepskommunikasie. Die grootte en die afhanklikheid van mekaar om die kommunikasie se voortgang te verseker, bring mee dat die kommunikasie meer spontaan, intiem en vertroulik is. ".... dyadic communication is an interpersonal situation involving dialogue, or two-way verbal interaction. In dyadic communication two persons initiate messages and responds as they mutually influence each other in a face-to-face communication situation. Each person sends and receives in= formation. The free interchange gives to dyadic communication a high potential for information sharing and an opportunity for effective integration in which each source is influenced and changed by the other.[4]

Tussen die twee kommunikasiedeelgenote kan 'n besondere verhouding ontstaan wanneer idees en oortuiginge onderling gemeenskaplik gemaak en as individuele ervaring geïntegreer word. 'n Onderlinge afhanklik= heid kan mettertyd ontstaan wat 'n duursamer kommunikatiewe verhouding tot gevolg sal hê.[5]

'n Interpersoonlike verhouding kan òf komplimentêr òf simmetries wees.[6]

---

1. Dit word ook 'n diad genoem na aanleiding van die begrip "dyadic communication." Vergelyk Joubert & Steyn. op. cit., p. 156. Daar word ook soms verwys na 'n triad, waar drie persone kommuni= keer. Ibid. Laasgenoemde word in hierdie studie beskou as 'n mikrogroep.

2. Gesprekke en onderhoude bestaan dikwels uit meer as twee persone, maar is nie in hierdie bespreking relevant nie.

3. Ibid., p. 155

4. Brooks, op. cit., p. 186

5. Wiseman, G., Barker, L. Speech - interpersonal communication, pp. 186, 187

6. Swenson, C.H. Introduction to interpersonal relations, p. 60

Eersgenoemde kom voor in 'n kommunikasiesituasie waar een persoon die dominante rol vervul, bv. ouer-kind, dosent-student en werkgewer-werknemer.[1] In 'n simmetriese verhouding het albei 'n gelyke status en kan albei ook ewe veel inisiatief aan die dag lê met kommentaar, kritiek en leiding.[2] Komplimentêre verhoudings word algemeen in 'n gemeenskap aangetref, bv. in skole, kerke en geregshowe. Hoewel hierdie kommunikasie soms 'n duidelike monologiese vorm aanneem, is dit in bepaalde omstandighede baie effektief. In ander gevalle is 'n simmetriese verhouding noodsaaklik vir die bevordering van sinvolle dialogiese kommunikasie, [3] bv. 'n gesprek tussen kollegas.

Enkele van die vernaamste kenmerke van gesprekke en onderhoude word kortliks gestel.

'n Toevallige gesprek ontstaan spontaan en is soms niks meer nie as die wedersydse uitruil van vriendelike gemeenplase met kenisse; gevolglik is dit fatiese kommunikasie.[4] 'n Toevallige gesprek is 'n baie kwes=bare situasie, want sodra een van die gespreksgenote hom onttrek, is die gesprek subiet beëindig. Hoe formeel 'n beplande gesprek (inten=sioneel gerig op 'n bepaalde doel) gaan wees, hang af van wie die ge=sprek begin en van wat die doel daarvan is. Hoe formeler dit verloop, hoe meer neig dit na 'n bespreking. Om 'n sinvolle tweegesprek te voer, moet die subjektiewe gesteldhede van albei persone meer op die agtergrond geskuif word. 'n Gesprek word gebruik om behoeftes te stel, die individu se fisiese en psigiese toestand uit te druk en ook om waarnemings te veruiterlik.[5] Aspekte soos identifikasie, voorkeure

---

1. Wenburg & Wilmot, op cit., p. 105
2. Swenson, op. cit., p. 60
3. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 105
4. Condon, op. cit., pp. 88, 89
5. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 130, 131

en waardebepaling is hier van belang. Dit bepaal nie alleen die aard van die kommunikasie nie, maar ook die keuse van die gespreksgenoot.

Soos 'n gesprek is 'n onderhoud 'n bi-polêre kommunikasiesituasie.[1] Dit is 'n beplande vorm van tweeledige kommunikasie, maar minder kwes= baar as 'n toevallige gesprek. "The interview is a form of dyadic com= munication involving two parties, at least one of whom has a precon= ceived and serious purpose, and both of whom speak and listen from time to time."[2]

Daar is geen wesenlike verskil tussen 'n beplande gesprek en 'n onder= houd nie,[3] behalwe dat in laasgenoemde geval 'n spesifieke benadering gevolg kan word waarvan die reëls en prosedure van die van 'n gewone beplande gesprek kan verskil.[4] 'n Gesprek is minder gestruktureerd as 'n onderhoud en stuur nie altyd af op 'n voorafbepaalde doel nie. 'n Onderhoud word gevoer met 'n bepaalde doel, bv. om inligting te bekom, menings i.v.m. sekere sake te verneem, moontlike oplossings vir pro= bleme te vind, om samewerking te verkry en om hulp en leiding van die een of ander aard te verleen.[5]

In die bespreking van konsensus in tweeledige kommunikasie word nie

---

1. Brooks, op. cit., p. 193

2. Ibid. Vergelyk ook Pace & Boren, op. cit., p. 312 e.v.

3. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 132

4. In die Sielkunde word onderskei tussen direktiewe en nie-direktiewe metodes, terwyl die kommunikasiebenadering van Robinson gerig is op die uitwerking van die voorligter se response op die gedrag van die respondent. Vergelyk Prins, S.J., Roux, A.S. Voorligtingsiel= kunde, p. 28. 'n Terapeutiese situasie impliseer 'n besondere kommunikatiewe verhouding tussen 'n voorligter en 'n hulpsoekende persoon. Vergelyk Rogers, C.R. The characteristics of a helping relationship. In: Giffen, K., Patton, B.R. Basic readings in interpersonal communication, p. 398; Ruesch, J. Therapeutic communication, p. 31

5. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 133

verder afsonderlik verwys na 'n gesprek en 'n onderhoud nie.

5.3.2.2.2 Konsensus in tweeledige kommunikasie

Oppervlakkig beskou, lyk dit of die bereiking van spesifieke konsensus in tweeledige kommunikasie min probleme behoort op te lewer. In geen ander kommunikasiesituasie kan dit egter so misleidend wees as juis hier nie.

Vir die grootste deel van interpersoonlike kommunikasie is slegs alge= mene konsensus noodsaaklik. In 'n gemeenskap kommunikeer elke mens spontaan en vrywillig met gesinslede, familie en vriende. Met vreem= delinge moet eers 'n kennismaakperiode afgehandel word. "Usually the acquintance process takes the form of a kind of verbal fencing in which each person 'sizes up' the other person. Each tries to find out who this other person is while concealing himself until he knows some= thing about the other person's identification, attitudes and values. If he discovers that the other person has attitudes and beliefs like his own, and if he feels 'safe' with the other person, he will reveal himself more freely. If, however, he is threatened or insecure with this stranger, he will reveal as little of himself as he can."[1] Die algemene konsensus tussen diegene wat aan mekaar bekend is, vergemak= lik interpersoonlike kommunikasie, maar beperk dit ook in baie gevalle tot oppervlakkige gemeensaamheid.

Om spesifieke konsensus te bereik, word in interpersoonlike kommunika= sie 'n groot aantal sosiale determinante betrek. Dié faktore se onder= linge invloed en afhanklikheid maak enige tweeledige kommunikasie= situasie baie ingewikkeld. Omdat die faktore in die kommunikasie= situasie nie altyd duidelik na vore kom nie, word dit dikwels òf as vanselfsprekend aanvaar òf geïgnoreer, met nadelige gevolge t.o.v.

---

1. Brooks, op. cit., p. 186

konsensus.

Elke mens kommunikeer 'n toonbeeld wat vir homself aanneemlik is. "Elkeen skep dus in sy eie toonbeeld daardie betekenisse waaraan hy met verloop van tyd in kommunikasie met ander geleer het om waarde te heg en aldus ook sy kennis vir ander aanneemlik te maak. Hierdie toonbeeld hou verband met sy insig en die intellektuele en emosionele waardestelsels waarmee elkeen hom individueel met verloop van tyd leer vereenselwig het."[1]

Hoe ingewikkeld waarneming en begrip in 'n tweeledige kommunikasie= situasie kan wees, word deur Homes en Ross beskryf. Aan elkeen van die twee individue is vier verskillende konsepte gekoppel. Vir per= soon A is daar sy werklike self, wat gedeeltelik oorvleuel met wat hy dink hy is.[2] Derdens is daar die situasie oor wat B van hom dink, maar ook wat hý dink B van hóm dink. Ingelyks is dieselfde situasie by B aanwesig.[3]

Buber maak melding van 'n soortgelyke situasie. "Let us now imagine two men, whose life is dominated by appearance, sitting and talking together. Call them Peter and Paul. Let us list the different confi= gurations which are involved. First, there is Peter as he wishes to appear to Paul, and Paul as he wishes to appear to Peter. Then there is Peter as he really appears to Paul, that is, Paul's immage of Peter, which in general does not in the least coincide with what Peter wishes Paul to see; and similarly there is the reverse situation. Fur= ther, there is Peter as he appears to himself, and Paul as he appears to himself. Lastly, there are the bodily Peter and the bodily Paul.

---

1. Blignaut & Fourie, op. cit. p. 135

2. Ross, R.S. Persuasion: Communication and interpersonal relations, pp. 55, 56

3. Ibid.

Two living beings and six ghostly appearances, which mingle in many ways in the conversation between the two. Where is there room for any genuine interhuman life?"[1]

Die differensiasie tussen die self en die ander word nooit heeltemal voltooi nie.[2] Wanneer die oriëntering van die self bedreig word, en die vertrouensposisie in die kommunikasiesituasie in die gevaar gestel word deur die twyfel aan die eerlike bedoelings van die ander party, kan geen konsensus tot stand kom nie.

Selfs al word bogenoemde struikelblokke in die weg van tweeledige kon= sensus oorkom, is daar nog ander faktore wat in ag geneem moet word.

Twee algemene mistastings kom dikwels voor t.o.v. die verwagte reaksie van die ander persoon. "The first is to talk about a topic in such general terms that the listener cannot understand what response is sought. The second is to assume that if the listener understands he will automatically respond with belief and action."[3]

---

1. Buber, M. Elements of the interhuman. In: Stewart, J. Bridges not walls. A book about interperson communication, p. 292. Die fenomenologiese begrip, intersubjektiwiteit, kom in hierdie opmerk= ing van Buber na vore. Een mens neem die bestaan van 'n ander as vanselfsprekend aan en kommunikeer met sodanige individue op grond van die veronderstelling dat ander in baie eienskappe met hom oor= eenstem. Twee vrae word hier gestel: 1. Hoe word die "ander self" deur myself gekonstitueer as 'n "self" met dieselfde (eidetiese) kenmerke as my eie "self"? 2. Hoe word die ervaring van my begrip van die ander, en die ander se begrip van my, gekonstitueer? Schutz, A. On phenomenology and social relations, p. 319

2. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 114

3. Phillips, D.C., Lamb, J.H. Speech as communication, p. 35. Mense neem te geredelik aan ander persone "praat ons taal", en verstaan altyd presies wat ons bedoel. Enersyds is mense se woordeskat ook te beperk om komplekse gedagtes uit te druk en andersyds ly hulle ook aan verbale "inflasie". Vergelyk ook Andersch, op. cit., p. 117 e.v. Karl Barth noem kommunikasie 'n barbaarse aangeleentheid "omdat woorde nie tot mekaar gespreek word nie". Jordaan, op. cit., p. 9

Probleme kan ook ondervind word met die openlike (overt) en verskuilde (covert) betekenisse van boodskappe.[1] Elke bekende kommunikasie-uiting is maklik waarneembaar. Swye kan egter ook 'n besondere bete=kenis inhou, bv. stilswyende instemming of die nie-aanvaarding van 'n gestelde standpunt. Karl Jaspers sê: ".... the most profound experience is that of silence".[2] Waar persone mekaar nie goed ken nie, kan die verskuilde betekenis die moontlikheid vir die bereiking van spesifieke konsensus aansienlik verminder.

Party mense konsentreer so op die verbale deel van die boodskap[3] dat die nie-verbale betekenis by hulle verbygaan. Gesigsuitdrukkings, gebare, liggaamshoudings, stembuigings, e.s.m. kan 'n besondere kwali=teit aan die boodskap gee.[4] Nie-verbale simbole kan die verbale sim=bole in die boodskap aanvul, wysig, versterk, aksentueer, voltooi en reguleer.[5]

Aan die anderkant kan mense soms aanvaar dat hulle wel kommunikeer, en ook konsensus bereik het, terwyl dit nie die geval is nie. "Commu=nication between individuals or groups in which each party assumes that the other party understands the major elements of his message or communication, whereas in fact, because of divergent interests and perspectives, each party is focusing upon and emphasizing different aspects of the conversation. Much of human communication involves

1. Phillips & Lamb, op. cit., p. 35
2. Zuidema, S.U. Communication and confrontation, p. 185. Jaspers het met hierdie opmerking meer bedoel as in die konteks waar dit hier gebruik word. Vergelyk Jaspers, K. Truth as communicability. In: Matson, F.W., Montagu, A. The human dialogue. Perspectives on communication, pp. 518, 538
3. Die teenoorgestelde kan ook gebeur.
4. Knapp, M.L. Nonverbal communication in human interaction, p. 21
5. Ibid. Sien ook 4.2.2, p. 95

some pseudo communication, but this usually does not generate problems. Indeed, it often creates an illusion of social harmony and agreement on unimportant matters, and it probably tends to smooth social inter= action. However, when accurate communication is crucial to coöpera= tion, dicision making, or the like, pseudo communication causes con= flict and distrust."[1]

Die geloofwaardigheid en eerlikheid van die persone wat kommunikeer, word getoets aan wat Ellingsworth en Clevenger die sosiale werklikheid noem. Die betekenisse van kommunikasieboodskappe word ge-evalueer aan die hand van die waarneming en ervaring van die ander persoon in dieselfde of soortgelyke situasies.[2] Vir die individu bly sy belewe= nisse subjektief en onbeproef totdat hulle in interpersoonlike kommuni= kasie blootgestel is aan die tempering van ander insigte wat deur sy kommunikasiedeelgenote na vore gebring is.[3]

Onduidelikhede en misverstande kan slegs deur dialogiese kommunikasie uit die weg geruim word. Wiseman en Barker stel dit duidelik dat in so 'n "naby-persoonlike" situasie, die twee persone voortdurend hul bood= skappe moet aanpas.[4] Verruiming van betekenisse vind baie keer in dialogiese kommunikasie plaas, en albei persone moet bereid wees om dit so te aanvaar. Om wedersydse bedoeling vas te stel, is 'n tydro= wende proses in 'n situasie waar tyd dikwels 'n kritieke faktor is.[5]

In dialogiese kommunikasie moet in gedagte gehou word dat die kommuni=

---

1. Theodorson, op. cit., pp. 319, 320
2. Ellingsworth, H.W., Clevenger, T. Speech and social action, p. 28
3. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 115
4. Wiseman & Barker, op. cit., p. 188
5. Ibid.

kasie tussen die twee persone plaasvind op 'n wedersydse aanvaarding van genoeg ooreenkomste wat tussen hulle as individue bestaan om betekenisvolle ervaring te deel. 'n Gemeenskaplike simboolsisteem verseker dat hulle mekaar verstaan.[1] Albei persone is intersubjektief betrokke by die kommunikasiegebeure en 'n identifikasie met en wedersydse erkenning van mekaar as afsonderlike individue vind plaas. Intersubjektiwiteit bring 'n relasionele band tussen die kommunikerende individue tot stand.[2] So 'n verhouding kan baie bydra tot die bereiking van (spesifieke) konsensus.

By die mens is 'n bewuste behoefte en bereidwilligheid aanwesig om aan ander sy denke, houdinge en gevoelens te openbaar.[3] Om dit bloot te lê, gaan so 'n persoon oor tot 'n uitdrukkingshandeling, wat kulmineer in 'n boodskap. Só 'n boodskap moet vertolk word deur die persoon op wie dit intensioneel gerig is. "Om te vertolk, is om die simboolwaarde van die handeling .... te begryp en op die wyse deur te dring tot die gemoedstoestand wat openbaar word, of die bedoeling wat tot uitdrukking gekom het."[4] Die boodskap moet deur die vertolker verstaan word,[5] en hy moet aan die mededeler blyke van sy begrip gee deur verbale en/of nie-verbale terugvoering. Sinvolle kommunikasie geskied as die uitdrukking en vertolking uitloop op spesifieke konsensus.

---

1. Habermas, J. Knowledge and human interests, p. 157

2. Ibid.

3. Coetzee, P.C. Die kommunikasieleer en die Biblioteekkunde, p. 5

4. Ibid., p. 6

5. By vertolking word die begrip hermenentiek soms gebruik. "Hermeneutic understanding must employ inevitably general categories to grasp an inalienably individual meaning." Habermas. op. cit., p. 159. Hermenentiek is nie net interpretasie of vertolking nie. Vergelyk Robinson, J.M. Hermeneutic since Barth. In: Robinson, J.M., Cobb, J.B. (ed.) New frontiers in Theology, Vol. 2. The new hermeneutic, p. 1 e.v.

Omdat die mens beperkings het wat betref sy waarneming, intellektuele vermoë en kennis, kan hy nie maklik foute in sy kommunikasie met ander uitskakel nie. Sy welslae om komplekse probleme op te los, wat grootliks deur sy veranderde omgewing en sy afhanklikheid van die omgewing daargestel is, word beperk deur sy onvermoë om foute in waarneming en evaluering binne redelike perke te hou.[1] Slegs deur intersubjektiewe bevestiging kan een persoon ervaar dat sy belewenisse in ooreenstemming is met die van 'n ander in soortgelyke of ooreenstemmende situasies. Sodoende sal sy ervaring 'n getrouer weergawe van die belewenisse wees as sy eie individuele belewenisse. "Since man cannot obtain an 'error-free' sighting on his environment, he is forced to accept the best available substitute, intersubjective confirmation, as a means of minimizing error. That is, the perceptions or judgements of any one individual are known to be rather unreliable. But, those of his perceptions or judgements which can be confirmed by comparison with the perceptions or judgements of other individuals (also unreliable) tend to be more reliable than the general output of any other one subjective process."[2]

Waar mense mekaar se ideale, verwagtings, houdings, waardes, e.s.m. goed ken, kan dié algemene konsensus 'n grondslag vorm vir intersubjektiewe bevestiging. Laasgenoemde kan dan aanleiding tot spesifieke konsensus gee. Intersubjektiewe bevestiging kan op die vlak van tweeledige kommunikasie egter lei tot spesifieke konsensus wat nie noodwendig strook met die werklikheid nie. Wanneer (spesifieke) konsensus eers bereik is, bly dit soms voortbestaan selfs in die lig van onweerlegbare feite wat die teenoorgestelde bevestig.[3] 'n Belangrike impli=

---

1. Darnell, D.K. Towards a reconceptualization of communication. In: <u>The Journal of communication</u>, Vol. 21, p. 8

2. Ibid., pp. 8, 9. Vergelyk no. 1, p. 133

3. Ibid., p. 10

kasie van konsensus moet hier in gedagte gehou word: "Spontaneous (in= dependently arrived at) consensus is vastly superior to contrived (induced) concensus as evidence that error is minimized in a particular system or decision."[1]

Bales en Borgatta wys daarop dat in tweeledige kommunikasie 'n hoë mate van spanning bestaan.[2] As die twee persone die verhouding nogtans wil handhaaf, probeer hulle antagonisme en dissensus voorkom deur bepaalde onderwerpe te vermy. "Die lede van die diad het 'n hoë ratio van vra van mening, en konsentreer grootliks op die uitruiling van informasie en samestemming. A.P. Hare wys daarop dat hierdie tipe interaksie= patroon toegeskryf kan word aan 'n delikate magsbalans wat in die diad bestaan. Daar is nie 'n meerderheid waartoe hulle hul kan wend nie en daar is 'n implisiete ooreenstemming dat die twee lede hulle sal beperk tot die sfere waarin hulle kan saamstem."[3]

Gewoonlik neig die twee lede om hulself te beperk tot die norme in hul kommunikasie waartoe albei ingestem het. Die rede is dat daar geen ander metode is - bv. 'n arbiter, 'n derde persoon of 'n ander kommuni= kasiestruktuur - wat uitsluitsel kan gee oor delikate kwessies of hul kommunikasie vergemaklik nie. Dit kan wel gebeur dat die een lid neig om 'n aktiewer rol te speel en sodoende die inisiatief oorneem, terwyl die ander persoon 'n passiewer rol vervul, maar die mag van veto behou.[4]

Dit is uit die voorgaande bespreking duidelik dat die dialektiese aard van kommunikasie die totstandkoming van konsensus baie beïnvloed. In 'n tweeledige situasie kan albei persone 'n aktiewe bydrae lewer om

---

1. Ibid., p. 11
2. Joubert & Steyn, op. cit., p. 156
3. Ibid.
4. Ibid.

konsensus moontlik te maak. (Hier kan unilaterale kommunikasie voor=kom, en dit hoef nie enige uitwerking te hê op die bereiking van kon=sensus nie.)

Onder invloed van die fenomenologie word kommunikasie beskou as 'n wederkerige handeling.[1] Berelson, Schramm en Klapper het die handeling tussen die kommunikator en sy bestemming beklemtoon met laasgenoemde as aktiewe, reagerende deelnemers. Kommunikasie kan net begryp word "as individuele predisposisies, sosiale invloede, persoonlike ervarings en ander faktore wat mense tot die kommunikasiesituasie bydra in ag geneem word wat op hul beurt weer die gehoor se reaksie tot kommunika=sie beïnvloed."[2]

Sinvolle kommunikasie impliseer dat die mens ten volle met sy hele menswees in die kommunikasiegebeure betrokke is.[3] In die ware dialoog moet elke deelnemer bereid wees om homself in eerlikheid en waarheid tot die ander te rig ten einde 'n ontmoeting daar te stel. In die sfeer van die intermenslike word die mens eers ég mens, aldus Buber. "Where the diological word genuinely exists, it must be given its right by keeping nothing back ..... But where the dialogue is fulfil=led in its being between partners without reserve and are free of

---

1. Walker, J.H. 'n Sosiologiese studie van Openbare Skakelwerk as kommunikasievorm, p. 68

2. Ibid., p. 69

3. Vergelyk Matson, F.W., Montagu, A. The human dialogue, p. 8. Joost Meerloo sê: "I cannot converse with my authoritarian-minded friend. His looks are too serious and he dictates the subject mat=ter at dinner. The play of conversation must be a collective ac=tion; it must be speaking in such a way that the listener is able to receive the words and to know how to deal with them. It must remain a mutual experience, for only so it is real communication."

semblance, there is brought into being a memorable common fruitful= ness which is to be found nowhere else. As such times at each such times, the word arises in a substantial way between men who have been seized in their debths and opened out by the dynamic of a elemental togetherness. The interhuman opens out what otherwise remains un= opened."[1]

Die verskil tussen konsensus en ontmoeting word hier net genoem. Die twee verskil in belangrike opsigte. Om konsensus te bereik, vereis veel minder kommunikatiewe vaardigheid en inspanning as ontmoeting. Dit is ook meer dikwels moontlik, want konsensus word bereik t.o.v. 'n enkele situasie, saak of gedagte. In 'n kommunikasiesituasie kan kon= sensus en dissensus wees. Konsensus open die moontlikhede om te kommu= nikeer, terwyl ontmoeting 'n dwingende begeerte is om sinvolle kommu= nikasie te verwerklik.

Om konsensus te bereik, vereis hoofsaaklik 'n gemeenskaplike simbool= sisteem en gewilligheid om te kommunikeer. In 'n ontmoetingsituasie kom 'n hele aantal faktore by, bv. 'n gemeenskaplike agtergrond en er= varingsveld, 'n gunstige kommunikasieklimaat, wedersydse ontvanklik= heid, simpatieke luister wat lei tot 'n gevoel van empatie, e.s.m. Konsensus dien as 'n belangrike voorwaarde vir ontmoeting deur die moont= likheid vir 'n ontmoeting te skep.[2]

Hoe besonders 'n ontmoetingsituasie is, word deur Van der Schoot be= skryf.

"1. In het gesprek met de ander zal ik werkelijk moeten proberen me= zelf te zijn, in deze zin, dat ik me in dit gesprek niet anders

---

1. Du Toit, C.M. Mens en dialoog, p. 51

2. Ontmoeting kan volg op konsensus, maar nooit omgekeerd nie.

voordoe dan ik kan zijn tegenover deze mens.

2. We moeten leren de ander onvoorwaardelijk te aanvaarden, zoals wij hem in het gesprek ontmoeten.

3. Maar de ander onvoorwaardelijk aanvaarden in de boven aangeduide zin, dat verondersteldt dat ik bereid ben mezelf te leren aan= vaarden in de omgang, in het gesprek met andere, zoals ik ken, opdat ik meer kan worden, zoals ik graag wil zijn.

4. Ik dien ook een bepaalde innerlijke instelling ten opzichte van de ander te hebben, die zich uit in bepaalde gevoelens. Mijn houding van onvoorwaardelijke, positieve aanvaarding komt tot uitdrukking in gevoelens van respect, warmte, diepe, oprechte belangstelling en aandacht, zorg, liefde.

5. Wij zullen moeten trachten ons zo goed mogelijk in te leven in de belevingswereld, het ervaringskader van de ander." [1]

5.3.2.3 Kommunikasie in 'n groep

5.3.2.3.1 Inleiding

Kommunikasie tussen 'n aantal mense verskil ingrypend van tweeledige kommunikasie. Trouens, hoe meer mense byeen is, hoe groter is die noodsaaklikheid om hulself aan algemeen geldende reëls te onderwerp om die kommunikasie te laat slaag.[2] Algemene konsensus oor die kommu= nikasieprosedure is noodsaaklik vir die bereiking van spesifieke kon= sensus.

Sommige wetenskaplikes maak 'n verskil tussen interpersoonlike kommuni= kasie en kommunikasie in 'n groep. Eersgenoemde is 'n spontane groepie van drie of vier in 'n ongestruktureerde kommunikasiesituasie. Groeps= kommunikasie word gekenmerk deur 'n bepaalde struktuur en daar is 'n onderskeie identiteit en bewustheid van gemeenskaplike doelstellinge. Laasgenoemde persone is meer bewus van hul rolle en verantwoordelikhede en so 'n groepering is permanenter van aard as die eerste.[3]

---

1. Van den Schoot, E. In gesprek met de ander, pp. 18 - 24

2. Pace & Boren, op. cit., p. 321

3. Goldberg, A.A., Larson, C.E. Group communication, p. 7

McCroskey en sy mede-outeurs voer aan daar is 'n noue verwantskap tussen kommunikasie in 'n klein groep en interpersoonlike kommunikasie.[1] Hulle het egter geen beswaar dat kommunikasie in 'n klein groep ook as interpersoonlik getipeer word nie.

'n Onderskeiding wat in die Kommunikasiekunde byval vind, is Aranguren se mikro- en makrogroepe.[2] Die probleem is egter om die grootte van elke groep te bepaal, want wetenskaplikes verskil hieroor baie. Ler=binger meen dat 'n klein groep se ledetal kan wissel van twee tot twintig.[3] Hare verkies dieselfde indeling, maar wys daarop dat selfs groter groepe nog as 'n klein groep beskou kan word as direkte kommu=nikasie tussen al die lede van die groep moontlik is.[4] Shaw sê daar is geen duidelike onderskeiding tussen 'n klein en 'n groot groep nie. 'n Groep van minder as tien is 'n klein groep en waar meer as dertig persone byeen is, is dit 'n groot groep. "But there is a grey area between ten and thirty where the appropriate designation is unclear and often is made on bases other than the number of members. For ex=ample, a group of thirty persons might function as a small group if all its members were closely related to one another and highly motivated to co-operate toward the achievement of a common goal."[5] Wenburg en Wilmot verklaar dat drie of meer persone 'n klein groep vorm, maar dat

---

1. McCroskey, op. cit., p. 232. Die mening van Goldberg en Larsen word gegrond op die verskille in die grootte van onderskeie groepe, terwyl interpersoonlike kommunikasie bloot dui op hoe die kommu=nikasie plaasvind in mekaar se teenwoordigheid.

2. Aranguren, J.L. Human communication, p. 104 e.v.; p. 112 e.v. Vergelyk ook Merrill & Lowenstein, op. cit., p. 10

3. Lerbinger, O. Designs for persuasive communication, p. 156

4. Joubert & Steyn, op. cit., p. 24

5. Shaw, M. The nature of small groups. In: Cathcart, R.S., Samovar, L.A. Small group communication: a reader, p. 4

dit baie moeilik is om die maksimum grootte vas te pen.[1] 'n Studie deur James bring aan die lig dat die meeste klein groepies wat be=studeer is, gewissel het van twee tot drie persone. 'n Klein persen=tasie van die groepe het 'n ledetal van vyf of meer gehad.[2]

Miller doen 'n praktiese oplossing aan die hand wat die grootte van groepe betref. Die opvallendste faktor wat 'n aanduiding kan wees van 'n groot groep, is die aanwesigheid van subgroepe daarin.[3] Sodra 'n groep begin verdeel in subgroepe, verloor dit sy spesifieke karak=ter en kan dit nie meer as sodanig beskou word nie.

Nog 'n ander indeling van groepe is in primêre en sekondêre, formele en informele en inklusiewe en eksklusiewe groepe.[4] In hierdie studie word met die indeling van mikro- en makrogroepe volstaan.

Die grootte van 'n groep is klaarblyklik die determinant wat die kom=munikasie in die groep die meeste beïnvloed. Joubert en Steyn bespreek die deelname van groeplede aan die kommunikasie in die groep. "Groep=grootte het 'n invloed op die differensiële deelnamepatroon, d.w.s. op die relatiewe bydrae van groeplede aan die groepproses. Die deelname=patroon is wat detail betref wel verskillend vir verskillende groepe onder bepaalde omstandighede, maar dit blyk tog dat die mate waarin elke lid deelneem, sodanig onderhewig is aan sisteeminvloede dat daar algemene ooreenkomste van groep tot groep bestaan.

"Die deelname van 'n persoon aan die groepproses kan volgens die hoe=

---

1. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 29
2. Shaw, op. cit., p. 4
3. Miller, G.A., The social approach. In: Pace, R.W. e.a. Communi=cating interpersonally. A reader, p. 167
4. Lindgren, H.C. An introduction to Social Psychology, pp. 346 - 347

veelheid wat hy praat en die aard van sy spesifieke bydrae gemeet word. As die probleem in 'n beperkte tydsbestel opgelos moet word, sluit die een persoon, terwyl hy praat, ander persone uit en verminder hy die tyd wat vir hulle potensiële deelname beskikbaar is. In elk ge= val praat al die persone nie ewe veel nie. Hoewel die lede van 'n groep, as daar nie 'n aangewese leier is nie, 'n gelyker mate van deelname aan die groepproses het as lede van groepe waar daar wel 'n aangewese leier is, ontwikkel daar in alle groepe langsamerhand 'n hiërargie van deelname aan die groepproses. R.F. Bales wys daarop dat indien persone hiërargies gerangskik word volgens die mate wat hulle deelneem aan die interaksieproses, dit gevind word dat die mate waar= in hulle aangespreek word, in verhouding is tot die rangorde wat hulle in die hiërargie beklee. In die algemeen kan in die verband gesê word dat elke persoon ongeveer die helfte van die hoeveelheid inter= aksie wat hy inisieer, terug ontvang."[1]

Namate die groep groter word, verminder elke lid se hoeveelheid kommu= nikasie. Hier moet dit in gedagte gehou word dat die deelname van die verskillende persone nie proporsioneel verminder met die vermindering in beskikbare tyd nie. Die gaping tussen die tyd van die persoon wat die meeste kommunikeer en die van die ander lede word ál groter.[2]

Belangriker is dat, namate 'n vermeerdering in groepgrootte plaasvind die aantal verhoudings wat gehandhaaf kan word, vinniger toeneem as die aantal lede wat by die groep aansluit. Dit word dus vir elke lid moeiliker om met ander in verbinding te tree. So het 'n groep van vier persone ses moontlike verhoudings; 'n groep van ses 15 en 'n groep van nege 36.[3]

---

1. Joubert & Steyn, op. cit., p. 151
2. Ibid., p. 152
3. Ibid.

Verskillende aspekte van die kommunikasie in 'n groep word deur die groepgrootte beïnvloed, o.m. 'n afname in die vra en gee van menings.[1]

"'n Belangrike bevinding t.o.v. groepgrootte is dat hoe kleiner die groep is, hoe sterker is die invloed wat die groep op die groeplede het en hoe groter is die mate van konsensus wat deur die groeplede bereik word. A.P. Hare het hierdie stelling proefondervindelik bewys. Hy het in 'n somerkamp van 150 Padvinders nege groepe van vyf seuns elk en nege groepe van twaalf seuns elk 'n sogenaamde 'kampeer'-speletjie laat speel. Hy het aan hulle 'n storie vertel van 'n kam= peeruitstappie wat op 'n fiasko uitgeloop het waarna elke persoon sy weg na die beskawing alleen moes bereik. Daarna het hy elke seun individueel gevra om tien stukke kampeergereedskap volgens sy eie mening in orde van belangrikheid vir so 'n reis te rangskik. Daarna moes elke groep ná bespreking dit in orde van belangrikheid rangskik en ten slotte moes elke seun individueel die gereedskap volgens sy eie mening in orde van belangrikheid opstel. Die mate van konsensus is deur kor= relasieberekenings uitgewerk. Terwyl die rangskikking van items voor groepbesprekings deur individue grootliks ooreengekom het, is bevind dat ná bespreking individuele rangskikkings van seuns wat lede was van groepe van vyf 'n baie hoër mate van ooreenstemming getoon het as dié wat aan groepe van twaalf deelgeneem het. Hare se gevolgtrekking in die verband is: namate die grootte van 'n besprekingsgroep vermeerder van vyf na twaalf, neem die hoeveelheid konsensus tussen die lede in die groepbespreking af."[2]

---

1. Ibid., p. 153

2. Ibid., pp. 154, 155

5.3.2.3.2 Mikrogroep

5.3.2.3.2.1 Omskrywing

Kommunikasie in 'n mikrogroep is by navorsers 'n gewilde onderwerp. Die groeplede in 'n klein groep is persone wat oor 'n bepaalde tyd=perk en op interpersoonlike vlak kommunikeer om 'n gemeenskaplike taak of probleme uit te voer of op te los. Dit is veral van belang in die mikrogroep om te bepaal wie praat met wie en om die beste wyse van groepering te vind om effektiewe kommunikasie te bevorder.[1] Een van die belangrikste doelstellings van 'n mikrogroep is om besluite deur konsensus te neem.[2]

Homans definieer 'n klein groep as ".... a number of persons who commu=nicate with one another over a span of time, and who are few enough so that each person is able to communicate with all the others, not at secondhand, through other people, but face-to-face .... A chance meeting of casual acquintances does not count as a group for us."[3] Shaw verklaar: "A group is defined as two or more persons who are in=teracting with one another in such a manner that each person influenced and is influenced by each other person."[4]

Hare het aandag gegee aan die grootte van groepe wat die beste funksio=neer. Sy bevindings is dat groepe, met die uitsondering van tweeledige kommunikasie, met ewe getalle 'n hoër frekwensie van nie-samestemming

---

1. Lerbinger. op. cit., p. 156. Bales het die tegniek van interaksie=prosesontleding ontwikkel om kommunikasie in die klein groep te bestudeer. Vergelyk pp. 156 - 158; Joubert & Steyn, op. cit., pp. 91 - 102

2. Fischer, B.A. Decision emergence: Phases in group decisionmaking. In: Jandt, F.E. Conflict resolution through communication, p. 200

3. Keltner, op. cit., p. 289; Brooks, op. cit., p. 208

4. Shaw, op. cit., p. 34

en antagonisme toon.[1] Daar word ook in sulke groepe minder suggesties gevra. Die probleem wat hier opduik, is dat in die geval van 'n dooie punt geen maklike oplossing gevind kan word nie. Elke standpunt het noodwendig ewe veel ondersteuners. Hare vind dat 'n groep van vyf persone die beste funksioneer in die oplossing van probleme.[2]

Suksesvolle optrede (om bv. 'n taak uit te voer) is slegs moontlik as al die lede van die groep oor relevante inligting beskik, idees oor hierdie inligting uitgeruil kan word en deur die proses van wisseling en kritiek op die idees tot 'n finale oplossing, beslissing of 'n plan van aksie oorgegaan kan word.[3] 'n Gesamentlike plan of oplossing wat deur al die lede begryp en aanvaar word, is nie moontlik sonder konsensus deur kommunikasie nie.

Navorsing deur Bavelas en Leavitt[4] het aangetoon dat verskeie kommu= nikasienetwerke[5] deur die mikrogroep gebruik kan word. Die struktuur waarop groeplede in verbinding is, beïnvloed die tyd wat gebruik word om 'n oplossing te vind, die aantal boodskappe wat gestuur en die aan= tal foute wat gemaak word.[6]

"Leavitt se uitgangspunt is dat as 'n groep individue deur middel van koöperatiewe handeling 'n gemeenskaplike doel wil bereik, 'n minimum van kommunikasie 'n noodsaaklike vereiste is. Dit beteken nie dat al

---

1. Joubert & Steyn, op. cit., p. 155
2. Ibid.
3. Ibid., p. 160
4. Sprott, W.J.H. Human groups, p. 125
5. 'n Kommunikasienetwerk is die besondere patroon van verbintenisse tussen die groeplede waarlangs inligting en idees uitgeruil kan word.
6. Joubert & Steyn, op. cit., p. 161

die individue in die groep noodwendig in staat moet wees om met al die ander te kommunikeer nie. Dit is genoeg as elke individu net deel vorm van 'n netwerk van kommunikasie wat uiteindelik al die ander individue in die groep insluit. Terwyl daar talle wyses is waarop lede van 'n groep deur so 'n netwerk aan mekaar verbind kan wees, is slegs 'n paar van hierdie netwerke prakties."[1]

In mikrogroepe van vyf word gewoonlik vier netwerke gebruik, t.w. die "sirkel", "ketting", "Y" en die "wiel".[2] Hierdie netwerke verskil t.o.v. spoed en effektiwiteit om bv. probleme op te los. Eersgenoemde is 'n gedesentraliseerde netwerk, terwyl die ander in mindere of meer= dere mate gesentraliseerde netwerke is.

In die Y- en die wielnetwerke word take die vinnigste afgehandel. Die sirkel is die stadigste omdat lede meer boodskappe stuur, meer foute begaan, maar ook hul foute meer dikwels korrigeer.[3] Waar een= voudige probleme opgelos moet word, is die gesentraliseerde netwerke die beste t.o.v. spoed en akkuraatheid. Ingewikkelde probleme word egter beter in die gedesentraliseerde netwerke, soos die sirkel, opgelos.[4]

'n Groep is uiteraard nie gebonde aan 'n enkele netwerk nie, maar afhang= ende van die doel van die ooreenkoms kan verskillende netwerke op die proef gestel word. Hoe goed die lede aan mekaar bekend is, sal ook

---

1. Ibid., p. 162

2. Waar vyf persone om 'n tafel byeen is en willekeurig in verbinding kan tree, word dit 'n "oop sisteem" genoem. So 'n "oop sisteem" of netwerk word egter nie as 'n baie geskikte netwerk beskou nie. Vergelyk Davis, J.H. Group performance, p. 95; Mann, L. Social psychology, p. 31

3. Joubert & Steyn, op. cit., p. 164

4. Fischer, B.A. Small group decision making: Communication and the group process, p. 161

die sukses van die kommunikasie bepaal. Fischer sê: "A group needs time to develop any satisfactory organization. As soon as the group members accustom themselves to the network they are using, the partic= ular pattern or network they employ should be of little consequence. The success of centralized networks in the task dimension of the group process whould increase the cohesiveness of group members over time. Time is absolutely essential for the natural interdependence of the two dimensions of group process to assert itself. And, too, the social success of decentralized networks would allow members to strive harder in the task dimension and thereby increase their speed and efficency of task performance. Whatever the reason, the differences among the networks as to speed, efficiency, accuracy, organizational stability, and group morale appear to diminish to the point of insig= nificance over time."[1]

5.3.2.3.2.2 Konsensus in 'n mikrogroep

Philips meen dat konsensus as grondslag vir 'n definisie van 'n mikro= groep gebruik kan word. "A small group exists when a number of people adhere to a similar set of ideas or principles, or advocate a common goal, though perhaps disagreeing about methods of achieving the goal, or share a common method of carrying on business, resolving conflict, or demonstrating awareness of each other. Each of these actions repre= sents a viable consensus point."[2]

Sonder konsensus kan geen groep bly voortbestaan nie.[3] Die bereiking

---

1. Ibid.

2. Phillips, G.M. Communication and the small group, p. 16

3. Dit is logies dat die samestelling van 'n mikrogroep gebaseer word op algemene konsensus. Geen doeltreffende samewerking is moont= lik sonder breë ooreenkomste t.o.v. taal, houdings, beginsels, waardes, tradisies, e.s.m. nie.

van (spesifieke) konsensus hou egter nou verband met sekere faktore, waarvan enkeles kortliks uiteengesit word.

Die aanwesigheid van groepnorme is in die mikrogroep van deurslag=gewende belang. Hoe koherent 'n groep is, hoe groter is die druk op elke lid om die norme te aanvaar. Hierdie norme dien as reëls om die optrede van die lede in die groep te rig.[1]

'n Groep persone byeen wat deur die konsensus wat hulle bereik, bewus word van dié norme van die groep is werklik 'n groep. "Very simply, consensus means the ability of a group to sense the norms of its mem=bers and to make these norms explicit as decisions. Coming to consen=sus does not mean imposition of a solution on anyone. It means that a solution has been arrived at and is now being made public as part of the group output."[2]

Konsensus in 'n groep is die resultaat van interpersoonlike kommunika=sie waardeur lede van die groep party persoonlike voorkeure en begeer=tes aflê ten gunste van groepdoelstellinge. Dit is die rede waarom 'n patriotiese organisasie so 'n groot premie plaas op konsensus.[3] Om 'n besondere doel te bereik, verg van elke lid sekere vrywillige opofferings. Geen groepbesluit bestaan uit 'n gedwonge aanvaarding van een persoon se voorstel nie, hoe goed dit ookal is.

Wanneer konsensus bereik word, is daar geen minderheid wat ontevrede is of dreig om hulle te verset teen die meerderheidsbesluit nie. Elk=

---

1. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 32
2. Phillips, op. cit., p. 15
3. Ibid. Individue konformeer dus aan die belange van die groep. Vergelyk Martin, H.H., Colburn, C.W. Communication and consensus, p. 168

een wat 'n positiewe bydrae lewer, se idees word opgeneem in die kon= sensus, al is dit hoe gering. In enige groep moet egter aanvaar word dat sommige lede op 'n bepaalde tydstip 'n groter bydrae lewer as ander. Dit kan die gevolg wees van groter ervaring, besondere vermoëns of 'n belangstelling in die betrokke saak.

Dit beteken egter nie dat konsensus bloot 'n samestelling van die me= ninge en voorstelle van 'n aantal lede is nie. Wanneer een persoon se mening indruis teen die meerderheidsbesluit, en hy hom nie daarmee kan versoen nie, is hy nie meer lid van daardie groep nie. Hier kom die demokratiese beginsel van vrye keuse in die spel. Elkeen kan hom of haar aansluit by 'n groep, maar as die verskille tussen die individu en die ander lede van die groep te groot is, moet die individu die groep maklik kan verlaat.[1]

Statuskonsensus is ook in elke groep werksaam. "Met statuskonsensus word bedoel groeplede se ooreenstemming ten opsigte van die evaluasie van lede in die rangordes relevant in die groep. 'n Hoë statuskonsen= sus veronderstel dat groeplede grootliks ooreenstem oor die basisse van status in die betrokke groep en oor die posisie (status) wat verskillen= de lede ten opsigte van hierdie basisse beklee, wanneer laasgenoemde as 'n rangorde gesien word. 'n Formule vir die meting van 'n groep se statuskonsensus is deur Kendall ontwikkel. Hy noem dit die koëffisiënt van kondordansie of kortweg W. Hierdie statuskonsensusmeting is geba= seer op groeplede se ooreenstemming oor wie die beste idees het en die meeste leiding gee in die groep; dit maak dit moontlik om tussen groepe met 'n hoë en lae statuskonsensus te onderskei."[2]

---

1. Ibid.

2. Joubert & Steyn, op. cit., p. 224

Waar die konsensusbeginsel by die oplossing van probleme aanvaar word, is 'n mikrogroep veel effektiewer as 'n individu. 'n Groep se perspektief van die probleem is baie wyer en leemtes in die benadering en hantering word makliker opgemerk en uitgestryk.[1]

Barnlund het besluitneming deur meerderheidsbesluit en groepbespreking vergelyk.[2] Laasgenoemde was veel effektiewer en bevredigender vir die groeplede. Elke persoon was versigtiger, maar ook noukeuriger in die uitspreek en formulering van menings. Die vooroordele van elke lid, wat in die bespreking na vore gekom het, het bygedra tot 'n objek= tiewer siening van die probleem.[3]

"When communication among members of the group has been genuinely open and receptive, and when each person has been able to express his or her opinion and tender his or her objections, agreement can be reached at the point when members are willing to subscribe to the idea even if they have some reservations about it. Consensus represents support for a majority opinion given willingly and as a consequence of the mem= ber's understanding of that opinion and the fact that they have in= fluenced its shaping during interaction."[4]

Probleemoplossing bring 'n hoë mate van spanning mee. Dit vereis ook 'n interafhanklikheid tussen die lede van die groep, wat lei tot 'n sterk emosionele betrokkenheid. Lede is dus voortdurend besig om me= kaar te beïnvloed en veranderinge t.o.v. individuele sieninge, houdinge,

---

1. Scheidel, T.M. Speech communication and human interaction, p. 267
2. Ibid. Vergelyk ook Zaleznik, A., Moment, D. The dynamics of interpersonal behavior, p. 142
3. Ibid.
4. Pace & Boren, op. cit., p. 341

e.s.m. kan voorkom. Hierdie faktore kan konsensus beïnvloed. Zalez=nik en Moment verduidelik dit so: "Our meaning of consensus lies in the degree of personal commitment the members feel toward the group decision after it is reached. This means, for example, that even though some members might disagree with the decision on principle, they will accept it and personally carry out their part. Their emo=tional commitment to the group is measured by willingness to put the plan decided on into effect, in their own personal behavior."[1]

5.3.2.3.3 Makrogroep

5.3.2.3.3.1 Omskrywing

Kommunikasie in 'n groot groep sluit 'n wye verskeidenheid van kommuni=kasiebedrywighede in die gemeenskap in. Dit kan wissel van vergade=rings, konferensies, simposiums, onderrigsituasies en preke tot open=bare toesprake. 'n Algemeen herkenbare patroon, soos in 'n mikrogroep, bestaan hier nie.[2]

Hoewel makrogroepkommunikasie ook op interpersoonlike vlak plaasvind, verskil dit in belangrike opsigte van tweeledige en mikrogroepkommu=nikasie.

Die opvallendste kenmerk is nie soseer die aantal persone wat byeen is nie,[3] maar die spesifieke rolle wat die kommunikator(e) en bestemming(s)

---

1. Zaleznik & Moment, op. cit., p. 142. Die vraag is of hierdie be=skouing ooreenkom met spesifieke konsensus. Die antwoord is ja, want hoewel mense konsensus kan bereik, kan ingrypende beginsel=verskille verdere kommunikasie (en ook verdere konsensus) bemoeilik. Eers in 'n ontmoetingsituasie kan mense mekaar volkome vind. Spesifieke konsensus is daarom geen waarborg vir voortdurende sin=volle kommunikasie nie.

2. Daar is baie ooreenkomste, maar ook heelwat verskille tussen toe=sprake, vergaderings, preke, e.s.m.

3. Dit kan wissel van 'n dosyn tot etlike duisende mense.

vervul. Albei kan deurgaans duidelik onderskei word.[1] Eersgenoemde is die aktiefste lid en dikwels inisieer en rig hy die kommunikasie=situasie volgens 'n algemene aanvaarde patroon. Die bestemming kan wel aktief deelneem aan die kommunikasiegebeure, maar die terugvoering is dikwels beperk vanweë die kommunikasiestruktuur.

Afhangende van die doel van die byeenkoms (bv. kerkraadsvergadering, 'n parlementsitting of 'n simposium oor aansteeklike siektes) is 'n duidelike kommunikasiestruktuur te onderskei, met bepaalde geskrewe en ongeskrewe reëls en prosedures wat daarvoor geld. Vir effektiewe kommunikasie moet hierdie reëls en prosedures deur almal wat teenwoor=dig is, aanvaar en nagekom word.[2]

In baie gevalle (bv. 'n erediens, 'n toespraak of 'n praatjie, onderrig=situasies, e.s.m.) word 'n kommunikasieboodskap voorberei vir 'n be=paalde bestemming.[3] Dit is van die grootste belang dat die kommuni=kator bekend moet wees met sy bestemming, want die kommunikasiesituasie, anders as in 'n mikrogroep, is sodanig dat geen geleentheid bestaan om 'n onbekende groep mense te leer ken t.o.v. hul behoeftes, houdings, waardes, e.s.m. nie. 'n Kommunikator wat bv. nie die aktiveringsvlak van sy bestemming ken, of nie op die hoogte is met die taboes en formele vereistes van sy gehoor nie, kan ernstige misverstand en dissensus ondervind.[4] 'n Aanpassing van die boodskap, om die gewenste reaksie te ontlok, is in die meeste gevalle beperk.[5] 'n Boodskap moet dus

---

1. McCroskey, op. cit., p. 233
2. Pace & Boren, op. cit., p. 321
3. McCroskey, op. cit., p. 233
4. Ellingsworth, H.W., Clevenger, T. Speech and social action, pp. 114, 119
5. McCroskey, op. cit., p. 233

gerig word tot die bestemming vir wie dit bedoel is.

Pace en Boren onderskei tussen reeks- en kollektiewe kommunikasie.[1] Laasgenoemde is sinoniem met makrogroepkommunikasie. ".... both forms potentially involve the diffusion of information to large numbers of people in rather formal settings and highly structured social rela= tionships. In serial communication, the involved individuals may be dispersed throught a large, complex, formal organization. In collec= tive communication, the individuals may be assembled in a single large auditotium, room, or some other kind of acoustic space. In either case, social relationships become formalized through socially sanc= tioned rules of behaving or regulations in organized manuals of opera= tion. The behavior of both the source and those to whom information is being diffused is governed by implicit as well as explicit expect= ations."[2]

Omdat makrogroepsituasies so uiteenlopend is, word in die bespreking slegs na enkele gevalle verwys.

5.3.2.3.3.2 Konsensus in 'n makrogroep

Algemene konsensus bevorder noodwendig kommunikasie in 'n makrogroep. In teenstelling met tweeledige en mikrogroepsituasies, dien dit nie hier soseer as grondslag vir onderlinge kommunikasie tussen diegene wat teenwoordig is nie. In 'n makrogroep is daar nie dikwels sinvolle kommunikasie by diegene wat nie oorspronklik 'n aktiewe bydrae sou lewer nie, grootliks vanweë die aantal persone wat teenwoordig is en die wyse waarop gekommunikeer word.[3]

---

1. Met eersgenoemde word bedoel 'n reeks tweeledige kommunikasiesitu= asies. Pace & Boren, op. cit., pp. 347 - 348

2. Ibid.

3. McCroskey, op. cit., p. 233

Algemene konsensus is hier die riglyn vir die kommunikator oor hoe hy die terugvoering van sy bestemming moet waarneem, evalueer en daar=op reageer.[1] Verder is dit ook noodsaaklik vir sover dit die aanvaar=ding en implementering van die reëls en prosedures waarvolgens kommu=nikasie geskied, moontlik maak.

Om die bereiking van spesifieke konsensus in 'n makrogroep volledig te bespreek, lewer probleme op omdat die samestelling en funksionering van makrogroepe so verskil. Ten einde verdere bespreking te vergemak=lik, word onderskei tussen:

1. Makrogroepe waar hoofsaaklik inligting gekommunikeer word, bv. on=derrigsituasies, inligtingstoesprake, e.s.m.

2. Makrogroepe waar gepoog word om ander te oorreed, bv. sommige po=litieke toesprake, praatjies om maatskaplike euwels onder die aandag te bring, voorligtingsprojekte, e.s.m.

3. Makrogroepe waar hoofsaaklik menings gewissel word, bv. konferen=sies, simposia.

4. Makrogroepe waar gesamentlike besluite geneem en uitgevoer word, bv. vergaderings, werksgroepe.

In die eerste twee gevalle is die bestemming passiewer as die kommuni=kator, hoewel hier geen sprake is van unilaterale kommunikasie nie. Onduidelikhede kan dadelik opgeklaar en begrip kan selfs in sommige gevalle getoets word deur spesiale terugvoeringsmoontlikhede. Dit is egter nie altyd moontlik om te bepaal of konsensus wel bereik is nie.[2] Individuele verwerking en evaluering van inligting vind gewoonlik na 'n inkubasieperiode plaas.[3] Teenstrydige inligting, teenkanting van ander en twyfel, kan 'n individu na 'n kort tydperk beweeg om sy mening(s)

---

1. Ibid.

2. Selfs al sou 75% van die makrogroep saamstem oor 'n bepaalde saak kan daar nie met sekerheid verwag word dat dit lank sal voortduur nie.

3. Wiseman, G., Barker, L. Speech / interpersonal communication, p. 31

te verander.

Die bereiking van spesifieke konsensus in 'n groot groep kan soms baie misleidend voorkom.[1] Phillips rig in dié verband 'n waarskuwing: "Sometimes artificial consensus is present in a group, and care should be taken to avoid excessive optimism. When people come together for the first time, their spirit of accomodation may compel them to agree too easily. Often it is not until a group of people has been together for a while that they discover what issues they disagree on; they may then discover what is necessary to achieve consensus about. Consensus is not easy to come by. Unfortunately, the criteria of consensus cannot be spelled out. A group knows it has happened when agreement is reached on an issue that had previously been causing conflict."[2]

Wat die laaste twee indelings[3] betref, is dit duidelik dat die verant=woordelikhede van die kommunikator en die bestemming, sover dit die bereiking van konsensus betref, ewerediger verdeel is. 'n Konferensie is 'n tipe vergadering wat belê en saamgestel word sodat individue kan beraadslaag en oorleg pleeg.[4] 'n Konferensie vergader gewoonlik eenmalig en die kommunikasie geskied rondom 'n sentrale tema. Dit het ten doel om 'n bepaalde aantal persone die geleentheid te gee om oor 'n gegewe saak te besin en nuwe perspektiewe en insigte in die kommunikasie daaroor te skep. Volgens Sager is 'n konferensie "a gathering of informed persons for the purpose of collecting inform=ation or of seeking a consensus."[5] Soos in die geval van simposia

---

1. Massareaksie is nie altyd baie realisties en blywend nie.
2. Phillips, op. cit., p. 16
3. Hierdie indelings sluit noodwendig die eerste twee in.
4. Zelko, H.P. Moderne vergadertechnieken, p. 37 e.v.
5. Sager, A.W. Speak your way to success, p. 192

kan verskillende persone gebruik word om bydraes te lewer. Besprekings=groepies kan gevorm word om aan elke persoon geleentheid te gee om sy mening te lug.

Heelparty konferensies en simposia neem geen afdwingbare besluite nie. Die bereiking van konsensus is dus geen noodsaaklikheid nie, maar kan van groot waarde wees waar dit wetenskaplike interpretasies omvat. Aanbevelings, op die grondslag van konsensus, is soms net so belangrik as bindende besluite, met dié voordeel dat dit eers deeglik op die proef gestel kan word.

'n Vergadering word gelei deur 'n voorsitter en diegene wat daarby betrokke is, onderwerp hulle aan sy beslissings sover dit die reëls en die prosedure betref. Hierdie reëls berus gewoonlik op die demokra=tiese beginsel dat elkeen wat teenwoordig is, die geleentheid gegun word om sy mening te gee i.v.m. die saak onder bespreking.[1] Om be=sluite te neem en uit te voer, moet konsensus bereik word, hoewel dit nie algehele konsensus hoef te wees nie.[2] 'n Lid kan sy nie-instemming openlik betuig deur teenargumente te opper en teen die saak te stem. Dié konsensus berus gewoonlik op vier beginsels.

1. Die regte van elke lid is gelyk aan die van al die ander.
2. Vryheid van spraak is vir elkeen moontlik.
3. Die regte van die minderheid word beskerm.
4. Besluite van die meerderheid word uitgevoer.[3]

Konsensus kan in 'n vergadering bereik word t.o.v. elke saak onder

---

1. Blignaut & Fourie. op. cit., p. 159

2. Die meeste vergaderings vereis 'n meerderheid (een stem) om algemene besluite uit te voer. Oor belangrike sake, soos konstitisionele wysigings, word dikwels 'n twee-derde of volstrekte meerderheid verlang.

3. Blignaut & Fourie. op. cit., p. 161

bespreking. Dit kan maklik gebeur dat hoewel 'n klein minderheid nie met 'n bepaalde voorstel saamstem nie, hulle nie vergeefse moeite doen om beswaar te opper nie. Keltner noem enkele probleme wat in die ver=band kan ontstaan. "When everyone in the group agrees to the decision, we may say that a consensus exists. Some groups operate on this basis. A very sensitive executive committee of a large institution makes no decisions without consensus. If an action is necessary and the group cannot achieve a total agreement, the decision must be deferred until the complete agreement necessary develops or until someone capitulates and casts his vote in harmony with the rest 'just in order that we may get action'. The strength of the consensus system derives from its pro=vision of more complete support of any decision. The method is weak because it often causes individuals to capitulate quite against their will in order that the group may move forward with the task before it.

"We should recognize the difference between a true consensus and a phony consensus. The true consensus exists when everyone in the group actu=ally agrees on the decision. A phony consensus exists when some in the group capitulate just in order that the group can move on but against their own choice or commitment."[1]

Die konsensus-benadering word by die konstitisionele samesprekings i.v.m. die staatkundige toekoms van S.W.A. in die Turnhalle gebruik.[2] 'n Saak word bespreek totdat 'n bepaalde rigting merkbaar is. Die voorsitter som op 'n gegewe stadium die hele aangeleentheid op. Daarna word slegs mense toegelaat om teen sy opsomming te praat. Dikwels blyk dit dan dat almal reeds saamstem.[3]

---

1. Keltner, op. cit., p. 301, 302

2. Die Volksblad, 9 September 1975, p. 2; Die Burger, 9 September 1975, p. 11

3. Ibid.

# HOOFSTUK 6

## KONSENSUS IN MASSAKOMMUNIKASIE

### 6.1 Inleiding

Massakommunikasie - 'n studie van hoofsaaklik die massamedia en die plek, funksies en invloed daarvan in die samelewing - is 'n onderwerp[1] wat die afgelope paar dekades intensief deur sosiale wetenskaplikes bestudeer is. Veral het die wyse waarop diffusie van innovasies in die samelewing plaasvind, die aandag gevestig op die massamedia.[2] Die belangrikheid van die massamedia word só saamgevat: "Contemporary society is far too complex to function only through direct communication between one individual and another. Our important messages, to be effective, must reach many people at one time."[3]

Die totstandkoming van konsensus in 'n samelewing moet gevolglik ver= band hou met die rol van die massamedia daarin. Dit is verstaanbaar in die lig van Peterson se opmerking dat die tyd wat 'n volwasse Amerikaner aan die massamedia bestee, slegs oortref word deur die tyd wat hy gebruik om te werk en te slaap.[4]

Die massamedia is by die sosiale sisteem (samelewing),[5] waarin dit funksioneer, geïntegreer. Dit vervul 'n onontbeerlike rol in die in=

---

1. De Fleur, M.L. Mass communication and social change. In: Tunstall, J. Media sociology, p. 58

2. Ibid.

3. Emery, E. e.a. Introduction to mass communications, p. 5

4. Peterson, T. Why the mass media are that way. In: Steinberg, C.S. Mass media and communication, p. 68. Peterson noem hier die bekende stelling dat die Amerikaanse kind, as hy die skool ver= laat, meer tyd voor die televisie deurgebring het as enigiets anders.

5. De Fleur, op. cit., p. 160

stitisionalisering van waardes in die sosiale sisteem. In dié proses is konsensus ook van die grootste belang. "Indeed, one of the most important functional imperatives of the maintenance of social systems is that the value-orientations of the different actors in the same social system must be integrated in some measure in a common system. All ongoing social systems do actually show a tendency toward a gene= ral system of common cultural orientations. The sharing of value-orien= tations is especially crucial, although consensus with respect to sys= tems of ideas and expressive symbols are also very important determinants of stability in the social system."[1]

Volgens Williams word ervaring van mense in 'n samelewing voortdurend beskryf, gedeel, aangepas en bewaar.[2] Hieraan het die massamedia 'n groot aandeel, want geen mens kan die groot verskeidenheid ervarings waaraan hy daagliks blootgestel is, eerstehands beleef nie. Mills voer aan dat die massamedia nie alleen noodsaaklike inligting verskaf nie, maar as 'n riglyn dien vir menslike ervarings.[3] Hierdeur word aan die mens nuwe identiteit en aspirasies gegee en bring dit hom in aanraking met groter verwysingsgroepe. "More that that:

1. the media tell the man in the mass who he is - they give him iden= tity;
2. they tell him what he wants to be - they give him aspirations;
3. they tell him how to get that way - they give him technique; and
4. they tell him how to feel that he is that way even when he is not - they give him escape." [4]

---

1. Ibid.
2. Williams, R. Communications, p. 18
3. Mills, C.R. The power elite, p. 311
3. Ibid., p. 314

Opvattings, soos dié van Mills, het tot die gevolgtrekking gelei dat die mens se afhanklikheid van die massamedia tot baie probleme aanleiding kan gee. Williams meen dit is die gevolg van die snelle uitvinding van tegnologiese hulpmiddels en 'n gebrek aan instellings waarin die hulpmiddels ten beste benut kan word.[1] "The very sophistication of the media of mass communication has brought with it problems not experienced by previous generations. As the systems grow more developed and complex, increasingly they provide for us views of the world quite outside our own direct experience. We have little to check them against. Yet the events in far-off places more and more tend to influence our viewpoints, and even our decisions."[2]

Besorgdheid in baie kringe oor die magtige invloed van die massamedia, kan lei tot 'n beperkende perspektief vanweë die hoofsaaklik negatiewe houding. "Wat Mills en ander kultuurpessimiste nie in ag neem nie, is dat die minderheid wat in beheer is van die media alleenlik kan kommunikeer as hulle die waardesisteem van die betrokke samelewing in aanmerking neem. Anders gestel, beteken dit dat die kommunikator uitdrukking gee aan die waardes van daardie samelewing; sterker nog: hy móét voldoen aan die verwagtings van die publiek, hy móét sy kommunikatiewe bestemming ken."[3]

---

1. Williams, R, op. cit., p. 20

2. Carter, M.D. An introduction to mass communications, p. 10. Die beskouing dat die massamedia die mens feitlik na willekeur kan manipuleer, is 'n wanopvatting wat spruit uit die aanname dat die kommunikator in die meeste kommunikasiesituasies in 'n magsposisie verkeer (waarskynlik omdat hy die kommunikasie inisieer) en die bestemming weerloos en sonder enige teenreaksie verplig is om die boodskap te aanvaar. 'n Bestemming is nooit so passief as wat algemeen aanvaar word nie. Massakommunikasie het wel meer gesofistikeerd geword, maar so ook die bestemming. Wenburg & Wilmot. op. cit., p. 199

3. Van Schoor, M.B. Wie is die massa in massakommunikasie?, pp. 4, 7 Van Schoor voeg hierby dat namate 'n medium in die samelewing geïnstitusionaliseer word, dié medium sy eie standaarde van uitdrukking en uitvoering ontwikkel soos die publiek dit vertolk.

Massakommunikasie is in die woorde van Stappers tegelyk "centrifugaal en niet-unilateraal."[1] Dit is in 'n bepaalde sin eensydig maar ook nie-eensydig, omdat die bestemming altyd aktief betrokke is by die in= terpretasie en verwerking van die boodskap.[2] Die massamedia is uit= drukkingsvorme van die samelewing en die boodskappe word voortdurend deur die lede van die gemeenskap vertolk.[3]

Dit is veral op laasgenoemde aspek dat konsensus berus. Sonder konsen= sus oor die ideale, verwagtinge, waardes, houdinge en opinies kan geen massamedium doeltreffend in 'n samelewing funksioneer nie.

## 6.2 Omskrywing van massakommunikasie

Massa- en interpersoonlike kommunikasie kan nooit as andersoortige verskynsels of prosesse beskou word nie. Slegs 'n operasionele onder= skeid tussen verskillende aspekte is moontlik.[4]

By massakommunikasie is geen sprake van kommunikasie deur die kommuni= kator en die bestemming in mekaar se teenwoordigheid nie.[5] Hier word baie duidelik 'n kommunikator en sy bestemming onderskei. Die persone wat kommunikeer, is geskei wat tyd en ruimte betref[6] en die kommunika= tor het feitlik geen geleentheid om die uitwerking van sy boodskap, d.i. die reaksie van die bestemming, onmiddellik waar te neem nie. Terug= voering geskied op 'n heel ander vlak as by interpersoonlike kommunika=

---

1. Stappers, J.G. Massacommunicatie. Een inleiding, p. 78
2. Ibid.
3. Van Schoor, op. cit., p. 4
4. Jordaan, op. cit., p. 11. Vergelyk ook Fourie. Communication by objectives, Introduction.
5. 'n Boodskap word deur die kommunikator gestruktureer en deur die massamedia (televisie, radio, koerante, tydskrifte) versprei en geen geleentheid bestaan vir 'n aanpassing van die boodskap nie.
6. McCroskey, op. cit., p. 234

sie.

Dit lyk of die begrip <u>massa</u> die belangrikste aanduider is van die verskil tussen interpersoonlike en massakommunikasie.[1] De Fleur voer aan dat geen ingrypende verskil bestaan nie, maar dat massakommunikasie 'n meer uitgebreide kommunikasiesisteem is.[2] 'n Opvallende aspek is egter die gebruik van "kunsmatige kanale",[3] waarsonder massakommunikasie nie kan funksioneer nie. Fauconnier sê dat die bedoeling van die kommunikator om potensieel niemand van die boodskap uit te sluit nie, massakommunikasie tipeer.[4]

Die begrip massa is hier ietwat misleidend. "Mass is a particular kind of social connection (sociability, sociality, sociation) characterized by the lowest degree of intensity and depth in the partial fusion of minds and behavior into a 'we'."[5]

So gesien, kan massakommunikasie in werklikheid nie bestaan nie, want dit dui nie op 'n spesifieke groep mense nie. Coetzee laat hom soos volg hieroor uit: "Die ander betekenis van massakommunikasie, wat na my mening nie toelaatbaar is nie, is die van 'n mededeling wat aan 'n massa gerig is. Laat ons toegee dat die boodskapmedium 'n menigte van mense bereik, maar dan ontbreek die faktore wat die menigte as 'n massa

---

1. Herbst, op. cit., p. 55. Dit kan nie goedskiks aanvaar word dat kommunikasie m.b.v. tegnologiese hulpmiddels massakommunikasie is nie. So is 'n boodskap oor die nasionale televisienetwerk wel massakommunikasie, maar dit is nie die geval wanneer dieselfde boodskap deur kringtelevisie aan leerlinge in 'n skoolklas vertoon word nie. Vergelyk Wright, C.R. Mass Communication. A sociological perspective, p. 5

2. De Fleur. Theories of mass communication, p. 95

3. Merrill & Lowenstein, op. cit., p. 11

4. Fauconnier. Massamedia en samenleving, p. 34

5. Fairchild, op. cit., p. 187

saambind. Elkeen van die vertolkers staan teenoor die mededeling as individu en vertolk die boodskap as 'n individu. By 'n massa is daar juis sprake van 'n saamhandeling, 'n saamvertolking wat tot stand kom deur die mede-aanwesigheid van 'n veelheid van individue op een plek en die direkte beïnvloeding van die een deur die ander. Dit word in die algemeen aangeneem dat die individu as lid van 'n massa 'n ver=hoogde vatbaarheid vir suggesties paar aan 'n verlaging van verant=woordelikheidsin. Daardeur sal die individu in die massa handelinge verrig waartoe hy as deelgenoot 'n gewone verkeersituasies nooit eens sou oorweeg nie.

"Wat die massakommunikasie 'n besondere krag gee, is nie dat dit kom=munikasie aan 'n massa is nie, maar juis deur die vertolker of afge=sonderde individue ontvang word. Dit is nie sy suggestibiliteit as lid van 'n massa wat hier in werking tree nie, maar die outistiese ingesteld=heid van 'n vertolker wat hom dieper in sy eie opvattings- en verbeel=dingswêreld wil inwerk."[1]

Coetzee het dit hier oor die begrippe massa en menigte. Sy opvatting van die begrip, wat ooreenstem met dié van Fairchild, is korrek, maar Fauconnier wys daarop dat "de begrip 'massa' in het begrip 'massacommu=nicatie' niet verwijst naar het substantief 'massa' in de twee hoofdbe=tekenissen die men in de sociologie terugvindt: nl. een zeer grote op een bepaalde plaats verzamelde groep mensen met typerende psycholo=gische nivellering en vervlakking (regressie), of (tweede betekenis) de onzichtbare massa, opgehoopt in de steden als gevolg van de indus=tralisering en de verstedelijking van onze maatschappij. In massacom=municatie gaat het duidelijk om een verspreid publiek, een 'disperses

---

1. Coetzee, op. cit., p. 13. Coetzee se standpunt word hier gedeel deur Cherry, C. World communication: Threat or promise? A socio-technical approach, p. 42

Publicum', of nog beter, potensieël iedereen, ook al is het technisch beschouwd niet mogelijk iedereen te bereiken (ruimtelijke beperktheid van de zaal of van de zender, afnemende geluidsterkte of zichtbaarheid etc.)"[1]

Volgens Maletzke het die "disperses Publikum" drie kenmerke.

1. Die verspreide publiek word gevorm deur die gemeenskaplike belang in 'n boodskap. Hier is geen sprake van 'n blywende sosiale een= heid nie.

2. Die boodskappe word deur massamedia versprei en oorgedra.

3. Die lede van die verspreide publiek vorm saam 'n aggregaat van ruimtelike geskeide individue of relatief klein groepe.[2]

In massakommunikasie gaan dit nie soseer oor 'n presiese getal mense wat bereik word nie.[3] 'n Aantal boodskappe, deur 'n institusionele kommunikator, word na 'n kollektiewe bestemming gekommunikeer.[4] Slegs die wyse waarop die kommunikasie geskied, verskil van ander vorme van kommunikasie.

Twee opvallende kenmerke kom voor by massa- en interpersoonlike kommu= nikasie. In eersgenoemde geval bestaan min geleentheid vir die kommu= nikator en die bestemming om mekaar te leer ken,[5] grootliks vanweë die besondere kommunikasiesituasie waarin hulle verkeer. Hierdie kommuni= kasie is hoofsaaklik unilateraal sodat onmiddellike terugvoering byna

---

1. Fauconnier, op. cit., p. 34. Vergelyk ook Stappers, op. cit., pp. 70, 71

2. Stappers, op. cit., p. 71

3. Die trefwydte van massamedia verskil baie van mekaar, bv. 'n koerant en televisie.

4. Die aard van die medium bepaal grootliks die struktuur van die boodskappe, bv. by die radio en koerante. Vergelyk Wolseley, R.E., Campbell, L.R. Exploring Journalism, p. 39 e.v.; Brown, C.H. Informing the people, p. 291 e.v.

5. Veral die kommunikator verkeer in 'n ongunstige posisie. Vergelyk Merrill & Lowenstein, op. cit., p. 11 e.v.

onmoontlik is.[1] Dit bring mee dat die verhouding tussen die kommu= nikator en sy bestemming onpersoonlik is ondanks die openbare aard en algemene toeganklikheid van massakommunikasie.[2]

Fauconnier se siening dat massakommunikasie potensieel niemand uitsluit nie, is wel waar, in dié sin dat die boodskappe diegene bereik wat hul= le aan die massamedia blootstel. Soms word aangevoer dat die bestem= ming van 'n spesialiteitstydskrif, bv. Die Landbouweekblad (boere) en Sarie Marais (vrouelesers) nie deel uitmaak van 'n massa nie, omdat die kommunikator weet tot wie hy hom rig.[3] Die kommunikasiesituasie bly in so 'n geval soortgelyk aan kommunikasie deur 'n "massatydskrif", bv. Die Huisgenoot.

Nog 'n vraag is: wanneer iemand etlike duisende mense toespreek, is dit massakommunikasie, of nie? Op sterkte van die genoemde grondslag is die antwoord positief.[4] 'n "Afstand" word deur die kommunikasie= situasie gestel tussen die kommunikator en die bestemming, terwyl terug= voering baie moelik en soms boonop onwenslik is. In sommige gevalle, bv. 'n kerkdiens waar duisende mense byeen is om na Billy Graham te luister, is beperkte terugvoering aanwesig in die deelname van die bestemming deur sang en die gesamentlike belydenisaflegging van geloof.

---

1. Fauconnier. Massacommunicatie. Een terreinverkenning, p. 11. Dit beteken nie dat massakommunikasie nie dialekties is nie. Ver= gelyk Van Schoor, M.B. op. cit., p. 4

2. McQuail, D. Towards a sociology of mass communication, pp. 7 - 9

3. Vergelyk Steinberg, C.S. The communicative arts. "An introduc= tion to mass media, p. 87. Steinberg verwys hier na "Playboy". Rivers, W.L. e.a. The mass media and modern society, pp. 16 - 17

4. Om aan die dilemma te ontkom word deur wetenskaplikes soms die begrip openbare kommunikasie gebruik. Vergelyk Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 38; McCroskey. op. cit., p. 233; Pace & Boren, op. cit., pp. 347, 357 e.v. maak gewag van kollektiewe kommuni= kasie.

## 6.3 Massakommunikasie en konsensus

Wat betref die funksies van massakommunikasie in die samelewing, onder= skei Feldman tussen inligting, regulering en stimulering.[1] Sandman, Rubin en Sachsman voer aan dat in die V.S.A. die massamedia ten doel het

1. om te vermaak,
2. in te lig,
3. te beïnvloed en
4. geld te maak.[2]

Maletzke gebruik 'n breër indeling, nl. ontspanning, kunsgenot, opbou= ing, onderwys, inligting, beïnvloeding van meninge en houdinge en die ontlok van handelinge of optrede.[3]

Met bogenoemde in gedagte is dit vanselfsprekend dat konsensus uiters noodsaaklik is vir die doeltreffende funksionering van massakommuni= kasie. Geen moderne massamedium kan 'n plek in die samelewing inneem as die institisionele kommunikator nie bewus is en rekening hou met die algemene konsensus in die betrokke samelewing nie. Wirth stel dit duidelik: "The fact that the instrumentalities of mass communication operate in situations already prepared for them, may lead to the mis= taken impression that they or the content and symbols they disseminate, do the trick. It is rather the consensual basis that already exits in society which lends to mass communication its effectiveness."[4]

Sonder algemene (latent aanwesig) konsensus kan die massamedia nie voldoen aan veral die behoeftes aan inligting en ontspanning van die

---

1. Fauconnier. Massamedia en samenleving, p. 89
2. Sandman, P.M. e.a. An introductory analysis of American mass com= munications, p. 9
3. Fauconnier, op cit., p. 90
4. Wirth. Aangehaal in: McQuail. Towards a sociology of mass com= munications, p. 11

breë publiek nie. So 'n algemene en latente konsensus kan dien as grondslag vir aktiewe en spesifieke konsensus, veral oor omstrede sake, bv. 'n bepaalde beleidsrigting van 'n politieke party. Hierdie kon= sensus word voortdurend versterk deur die massamedia en in die samele= wing deur interpersoonlike kommunikasie bevestig.

Om die rede is elke massamedium op die steun en die lojaliteit van die bestemming tot wie gekommunikeer word, ingestel. Die ingesteldheid op die bestemming verseker in 'n demokratiese bestel dat die massamedia deeglik rekening moet hou met die samelewing. "The development of a given medium and what it presents to society are dependent not only upon the characteristics of the medium itself, but upon the salient norms and values of the socio-cultural system within which it operates."[1] Blootstelling aan die massamedia is vrywillig,[2] en sou die massamedia die bestemming se antipatie opwek, loop hulle die gevaar van verwerping en gebrek aan geloofwaardigheid.

Die instandhouding van konsensus deur die massamedia het die belangstel= ling geniet van twee Amerikaanse sosioloë, Cooley en Meads.[3] Ander wetenskaplikes wat ook bydraes op hierdie terrein gelewer het, is Park en Wirth. ".... communication involves the creation out of experience that are individual and private, of an experience that is common and public (and) such common experience becomes the basis for a common and public existence. The purpose of the press, from this perspective, is to 'reproduce', as far as possible, in the city, the conditions of life in the village, and some ways in which this can be achieved have

---

1. De Fleur, op. cit., p. 75
2. Frank, R.S. Message dimensions of television news, p. 10
3. McQuail, op. cit., p. 14

since been demostrated by Janowitz's excellent study of the Chicago community press. Wirth has also attributed to mass communications very powerful effects on the integration of modern society, effects equal to those produced by the division of labour and by politically achieved consensus."[1]

Die massamedia speel 'n belangrike rol by veranderinge wat in die same=lewing kan ontstaan. Saam met die bekendmaking van innovasies gaan konsensus t.o.v. 'n objek of doelstelling.[2] "Because its ways are al=ways changing, society needs some way of reaching agreement on what those changes will be. Without agreement there may be a breakdown of social organization. Although trouble times may allow no consensus, through the discussion carried on via its communication system, society usually settles upon the direction of change so that individuals and groups act together as a community. Simple societies may reach their consensus from face-to-face discussion, complex industrial ones may rely largely on the mass media."[3]

Om bepaalde aspekte van die totstandkoming van konsensus in massakommu=nikasie toe te lig, moet ook aandag geskenk word aan publieke opinie en massakultuur.

### 6.3.1 Publieke opinie

#### 6.3.1.1 Omskrywing

Volgens Plano en Greenberg is publieke opinie 'n aggregaat van indivi=duele menings, houdings en oortuigings wat deur die meeste lede van

---

1. Ibid.
2. De Fleur, op. cit., p. 147
3. Rivers, W.L. e.a. op. cit., p. 29

gemeenskap gedeel word.[1]

Opvallend is die beklemtoning van 'n gemeenskaplike mening t.o.v. 'n bepaalde saak. Hierdie beskouing word deur Fauconnier[2] en Young[3] ge= steun. Allport sluit hierby aan: "A multi-individual situation in which individuals are expressing themselves as favoring or disfavoring some definite condition, person or proposal of widespread importance in such a proportion of number, intensity, and constancy as to give rise to the probability of affecting action, directly or indirectly, toward the subject concerned."[4]

Walter Lippmann beklemtoon die belangrikheid van publike opinie in die samelewing. "Those features of the world outside which have to do with the behavior of other human beings, in so far as that behavior crosses ours, is dependent upon us, or is interesting to us, we call roughly public affairs. The pictures of themselves, of others, of their needs, purposes and relationship, are their public opinions. These pictures which are acted upon by groups of people, or by indivi= duals acting in the name of groups, are Public Opinion with capital letters."[5]

---

1. Best, J.J. Public opinion, micro and macro, p. 1. Die begrippe "publiek" en "opinie" lewer nogal probleme op en reeds in 1939 het Childs dit duidelik probeer omskryf. Vergelyk Childs, H. By public opinion I mean .... In: Carlson, R.O. (ed.) Communications and Public Opinion, p. 29 e.v. In 1937 het die Public Opinion Quarterly verskyn en sedertdien is dié onderwerp baie breedvoerig deur weten= skaplikes uitgepluis. Hierdie studie is nie die plek vir 'n omvat= tende bestudering hiervan nie.

2. Fauconnier. Massacommunicatie. Een terreinverkenning, p. 36

3. Young, K. The nature of Public Opinion, In: Walker, E.E. e.a. Readings in American Public Opinion, p. 18. Volgens Young bestaan publieke opinie uit die menings van 'n publiek op 'n bepaalde tydstip.

4. Allport, F.D. Toward a science of Public Opinion. In: Carlson, R.O. (ed.) Communications and Public Opinion, p. 27. Hierdie definisie het in die eerste uitgawe van Public Opinion Quarterly in 1937 verskyn.

5. Lippmann, W. Public Opinion, p. 18

Die verband tussen massakommunikasie en publieke opinie moet eers be= paal word voordat dié begrip en konsensus aan die beurt kom.

Walker wys daarop dat publieke opinie bestudeer kan word in terme van oortuigings en opvattings oor openbare sake op 'n bepaalde tydstip. Dit kan ook ondersoek word in terme van die interaksieprosesse wat be= trokke is by die vorming van 'n algemene mening.[1]

Doob noem 'n paar belangrike oorwegings i.v.m. publieke opinie. Laas= genoemde is latent totdat daar 'n saak in die gemeenskap na vore kom waaroor konflik, angs of frustrasie bestaan. Aktiewe publieke opinie is 'n poging om die konflik, angs of frustrasie te verminder of uit die weg te ruim. Konformiteit tussen lede van 'n gemeenskap is noodsaak= lik om publieke opinie na vore te laat kom.[2]

Berelson opper die vraag oor die ooreenkoms tussen die inhoud van kom= munikasieboodskappe en die publieke opinie. Beriggewing en programme van kommunikasiemedia is in ooreenstemming met die begeertes en verwag= tings van die lesers, luisteraars en kykers om sekere dinge waar te neem en ander nie.[3] 'n Verslaggewer, redakteur, kommentator, program= opsteller en vervaardiger weet of dink hy weet wat die publiek i.v.m. 'n gebeurtenis of saak verlang. Hierdie "kennis" beïnvloed in groot mate die kommunikasie met die bestemming.[4] Die "publieke opinie"word

---

1. Walker, J.H. 'n Sosiologiese studie van Openbare Skakelwerk as kommunikasievorm, p. 35

2. Doob, L. The behavior of Public Opinion. In: Schramm, W. (ed.) The process and effects of Mass Communication, pp. 340, 341. Cantrill beweer dat opinies besonder geraak word deur belangrike gebeure. Ibid., pp. 321, 322. Publieke opinie word gevorm tydens of na belangrike gebeure. Kommunikasie moet daarom 'n deurslag= gewende rol speel in die vorming van publieke opinie.

3. Berelson, B. Communication and Public Opinion, In: Schramm, W. The process and effects of mass communication, p. 348. (Die konsepte selektiewe waarneming en selektiewe blootstelling word later bespreek.)

4. Ibid.

'n belangrike faktor en beperk die aard van die inhoud wat gewoonlik (tipies) gekommunikeer word.

In die praktyk geskied die bepaling van die publieke opinie deur die massamedia op tweërlei wyse. Eerstens word deur verantwoordelike persone van elke medium self besluit wat die bestemming behoort te kry (die aard en die tradisie van die medium is ook 'n bepalende faktor) of daar word ondersoek gedoen ('n meningsopname) om die kommunikasie=behoeftes van die bestemming te bepaal.[1]

Die publieke opinie kan kommunikasie ook beïnvloed deur die wisselwerking van lewens- en wêreldbeskouing (ook een of ander ideologie) tussen kom=munikator en bestemming. Albei sien dikwels die wêreld "deur dieselfde bril". "The correspondence is achieved through a two-way process: the audience selects the communications which it finds most congenial and the producers select people with 'the right viewpoint' to prepare communications for other people with 'the right viewpoint'. Although this latter process also occurs through deliberate dicision, it also happens through the most laudable and honest motives that people of the same general persuasion as their audience are found in influential positions in particular communication agencies."[2]

Dat kommunikasie 'n uitwerking op publieke opinie het, is duidelik. So kan die effek varieer uit die aard van die kommunikasie. Berelson meen dat hoe persoonliker die medium is, hoe effektiewer is dit in die

1. Ibid.

2. Ibid.

verandering van opinies.[1] Navorsing het bewys dat die individu se opinies gevorm word in die verband van sy formele en informele groeps= verbintenisse. Konformisme, die vrywillige onderwerping van die in= dividu se begeertes en behoeftes aan die norme en doelstellings van die groep,[2] het ook 'n groot invloed op die vorming van die menings van elke individu. In die V.S.A. is gevind dat studente aan kolleges meer liberaal is t.o.v. politieke opinie wanneer hulle hul studie vol= tooi het. Dit word toegeskryf aan die invloed van ouer studente en dosente.[3] 'n Individu se behoefte om tot die menings van sy verwysings= groep te konformeer, is 'n baie sterk motiveringsfaktor en dit geskied gewoonlik op twee maniere - òf direk deur die proses van konformisme òf indirek deur die deel van gemeenskaplike waardes en inligting.[4]

Die inhoud van massamedia kan publike opinie ook baie beïnvloed. So is Berelson van mening dat die feitelike weergawe van gebeure groter invloed uitoefen as die interpretasie van die gebeure deur kommentators. Cantrill stem hiermee saam. "Opinion is generally determined more by events than by words - unless those words are themselves interpreted as an 'event'."[5]

---

1. Ibid., p. 346. Hierdie stelling spruit uit die navorsing van die outeur saam met Lazerfield en Gaudet - die ECS van 1940. Die stel= ling is dat die radio beter is as koerante, en telivisie beter as die radio. Persoonlike kontak het die meeste oorredingskrag. Berel= son sê: "In comparison with the formal media of communication, personal relationships are potentially more influential for two rea= sons: their coverage is greater and they have certain psychological advantages over the formal media. Personal contacts are more casual and nonpurposive than the formal media, they are more flesible in counting resistence, they can provide more desireable rewards for compliance, they offer reliance and trust in an intimate source, and they can persuade without convincing." Vergelyk ook: Sandman, op. cit., p. 5. Boone, L. Massamedia en interpersonale communi= catie, p. 6

2. Martin & Colburn, op. cit., pp. 169 - 171. Vergelyk ook Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 34

3. Berelson, B, op. cit., p. 346

4. Ibid.

5. Doob, op. cit., p. 322

Die media is ook effektiewer om publieke opinie te vorm t.o.v. nuwe sake in die gemeenskap. Meer welslae word behaal as die houdings van mense in die gemeenskap hieromtrent nog nie vasgelê is nie.[1] Berel= son sê verder: "Communication content is more effective in influencing opinion on peripheral issues than on crucial issues. That is, it is easier for the media to shape opinion on what to do about local courts than what to do about organized labour; and is probably easier for them to shape opinion toward organized labour than on ethnic relations. Finally, communications are probably more effective in influencing opi= nion on 'personalities' rather than on 'issues'."[2]

Hoe goed mense ingelig is (deur gebruik te maak van die verskillende massamedia) sal ook die publieke opinie bepaal. Faktore wat hier 'n rol speel, is die belangrikheid van die saak waaroor menings gevorm word en die mate van vooroordeel in die gemeenskap teenoor die besondere aangeleentheid.[3] Hoe sterker die vooroordeel, hoe moeiliker sal die massamedia 'n bepaalde mening kan daarstel. Gewoonlik word bestaande menings net versterk.[4] "The less informed people are on an issue, the

---

1. Katz, op. cit., p. 13. Katz sê die volgende: "Attitude is defined at the individual level, namely, the specific organization of feel= ings and beliefs according to which a given person evaluates an ob= ject or symbol positively or negatively. Public opinion, or more appropriatly the public-opinion process, is a description at the collective level and refers to the mobilization and channeling of individual responses to affect group or national decisionmaking."

2. Berelson, op. cit., p. 350

3. Ibid.

4. Vergelyk ook die opmerking van Mills, wat die gedagte steun. Mills, C.R. Mass media and public opinion, In: Casty, A., Mass media and mass men, p. 185. Mills is ook van mening dat interpersoonlike kommunikasie 'n groter rol as die massamedia speel in die verandering van publieke opinie. Ibid., p. 186. Massamedia kan nooit die ver= skeidenheid publieke opinies in die samelewing weerspieël nie.

more susceptible they are to opinion conversion through the influence of the communication media. This means that the less informed are more mercurial in their opinions; the base of data upon which stable opi= nion is more securely founded is simply absent for them, and the media (or more frequently, personal contacts) can more easily move them in different directions. The compulsion of (media-supplied and other) stereotypes is great, particularly for persons with meager informational backgrounds."[1]

Hierdie standpunt sluit aan by die beskouing dat media die publieke opinie minder beïnvloed as daar 'n toestand van monopolie is. Waar 'n situasie sodanig is dat massamedia meeding, sal daar nie maklik alge= mene publieke opinie ontstaan nie. 'n Omvattende publieke opinie is meer moontlik in totalitêre state. In kommunistiese lande, soos Rus= land, word geen meningspluralisme toegelaat nie, veral nie as menings sou bots met die beleid van die staat en die party nie.[2]

In 'n demokratiese samelewing is die kanse goed dat toevallige bloot= stelling aan bepaalde media die publieke opinie oor sekere sake kan verander. "There is some slight evidence to suggest that non-purposive (or accidental) reading and listening is more effective in changing opinions than purposive (or deliberate). In the first place, people see and hear more congenial material through deliberate communication exposure, and accidental reading and listening is more likely to bring diverse viewpoints to their attention. Secondly, in such exposure defenses against new ideas are presumely weaker because preconceptions are not so prevasively present."[3]

---

1. Berelson, op. cit., p. 354

2. Vergelyk in die verband Markham, J.W. Voices of the Red Giants, p. 151 en Schramm, W. The Soviet communist theory of the Press. In: Siebert, F.S. e.a. Four theories of the Press, p. 122

3. Berelson, op. cit., p. 352

Massamedia speel 'n groot rol in die skep en handhawing van politieke opinie. Koerante is veral hiervoor verantwoordelik omdat dié media gewoonlik 'n politieke party ondersteun en naas die verskaffing van inligting ook probeer om die publiek gevoelig te maak vir sekere sake rakende die party. 'n Positiewe ingesteldheid teenoor die party en soms ook opbouende kritiek help mee om die publieke opinie te vorm. "The media have a major influence in producing an interest in public affairs by constantly bringing them to the people's attention in a context of citizenly concern. The more the media stress a political issue, the less indecision there is on the issue among the general public. At the same time, however, the communication media may also be promoting in actuality, but without intention, a sense of political apathy among some of its audience."[1]

6.3.1.2 Publieke opinie en konsensus

Volgens Young is daar drie belangrike stadiums ter sprake by die tot=standkoming van publieke opinie. Eerstens ontstaan 'n probleem in 'n gemeenskap wat vir 'n bepaalde groep mense van belang is; daarna volg 'n bespreking oor die saak, en derdens word konsensus daaroor bereik.[2] Katz voer aan dat 'n vierde stadium die finale "mobilisering" van opinies is wat plaasvind deur die meerderheidstem of die waardebepaling deur die leiers van die sterkte van die opinies.[3] Dit blyk dus dat publieke opinie na vore kom nadat konsensus oor een of ander saak bereik is.

Hoewel gewoonlik tussen publieke opinie en konsensus onderskei word, is die begrippe soms egter byna identies. Die prosesse van kommunika=

---

1. Ibid, p. 353

2. Young, K. Comments on the nature of 'public' and 'public opinion'. In: Katz, D. e.a. Public opinion and propaganda, p. 65

3. Katz, D. Attitude formation and public opinion. In: Nimmo, D.N., Bonjean, C.M. Political attitudes and public opinion, p. 13

sie wat konsensus en 'n geopenbaarde publieke opinie voorafgaan, kom baie ooreen, en is in sommige gevalle selfs identies.[1] John Dewey beklemtoon bewuste en rasionele deelname van al die lede van 'n groep om konsensus te bereik. Sy gebruik van konsensus omvat die besluit wat geneem is, sowel as die proses waardeur dit bereik is.[2]

Ander wetenskaplikes soos Park en Burgess beklemtoon die verskille tus= sen die twee begrippe. Hulle sluit in ".... esprit de corps, morale and collective representations as components of consensus. Such inclu= sions make for major differences between consensus and public opinion. For instance morale depends upon unity, but public opinion is based upon disagreement."[3]

Konsensus, latent of bewus, is altyd in 'n gemeenskap aanwesig. Dit hou as't ware die gemeenskap op 'n losse voet byeen. So verklaar Albig: "Every existing belief has been questioned at some time in the history of a culture. 'Every consensus is a won agreement;' to realize it as such requires a background of awareness of disagreements from which the harmony has emerged. And, of course, large publics are not commonly aware of the history of their cherished beliefs and so regard them as universally true and self-evident."[4]

Om konsensus in 'n gemeenskap te bepaal, is geen maklike taak nie. Die graad van ooreenstemming (of die verskil) kan wissel van kwalik waarneembaar tot ondubbelsinnige positiewe identifikasie. Meningsop= names is een van die wyses waarop konsensus vasgestel kan word.[5]

---

1. Schettler, C. Public opinion in American society, p. 15
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Albig, W. Public Opinion, p. 8
5. Young, op. cit., p. 65

Informele uitdrukking van konsensus word gevind in briewe aan die massamedia, versoekskrifte en memorandums aan wetgewende liggame of persone in uitvoerende posisies.

Die publieke opinie oor 'n besondere saak kan betreklik akkuraat vasge= stel word, maar nie met konsensus nie. Bogart stel die saak so: "Opinion implies the articulation of a point of view which can be re= corded and measured. Consensus is simply not measurable in the same terms as opinion. Only those subjects on which there is no consensus are controversial and provocative of opinion, of divergent answers to the same question."[1]

McIver het die begrip publieke opiniesisteem bekend gestel.[2] Hier word drie verskillende dimensies onderskei. Die eerste is die opinie= rigting wat in direkte ooreenstemming is met die inligting wat deur meningsopnames ingewin word. Die struktuur van die kommunikasie is die tweede dimensie. Hier kom die invloed van die massamedia en interper= soonlike kommunikasie deur 'n opinieleier ter sprake. 'n Derde dimen= sie is die gronde van konsensus.[3] Houdinge en stereotipering oor diepliggende waardes word so algemeen aanvaar dat daaroor kwalik ge= kommunikeer word. Slegs as die "basiese sentimente" bedreig word, kom dit in kommunikasie na vore, andersins word dit as vanselfsprekend aanvaar. Albig noem so 'n voorbeeld. "Among the bulk of the inhabi= tants of Mississippi, a public opinion on intermarriage between black and whites cannot be said to exist. The subject is not discussible;

---

1. Bogart, L. Is there a world public opinion? In: Prosser, M.H. Intercommunication among nations and peoples, p. 104

2. Lazersfeld, P.F. Public opinion and the classical tradition. In: Steinberg, C.S. (ed.) Mass media and communication, p. 84

3. Ibid.

it is part of the mores."[1]

Hierdie gronde vir konsensus moet van publieke opinie onderskei word. Young sê omdat publieke opinie nie noodwendig "voltooide" konsensus is nie, moet ook tussen eersgenoemde en mores onderskei word.[2] Mores berus op 'n gemeenskaplike sentiment en het dus as grondslag 'n la=tente konsensus. Laasgenoemde word in Young se terminologie voltooide konsenses wanneer wel oor die aspekte gekommunikeer moet word.

Latente of bewuste konsensus is dus altyd 'n belangrike komponent van publieke opinie, maar die omgekeerde is nooit moontlik nie. In 'n besondere groep mense bestaan daar latente of bewuste konsensus oor 'n hele aantal belangrike aspekte in die gemeenskap terwyl die publieke opinie slegs t.o.v. enkele sake vasgestel kan word. Konsensus vorm die noodsaaklike fondament vir publieke opinie en oefen voortdurend invloed daarop uit. Die individu se opinies word gevorm deur sy belewing van konsensus deur die meerderheid en sy onderwerping aan die "wil" van die meerderheid. Mills sê in die verband: "The range of social contact available to the individual is limited by his class and social position, and thus he is exposed to only one or two circles of opinion within his stratum. It is upon what is said and believed in these circles that his opinion feed. Such person-to-person influences, within delimited social contexts, form and sustain opinion. In every area of conduct and opinion, these pressures of social consensus, these minute daily influences of personal contact are at word."[3]

---

1. Albig, op. cit., p. 8. Hierdie voorbeeld kan ook op Suid-Afrika van toepassing gemaak word.

2. Young, K. The nature of public opinion. In: Walker, op. cit., p. 18. Sumner noem die mores etiese konsensus, 'n staat van oor=eenstemming, en dit buite die terrein van publieke opinie. Verge=lyk Albig, op. cit., p. 8

3. Mills, op. cit., p. 187

### 6.3.2 Massakultuur[1]

Veral ná die Tweede Wêreldoorlog het sosiale wetenskaplikes, veral sosioloë, 'n nuwe belangstelling in massakommunikasie, die massasame= lewing en massakultuur ontwikkel. Rhoodie meen kommunikasie oefen 'n tweërlei effek op die mens uit. Dit is eerstens 'n belangrike deter= minant in die sosialiseringsproses en tweedens speel dit 'n belangrike rol in die skep van kultuur.[2] "Communication creates, or make possible at least, that consensus and understanding among the individual compo= nents of a social group which eventually gives it and them the charac= ter not merely of society but of a cultural unit. It spins a web of custom and mutual expectation which binds together social entities as diverse as the family group, a labor organization, or the haggling participants in a village market."[3]

McQuail sien massakultuur as ".... a whole range of popular activities and artefacts - to entertainments, spectacles, music, books, films - but has become identified with the fictional, dramatic and entertain= ment material which they provide."[4]

Die rol van die massamedia in die massakultuur word soos volg deur Rhoodie beskryf. "Die massamedia van ons eeu is die vernaamste kommu=

---

1. Dit is nie die bedoeling om hier 'n volledige uiteensetting van massakultuur te gee nie.

2. Rhoodie, op. cit., p. 15

3. Park, R.E. Reflections on communication and culture, In: Berel= son, B., Janowitz, M. Reader in public opinion and propaganda, p. 167. Vergelyk ook: Rivers, W.L. Schramm, W. Responsibility in mass communication, p. 15. "Mass communication helps us to transmit the culture of our society to new members. We have always had teaching at the mother's knee and imitation of the father - and we still have. For thousand of years we have had schools of some kind. But mass communication has entered into this function by supplying textbooks, teaching films and programs, and the con= stant picturing of the roles and accepted mores of our society for both native Americans and immigrants."

4. McQuail, D. Towards a sociology of mass communications, p. 22

nikasie-instrumente van die sogenaamde massasamelewing en die vernaamste veroorsakende faktor in die kristallisering van ons sogenaamde massakultuur. Massamedia het ons moderne samelewing moontlik gemaak en langs dié weg 'n massakultuur waarmee die idealistiese intellektueel en individualis van vandag en môre sal moet leer om mee saam te leef. Deur middel van massamedia kan meer en meer mense vandag deelgenote word in die groot kultuurprodukte van ons planeet ....."[1]

Een van die vernaamste geskilpunte onder wetenskaplikes is die uitwerking of effek van die massamedia op massakultuur. Baumann is van mening dat die massamedia nie soseer die oorsaak van massakultuur is nie, maar eerder as instrumente dien om massakultuur op 'n besondere wyse te vorm.[2] Massamedia dien ook as kanale om kulturele inhoud te kommunikeer. Kultuur kry egter nie 'n massakarakter deur bloot 'n massamedium soos televisie daar te stel nie. Die sosiale struktuur moet eers verander. Massakultuur is 'n soort oorkoepelende struktuur wat rus op 'n sosiale massastruktuur.[3]

In die totstandkoming van massakultuur vervul konsensus 'n noodsaaklike funksie. Die diversiteit van elke samelewing bring mee dat volkome konsensus nooit bereik kan word nie, want in die moderne massasamelewing word individualiteit sterk op die voorgrond gebring. "Mass society has aroused and enhanced individuality. Individuality is characterized by an openness to experience, an efflorescence of sensation and sensibility, a sensitivity to other minds and personalities. It gives rise to,

---

1. Rhoodie, op. cit., pp. 20 - 21

2. Baumann, Z. A note on mass culture: On infrastructure. In: McQuail, D. Sociology of mass communication, p. 62. Klapper stem in breë trekke hiermee saam. Rhoodie, op. cit., p. 24

3. Ibid.

and lives in, personal attachments; it grows from the expansion of the emphatic capacities of the human being. Mass society has liberated the cognitive, appreciative, and moral capacities of individuals. Larger elements of the population have consciously learned to value the pleasures of eye, ear, taste, touch, and conviviality. People make choices more freely in many spheres of life, and these choices are not necessarily made for them by tradition, authority or scarcity."[1]

Hierdie individualiteit beteken nie dat die samelewing net uit 'n aan=tal individue bestaan wat elkeen sy eie belange nastreef nie. 'n Mas=sasamelewing bestaan uit 'n aantal sosiale lae waar mense hulself as=sosieer en identifiseer met ander met min of meer dieselfde status, posisie en belangstellings. "No society can ever achieve a complete cultural consensus: there are natural limitations to the spread of the standards and products of superior culture throughout society."[2]

Kommunikasie, hetsy op 'n interpersoonlike vlak of deur middel van die massamedia, versterk die konsensus in die samelewing. Een van die ver=naamste gevolge hiervan is die bevordering van massakultuur. In die proses van voortdurende beïnvloeding word latente konsensus soms gevoer tot bewuste konsensus. Die daarstel en bevordering van konsensus ge=skied nooit eensydig nie. Klapper stel dit duidelik dat die massamedia baie min drastiese veranderinge in die samelewing teweegbring.[3] Houdings, voorkeure en pre-disposisies moet by al die verskillende groepe in die samelewing in ag geneem word. Massamedia moet hul rol in die samelewing dus uiters versigtig vertolk en die konsensuele grondslag van die mas=

---

1. Shils E.A., Mass Socity and its culture, In: Berelson, B., Janowitz, M. Reader in public opinion and communication, p. 507

2. Ibid.

3. Rhoodie, op. cit., p. 24

sakultuur kan nooit buite rekening gelaat word nie.

Rosten voer aan dat die persone wat in beheer is van die massamedia veel meer kan evalueer wat die bestemming lees, sien en hoor. So 'n evaluering geskied egter nie so vinnig en met so min moeite as wat algemeen aanvaar word nie. "Indeed, they cannot get too far in front of their audiences without suffering the fate of predecessors who tried just that. There is considerable evidence to support the deflating view that the media, on the whole, are considerably ahead of the mas= ses - in intelligence, in taste, in values, e.g., the vocabulary in almost any popular journal, not excluding fan magazines, is often too 'highbrow' for its readers ...."[1]

Oor die negatiewe aspekte van massakultuur het baie wetenskaplikes hul menings gegee. So verklaar Hyman: "The dangers of mass culture are much easier to define than the ideals. The foremost one, which may negate all the ideals, is an overpowering narcotic effect, relaxing the tired mind and tranquelising the anxious. Genuine art is demanding and difficult ..... so much of mass culture envelopes the audience in a warm bath, making no demands except that we all glow with pleasure and comfort."[2]

Howe meen dat massakultuur tot gevolg het die ontpersoonliking van die individu.[3] Emosionele houdinge, wat 'n kenmerk is van die moderne geïndustraliseerde samelewing, passiwiteit en verveeldheid, word toe= nemend in die hand gewerk.

---

1. Ibid., p. 21

2. Ibid., p. 22

3. Gans, H.J. The critique of mass culture. In: Casty, A. (ed.) Mass media and mass man, p. 53

Kritici van die massamedia sluit hierby aan. "Some observers fear that the public depends too much on the media as watcher, forum and teacher. Furthermore, although the media have become highly special= ized in coverage of certain journalistic events and issues, much of what the public receives is in generalized or stereotyped form. As a result of the media's pervasiveness, they are thought to blanket much of the public in false reality. And since they tend to be dominated by prevailing institutions and ideas, the media thus contribute to society's general standardization and stagnation."[1]

Uit die voorgaande bespreking lyk dit of konsensus oor besondere aspek= te van die gemeenskapslewe kan lei tot oppervlakkigheid en stagnasie, en dat die massamedia hierdie tendens bevorder. Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat konsensus in die gemeenskap dien as 'n "kollektiewe ooreenstemming" t.o.v. die basiese waardes en beginsels in die betrokke gemeenskap. McCloskey meen konsensus hou primêr ver= band met die oortuigings wat die lede van die gemeenskap deel.[2]

Navorsing in die toekoms sal in die bestudering van massakultuur aan= dag moet skenk aan die totstandkoming, instandhouding en manipulering van konsensus deur die massamedia in bepaalde gemeenskappe.

### 6.3.3 Effek en konsensus in massakommunikasie

Die belangstelling van baie sosiale wetenskaplikes in die effek van massakommunikasie in die samelewing, het aanleiding tot baie navorsing en teorieë gegee. Dit is opvallend dat in hierdie verband min of geen rekening gehou is met konsensus nie. Inderdaad kan konsensus en effek

---

1. Hixon, R.F. Mass media: an approach to human communication. In: Budd, Ruben. Approaches to human communication, p. 232. Vergelyk ook die mening van Van der Haag in Gans, op. cit., p. 53

2. McCloskey, H. Consensus and ideology in American politics. In: Young, op. cit., p. 88

nie van mekaar geskei word nie.[1]

Oor die effek van massakommunikasie moet volgens De Fleur die volgende vrae gestel word: ".... how have the media influenced us as individuals in terms of persuading us to believe in new political ideologies, to vote for a particular party, to purchase more goods, to alter or aban= don our cultural tastes, to reduce or strengthen our prejudices, to commit acts of delinquency or crime, to lower our standards of sexual morality, to alter our patterns of family recreation, to adopt an in= novation, or to change our pattern of behavior in some other signifi= cant way as a result of attention to the content of mass communication?"[2]

Teenoorgestelde opvattings oor die mag van die massamedia word steeds wyd aangetref. Aan die een kant is diegene wat glo die media het 'n negatiewe en verderflike invloed op die samelewing en aan die ander kant is daar diegene wat hul hoop stel op die positiewe invloed. Albei grond hul standpunte daarop dat diegene wat die media besit en beheer, ook by magte is om die effek te bepaal.[3] Hieruit het De Fleur en Lar= sen die vergelyking getref van die massamedia as 'n reuse-inspuitings= naald wat na willekeur in die passiewe liggame van die bestemming inge= steek kan word.[4]

Hierdie opvattinge het sedertdien wysiginge ondergaan. Dit word nie meer as wetenskaplik korrek aanvaar dat die bestemming passief al die

---

1. Hiermee word bedoel dat as die massamedia permissiwiteit sou pro= pageer en daarmee suksesvol kan voortgaan, sodanige permissiwiteit latent in die gemeenskap aanwesig is. 'n Algemene verset teen die bevordering van enige nadelige neiging sal lei tot dissensus en onherroeplike skade vir die massamedia tot gevolg hê.

2. De Fleur, op. cit., p. 118

3. Stappers, op. cit., p. 86

4. Ibid., pp. 87, 88

boodskappe deur die massamedia aanvaar of dat die institisionele kommunikator na willekeur sy bestemming in 'n demokratiese samelewing kan manipuleer nie.[1] Massamedia dra meer by om bestaande opvattings en houdings te versterk, as om dit te wysig.[2] "Baie van die aantyg=ings teen die media is 'n vereenvoudige siening van oorsake van on=wenslike toestande. Dit blyk dat die media nie noodwendig die regstreek=se oorsaak van bv. jeugmisdadigheid, ontvlugting, vervlakking, passi=witeit, permissiwiteit e.d.m. is nie, maar dat hulle eerder dergelike instellings versterk. Sosio-ekonomiese, sosiaalstrukturele en per=soonlikheidsfaktore bepaal onder meer 'n lewensopvatting wat verdere modifikasie kan ondergaan deur middel van die media. Die media kan lei tot die stimulering van latente neigings."[3]

Konsensus dien as 'n bestendigende faktor in 'n samelewing. Hiertoe dra die massamedia baie by, veral in die vermyding van sake waaroor dissensus in die samelewing kan ontstaan.[4] Die funksies van die massa=media word so saamgevat. "By expressing, dramatizing, and repeating cultural patterns, both the traditional and the newly emerging, the media reinforce tradition and at the same time explain new roles. Mem=bers of the society thus remain integrated within the sociocultural structure. As a form of adult socialization; the media is seen as guarantors that a body of common ultimate values remains visible as a

---

1. Davison, W.P. On the effects of communication. In: Carlson, op. cit., pp. 400, 401

2. Klapper, op. cit., p. 39 e.v.; Carter, op. cit., p. 110. McLuhan en sy navolgers beweer dat die aard van die medium eerder die invloed uitoefen as die kommunikasieboodskappe. Vergelyk Rivers & Schramm. op. cit., pp. 15, 16

3. Herbst. Massakommunikasie - 'n Benadering, op. cit., p. 58

4. Breed, W. Mass communication and sociocultural integration. In: Dexter, L.A., White, D.M. People, society, and mass communications, p. 189

continuing source of consensus, despite the inroads of change."[1]

Studies deur Wirth, Lazersfeld en Merton het bevestig dat konsensus deur die massamedia gehandhaaf word deur die voortdurende bevestiging van norme.[2] Konsensus dien dus as 'n waarborg teen 'n magsposisie van die massamedia wat die wense en begeertes van die institusionele kommunikator eensydig aan die samelewing opdring.[3] As die massamedia nie kan meewerk tot algemene konsensus nie, is ook geen publieke opinie moontlik nie. Insiggewend is Trodohl en Van Dam se bevinding dat daar min verskil is tussen diegene wat aktief meehelp tot 'n bepaalde opinie en die wat dit aanvaar.[4]

---

1. Ibid., p. 187

2. Ibid.

3. So 'n institisionele kommunikator bly net so 'n lid van die same= lewing as enige ander persoon. Doelbewuste benadeling van die samelewing moet hom óók raak. Hier geld die spreekwoord: wie sy neus skend, skend sy aangesig.

4. Frank, op. cit., p. 12

# HOOFSTUK 7

## FAKTORE WAT KONSENSUS BEPAAL

### 7.1 Inleiding

Die konstituering van konsensus kan deur talle faktore bepaal word.[1] Hier word egter nie verwys na algemene konsensus wat reeds in die meeste kommunikasiesituasies aanwesig is nie.[2] Spesifieke konsensus word in 'n bepaalde kommunikasiesituasie bereik. Dit is vanselfspre= kend dat hierdie konsensus onderworpe is aan talle sosiale determinante. Kommunikasiesituasies kan 'n oneindige aantal variasies vertoon en konsensus is moontlik oor haas enigiets in die werklikheid.

Dit is onmoontlik om hier al die veranderlikes wat konsensus kan beïn= vloed, te bespreek en na slegs die belangrikstes word verwys.

### 7.2 Die kommunikasieboodskap

Die doel of funksie van kommunikasie is onlosmaaklik verbind aan die bedoeling van die kommunikator.[3] Breedweg gestel, kan die algemene funksies van kommunikasie ingedeel word in inligting, oorreding en ontspanning.[4] By 'n studie van konsensus is uiteensetting van ontspan= ning onnodig en dit word hier buite rekening gelaat.

Inligting en oorreding kan in die meeste kommunikasiesituasies nie geskei word nie. Naas die bedoeling van die kommunikator kom die finale beslissing oor die doel van die boodskap tydens die dekodering deur die bestemming. Om verduidelikings te vergemaklik, word inligting

---

1. Vergelyk hoofstuk 3, p. 70
2. Voortaan word met konsensus slegs spesifieke konsensus bedoel.
3. Fauconnier. Massamedia en samenleving, p. 110 e.v.
4. Berlo, op. cit., p. 8; Schramm. Men, messages and media, p. 56

en oorreding wel onderskei. "...... whereas the purpose of informing is to secure understanding, the purpose of persuading is to secure a change of commitment."[1] Party wetenskaplikes maak melding van inlig= ting as so 'n breë begrip dat dit noodwendig ook oorredingskommunikasie insluit.[2] Berlo voer aan dat geen kommunikasie kan plaasvind sonder pogings tot oorreding in 'n mindere of meerdere mate nie.[3]

'n Onderskeiding wat soms voorkom, is dat inligting beperk is tot feite en die menings en interpretasies van gesaghebbendes oor sake van be= lang, terwyl oorreding gemik is op stimulering en die opwekking van emosie.[4] Vir Clausse is inligting die naakte weergawe van feite sonder kommentaar of interpretasie.[5] Inligting appelleer dus hoofsaaklik op die kognitiewe en oorreding op die konatiewe sowel as die affektiewe vermoë van die mens.[6]

Inligting word hier beskou as 'n blote deurgee van feite deur die kom= munikator. Die bestemming besluit self of die inligting aanvaarbaar is of nie.[7]

Dit hou belangrike komplikasies in vir konsensus. Talle eksterne en interne veranderlikes kan die dekodering van die boodskap beïnvloed,

---

1. Olbricht, T.H. Informative speaking, p. 15
2. Cherry. On human communication, p. 9 e.v.; Mortensen, op. cit., pp. 40, 70 e.v.; Van Peursen, op. cit., p. 23 e.v.
3. Berlo, op. cit., p. 9
4. Olbricht, op. cit., p. 4
5. Vergelyk Fauconnier, op. cit., p. 119
6. Ook hier is geen waterdigte onderskeidings moontlik nie.
7. Kommunikasie hou verband met besluitneming. Vergelyk Verderber, op. cit., p. 11. Dekodering van boodskappe lei tot onmiddellike beslissings, en geen mens staan neutraal teenoor so 'n boodskap nie.

bv. die situasie waarin die bestemming tydens die dekodering van die boodskap verkeer, die kommunikasiegesteldheid van die bestemming, die verstaanbaarheid van die boodskap en die bekendheid en geloofwaardig=heid van die kommunikator. Konsensus word bereik as die inligting weergegee deur die bestemming as waar en korrek aanvaar is.

By oorreding is die taak van die kommunikator veel moeiliker omdat die bestemming deur motivering[1] in 'n bepaalde rigting gestuur word. In dié kommunikasie speel inligting 'n belangrike rol, hoewel dit deur die kommunikator subjektief gemanipuleer word om die gewenste effek te ver=kry.[2] In propaganda gaan dit om "wilsbeïnvloeding", 'n verandering in die opinies, houdinge en optrede van die bestemming.[3]

Oorreding is daarop bereken om die keuse van die bestemming t.o.v. opi=nies, houdinge en optrede te beperk.[4] Die sukses van die kommunikasie word hoofsaaklik bepaal deur die bedrewenheid van die kommunikator, die kommunikasieklimaat en die kommunikasiegereedheid van die bestemming.[5]

Die totstandkoming van algemene konsensus word veral deur die sosiali=

---

1. Die woord motivering is afgelei van die Latynse woord moveo - om te beweeg. Vergelyk Findlater, op. cit., p. 828

2. Inligting is hier slegs 'n middel tot 'n doel, nl. oorreding en verdraaiing van feite, halwe waarhede, valse gerugte en leuens kan gebruik word.

3. Fauconnier, op. cit., p. 131. Beïnvloeding moet duidelikheids=halwe van oorreding onderskei word. In Afrikaans is dit 'n minder "sterk" begrip as oorreding. Vergelyk Schoonees, op. cit., pp. 53, 609. Enige kommunikasieboodskap, ook inligting soos dit hier gebruik word, beïnvloed die dekodeerders, maar in die geval van oorreding word gepoog om die bestemming op 'n bepaalde wyse te laat optree. Oorreding sluit altyd beïnvloeding in, maar beïnvloed=ing is nie altyd oorreding nie.

4. Fauconnier, op. cit., p. 133. Dit word veral beklemtoon in re=klame. ('n Volledige uiteensetting van alle oorredingsituasies is nie hier moontlik nie.)

5. Laasgenoemde twee aspekte kan ook onder die eerste tuisgebring word.

serings- en leerprosesse aangehelp. Oorredingskommunikasie, en in die besonder indoktrinasie, is hier van groot belang. Indoktrinasie is die inskerping van oortuigings of idees,[1] en dit hou verband met onderrig en opvoeding.[2] Mettertyd kan dit gebeur dat sekere idees al= gemeen in 'n gemeenskap aanvaar word.

Konsensus kom tot stand wanneer die bestemming homself met die rasio= nele en emosionele aspekte van die boodskap vereenselwig. By die be= reiking van kommunikatiewe outonomie[3] het die oorredingskommunikasie, uit die oogpunt van die kommunikator, geslaag. Hier word van die stand= punt uitgegaan dat die bestemming deur kommunikasie oorreed word en so spesifieke konsensus bereik. Dit sluit nie dwangsituasies, soos brein= spoeling, in nie.[4]

Ondanks die bedoeling van die kommunikator bepaal die dekodering van die boodskap deur die bestemming die moontlikheid vir die totstandkoming van konsensus. Volgens Peters kan 'n kommunikator inligting, 'n waar= dering of 'n strewe enkodeer.[5] Probleme kan ontstaan as die bestemming eersgenoemde as 'n waardering of selfs 'n strewe dekodeer. So kan 'n waardering ook as 'n strewe of omgekeerd geïnterpreteer word. Waar so= danige situasies nie onmiddellik ná terugvoering reggestel word nie, is geen konsensus moontlik nie.

---

1. Snook, I.A. Indoctrination and Education, p. 54

2. Ibid., p. 47 e.v.

3. Blignaut & Fourie, op. cit., p. 56 e.v.

4. Die bereiking van spesifieke konsensus is vrywillig en sowel die kommunikator as die bestemming neem daaraan deel. Breinspoeling is in elke geval nie so 'n effektiewe oorredingsmetode as wat aan= vanklik geglo is nie. Vergelyk Gordon, G.N. Persuasion, p. 374

5. Peters, J.M. Retoriek van de communicatie, p. 16

Die "vorm"[1] van die boodskap kan ook 'n uitwerking op konsensus hê. Enige boodskap bestaan uit, wat Peters noem, 'n R-aspek ("representasie" of aanbiedingsaspek) en O-aspek ("operator" of ontvangsaspek).[2] In enige kommunikasiesituasie is daar eerstens die kennende, waarderende en strewende houding van die kommunikator en ook die gekende, gewaardeerde en nagestreefde objek of saak. Albei hierdie fasette moet in die aanbiedings- en ontvangsaspekte van die boodskap vervat word. In geen kommunikasieboodskap moet die R- of die O-aspekte ten koste van die ander beklemtoon word nie.

## 7.3 Verwysingskader

In die kommunikasiesituasie is die verwysingskader van al die betrokkenes van deurslaggewende belang. "Breakdowns in communication frequently occur because the frames of reference of the sender and the receiver are different. When the interpersonal communicators use different frames of reference because they have different value systems, the communication problems become difficult to solve. If the topic under discussion means a great deal to the source or the receiver, even more difficulties arise."[3]

Mense se verwysingskader bestaan uit aangeleerde simboolbetekenisse, waardes, houdinge, behoeftes, doelstellinge, verwagtinge, e.s.m.[4] Webb voer aan dat die verwysingskader bepaal hoe 'n persoon met ander kommunikeer en die wyse waarop hy boodskappe sal dekodeer.[5]

---

1. Ibid., p. 19
2. Ibid., p. 20
3. Applbaum, op. cit., p. 52
4. Hanneman, G.J. The study of human communication. In: Hanneman & McEven, op. cit., p. 35
5. Webb, op. cit., p. 115. Vergelyk ook Patton en Giffen, op. cit., pp. 193, 194. Ook die bereiking van konsensus word hierdeur geaffekteer.

Enkele sake wat hier ter sprake is, word kortliks gestel.

### 7.3.1 Lewens- en wêreldbeskouing

"'n Lewens- en wêreldbeskouing is die geheel van antwoorde of oortuig=ings van die mens aangaande fundamentele vrae betreffende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van die mens en wêreld en van hulle verhouding tot God (of tot iets wat afgodies in die plek van God gestel word)."[1]

Hieruit kan afgelei word dat aan enige aktiwiteit van die mens 'n le=wens- en wêreldbeskouing ten grondslag lê. 'n Mens se diepste dryf=vere en behoeftes word daardeur bepaal en dit gee ook uitdrukking aan die sin van die werklikheid vir die mens.[2] 'n Lewens- en wêreldbeskou=ing is altyd religieus bepaal. So sluit dit enige neutrale handeling deur die mens uit.[3]

Hoewel nie altyd duidelik waarneembaar nie, druk die lewens- en wêreld=beskouing van die mens 'n stempel op sy kommunikasie met ander af. Hierin word veral sy fundamentele oortuigings, waardes en norme vervat[4] wat as riglyn geld vir sy kommunikasie en optrede teenoor ander.

Die totstandkoming van konsensus word ernstig geraak as die lewens- en wêreldbeskouing by die betrokke persone verskil. Om dié rede vind mense met sosiale en kulturele verskille dit meestal moeilik om sinvol te

---

1. Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 113
2. Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting, Vol. 1, p. 13
3. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 118
4. Stoker. Oorsprong en Rigting, Vol. 1, p. 14. Rokeach handhaaf 'n interessante beskouing dat 'n opinie 'n verbale uitdrukking is van 'n oortuiging van hoe 'n persoon optree teenoor sy leefwêreld. Dit kom ooreen met wat Stoker hier bedoel. Rokeach, M. Beliefs, attitudes and values, p. 125

kommunikeer.[1] Konsensus oor sake van gemeenskaplike belang is haas onmoontlik as mense met verskillende lewens- en wêreldbeskouinge mekaar nie goed leer ken nie en bereid is om ondanks die verskille, tot weder=sydse voordeel te kommunikeer.

7.3.2 Houdinge

Sosiale kommunikasie is dikwels gemik op moontlike konsensus. "When we attempt to influence other people, we are trying to modify their thoughts and actions. We seek to stimulate them to choose behaviors that are compatible with our interests. In order to accomplish this we seek to encourage other people to see the world as we see it, to evaluate the elements in the world as we evaluate them, and to agree with us to what is "good" and "bad" in the world. The presumption on which we operate is that, if other people's thoughts and feelings are similar to our own with regard to given behavioral choices, they are likely to make choices similar to those we made. The primary function of interpersonal communication is to establish this similarity of thought and feeling between people."[2] Een van die sosiale veranderlikes wat hier deurslaggewend is, is die houdings van diegene wat kommunikeer.

Mortensen sê: "Attitudes after all, constitute a predisposition or ready=ness to respond to messages in stable and consistent ways."[3] Katz be=skou houdings as: ".... the predisposition of the individual to evaluate some symbol or object or aspect of his world in a favourable or unfavo=rable manner."[4]

---

1. Smith, A.L. Transracial communication, p. 29
2. McCroskey. An introduction to interpersonal communication, pp. 54, 55
3. Mortensen. Communication. A study of human interaction, p. 101
4. Katz, D. The functional approach to the study of attitudes. In: Beisecker, T.D., Parson, D.W. The process of social influence. Readings in persuasion, p. 19

Houding is 'n belangrike aanduiding van die persone in die kommunikasie=situasie se ingesteldheid jeens mekaar en ook teenoor die objek, saak of persoon waaroor gekommunikeer word.[1] 'n Negatiewe houding van die twee partye teenoor mekaar of teenoor die saak, moet noodwendig 'n be=lemmering vir begrip en samewerking wees. Diegene met positiewe houdinge teenoor ander, en wat dit in hul kommunikasie duidelik laat blyk, het 'n beter kans om die kommunikatiewe ervaring te deel.[2] Dit geld veral vir 'n eerste byeenkoms, waar die kommunikatiewe verhouding nog baie kwesbaar is. Hoe langer persone kommunikeer, hoe meer betrokke is hulle by die kommunikasiegebeure en hoe groter word die moontlikheid van oor=eenstemmende houdinge (ook oortuiginge, opinies en belangstellings) t.o.v. bepaalde sake vas te stel.[3] Mense is meer geneig om te kommuni=keer met diegene met ooreenstemmende houdinge.[4]

In 'n kommunikasiesituasie wat gerig is op die moontlike bereiking van konsensus, moet daarmee rekening gehou word dat houdinge bepaal word deur sosiaal-kulturele faktore en nou verbonde is aan die persoonlikheid van die indiwidu.[5] Sherif en Sherif toon aan dat die aanvaarding of verwerping van mense teruggevoer kan word na die intensiteit van die persoon se ego-betrokkenheid.[6] "The extent of a person's ego involve=

---

1. Berlo. The process of communication, p. 46 e.v.

2. Ibid., p. 48

3. Argyle, M. The meeting of personalities. In: Mortensen. Basic readings in communication theory, p. 255 e.v. Die moontlikheid op die bereiking van konsensus verhoog dus baie met die vasstelling van ooreenstemmende aspekte.

4. Ibid., p. 259

5. Gordon. op. cit., p. 246. Mense met dogmatiese oortuigings en diegene wat wegskram van selfblootlegging aan ander, kan moeilik oorreed word om bestaande houdinge te verander. Vergelyk Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 174, 175, 218 e.v.; Applbaum, op. cit., p. 152; Webb, op. cit., p. 195 - 195; McCroskey, op. cit., pp. 126 - 133. Dogmatisme hou verband met die oortuigings en waarde=sisteem van die individu.

6. Sherif, M., Sherif, C.W. Social Psychology, p. 388 e.v.

ment can be deduced from the willingness with which he accepts or tolerates attitudes that differ from his own: the less het accepts, the greater his ego-involvement; the greater his involvement, the stronger his commitment to previously held attitudes."[1] 'n Persoon se ego-betrokkenheid beïnvloed ook die mate van houdingverandering wat hy sal ondergaan by konfrontasie met 'n boodskap waarvan hy verskil.[2] Ego-betrokkenheid raak ook twee persone (of groepe) se vermoë om 'n ooreenkoms te bereik as hulle verskil.[3]

Die aanvaarding van nuwe idees (innovasies) geskied gewoonlik in ooreenstemming met bestaande houdinge. Soms aanvaar 'n individu dat sulke idees meer ooreenstem met sy houdinge as wat werklik die geval is. Mense verwerp nie subiet idees wat nie in ooreenstemming met hul houdinge is nie, maar neem dit waar as verder verwyderd van hul bestaande houdinge as wat werklik die geval is.[4] Wanneer dié idee nog 'n keer aan die individu gekommunikeer word, kan hy self 'n negatiewer houding aanneem, wat maklik aanleiding tot polarisasie gee, met 'n gevolglike afname in sinvolle kommunikasie. Houdinge word aangeleer en is daarom ook onderworpe aan veranderinge,[5] en dit geskied veral deur die individu se betrokkenheid in sy kommunikasie met ander.[6] Die belangrikste faktore by houdingverandering is toegewendheid, identifikasie en internalisering. Eersgenoemde vind plaas wanneer houdinge aangepas word vanweë beloning of straf. Dit is tydelik van aard. 'n Aanvaarding van

---

1. Webb, op. cit., p. 166
2. Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 176, 177
3. Ibid., p. 177
4. Webb, op. cit., pp. 167, 168
5. Bettinghaus, op. cit., p. 18 e.v.
6. Sherif & Sherif, op. cit., p. 467 e.v. Houdingverandring vind veral plaas in 'n mikrogroep. Massakommunikasie versterk of verswak bestaande houdinge. Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 200 - 202

houdinge kom voor deur die identifikasie van 'n individu met die houdinge van persone vir wie hy groot bewondering koester. Deur internalisering word 'n nuwe houding aanvaar omdat die individu werklik oortuig is van die wenslikheid daarvan.[1] Laasgenoemde het veral in= vloed op konsensus in 'n groep.

Die welslae van kommunikasie word deels bepaal deur ooreenstemmende houdinge,[2] hoewel dit nie van ander sosiale determinante geskei kan word nie. "If we judge events and people in terms of their similarity to ourselves and to our experiences or on the basis of our fears and needs, if we close our minds to new ideas and attitudes, or if we misperceive situations and conversations because of something that conflicts with our preconceived notions, then we make the interaction essential to effective communication impossible or at best extremely difficult."[3] Konsensus is nie moontlik voordat die sosiale verander= likes t.o.v. albei partye deeglik deur hulself verreken word in die kommunikasiesituasie nie.

### 7.3.3 Sosiaal-kulturele agtergrond

Die gevolg van algemene konsensus is dat kommunikasie met die minste inspanning geskied tussen mense met dieselfde sosiale agtergrond en kultuur. McCroskey voer aan dat 'n homofiliese kommunikasiesituasie, waar die kommunikator en die bestemming ooreenstem t.o.v. oortuiginge, waardes, status en opvoeding, effektiewer kommunikasie tot gevolg sal hê as 'n heterofiliese situasie. Heterofilie sal die totstandkoming

---

1. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 197

2. Krech, D. e.a. Elements of Psychology, p. 817

3. Webb, op. cit., p. 168

4. McCroskey, J.C. Human information processing and diffusion. In: Barker & Kibler. op. cit., pp. 174, 175. Hierdie begrippe is veral bekend in die diffusie van innovasies. Vergelyk Rogers, E.M., Shoemaker, F.F. Communication of innovations, pp. 14, 15

van konsensus in die wiele ry.

Die belangrikheid van die sosiale en kulturele verband waarin kommunikasie plaasvind, kan nouliks genoeg beklemtoon word. "One fundamental tenet of communication asserts that communication must be interpreted only in its proper context. Ordinarily we think of context in physical terms - location, occasion, seating arrangement, background, atmosphere, moods and other aspects of our immediate physical surroundings. And still we all know that persons engaged in communication share far more than common physical context. There is a social context; people who live in a given setting also share patterns of behavior, common ideas and expectations, tastes and values, social conventions, and comparable ways of looking at reality. What links all of these and countless other commonalities of experience is nothing less than a common cultural context. And within each culture is to be found a web of subcultures bound by shared habit, work, friendship, recources and affiliations."[1]

In die Kommunikasiekunde het in die afgelope jare 'n toepassingsgebied ontstaan wat algemeen bekend is as interkulturele kommunikasie.[2] Smith verkies die begrip interrassige of selfs inter-etniese kommunikasie.[3] Volgens hom verwys interkulturele kommunikasie na politieke doelstellinge en diplomatieke sendings in 'n internasionale verband.[4] Rich

---

1. Mortensen, C.D. Basic readings in communication theory, p. 293

2. Harms, L.S. Intercultural communication, p. 8; Applbaum, op. cit., p. 84

3. Smith, A.L. Transracial communication, p. 9. Interetniese kommunikasie word deur interrassige kommunikasie omvat, want 'n ras kan verskillende etniese groepe insluit.

4. Smith, A.L. Interpersonal communication within transracial context. In: Barker & Kibler, op. cit., p. 305

maak 'n bruikbare onderskeiding, hoewel dit ingestel is op die Ameri= kaanse samelewing. Internasionale kommunikasie, sê sy, vind plaas op 'n politieke vlak tussen nasies of verteenwoordigers daarvan. Inter= kulturele kommunikasie geskied tussen individue van verskillende kulture met geen vorige koloniale verbintenisse nie. Kontrakulturele kommuni= kasie geskied wanneer individue van verskillende kulture kommunikeer, maar waar die waardestruktuur van een kultuur in 'n dominante posisie verkeer. Interrassige kommunikasie vind plaas tussen wit en swart in die V.S.A., met laasgenoemde in 'n situasie wat aanleiding kan gee tot stremming in die kommunikasie.[1] Inter-etniese kommunikasie is kommuni= kasie tussen lede van verskillende swart groepe wat die gemeenskaplike posisie beklee van 'n minderheidsgroep in 'n oorheersende wit samele= wing.[2]

Hierdie indeling is egter te omslagtig en om die rede word interkultu= rele kommunikasie verkies. Porter omskryf dit so: ".... intercultural communication can best be understood as cultural variance in the per= ception of social objects and events. The barriers to communication caused by this perceptual variance can best be lowered by a knowledge and understanding of cultural factors that are subject to variance, coupled with an honest and sincere desire to communicate sucessfully across cultural boundaries."[3]

Die kummulatiewe neerslag van kultuur is kennis, ervaring, houdinge, opinies, statushierargieë, godsdiens, tydsbegrip, rolverwagtinge, kon=

---

1. Hierdie situasie van die swartes word teweeggebring deur politieke, ekonomiese en fisieke omstandighede.

2. Rich, A.L. Interracial communication, p. 13

3. Porter soos aangehaal in: Harms, op. cit., pp. 34, 35

septe van die self en die skepping, e.s.m. Kultuur kom tot uiting in taal en denke.[1] Die voortbestaan van kultuur berus in 'n groot mate op algemene konsensus in die samelewing. Dit is ook duidelik dat kultuur meehelp in die totstandkoming van konsensus. "Culture is a code we learn and share, and learning and sharing require communica= tion. And communication require coding and symbols, which must be learned and shared. Communication and culture are inseparable."[2]

Om suksesvol met mense van 'n ander kultuur te kommunikeer, moet sulke mense geken, gerespekteer en aanvaar word soos hulle is. Dit is onno= dig om soos hulle te probeer wees, want dit lei tot verwarring en wantroue.[3] Om konsensus in sulke gevalle te bereik, is wel moeiliker as met diegene uit dieselfe sosiaal-kulturele agtergrond, maar nie on= moontlik nie. Wedersydse pogings om ondanks en met erkenning van ver= skille te kommunikeer, kan brûe bou waar daar nog geen verbinding bestaan nie.

7.4 Geloofwaardigheid

Geloofwaardigheid is een van die belangrikste norme vir kommunikasie,[4] en indirek ook een van die oudste. In 400 v.C. het Aristoteles die begrip "ethos" as die vernaamste faktor in oorreding beskou.[5] Aris= toteles het hiermee bedoel die bewys wat 'n spreker aan sy bestemming

---

1. Applbaum, op. cit., p. 86
2. Smith, A.G. Communication and culture, p. 7
3. Hall, T., Whyte, W.F. Intercultural communication. In: Morten= sen, C.D. Basic readings in communication theory, p. 313
4. Herbst, D.A.S. Die hedendaagse kommunikasiewêreld; normatief beskou, p. 11
5. McCroskey, J.C. An introduction to rhetorical communication, p. 63. Dit word as sinoniem met geloofwaardigheid beskou. Ibid. Vergelyk ook Rierke, R.D., Sillars, M.O. Argumentation and the decision making process, p. 140

gee. "..... by the character of the speaker ...... when the speech is so uttered as to make him worthy of belief."[1]

Geloofwaardigheid word so deur Wenburg en Wilmot omskryf: "Source credibility is the degree of believability or acceptability a receiver gives a source. The degree of believability or accptability may range from high to low."[2] McCroskey beskou dit as 'n houding van die bestemming. "Ethos is the attitude toward a source of communication held at a given time by a receiver."[3]

Twee fasette van geloofwaardigheid blyk hier opvallend. Soos in die tyd van Aristoteles, Plato, Isokrates en Cicero word geloofwaardig=heid ook in die moderne tyd as van besondere belang in interpersoon=like kommunikasie beskou. Uitvoerige navorsing hieroor is deur bekende wetenskaplikes soos Haiman, Hovland, Weiss, Aronson, Golden, McCroskey, e.a. onderneem.[5] Geloofwaardigheid is egter in massakommunikasie ook noodsaaklik vir sinvolle kommunikasie.[6]

'n Ander opvallende faset is die nadruk op die kommunikator. 'n Kommunikator het nooit geloofwaardigheid nie. Dit word aan hom toe=

---

1. Rierke & Sillars, op. cit. p. 140
2. Wenburg, J.R., Wilmot, W.W. The sender's influence: source cre=dibility. In: Wilmot, W.W., Wenburg, J.R. Communication in=volvement: personal perspectives, p. 284
3. McCroskey, op. cit., p. 63
4. Ibid.
5. Hovland, C.I., Weiss, W. The influence of source credibility on communication effectiveness. In: Schramm, W. The process and effects of mass communication, p. 275 e.v.; Andersen, K., Cleven=ger, T. A summary of experimental research in ethos. In: Sere=no & Mortensen, op. cit., p. 197 e.v.
6. Herbst. Die dilemma van die moderne koerant, p. 300 e.v. Merrill & Lowenstein, op. cit., p. 241

geskryf in 'n bepaalde situasie deur 'n spesifieke bestemming.[1] Keltner moet egter gelyk gegee word as hy aanvoer dat die geloofwaardigheid van die kommunikator nie van die kommunikasiesituasie en die bestemming geskei kan word nie.[2]

Geloofwaardigheid is nie 'n konstante faktor nie en 'n persoon kan in een situasie 'n hoë mate van geloofwaardigheid en in 'n ander lae geloofwaardigheid toegeken word. Dit kan wissel van bestemming tot bestemming, van tyd tot tyd, van onderwerp tot onderwerp en van een situasie tot 'n volgende.[3]

'n Studie deur Wenburg en Miller toon dat boodskapaanpassing deur geloofwaardigheid uitgeskakel kan word.[4] Wanneer die boodskap gekommunikeer word deur 'n persoon met hoë geloofwaardigheid, het die bestemming die boodskap waargeneem as aangepas. 'n Aangepaste boodskap deur 'n kommunikator met lae geloofwaardigheid se boodskap is gedekodeer as onaangepas.

Navorsing oor geloofwaardigheid is wyd onderneem. Die invloed daarvan op die effek van kommunikasie, tegnieke vir die verandering daarvan en die meet van een of meer fasette van geloofwaardigheid het baie aandag geniet.[5] Hovland, Weiss en Kelman het die verband tussen geloofwaardigheid en die verandering van houdinge ondersoek. Hulle het ge=

---

1. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 285; Keltner, op. cit., p. 20

2. Keltner, op. cit., p. 20

3. Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 285 - 288

4. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 159. Boodskappe wat gemik is op inligting, oorreding en ontspanning verskil baie. Met 'n aangepaste boodskap word bedoel 'n boodskap wat gemik is op 'n spesifieke bestemming - dit is baie effektiewer as een wat nie aangepas is nie. Ibid., p. 157

5. Andersen & Clevenger, op. cit., p. 197

vind dat mense met 'n hoë mate van geloofwaardigheid 'n groter verandering in houding sal teweegbring as 'n persoon met lae geloofwaardigheid. 'n Interessante bevinding is die sogenaamde "sleeper effect" waar iemand met hoë geloofwaardigheid mettertyd sy geloofwaardigheid inboet en 'n persoon met 'n aanvanklike kleiner geloofwaardigheid aan geloofwaardigheid wen.[1] In die jongste tyd is die invloed van die Semiotiek op geloofwaardigheid nagegaan, veral paralinguïstiese aspekte soos praattempo, stemkwaliteit, artikulasie en toonhoogte.[2]

Verskeie dimensies van geloofwaardigheid is deur wetenskaplikes na vore gebring. Aristoteles het dit bestempel as karakter, intelligensie en welwillendheid. Hovland, Javis en Kelly het besluit dat deskundigheid, betroubaarheid en die bedoeling teenoor die bestemming die belangrikste elemente is. Berlo en Lemert beskou bekwaamheid, betroubaarheid en dinamiese optrede as die vernaamste komponente.[3]

Die totstandkoming van konsensus word ingrypend deur geloofwaardigheid geraak. Dit kan kortliks m.b.v. Berlo en Lemert se konsep van geloofwaardigheid geïllustreer word. 'n Bekwame persoon, ingelig en intelligent, sal 'n gunstige indruk op ander mense maak, veral as hy 'n gesaghebbende is oor die onderwerp of saak onder bespreking. "Other things being equal, we tend to accept the views of the competent source more readily than those of the source we believe to be less competent."[4] Betroubaarheid is 'n gevoel van veiligheid en vertroue wat die kommu=

---

1. McCroskey, op. cit., p. 81; Hovland & Weiss, op. cit., p. 288

2. Rosenfeld, L. Nonverbal communication in the small group. In: Cathcart, R.S. Samovar, L.A. Small group communication. A reader, p. 275

3. McCroskey, op. cit., p. 65; Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 291; Riecke & Sillars. op. cit., p. 144 e.v.; Patton & Giffen, op. cit., p. 245

4. McCroskey. An introduction to interpersonal communication, p. 81

nikator deur sy kommunikasie by die bestemming laat ingang vind. 'n Persoon wat dinamies optree, is oortuigend, empaties en geesdriftig.[1] So 'n persoon neem die volle aandag van die ander party in beslag en lewer 'n konstruktiewe bydrae tot die kommunikasiesituasie sonder om dit te oorheers. Die geloofwaardigheid van só 'n persoon sal (as al die ander veranderlikes konstant bly) baie bydra om konsensus te konstitueer.

## 7.5 Stereotipering

Die woord stereotiep is afgelei van die Griekse woorde stereos,[2] wat beteken solied, vas en langdurig, en tuttos wat dui op 'n gevormde beeld of gestalte.[3] Mettertyd het die betekenis van vasstaande en herhalend ingang gevind, veral in Europese tale.[4]

Stereotiep moet van vooroordele onderskei word. Laasgenoemde is oor= dele oor die omgewing, wat uitdrukking vind in stereotiepe.[5] Appl= baum e.a. sien die verskil tussen die begrippe as volg. "A stereotype is an attitudinal set we apply to another person solely on the basis of the class or category to which that person belongs. Prejudices, on the other hand, are attitudinal sets that predispose us to behave in certain ways toward people solely on the basis of their membership in some grouping."[6]

---

1. Ibid., p. 82
2. Findlater, op. cit., p. 490
3. Mulder, C.E. Stereotipes en vooroordele, p. 2
4. Ibid.
5. Ibid., p. 3
6. Applbaum, op. cit., pp. 91, 92. Met die stelling dat stereotiepe en vooroordeel in houdinge uiting vind, kan saamgestem word, hoewel hierdie definisies duidelik gemik is op interkulturele situasies.

Mulder se omskrywing is meer bevredigend. "Stereotipes kan gedefiniëer word as antisiperende voorstellings-komplekse t.o.v. mense en groepe wat voor die ervaring lê en deur veralgemening van gedeeltelike ervaring of deur gebrekkige gereproduseerde inligting ontstaan het. Hulle neig daartoe om bepaalde eienskappe en karaktertrekke van die betrokke mense en groepe min of meer taamlik vas te lê."[1]

Dit is verkeerd om stereotiepe altyd in 'n negatiewe lig te beskou. Volgens Smith vergemaklik dit die mens se denke.[2] Geen mens kan verwag om die besondere karaktereienskappe van diegene te ken met wie hy moontlik kan kommunikeer nie. Hy moet egter op die hoogte wees van wat ander mense van sy eie optrede verwag.[3] Om kommunikasie te vergemaklik, word ander mense gekategoriseer in verskillende "verpakkings", bv. ras, sosiaal, politiek, godsdiens, geslag, e.s.m. 'n Reeks eienskappe van elke groepering word dan veralgemeen. Op die wyse word "voorspel" hoe mense in gegewe situasies sal optree. Dit bring orde mee en verminder spanning in die lewe van die individu.[4]

Stereotipering kan sinvolle kommunikasie ernstig in die wiele ry as in gedagte gehou word dat dit grootliks persepsie van mense en gebeure bepaal.[5] Mense met 'n negatiewe houding teenoor swartes het veel meer

---

1. Mulder, op. cit., p. 4

2. Smith, op. cit., p. 74. Maklike veralgemenings kan die moontlikheid van konsensus totaal uitskakel. Bem beskryf 'n voorbeeld van Blanke polisiemanne se optrede in swart ghetto's. Eersgenoemde kom hoofsaaklik in aanraking met swart misdadigers en die inwoners neem waar hoe die polisie die skuldiges aankeer. Hieruit vloei stereotipes voort wat menseverhoudings ernstig benadeel. Bem, D.J. The cognitive foundations of beliefs. In: Mortensen, op. cit., p. 234

3. Rich, op. cit., p. 46

4. Ibid.

5. Patton & Giffen, op. cit., p. 102. Dit is veral opmerklik in interkulturele kommunikasie. Vergelyk Smith, A.L. Interracial communication, p. 74; Rich, op. cit., p. 45 e.v.

klem gelê op die gestereotipeerde kenmerke soos dik lippe en 'n plat neus as mense met 'n positiewer houding.[1] Stereotipering kan lei tot sulke breë veralgemenings dat die individuele kenmerke van mense onopgemerk bly.[2] So kan dit gebeur dat alle alkoholiste as persone van swak karakters, alle Jode as uitbuiters en mans met lang hare as hippies beskou word.

Die grootste gevaar is wanneer stereotiepe dien as rasionaliserings van menings en vooroordele en sodoende daaraan oortuigingsterkte ver=leen. Dit verminder ook die bereidwilligheid tot oopstelling vir meer inligting wat 'n besondere oordeel kan versterk of meer oor=tuigend maak.[3]

Stereotiepe kan die totstandkoming van konsensus baie bevorder. Vol=gens Lippmann is stereotiperingspatrone nooit neutraal nie[4] en is altyd gebaseer op veralgemeende individuele ervaring en algemene kulturele houdinge. Interkommunikasie moet dus in harmonie met open=bare stereotiepe geskied.[6] Dit lei ook tot 'n meningstabilisasie, wat die beslissingsneutraliteit en die spanning wat daarmee gepaard gaan, verminder.[7]

Deur persepsie en kommunikasie vorm die mens vir homself 'n werklik=heidsbeeld wat hy op die werklikheid van toepassing maak. "So word

---

1. Wenburg & Wilmot, The Personal communication process, p. 118
2. Patton & Giffen, op. cit., p. 103
3. Mulder, op. cit., p. 7
4. Lippmann, op. cit., p. 63
5. Mulder, op. cit., p. 7
6. Ibid., p. 8
7. Ibid., p. 9

nie die werklikheid as sodanig beoordeel nie, maar die beeld wat ons daarvan het - die stereotiepe word op die werklikheid aangewend. Feite wat nie in die voorgevormde beeld van die stereotiepe pas nie, word as uitsondering van die reël geklassifiseer, en dra gevolglik nie tot die verandering van die stereotiepe by nie, inteendeel eerder tot sy versterking. Stereotiepe het dus ook die funksie van 'n selek= siemeganisme, wanneer iemand met 'n keuse van feite gekonfronteer word. Iemand selekteer slegs dit wat tot 'n stabilisasie van sy ste= reotiepe mening of houding kan lei, terwyl alles anders verdring word."[1]

## 7.6 Seleksie in kommunikasie

Mense kommunikeer in ooreenstemming met hul verwysingskader[2] en geen mens dekodeer boodskappe sonder 'n seleksie van die relevante aspekte wat op 'n gegewe tydstip vir hom van groot belang is nie. Die begin= sels wat aan die begrip seleksie in kommunikasie ten grondslag lê, word deur Katz so saamgevat:

"(a) that an individual selfcencors his intake of communication so as to shield his beliefs and practices from attack;

(b) that an individual seeks out communication which support his beliefs and practices; and

(c) that the latter is particularly true when the beliefs or prac= tices in question have undergone attack or the individual has otherwise been made less confident of them." [3]

'n Beknopte uiteensetting van selektiewe aandag, waarneming, blootstel= ling en retensie volg.

---

1. Ibid.

2. Vergelyk Webb, op. cit., p. 115; Patton & Giffen, op. cit., pp. 193, 194; p. 193 vir verwysingskader.

3. Katz, E. On reopening the question of selectivity in exposure to mass communications. In: Mortensen. Basic Readings in communication theory, p. 162

7.6.1 Selektiewe aandag

'n Mens kan onmoontlik aandag gee aan al die stimuli wat hom m.b.v. sy vyf sintuie bereik.[1] Van die groot aantal stimuli bereik baie wel die brein via die sentrale senuweestelsel, maar slegs 'n betreklike klein aantal daarvan dring deur tot die helder bewussyn as voorstellings of inhoude.[2] Die mens se waarnemingsveld is nie net beperk nie, maar dien sy verwysingskader as 'n filter wat sekere stimuli tot betekenis= volle bewussynsinhoude laat ontwikkel en ander eenvoudig ignoreer.[3]

Die seleksie van stimuli vind hoofsaaklik onbewus plaas,[4] hoewel som= mige so aanspraak maak op die aandag van die mens (bv. grootte, in= tensiteit, kontras) dat hy daaraan bewustelik aandag moet gee. Selek= tiewe aandag is 'n voortdurende besluitnemingsproses aan die hand van die verwysingskader.[5]

7.6.2 Selektiewe waarneming

Waarneming van dieselfde gebeure vertoon altyd individuele verskille. Elke mens het daagliks te doen met 'n subjektiewe werklikheid, gevorm deur intrakommunikasie wat volg op waarneming.[6]

---

1. Du Toit & Van der Merwe, op. cit., p. 95; Wenburg & Wilmot, op. cit., pp. 111, 112. 'n Mens gee aandag, jy het nie aandag nie. Du Toit & Van der Merwe, op. cit., p. 95

2. Ibid.

3. Vergelyk Broadbent, op. cit., p. 251 e.v.; Hanneman, G.J., McEven, W.J. Communication and behavior, p. 258; Applbaum, op. cit., p. 20

4. McCroskey. An introduction to rhetorical communication, p. 47

5. Vergelyk Verderber, op. cit., p. 11

6. Barker & Wiseman, op. cit., pp. 48, 49. Vergelyk p. 135. Intra= kommunikasie is natuurlik nie net die gevolg van waarneming nie. Vergelyk Hoofstuk 5.2, p. 116 e.v.

Mense neem selektief waar,[1] veral dit wat op 'n gegewe tydstip vir hulle van die grootste belang is.[2] Dit kan baie kommunikasieprobleme tot gevolg hê, veral die waarneming van persone en gebeure. "A major difficulty in communication is that each of us believes his perception is the correct 'perception' and that others perceive or should be able to perceive objects and events the same way we do. Nearly all of us go through life firmly convinced that we see, hear, and touch what is truely there to be seen, heard or felt."[3]

Selektiewe waarneming kan 'n verwringing van die werklikheid meebring[4] omdat mense waarneming van voorwerpe, gebeure of persone doelbewus ooreenkomstig hul verwysingskader aanpas.[5] Mense verwag ook om dinge op 'n bepaalde wyse waar te neem. Dit lei tot die vorming van persep= tuele patrone waarmee die werklikheid gehanteer kan word.[6]

7.6.3 Selektiewe blootstelling

Selektiewe blootstelling het veral ten doel om bestaande houdings en menings te bevestig en te versterk.[7] 'n Persoon stel hom dus aan "gunstige" kommunikasie bloot en vermy doelbewus kommunikasieboodskappe

---

1. Die mens is nie bloot 'n passiewe waarnemer nie en persepsie is 'n persoonlike handeling van die individu teenoor sy omgewing. Barker en Wiseman, op. cit., p. 49; Applbaum, op. cit., p. 19

2. Patton & Giffen noem die voorbeeld van 'n navorser wat baie begaan was oor rotte en 'n stuk papier by geleentheid vir 'n rot aangesien het. Patton & Giffen, op. cit., p. 186

3. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 113

4. McCroskey, op. cit., p. 47

5. Webb noem die voorbeeld van 'n navorser wat 'n groep proefpersone meegedeel het dat woorde i.v.m. diere op 'n doek geflits sal word. Betekenislose woorde soos "wharl, sael, duch" is as "whale, seal, duck" waargeneem. Webb. op. cit., p. 113

6. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 119

7. McCroskey, op. cit., p. 46; Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 122

wat nie strook met sy houdinge en opvattinge nie.[1]

Die beginsel wat onderliggend hieraan is, is die mens se strewe na ooreenstemming. "He is comfortable when he is exposed to and inter= prets incoming stimuli that are consistent with his present beliefs. However, man becomes uncomfortable when he is exposed to stimuli that are inconsistent with his present beliefs. Inconsistency causes dis= ruption in a person's mind; as a result he purposefully avoids coming into contact with information that will threaten his existing beliefs."[2]

'n Persoon soek gevolglik mense om mee te kommunikeer wat hy weet met hom sal saamstem en ook van wie hy hou.[3] Soms stel 'n persoon hom wel bloot aan "teenstrydige" kommunikasieboodskappe. Hiervoor bestaan ver= skeie redes, bv. om 'n ander standpunt te verneem en beter daarop voor= bereid te wees ter wille van argumentering of om 'n beeld van openheid aan ander te openbaar.[4]

7.6.4 Selektiewe retensie

Navorsing bring aan die lig dat inligting wat mense se sieninge beves= tig vollediger en akkurater onthou word as teenstrydige inligting.[5] Die meeste onaangename ondervindinge word maklik vergeet, terwyl aan= gename ervaringe maklik herroep word. So sal mense geneig wees om die situasies te vergeet as hulle hulle onvermydelik moet blootstel aan vir hulle onwenslike boodskappe, as hulle verplig is om daaraan aandag

---

1. Katz, op. cit., p. 165

2. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 121

3. McCroskey, op. cit., p. 47. Mense lees boeke, tydskrifte en koe= rante en selekteer radio en televisieprogramme wat min of meer in ooreenstemming is met sy verwysingskader. Om dieselfde rede be= hoort hy aan bepaalde organisasies en verenigings.

4. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 122

5. Ibid.

te gee en as hulle dit nie moontlik vind om sulke boodskappe volgens hul eie siening aan te pas nie.[1]

7.6.5 Samevatting

Albei partye in 'n kommunikasiesituasie moet deeglike kennis hê van mekaar se neigings tot selektiewe aandag, waarneming, blootstelling en retensie. Konsensus word nie altyd belemmer deur die kommunikasie= gebeure nie, maar ook deur gebrekkige kennis van al die sosiale ver= anderlikes wat op albei partye 'n invloed uitoefen. Om sinvol te kommunikeer, beteken om op die hoogte te wees van hoe mense in bepaalde omstandighede dink en optree.[2] Hierdie kennis, of gebrek daaraan, bring mee dat kommunikasie inspannend is en nie soseer die kommunikasie han= deling nie.

7.7 Strewe na ooreenstemming

Soos reeds gestel,[3] streef die mens na ooreenstemming. "We strive to maintain internal consistency among our personal beliefs, feelings and actions."[4]

Heelwat teorieë oor bogenoemde hipotese is in die afgelope paar dekades geformuleer. Die bekendstes is Heider se balansteorie, Newcomb se simmetrieteorie, Osgood en Tannenbaum se kongruensiebeginsel en Fes= tinger se dissonansieteorie.[5] Hierdie teorieë, en ook ander, is veral ingestel op houdingverandering,[6] maar ook opinieverandering en het

---

1. McCroskey, op. cit., pp. 47, 48
2. Hiermee word bedoel 'n deeglike kennis van die betrokkenes sê ver= wysingskaders.
3. Vergelyk 7.6.3, p. 211
4. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 177
5. Beisecker, T.D., Parson, D.W. The process of social influence. Readings in persuasion, p. 10; Applbaum, op. cit., pp. 160 - 171
6. Insko, C.A. Theories of Attitude change, p. 1; McCroskey, op. cit., p. 48

gevolglik belangrike implikasies vir oorredingskommunikasie.[1]

Van bogenoemde teorieë word die eerste drie oorsigtelik toegelig en die moontlike toepassing op konsensus aangedui.

### 7.7.1 Heider se balansteorie

Heider se balansteorie word verduidelik aan die hand van 'n driehoek=model, P 0 X. Aan die basis van die driehoek stel P en 0 onderskei=delik twee mense voor. X is die voorwerp of saak waaroor gekommuni=keer word.[2] Dit gaan hier oor P se houdinge teenoor 0 en X en ook 0 se houdinge teenoor X.[3] Hierdie houdinge kan as positief of negatief aangedui word. Volgens Heider is die situasie gebalanseer as drie positiewe of twee negatiewe houdinge aanwesig is. As drie negatiewe of twee positiewe houdinge voorkom, is die situasie ongebalanseer. By die bespreking van 'n enkele saak is vier kommunikasiesituasies moontlik gebalanseer en vier ongebalanseer.[4]

Heider meen dat 'n persoon graag wil saamstem met diegene van wie 'n hoë dunk gekoester word. Aan die ander kant ondervind 'n persoon (bv. 'n student) ongemak wanneer iemand (bv. 'n dosent) van wie hy 'n hoë dunk koester t.o.v. houdinge of menings van hom verskil.[5] As die saak vir die student van groot belang is, kan dit lei tot 'n wysiging of verandering in sy houding of mening. In bepaalde omstandighede sou 'n persoon met hoë aansien 'n ander tot konsensus beweeg as laasgenoemde

---

1. Bettinghaus, op. cit., p. 44 e.v.

2. Insko, C.A. op. cit., p. 161; Zajonc, R.B. The concepts of balance, congruity and dissonance. In: Beisecker, op. cit., p. 48

3. Baie praktiese toepassings is hier moontlik, bv. P is 'n professor, 0 'n student en X 'n komende eksamen.

4. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 178; Applbaum, op. cit., p. 160

5. Applbaum, op. cit., p. 163

homself nie in 'n ongemaklike posisie wil bevind nie.

7.6.2 Newcomb se simmetrieteorie

Newcomb se simmetrieteorie kan ook goedskiks bekend staan as die teorie van kommunikasiehandeling.[1] Hy stel veral belang in die verhouding wat tussen twee kommunikerende individue bestaan en die rol van interpersoonlike aantreklikheid.

Newcomb gebruik ook 'n driehoekmodel, A B X, waar A en B oor X kommunikeer. As A en B baie van mekaar hou, sal 'n verskil in houding of opinie spanning meebring. Die spanning veroorsaak 'n beweging nader aan mekaar (simmetrie) t.o.v. hul houdinge of menings.[2] Die omvang van die spanning word bepaal deur die intensiteit van hul houdinge en ook hul aantreklikheid vir mekaar. Hul houdinge of menings sal dus groter ooreenstemming vertoon ná die kommunikasiehandeling as daarvoor.[3]

Dit lyk of mense wat van mekaar hou, makliker konsensus sal bewerkstellig, veral as die wedersydse aantreklikheid in harmonie is met die verwysingskader van die individue in interpersoonlike kommunikasie.

7.7.3 Die Kongruensiebeginsel van Osgood en Tannenbaum

Die kongruensiebeginsel is 'n verfyning van sowel Heider as Newcomb se teorieë. Dit gaan oor die rigting en omvang van houdingverandering wat spruit uit 'n ongebalanseerde kommunikasiesituasie.[4]

Ook hier word 'n soortgelyke model P S O as in die vorige twee gevalle gebruik, maar met belangrike verskille. S (die persoon wat kommunikeer)

---

1. Ibid., p. 164
2. Zajonc, op. cit., p. 49. Daar is dus by albei 'n strewe na balans.
3. Wenburg & Wilmot, op. cit., p. 183
4. Ibid.

en O (die saak waaroor gekommunikeer word) is aan die basis van die driehoek. P is die persoon wie se houding verander, teenoor sowel S as O.[1] "According to this theory, the receiver reconciles differen= ces between other people's assertions and his own views by shifting his attitudes, by re-evaluating the sources, or both. The basic prin= ciple is that the person's evaluation always changes in the direction of increased congruity (balance) within his existing frame of reference. The congruity principle says that when someone we have feelings about comments on a subject about which we already have certain opinions, our response will be congruent (balanced) or incongruent (unbalanced). In incongruent situations pressures will move us toward a state of congruency."[2]

Die kongruensiebeginsel open die moontlikheid vir die bereiking van konsensus. Spesifieke konsensus sal egter nie geredelik tot stand kom nie, want geen ingrypende houdingverandering vind plaas nie. Die mate van verandering word bepaal deur die betrokkenheid van die indi= vidu by die persoon (S) en die saak (O).

7.8 Sinchroniese en diachroniese kommunikasiemetodes

Sinchroniese en diachroniese metodes word deur Thayer gebruik om as= pekte van interkommunikasie te verduidelik.[3]

Die sinchroniese metode word sō verduidelik. "In the synchronic mode, the consequence sought or realized is the 'synchronization' of the

---

1. Zajonc, op. cit., p. 52

2. Applbaum, op. cit., p. 167

3. Thayer, L. Communication and communication systems: In Organi= zation, Management and Interpersonal relations, p. 131. Dié begrippe verskil totaal van die in die Linguïstiek, waar die sin= chroniese ondersoek 'n studie van die taal behals tydens 'n bepaalde fase daarvan, sonder enige aandag aan die historiese of diachroniese aspekte.

participants. It is the sort of encounter in which one of the parti= cipants, Y, has as his objective either (a) bringing the psychological state of another person, Z, from its present apparent-state-of-af= fairs to the state- of-affairs desired or intended by Y, or (b) achieving some intended-state-of-affairs through the actions or beha= vior of Z. In both cases Z is the 'sink' of the 'message'. And the situation is resolved (the 'problem' solved) when Z is brought into some satisfactory state of synchronization with Y, or when Z's action brings about a satisfactory state-of-affairs with respect to an intended state-of-affairs between Y and some aspect of his environment."[1]

Diachroniese kommunikasie vind plaas wanneer 'n nuwe situasie tussen twee individue of tussen die individue en hul omgewings daargestel word. In teenstelling met die sinchroniese metode is die diachroniese metode nie afhanklik van die besluit van die persone se "intended-state-of-affairs" nie, maar van 'n gesamentlike poging om 'n resultaat te bereik, wat dit ook is.[2]

Thayer noem 'n voorbeeld van 'n konferensie waar 'n nuwe beleid of probleem aan die teenwoordiges bekend gestel word. Die sinchroniese metode word gebruik om al die persone se kennis van die beleid of pro= bleem in ooreenstemming met dié van die voorsitter of leier te bring. 'n Konferensie kan ook byeengeroep word om 'n gemeenskaplike probleem, asook die moontlike oplossings daarvoor te bespreek wat deur verskil= lende lede voorgestel is. In so 'n geval word die diachroniese metode gebruik. Nuwe idees of perspektiewe word na vore gebring deur die "oop metode".[3]

---

1. Thayer, op. cit., pp. 129, 130

2. Ibid., p. 130

3. Ibid.

"The product or the output of a synchronic communication encounter is one of 'tuning' another to one's thinking or intentions, or of changing some aspect of the environment through the behavior of the other. The product or the output of a diachronic communication en= counter is typically some new insight or comprehend-ability on the part of all participants. In the synchronic mode, the objective is the achievement of one or the other's intended-state-of-affairs. In the diachronic mode, the objective is the achievement of some mutual advantageous consequence not know in advance by either participant."[1]

'n Nadere beskouing van die twee metodes wys in die geval van sinchro= niese kommunikasie na algemene konsensus. Spesifieke konsensus is nie uitgesluit nie, hoewel volgens die voorbeelde van Thayer dit moontliker is by tweeledige kommunikasiesituasies as by groepe (kon= ferensie). Die diachroniese metode hou die moontlikheid van spesifieke konsensus in omdat die resultaat van die kommunikasiesituasie nie vooraf voorspel kan word nie en dit vir albei partye voordelig is.

## 7.9 Samevatting

'n Hele aantal oorwegings is aan die orde gestel om die moontlikhede en toepassings van konsensus uit te wys. Hierby kan nog talle ander aspekte gevoeg word, bv. die fisiese determinante in die kommunikasie= situasie, o.m. plek en tyd, die kommunikasieklimaat, die kommunikasie= gesteldheid van die betrokke partye, die uitwerking van luister en terugvoering in interpersoonlike kommunikasie, die invloed van 'n opinieleier, e.s.m. Konsensus kan saam met ander faktore baie bydra tot die verheldering van die verskynsel kommunikasie.

---

1. Ibid.

## HOOFSTUK 8

## SLOT

Kommunikasie openbaar sigself in twee dimensies. Eerstens is kommunikasie 'n sosiale proses waar twee of meer mense in verbinding tree. Tweedens is kommunikasie 'n wedersydse deelgenootskap in die simboliese veruiterliking van bewussynsinhoude.[1] Konsensus spruit uit die aktiewe deelname van mense aan 'n kommunikasieproses waar albei partye, deur eenderse betekenisgewing aan simbole, tot ooreenstemming kom.[2]

Aan konsensus is deur wetenskaplikes in die sosiale wetenskappe verskeie funksies toegeken. In die Politikologie word dit hoofsaaklik beskou as 'n ooreenkoms t.o.v. die basiese politieke prosesse. Konsensus moet verseker dat sosiale en politieke verskille nie in 'n vernietigende konflik ontwikkel nie. Konsensus is so die teenpool vir konflik.[3] In die Sosiologie word konsensus beskou as groepsbesluite waaraan die meeste lede van die samelewing bewustelik deelneem. Dit is die bewuswording en instandhouding van sentimente, tradisies, waardes en opinies en dien as grondslag vir 'n ordelike gemeenskap.[4]

In die Kommunikasiekunde word die genoemde funksies van konsensus erken met beklemtoning van die rol wat kommunikasie vervul in die totstandkoming daarvan. Konsensus kan in kommunikasie nie ongekwalifiseerd gebruik word nie. Daar word gevolglik onderskei tussen konsensus <u>oor</u> (d.i. die reëls en prosedures onderliggend aan alle ordelike kommunikasie) en konsensus <u>in</u> (waar 'n gesamentlike betekeniskonstituering

---

1. Cherry, C. World communication. Threat or promise?, p. 3
2. Vergelyk Hoofstuk 1, p. 3
3. Vergelyk Hoofstuk 3, p. 58 e.v.
4. Vergelyk Hoofstuk 3, p. 65 e.v.

voorkom). Konsensus oor is die wedersydse instemming oor die wyse waarop kommunikasie moet geskied en word omvat deur algemene konsensus. Algemene konsensus is in dié kommunikasiesituasies aanwesig waar mense 'n gemeenskaplike taal en verwysingskader deel. Dit verhoog die moontlikheid van kommunikasie tussen mense met dieselfde sosiaal-kulturele agtergrond. Konsensus in dui op die aktiewe deelname en betrokkenheid van albei partye in die kommunikasiesituasie. Die be=reidwilligheid om te kommunikeer, lei tot wedersydse aanvaarding en begrip wat uitloop op 'n gesamentlike en bevredigende betekeniskonsti=tuering. Om spesifieke konsensus oor 'n bepaalde saak te bereik, verg kommunikatiewe inspanning, maar vergemaklik enige verdere kontak en dialoog.[1]

Kommunikasie is die wyse waarop mense betekenis gee aan hul werklikheids=belewing. Betekenis word nie van een persoon na 'n ander gekommunikeer nie, maar word ontlok in die kommunikasiehandeling. Konsensus ont=staan wanneer mense in hul uitdrukking- en vertolkingshandeling een=derse betekenisse toeskryf aan kommunikasieboodskappe. Dit lei tot effektiewe kommunikasie en deelgenootskap, die sine qua non van sin=volle kommunikasie.[2]

In interpersoonlike kommunikasie is die omvang van konsensus in twee=ledige situasies en in mikro- en makrogroepe nie dieselfde nie. Albei partye het nie 'n ewe groot aandeel in die konstituering daarvan nie. In tweeledige situasies kan dissensus die einde beteken van die kommu=nikatiewe verhouding, maar nie in 'n mikro- of makrogroep nie. In laasgenoemde gevalle is algemene konsensus 'n sterk bindingsfaktor terwyl o.m. groepsolidariteit en 'n neiging tot konformisme meehelp

---

1. Vergelyk Hoofstuk 3, p. 71 e.v.
2. Vergelyk Hoofstuk 4, p. 104 e.v.

tot die bereiking van spesifieke konsensus.[1]

By massakommunikasie gaan dit hoofsaaklik om die instandhouding van algemene konsensus, hoewel spesifieke konsensus ook moontlik is. Massakommunikasie is afhanklik van en funksioneer hoofsaaklik op die grondslag van algemene konsensus oor die instellings, waardes, tradi=sies, menings, e.s.m. in die samelewing. Geen massamedium kan in stryd hiermee enigiets aan die samelewing aanbied sonder die moontlik=heid van antagonisme en die ontstaan van 'n geloofwaardigheidsgaping wat die einde kan meebring van die betrokke massamedium.[2]

Hoewel baie faktore konsensus kan bepaal en daarmee rekening gehou moet word, [3] is die voordele van konsensus, samevattend beskou, die wyse waarop betekenisse verander, aangepas en verruim kan word. Kon=sensus bring mee dat mense met verskillende standpunte daartoe oorgaan om die ander persoon(e) se standpunt(e) en posisie(s) beter te begryp. Die noodsaaklikheid om konsensus te bereik, kan meehelp dat mense in die voortdurende dialoog 'n beter verstandhouding bereik, wat uiters belangrik is vir beter verhoudinge. Die bereiking van konsensus kan tydrowend wees, maar dit kan ook tot 'n later, meer geskikte geleent=heid uitgestel word wanneer gunstiger omstandighede heers.

---

1. Vergelyk Hoofstuk 5, p. 126 e.v.
2. Vergelyk Hoofstuk 6, p. 168 e.v.
3. Vergelyk Hoofstuk 7, p. 189

# B I B L I O G R A F I E


ALBIG, J.W. — In: ENCYCLOPAEDIA BRITTANICA, Vol. 18, William Benton, London, 1964.

ALBIG, W. — PUBLIC OPINION, McGraw-Hill, New York, 1939.

ALDEN, A.M. — ODHAMS CONCISE ENGLISH DICTIONARY, Odhams Press, London (Datum van uitgawe nie verstrek.)

ALLPORT, F.D. — Toward a science of Public Opinion. In: CARLSON, R.O. (ed.) COMMUNICATIONS AND PUBLIC OPINION. A PUBLIC OPINION QUARTERLY READER. Praeger Publishers, New York, 1975.

ANDERSCH, E.G., STAATS, L.C., BOSTROM, R.N. — COMMUNICATION IN EVERYDAY USE, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1969, Third edition.

ANDERSEN, K., CLEVENGER, T. Jr. — A summary of experimental research in ethos. In: SERENO, K.K., MORTENSEN, C.D. FOUNDATIONS OF COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1970.

APPLBAUM, R.L., ANATOL, K.W.E., HAYS, E.R., JENSON, O.O., PORTER, R.E., MANDEL, J.E. — FUNDAMENTAL CONCEPTS IN HUMAN COMMUNICATION, Canfield Press, San Francisco, 1973.

ARANGUREN, J.L. — HUMAN COMMUNICATION, World University Library, Weidenfeld and Nicolson, London, 1967.

ARGYLE, M. — The meeting of personalities. In: MORTENSEN, C.D. BASIC READINGS IN COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1973.

BAIRD, A.C., KNOWER, F.H., BECKER, S.L. GENERAL SPEECH COMMUNICATION. McGraw-Hill, New York, 1971,

BARNARD, J.S. (Red.) SIELKUNDE VIR ONDERWYSSTUDENTE, H.A.U.M., Kaapstad, 1972, Vierde druk.

BARKER, L.L., KIBLER, R.J. SPEECH COMMUNICATION BEHAVIOR. PERSPECTIVES AND PRINCIPLES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1971.

BASSETT, G.A. THE NEW FACE OF COMMUNICATION, American Management Association, New York, 1968.

BATESON, G. Information, codification, and metacommunication. In: SMITH, A.G. COMMUNICATION AND CULTURE. READINGS IN THE CODES OF HUMAN INTERACTION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

BAUMANN, Z. A note on mass culture: an infrastructure. In: McQUAIL, D. SOCIOLOGY OF MASS COMMUNICATION, Penguin books, Harmandsworth, 1972.

BEISECKER, T.D., PARSON, D.W. THE PROCESS OF SOCIAL INFLUENCE. READINGS IN PERSUASION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1972.

BEM, D.J. The cognitive foundations of beliefs. In: MORTENSEN, C.D. BASIC READINGS IN COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1973.

BERELSON, B. Communication and Public Opinion. In: SCHRAMM, W. THE PROCESS AND EFFECTS OF MASS COMMUNICA-TION, University of Illinois Press, Urbana, 1970.

BERLO, D.K. THE PROCESS OF COMMUNICATION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1960.

BERLO, D.K. The context for communication. In: HANNEMAN, G.J., McEWEN, W.J., COMMUNICATION AND BEHAVIOR, Addison-Wesley, Reading, Massa= chusetts, 1975.

BERNSDORF, W., BüLOW, F. WORTENBUCH DER SOZIOLOGIE, Ferdinand Enke Verlag, Stüttgart, 1955.

BEST, J.J. PUBLIC OPINION: MICRO AND MACRO, The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1973.

BETTINGHAUS, E.P. PERSUASIVE COMMUNICATION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1973, Second edition.

BEYERS, E. KOMMUNIKASIESIELKUNDE. Sielkunde= biblioteek no. 12, Van Schaik, Pretoria, 1969.

BLIGNAUT, F.W. Kommunikasie: Sielkundige aspekte en oorwegings. SIMPOSIUM OOR KOMMUNIKASIE., Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria, 4 - 6 Julie, 1967.

BLIGNAUT, F.W., FOURIE, H.P. KOMMUNIKASIEKUNDE. INLEIDENDE OPSTELLE. Unisa publikasie, Pretoria, 1970.

BLUMER, H. Symbolic interaction: an approach to human communication. In: BUDD, R.W., RUBEN, B.D. APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION. Spartan books, New York, 1972.

BOGART, L. Is there a world public opinion? In: PROSSER, M.H. INTERCOMMUNI= CATION AMONG NATIONS AND PEOPLES. Harper and Row, New York, 1973.

BOONE, L. — MASSAMEDIA EN INTERPERSONALE COMMUNICATIE, Acco, Leuven, 1971.

BORDEN, G.A. — AN INTRODUCTION TO HUMAN COMMU= NICATION THEORY, W.C. Brown Publishers, Dubuque, Iowa, 1971.

BORMANN, E.G., BORMANN, N.C. — SPEECH COMMUNICATION. AN INTERPERSONAL APPROACH, Harper and Row, New York, 1972.

BOSMAN, D.B., VAN DER MERWE, I.W., HIEMSTRA, L.W. — TWEETALIGE WOORDEBOEK, ENGELS-AFRIKAANS, Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1964, Vyfde, Verbeterde Uitgawe.

BREED, W. — Mass communication and sociocultural integration. In: DEXTER, L.A., WHITE, D.M., PEOPLE, SOCIETY AND MASS COMMUNICATIONS, The Free Press, New York, 1964.

BROADBENT, D.E. — PERCEPTION AND COMMUNICATION. Permagon Press, London, 1969, Third printing.

BROOKS, W.D. — SPEECH COMMUNICATION. W.C. Brown Publishers, Dubuque, Iowa, 1974, Second edition.

BROWN, C.H. — INFORMING THE PEOPLE. A BASIC TEXT IN REPORTING AND WRITING THE NEWS. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1957.

BUBER, M. — Elements of the interhuman. In: STEWART, J., BRIDGES NOT WALLS. A BOOK ABOUT INTERPERSONAL COM= MUNICATION. Addison-Wesley publishing company, Reading, Massachusetts, 1973.

BUDD, R.W., RUBEN, B.D. — APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION. Spartan books, New York, 1972.

CARROLL, J.B. — Psycholinguisties. In: MARKEL, N.N. (ed.) PSYCHOLINGUISTIES: AN INTRODUCTION TO THE STUDY OF SPEECH AND PERSONALITY. The Dorsey Press, Homewood, Illinois, 1969.

CARTER, M.D. — AN INTRODUCTION TO MASS COMMUNICATION. PROBLEMS IN PRESS AND BROADCASTING, Macmillan, London, 1971.

CHANEY, D. — PROCESSES OF MASS COMMUNICATION. Macmillan, London, 1972.

CHERRY, C. — ON HUMAN COMMUNICATION. A REVIEW, A SURVEY, AND A CRITICISM. The M.I.T. Press, Cambridge, Massachusetts, 1971, Second edition.

CHERRY, C. — WORLD COMMUNICATION: THREAT OR PROMISE? Wiley-Interscience, London, 1971.

CHILDS, H. — By Public Opinion I mean ... In: CARLSON, R.O. (ed.) COMMUNICATIONS AND PUBLIC OPINION. A PUBLIC OPINION QUARTERLY READER. Praeger Publishers, New York, 1975.

COETZEE, P.C. — DIE KOMMUNIKASIELEER EN DIE BIBLIOTEEKKUNDE. Ongepubliseerde lesing, Departement Biblioteekkunde, Universiteit van Pretoria, ongedateerd.

CONDON, J.C. — SEMANTIES AND COMMUNICATION. Collier-Macmillan, London, 1966.

CLEVENGER, T. — Some characteristics of the study of communication in 1960. JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 10, 1960.

CUSHMAN, D., WHITING, G.C. — An approach to communication theory: Toward consensus on rules. JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 22, Sept. 1972.

DANCE, F.E.X — The concept of communication. In: JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 20, 1970.

DANCE, F.E.X. — Toward a theory of human communication. In: DANCE, F.E.X., HUMAN COMMUNICATION THEORY. ORIGINAL ESSAYS. Holt, Rine= hart and Winston, New York, 1967.

DANCE, F.E.X. — A helican model of communication. In: SERENO, K.K., MORTENSEN, C.D., FOUN= DATIONS OF COMMUNICATION THEORY. Harper and Row, New York, 1970.

DANCE, F.E.X., LARSON, C.E. — SPEECH COMMUNICATION. CONCEPTS AND BEHAVIOR. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1972.

DARNELL, D.K. — Towards a reconceptualization of Communication. THE JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 21, March 1971.

DAVIS, J.H. — GROUP PERFORMANCE, Addison-Wesley, Reading, Massachusetts, 1969.

DAVISON, W.P. — On the effects of communication. In: CARLSON, R.O. (ed.), COMMUNICATIONS AND PUBLIC OPINION. A PUBLIC OPINION QUARTERLY READER. Praeger Publishers, New York, 1975.

DE FLEUR, M.L. — THEORIES OF MASS COMMUNICATION. David McKay, New York, 1970, Second edition.

DE FLEUR, M.L. — Mass communication and social change. In: TUNSTALL, J. (ed.), MEDIA SOCIOLOGY. A READER. Constable, London, 1974.

DE KONING, T.L. — MOTIVERINGSASPEKTE IN KOMMUNIKASIE. Intreerede, Publikasiereeks van die R.A.U., A 47, Johannesburg, 1971.

DE JONGSTE, H. — On Symbols. In: DOOJEWEERD, H. PHILOSOPHIA REFORMATA. 21e Jaar- gang, 4e kwartaal 1956, J.H. KOK, Kampen.

DE TOCQUEVILLE, A. DEMOCRACY IN AMERICA. Oxford University Press, London, 1965, Abridged edition.

DOOB, L. The behavior of Public Opinion. In: SCHRAMM, W. (ed.) THE PROCESS AND EFFECTS OF MASS COMMUNICATION, University of Illinois Press, Urbana, 1970.

DREYFUSS, H. SYMBOL SOURCEBOOK. AN AUTHORITATIVE GUIDE TO INTERNATIONAL GRAPHIC SYMBOLS, McGraw-Hill, New York, 1972.

DUNCAN, H.D. The search for a social theory of communication in American sociology. In: DANCE, F.E.X., HUMAN COMMUNICATION THEORY, Original essays, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1967.

DU TOIT, C.M. MENS EN DIALOOG. 'n ONDERSOEK NA DIE RELASIONELE BEGINSEL IN DIE DENKE VAN MARTIN BUBER. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1967.

DU TOIT, J.M. , VAN DER MERWE, A.B. SIELKUNDE: 'N ALGEMENE INLEIDING, H.A.U.M., Kaapstad, 1970, Derde druk.

EASTMAN, H.A. A communication theory bibliography speaks out - softly. In: JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 22, Sept. 1972.

EDWARD, P. (ed.) THE ENCYCLOPEDIA OF PHILOSOPHY, Vol. 6, Collier-MacMillan, London, 1967.

EISENSON, J., AUER, J.J., IRWIN, J.V. THE PSYCHOLOGY OF COMMUNICATION, Appleton-Century Crofts, New York, 1963.

ELLINGSWORTH, H.W., CLEVENGER, T. SPEECH AND SOCIAL ACTION: A STRATEGY OF ORAL COMMUNICATION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1967.

EMERY, E., AULT, P.H., AGEE, W.K. INTRODUCTION TO MASS COMMUNICA= TIONS, Dodd, Mead and Company, New York, 1971, Third edition.

ERASMUS, P.F. ALGEMENE INLEIDING TOT TOEKOMS= NAVORSING - 'N OORSIGTELIKE LITERATUURSTUDIE, Instituut vir Navorsingsontwikkeling, R.G.N., Pretoria, 1973.

ETKIN, W. Communication among animals. In: EISENSON, J., AUER. J.J., IRWIN, J..V., THE PSYCHOLOGY OF COMMU NICATION, Appleton-Century-Crofts, New York, 1963.

EX, J. COMMUNICATIE VAN GEZICHT TOT GEZICHT, Rede: 3 Oktober 1969, Dekker en Van de Vegt, Nÿmegen.

EXLINE, R.V. Psychology: an approach to human communication. In: BUDD, R.W., RUBEN, B.D., APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION, Spartan books, New York, 1972.

FAIRCHILD, H.P. (ed.) DICTIONARY OF SOCIOLOGY, Little= field, Adams, Totowa, New Jersey, 1966.

FAUCONNIER, G. MASSACOMMUNICATIE EEN TERREIN= VERKENNING, H.D. Tjeenk Willink Groningen 1973.

FAUCONNIER, G. MASSAMEDIA EN SAMENLEVING, De Nederlandsche Boekhandel Antwerpen, 1973.

FEARING, F. Human Communication. In: DEXTER, L.A., WHITE, D.M., PEOPLE, SOCIETY, AND MASS COMMUNICATION, The Free Press, New York, 1964.

FEARING, F. Toward a phychological theory of human communication. In: SERENO, K.K., MORTENSEN, C.D., FOUNDATIONS OF COMMUNICATION THEORY, Harper and Row, New York, 1970.

FINDLATER, A. CHAMBER'S ETYMOLOGICAL DICTIONARY, Chambers, Edinburgh, 1947.

FIRTH, R. SYMBOLS: PUBLIC AND PRIVATE, George Allen and Unwin, London, 1973.

FISCHER, B.A. SMALL GROUP DECISION MAKING: COMMUNICATION AND THE GROUP PROCESS, McGraw-Hill, New York, 1974.

FISCHER, B.A. Decision Emergence: Phases in group decision-making. In: JANDT, F.E., CONFLICT RESOLUTION THROUGH COMMUNICATION, Harper and Row, New York, 1973.

FODOR, J.A. Psycholinguisties and communication theory. In: DANCE, F.E.X., HUMAN COMMUNICATION THEORY. ORIGINAL ESSAYS, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1967.

FOURIE, H.P. COMMUNICATION BY OBJECTIVES, McGraw-Hill, Johannesburg, 1975.

FOURIE, H.P. ROLPRENTKOMMUNIKASIE, Sielkunde=biblioteek no. 8, Van Schaik, Pretoria, 1968.

FOURIE, H.P. KOMMUNIKASIEMEDIA EN DIE MENS, Intreerede, Unisa, Pretoria, 1974.

FRANK, R.S. MESSAGE DIMENSIONS OF TELEVISION NEWS, Lexington Books, D.C. Heath and Company, Lexington, 1973.

GANS, H.J. The critique of mass culture. In: CASTY, A. (ed.) MASS MEDIA AND MASS MAN, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1973, Second edition.

GERBNER, G. On defining communication: Still another view, JOURNAL OF COMMUNI= CATION, Vol. 16, 1966.

GIFFEN, K., PATTON, B.R. FUNDAMENTALS OF INTERPERSONAL COMMUNICATION, Harper and Row, New York, 1976, Second edition.

GOLDBERG, A.A., LARSON, C.E. GROUP COMMUNICATION. DISCUSSION PROCESSES AND APPLICATIONS, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1975.

GORDON, G.N. PERSUASION. THE THEORY AND PRACTICE OF MANIPULATIVE COMMUNICATION, Hastings House, New York, 1971.

GORDON, G.N. THE LANGUAGES OF COMMUNICATION. A LOGICAL AND PSYCHOLOGICAL EXAMINATION, Hastings House Publishers, New York, 1969.

GOYER, R.S. Communication, Communicative process meaning: toward a unified theory, JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 20, 1970.

GREEN, A.W. SOCIOLOGY: AN ANALYSIS OF LIEFE IN MODERN SOCIETY, McGraw-Hill, London, 1964.

GROSS, L. Modes of communication and the aquisition of symbolic competence. In: OLSON, D.R. (ed.) , MEDIA AND SYMBOLS. THE FORMS OF EXPRESSION, COMMUNICATION AND EDUCATION, University of Chicago Press, Chicago, 1974.

HABERMAS, J. KNOWLEDGE AND HUMAN INTERESTS, Heineman, London, 1972, Translated, J.J. SHAPIRO.

HALL, T., WHYTE, W.F. — Intercultural communication. In: MORTENSEN, C.D., BASIC READINGS IN COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1973.

HANNEMAN, G.J., McEWEN, W.J. — COMMUNICATION AND BEHAVIOR, Addison-Wesley, Reading, Massa= chusetts, 1975.

HANNEMAN, G.J. — The study of human communication. In: HANNEMAN, G.J., McEWEN, W.J., COMMUNICATION AND BEHAVIOR, Ad= dison-Wesley Publishing Company Reading, Massachusetts, 1975.

HANEY, W.V. — COMMUNICATION AND ORGANIZATIONAL BEHAVIOR. TEXT AND CASES. Richard D. Irwin, Homewood, Illinois, 1967, Revised edition.

HANEY, W.V. — Perception and Communication. In: PATTON, B.R., GIFFEN, K., INTER= PERSONAL COMMUNICATION. BASIC TEXT AND READINGS, Harper and Row, New York, 1974.

HARMS, L.S. — INTERCULTURAL COMMUNICATION, Harper and Row, New York, 1973.

HARTLEY, E.L., HARTLEY, R.E. — The importance and nature of commu= nication. In: STEINBERG, C.S., MASS MEDIA AND COMMUNICATION, Hastings House, New York, 1972.

HAYAKAWA, S.I. — LANGUAGE IN THOUGHT AND ACTION, Harcourt Brace Jovanovich, New York, 1972, Third edition.

HAYAKAWA, S.I. — SYMBOOL, STATUS EN PERSOONLÝKHEID, Athenaeum - Polak en Van Gennep, Amsterdam, 1970.

HERBST, D.A.S. — MASSAKOMMUNIKASIE - 'N BENADERING, ACTA ACADEMICA, Reeks B, No. 6, U.O.V.S., Bloemfontein, 1973.

HERBST, D.A.S. DIE TERREIN VAN DIE KOMMUNIKA=SIEKUNDE, Ongepubliseerde lesing, U.O.V.S., Bloemfontein, 11 Aug. 1972.

HERBST, D.A.S. DIE HEDENDAAGSE KOMMUNIKASIEWÊRELD; NORMATIEF BESKOU, Intreerede, Bloem=fontein, 12 Maart 1975.

HERBST, D.A.S. Kommunikasie en die samelewing. In: KOMMUNIKASIE IN DIE EIE TYD, Instituut vir Eietydse Geskiedenis, Seminaarreeks 1973, U.O.V.S., Bloem=fontein.

HERBST, D.A.S. DIE DILEMMA VAN DIE MODERNE KOE=RANT, Ongepubliseerde D.Phil. proef=skrif, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1974.

HERRIOT, P. AN INTRODUCTION TO THE PSYCHOLOGY OF LANGUAGE, Methuen and Co., London, 1970.

HIXON, R.F. Mass media: an approach to human communication. In: BUDD, R.W., RUBEN, B.D., APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION, Spartan books, New York, 1972.

HOVLAND, C.I., WEISS, W. The influence of source credibility on communication effectiveness. In: SCHRAMM, W., THE PROCESS AND EFFECTS ON MASS COMMUNICATION, University of Illinois Press, Urbana, 1970.

HOWE, R.L. THE MIRACLE OF DIALOGUE, The Seabury Press, New York, 1963.

INSKO, C.A. THEORIES OF ATTITUDE CHANGE, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1967.

JASPERS, K. Truth as communicability. In: MATSON, F.W., MONTAGU, A., THE HUMAN DIALOGUE. PERSPECTIVES ON COMMUNICATION, The Free Press, New York, 1967.

JORDAAN, W.J. IDENTIFIKASIE IN SKRIFTELIKE KOM=MUNIKASIE, Sielkundebiblioteek 20, Van Schaik, Pretoria, 1971.

JOUBERT, D.D., STEYN, A.F. GROEPDINAMIKA. 'N INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN KLEIN GROEPE, Universiteit-Uitgewers en Boekhande=laars, Stellenbosch, 2e druk, 1972.

KATZ, E. On reopening the question of selecti=vity in exposure to mass communica=tions. In: MORTENSEN, C.D., BASIC READINGS IN COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1973.

KATZ, D. Psychological barriers to communica=tion. In: DE VITO, J.A., COMMU=NICATION: CONCEPTS AND PROCESSES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1971.

KATZ, D. Attitude formation and public opinion. In: NIMMO, D.N., BONJEAN, C.M., POLITICAL ATTITUDES AND PUBLIC OPINION, David McKay, New York, 1972.

KATZ, D. The functional approach to the study of attitudes. In: BEISECKER, T.D., PARSON, D.W., THE PROCESS OF SOCIAL INFLUENCE. READINGS IN PERSUASION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1972.

KATZ, J.J. The realm of meaning. In: MILLER, G.A. (ed.), COMMUNICATION, LANGUAGE AND MEANING. PSYCHOLOGICAL PERS-PECTIVES, Basic Books, New York, 1973.

KELTNER, J.W. INTERPERSONAL SPEECH COMMUNICATION. ELEMENTS AND STRUCTURE, Wadsworth Publishing Company, Belmont, Califor-nia, 1970.

KLAPPER, J.T. THE EFFECTS OF MASS COMMUNICATION, The Free Press, Clencoe, 1963, Third printing.

KNAPP, M.L. — NONNERBAL COMMUNICATION IN HUMAN INTERACTION, Holt, Rinehart & Winston, New York, 1972.

KOERANTE — DIE BURGER, DIE VOLKSBLAD.

KORSWAGEN, C.J.J. — MONDELINGE COMMUNICATIE IN THEORIE EN PRAKTŸK I, H.D. Tjeenk Willink, Groningen, 1974.

KRECH, D., CRUTCHFIELD, R.S., BALLACHEY, E.L. — INDIVIDUAL IN SOCIETY, McGraw-Hill, New York, 1962.

KRECH, D., CRUTCHFIELD, R.S., LIVSON, N. — ELEMENTS OF PSYCHOLOGY, Alfred A. Knopf, New York, 1969, Second edition.

LANG, A. (ed.) — COMMUNICATION IN DEVELOPMENT, Academic Press, New York, 1969.

LARSON, O. — Social effects of mass communication. In: FARIS, R.E.L. (ed.), HANDBOOK OF MODERN SOCIOLOGY, Rand McNally and Company, Chicago, 1964.

LAZERSFELD, P.F. — Public opinion and the classical tradition. In: STEINBERG, C.S., MASS MEDIA AND COMMUNICATION, Hastings House, New York, 1972, Second edition.

LEHMAN, W.P. — DESCRIPTIVE LINGUISTICS: AN INTRODUCTION, Random House, New York, 1972.

LERCHE, C.O., SAID, A.A. — CONCEPTS OF INTERNATIONAL POLITICS, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1970.

LERBINGER, O. — DESIGNS FOR PERSUASIVE COMMUNICATION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1972.

LIN, N. — THE STUDY OF HUMAN COMMUNICATION, Bobbs-Merrill, New York, 1973.

LINDEKENS, R. — INLEIDING TOT EEN ANALYSE VAN BOODSCHAPPEN VOLGENS STRUKTURELE, LINGUÏSTISCHE METHODE, Katholieke Universiteit, Centrum voor Communi= catiewetenschappen, Leuven, 1972.

LINDGREN, H.C. — AN INTRODUCTION TO SOCIAL PSYCHO= LOGY, John Wiley, New York, 1969.

LIPPMANN, W. — PUBLIC OPINION, The Free Press, New York, 1966, Second printing.

LIPSITZ, L. — The study of consensus. In: SILLS, D.L. (ed.), INTERNATIONAL ENCYCLOPAEDIA OF THE SOCIAL SCIENCES, Vol. 3, The Macmillan Company and The Free Press, 1968.

LUFT, J. — Interaction patterns and metacommu= nication. In: CATHCART, R.S., SAMOVAR, L.A., SMALL GROUP COMMU= NICATION. A READER. W.C. Brown, Dubuque, Iowa, 1974.

MALAN, J.C. — PROPAGANDA EN OORREDING, Onge= publiseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1973.

MANN, L. — SOCIAL PSYCHOLOGY, John Wiley and Sons, Sydney, 1969.

MARTIN, H.H., COLBURN, C.W. — COMMUNICATION AND CONSENSUS: AN INTRODUCTION TO RHETORICAL DIS= COURSE, Harcourt Brace Jovanovich, New York, 1972.

MARTIN, H.H., ANDERSEN, K.E. — SPEECH COMMUNICATION: ANALYSIS AND READINGS, Allyn and Bacon, Boston, 1968.

MARKHAM, J.W. — VOICES OF THE RED GIANTS. COMMU= NICATIONS IN RUSSIA AND CHINA, The Iowa State University Press, Ames, 1970, Second revised edition.

MATSON, F.W., MONTAGU, A. — THE HUMAN DIALOGUE. PERSPECTIVES ON COMMUNICATION, The Free Press, New York, 1967.

McCLOSKEY, H. — Consensus and ideology in American politics. In: YOUNG, J.P., CONSENSUS AND CONFLICT: READINGS IN AMERICAN POLITICS, Dodd, Mead and Company, New York, 1972.

McCROSKEY, J.C. — AN INTRODUCTION TO RHETORICAL COMMUNICATION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1972, Second edition.

McCROSKEY, J.C. — Human information processing and diffusion. In: BARKER, L.L., KIBLER, R.J., SPEECH COMMUNICA=TION BEHAVIOR, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1971.

McCROSKEY, J.C., LARSON, C.E., KNAPP, M.L. — AN INTRODUCTION TO INTERPERSONAL COMMUNICATION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1971.

McGARRY, K. — COMMUNICATION, KNOWLEDGE AND THE LIBRARIAN, Clive Bingley, London, 1975.

McGARRY, K.J., BURRELL, T.W. — COMMUNICATION STUDIES. A PROGRAM=MED GUIDE, Clive Bingley, London, 1973.

McLEOD, J.M. — The contribution of psychology to human communication theory. In: DANCE, F.E.X., HUMAN COMMUNICA=TION THEORY. ORIGINAL ESSAYS, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1967.

McQUAIL, D. — COMMUNICATION, Longman, London, 1975.

McQUAIL, D. — TOWARDS A SOCIOLOGY OF MASS COMMUNICATIONS, Collier-MacMillan, London, 1969.

McQUAIL, D. (ed.) SOCIOLOGY OF MASS COMMUNICATIONS SELECTED READINGS, Penguin Books, Harmondsworth, 1972.

MEERLOO, J.A.M. Contributions of Psychiatry to the study of human communication. In: DANCE, F.E.X., HUMAN COMMUNICATION THEORY. ORIGINAL ESSAYS, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1967.

MEHRABIAN, A. NONVERBAL COMMUNICATION, Aldine-Atherton, Chicago, 1972.

THE NEW MERRIAM-WEBSTER POCKET DICTIONARY, G.& C. Merriam Co., New York, 1971.

MERRILL, J.C., LOWENSTEIN, R.L. MEDIA, MESSAGES AND MEN. NEW PERSPECTIVES IN COMMUNICATION, David McKay Company, New York, 1971,

MILLER, G.A. PSYCHOLOGY AND COMMUNICATION, Voice of America, Forum Series, Washington, 1974.

MILLER, G.A. The Social Approach. In: PACE, R.W., PETERSON, B.D., RADCLIFFE, T.R., COMMUNICATING INTERPERSONALLY. A READER, Charles E. Merrill, Columbus, Ohio, 1973.

MILLER, G.R. On defining communication: another stab, JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 18, 1968.

MILLER, M.H. Linguistics and developmental psycho=linguistics. In: BARTSCH, R., VENNEMAN, T., LINGUISTICS AND NEIGHBOURING DISCIPLINES, North-Holland Publishing Company, Amsterdam, 1975.

MILLS, C.R. Mass media and public opinion. In: CASTY, A., MASS MEDIA AND MASS MAN, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1973, Second edition.

MILLS, C.R. — THE POWER ELITE, Oxford University Press, New York, Reprint, 1973.

MINTER, R.L. — A denotative and connotative study in communication, JOURNAL OF COM= MUNICATION, Vol. 16, 1966.

MITCHELL, C.D. — A DICTIONARY OF SOCIOLOGY, Rout= ledge and Kegan Paul, London, 1968.

MORTENSEN, C.D. — COMMUNICATION: THE STUDY OF HUMAN INTERACTION, McGraw-Hill, New York, 1972.

MORTENSEN, C.D. — BASIC READINGS IN COMMUNICATION THEORY, Harper & Row, New York, 1973.

MUELLER, C. — THE POLITICS OF COMMUNICATION, Oxford University Press, New York, 1973.

MULDER, C.E. — STEREOTIPES EN VOOROORDELE, Lesing by die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 10 Julie 1973.

MYERS, G.E., MYERS, M.T. — THE DYNAMICS OF HUMAN COMMUNICA= TION. A LABORATORY APPROACH, McGraw-Hill, New York, 1973.

NEWMAN, J.B. — A rationale for a definition of communication. In: SMITH, A.G., COMMUNICATION AND CULTURE. READINGS IN THE CODE OF HUMAN INTERACTION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

NILSEN, T.R. — On defining communication. In: SERENO, K.K., MORTENSEN, C.D., FOUNDATIONS OF COMMUNICATION THEORY, Harper and Row, New York, 1970.

NWANKO, R.L. — Communication as symbolic interaction: A synthesis. In: JOURNAL OF COM= MUNICATION, Vol. 23, 1973.

ODENDAL, F.F. — ASPEKTE VAN TAAL, Nasou Beperk, Kaapstad, ongedateerd.

OLBRICHT, T.H. — INFORMATIVE SPEAKING, Scott, Foresman and Company, Glenview, Illinois, 1968.

OLIVER, R.T., ZELKO, H.P., HOLTZMAN, P.D. — COMMUNICATIVE SPEAKING AND LISTE= NING, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1968.

OLSON, D.R. (ed.) — MEDIA AND SYMBOLS: THE FORMS OF EXPRESSION, COMMUNICATION AND EDUCATION, The National Society for the Study of Education, Chicago, 1974.

PACE, E.M., BOREN, R.R. — THE HUMAN TRANSACTION. FACETS, FUNCTIONS AND FORMS OF INTER= PERSONAL COMMUNICATION, Scott, Foresman, Glenview, Illinois.

PARK, R.E. — Reflections on communication and culture. In: BERELSON, B. JANOWITZ, M., READER IN PUBLIC OPINION AND PROPAGANDA, The Free Press, New York, 1966, Second edition.

PARSONS, T. — SOCIETIES: EVOLUTIONARY AND COM= PARATIVE PERSPECTIVES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1966.

PARSONS, T. — SOCIOLOGICAL THEORY AND MODERN SOCIETY, The Free Press, New York, 1967.

PATTON, B.R., GIFFIN, K. — INTERPERSONAL COMMUNICATION: BASIC TEXT AND READINGS, Harper and Row, New York, 1974.

PEARCE, W.B. — Consensual rules in interpersonal communication: a reply to cushman en whiting, JOURNAL OF COMMU= NICATION, Vol. 23, June 1973.

PETERS, J.M. — COMMUNICATIEMIDDELEN EN COMMUNI= CATIEVORMEN, Acco-uitgaven, Leuven, SE 55.

PETERS, J.M. — RETORIEK VAN DE COMMUNICATIE, H.D. Tjeenk Willink, Groningen, 1973.

PETERSON, T. — Why the mass media are that way. In: STEINBERG, C.S. (ed.), MASS MEDIA AND COMMUNICATION, Hastings House, New York, 1972, Second edition.

PETTERSON, D.D. — Linguistics: an approach to human communication. BUDD, R.W., RUBEN, B.D., APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION, Spartan books, New York, 1972.

PHILLIPS, D.C., LAMB, J.H. — SPEECH AS COMMUNICATION, Allyn and Bacon, Boston, 1966.

PHILLIPS, G.M. — COMMUNICATION AND THE SMALL GROUP, Bobbs-Merrill, New York, 1973.

PIERCE, J.R. — SYMBOLS, SIGNALS AND NOISE. THE NATURE AND PROCESS OF COMMUNICA= TION, Hutchinson, London, 1962.

POLLAY, R.W. — Intrafamily communication and consensus, JOURNAL OF COMMUNICA= TION, Vol. 19, Sept. 1969.

PORTER, A. — CYBERNETICS SYMPLIFIED, The English Universities Press, London, 1969.

PRINS, S.J., ROUX, A.S. — VOORLIGTINGSIELKUNDE. GRONDBEGINSELS, Sielkundebiblioteek no. 6, Van Schaik, Pretoria, 1969, Tweede Druk.

RASMUSSEN, D.M. — SYMBOL AND INTERPRETATION, Martinus Nÿhoff, The Hague, 1974.

READ, H. — COMMUNICATION: METHODS FOR ALL MEDIA, University of Illinois Press, Urbana, 1972

REICHLING, A. — VERZAMELDE STUDIES OVER HEDENDAAGSE PROBLEMEN DER TAALWETENSCHAP, N.V. Uitgeversmaatschappij, W.E.J., Tjeenk Willink, Zwolle, 1969, Vyfde druk.

RHOODIE, N.J. DIE SOSIOLOGIE VAN KOMMUNIKASIE. Simposium oor kommunikasie, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pre=toria, 4 tot 6 Julie 1967.

RICH, A.L. INTERRACIAL COMMUNICATION, Harper & Row, New York, 1974.

RIEKERT, S.J.P.K. Wat is betekenis? - 'n Kernvraag vir die Linguïstiek. In: TYDSKRIF VIR CHRISTELIKE WETENSKAP, Bloemfontein, llde Jaargang, lste Kwartaal, 1975.

RIERKE, R.D., SILLARS, M.O. ARGUMENTATION AND THE DECISION MAKING PROCESS, John Wiley, New York, 1975.

RILEY, J.W., RILEY, M.W. Sociology: an approach to human communication.
BUDD, R.W., RUBEN, B.D., APPROACHES TO HUMAN COMMUNICATION, Spartan books, New York, 1972.

RIVERS, W.L., PETERSON, T., JENSEN, J.W. THE MASS MEDIA AND MODERN SOCIETY, Rinehart Press, San Francisco, 1971, Second edition.

RIVERS, W.L., SCHRAMM, W. RESPONSIBILITY IN MASS COMMUNICATION, Harper & Row, New York, 1969, Revised edition.

ROBINSON, J.M. Hermeneutic since Barth. In: ROBINSON, J.M., COBB, J.B., NEW FRONTIERS IN THEOLOGY, Volume 2, THE NEW HERMENEUTIC, Harper and Row, New York, 1964.

ROGERS, C.R. The characteristics of a helping rela=tionship. In: GIFFEN, K., PATTON, B.R., BASIC READINGS IN INTERPER=SONAL COMMUNICATION, Harper and Row, New York, 1971.

ROGERS, E.M., SHOEMAKER, F.F. COMMUNICATIONS OF INNOVATIONS, The Free Press, New York, 1971, Second edition.

ROKEACH, M. — BELIEFS, ATTITUDES AND VALUES. A THEORY OF ORGANIZATION AND CHANGE, Jossey-Bass Publishers, San Francisco, 1972.

RORVIK, D. — AS MAN BECOMES MACHINE, Souvenir Press, London, 1973.

ROSCH, E. — Linguistic relativity. In: SILVERSTEIN, A. (ed.), HUMAN COM= MUNICATION: THEORETICAL EXPLORATIONS, John Wiley and Sons, New York, 1974.

ROSENFELD, L. — Nonverbal communication in the small group. In: CATHCART, R.S., SAMOVAR, L.A., SMALL GROUP COMMU= NICATION. A READER,W.C. Brown, Dubuque, Iowa, 1974.

ROSS, R.S. — PERSUASION: COMMUNICATION AND INTERPERSONAL RELATIONS, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1974.

ROTHMAN, M.A. — CYBERNETICS. MACHINES THAT MAKE DECISIONS, Collins, London, 1972.

RUESCH, J. — SEMIOTIC APPROACHES TO HUMAN RELA= TIONS, Mouton, The Hague, 1972.

RUESCH, J. — THERAPEUTIC COMMUNICATION, W.W. Norten, New York, 1973.

RUSSELL, H.G., BLACK, K. — HUMAN BEHAVIOR IN BUSINESS, Appleton-Century-Crafts, New York, 1972.

SAGER, A.W. — SPEAK YOUR WAY TO SUCCESS, McGraw-Hill, New York, 1968.

SANDMAN, P.M., RUBIN, D.M., SACHSMAN, D.B. — MEDIA. AN INTRODUCTORY ANALYSIS OF AMERICAN MASS COMMUNICATIONS, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1972.

SARGEANT, S.S., WILLIAMSON, R.C. SOCIAL PSYCHOLOGY: AN INTRODUCTION OF HUMAN RELATIONS, The Ronald Pres London, 1958, Second edition.

SCHEIDEL, T.M. SPEECH COMMUNICATION AND HUMAN INTERACTION, Scott & Foresman, Glenview, Illinois, 1972.

SCHETTLER, C. PUBLIC OPINION IN AMERICAN SOCIETY, Harper and brothers, New York, 1960.

SCHNEIDER, A.E., DONAGHY, W.C., NEWMAN, P.J. ORGANIZATIONAL COMMUNICATION, McGraw-Hill, New York, 1975.

SCHOONNEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J., BOOYSEN, C.M. VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1965.

SCHRAMM, W. THE PROCESS AND EFFECTS OF MASS COMMUNICATION, University of Illinois Press, Urbana, 1970.

SCHRAMM, W. How communication works. In: DELLITO, J.A., COMMUNICATION: CON=CEPTS AND PROCESSES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1971.

SCHRAMM, W. MEN, MESSAGES AND MEDIA. A LOOK AT HUMAN COMMUNICATION, Harper and Row, New York, 1973.

SCHRAMM, W. The Soviet communist theory of the Press. In: SIEBERT. F.S., PETERSON, T., SCHRAMM, W., FOUR THEORIES OF THE PRESS, Univer=sity of Illinois Press, Urbana, 1973, Eighth printing.

SCHUTZ, A. ON PHENOMENOLOGY AND SOCIAL RELATIONS. SELECTED WRITINGS, Edited by H.R. WAGNER, University of Chicago Press, Chicago, 1973, Second impression.

SERENO, K.K., MORTENSEN, C.D. FOUNDATIONS OF COMMUNICATION THEORY, Harper and Row, New York, 1970.

SHANDS, A.C. Outline of a general theory of human communication implications of normal and pathological schizogenesis. In: THAYER, L. (ed.), COMMUNICATION: CONCEPTS AND PERSPECTIVES, Spartan books, Washington, 1967.

SHAW, M. The nature of small groups. In: CATHCART, R.S., SAMOVAR, L.A., SMALL GROUP COMMUNICATION: A READER, W.C. Brown and Company, Dubuque, Iowa, 1974.

SHERIF, M., SHERIF, C.W. SOCIAL PSYCHOLOGY, Harper and Row, New York, 1969.

SHILS, E. The concept of consensus. In: SILLS, D.L. (ed.), INTERNATIONAL ENCYCLOPAEDIA OF THE SOCIAL SCIENCES, The Macmillan Company and The Free Press, 1968, Vol. 3.

SHILS, E.A. Mass society and its culture. In: BERELSON, B., JANOWITZ, M., READER IN PUBLIC OPINION AND COMMUNICATION, The Free Press, New York, 1966.

SMITH, A.G. (ed.) COMMUNICATION AND CULTURE. READINGS IN THE CODES OF HUMAN INTERACTION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

SMITH, A.L. TRANSRACIAL COMMUNICATION, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1973.

SMITH, A.L. Interpersonal communication within transracial contexts. In: BARKER, L.L., KIBLER, R.J., SPEECH COM= MUNICATION BEHAVIOR. PERSPECTIVES AND PRINCIPLES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1971.

SNOOK, I.A. — INDOCTRINATION AND EDUCATION, Routledge and Kegan Paul, London, 1972.

SNYMAN, P.G. — PERS EN LESER. 'N PRINSIPIëLE VOORSTUDIE TOT DIE PERSETIEK, Pro Rege-pers, Potchefstroom, 1971.

SPENCE, N.W.C. — Semantics: sign and symbol. In: MEETHAM, A.R., HUDSON, R.A., ENCYCLOPAEDIA OF LINGUÏSTICS, INFORMATION AND CONTROL, Permagon Press, London, 1969.

SPROTT, W.J.H. — HUMAN GROUPS, Penguin Books, Harmondsworth, Middlesex, 1973.

STAPPERS, J. — Definities van communicatie, MASSA COMMUNICATIE, Vol. 1 (3), April 1973.

STAPPERS, J.G. — MASSACOMMUNICATIE. EEN INLEIDING, Wetenschappelijke Uitgeverij, Am= sterdam, 1975.

STEINBERG, C.S. — THE COMMUNICATIVE ARTS. AN INTRODUCTION TO MASS MEDIA, Hastings House, New York, 1972.

STEWART, D.K. — THE PSYCHOLOGY OF COMMUNICATION, Funk & Wagnalls, New York, 1968.

STEWART, J. — BRIDGES NOT WALLS. A BOOK ABOUT INTERPERSONAL COMMUNICATION, Addison-Wesley Publishing Company, Reading, Massachusetts, 1973.

STOKER, H.G. — BEGINSELS EN METODES IN DIE WETENSKAP, Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1961.

STOKER, H.G. — OORSPRONG EN RIGTING, Vol. 1, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1967.

SWANEPOEL, J.N. — Kommunikasie kom kuier op die kampus, In; DIE BULT, Jaargang 19, Nommer 1, Des. 1971, U.O.V.S., Bloemfontein.

SWENSON, C.H. — INTRODUCTION TO INTERPERSONAL RELATIONS, Scott Foresman, Glenview, Illinois, 1973.

TERWILLIGER, R.F. — MEANING AND MIND. A STUDY IN THE PSYCHOLOGY OF LANGUAGE, Oxford University Press, New York, 1971.

THAYER, L.O. — On theory-building in communication: some conceptual problems. In: JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 13, 1963.

THAYER, L. — COMMUNICATION AND COMMUNICATION SYSTEMS: IN ORGANIZATION, MANAGE= MENT AND INTERPERSONAL RELATIONS, Rubard D. Irwin, Homewood, Illinois, 1968.

THEODORSON, G.A., THEODORSON, A.G. — A MODERN DICTIONARY OF SOCIOLOGY, Methuen and Co., London, 1970.

THOMPSON, W.N. — FUNDAMENTALS OF COMMUNICATION. AN INTEGRATED APPROACH, McGraw-Hill, New York, 1957.

TIMASHEFF, N.S. — SOCIOLOGICAL THEORY. ITS NATURE AND GROWTH, Random House, New York, 1965, Revised edition.

TRENT, J.D., TRENT, J.S., — The process of communication. TRENT, J.D., TRENT, J.S., O'NEILL, J.D., CONCEPTS IN COMMUNICATION, Allyn and Bacon, Boston, 1973.

TRUDGILL, P. — SOCIOLINGUISTICS. AN INTRODUCTION, Penguin books, Harmondsworth, 1975.

TURNEY-HIGH, H.H. MAN AND SYSTEM: FOUNDATIONS FOR THE STUDY OF HUMAN RELATIONS, Appleton-Century-Crafts, New York, 1968.

VAN DER SCHOOT, E. IN GESPREK MET DE ANDER. PRAKTISCHE PSYCHOLOGIE VAN HET GESPREK, G.F. Callenbach N.V., Nijkerk, zesde druk.

VAN HEERDEN, C. INLEIDING TOT DIE SEMANTIEK, Willem Gouws, Johannesburg, 1965.

VAN PEURSEN, C.A., BERTELS, C.P., NAUTA, D. INFORMATIE: EEN INTERDISCIPLI= NAIRE STUDIE, Aula-boeken, Utrecht, 1968.

VAN SCHOOR, M.B. VERTREKPUNTE VIR DIE KOMMUNIKASIE= KUNDE, Referaat gelewer tydens 'n vakbyeenkoms van kommunikasiekundiges aan die U.O.V.S., Bloemfontein, 22 Aug. 1975.

VAN SCHOOR, M.B. VERTREKPUNTE VIR DIE KOMMUNIKASIE= TEORIE, Intreerede, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 2 Aug. 1974.

VAN SCHOOR, M.B. WIE IS DIE MASSA IN MASSAKOMMU= NIKASIE? Simposium van die Noord-Transvaalse tak van die Openbare Skakelinstituut van Suid-Afrika, Pretoria, Maart 1974.

VERDERBER, R.F. COMMUNICATIE, Wadsworth Publishing Company, Belmont, 1975.

VETTER, H.J. LANGUAGE BEHAVIOR AND COMMUNICA= TION. AN INTRODUCTION, Peacock Publishers, Itasca, Illinois, 1969.

VILLARD, K.L., WHIPPLE, L.J. BEGINNINGS IN RELATIONAL COMMUNI= CATION, John Wiley and Sons, New York, 1976.

VOGELAAR, G.A.M. — COMMUNICATIE: KERNPROCES VAN DE SAMENLEVING, De Erven F Bohn, N.V., Haarlem, 1962.

WALKER, J.H. — 'N SOSIOLOGIESE STUDIE VAN OPEN=BARE SKAKELWERK AS KOMMUNIKASIE=VORM, Ongepubliseerde M.A.-Verhan=deling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1974.

WATZLAWICK, P., BEAVIN, J.H., JACKSON, D.D. — PRAGMATICS OF HUMAN COMMUNICA=TION. A STUDY OF INTERACTIONAL PATTERNS, PATHOLOGIES, AND PARADOXES, Faber and Faber, London, 1968.

WEAVER, W. — The mathematics of communication, SMITH, A.G. (ed.), COMMUNICATION AND CULTURE, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

WEBB, R. — INTERPERSONAL SPEECH COMMUNICATION. PRINCIPLES AND PRACTICES, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, New Jersey, 1975.

WEINREICH, U. — Semantics and semiotics. In: SILLS, D.L. (ed.), INTERNATIONAL ENCYCLOPEDIA OF THE SOCIAL SCIENCES, The Macmillan Company and the Free Press, 1968, Vol. 14.

WENBURG, J.R., WILMOT, W.W. — THE PERSONAL COMMUNICATION PROCESS, John Wiley and Sons, New York, 1973.

WENBURG, J.R., WILMOT, W.W. — The senders influence: source credi=bility. In: WILMOT, W.W., WENBURG, J.R., COMMUNICATION INVOLVEMENT: PERSONAL PERSPECTIVES, John Wiley, New York, 1974.

WIENER, N. — Cybernetics. In; SMITH, A.G., COMMUNICATION AND CULTURE. READINGS IN THE CODES OF HUMAN INTERACTION, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1966.

WILDEN, A. SYSTEM AND STRUCTURE. ESSAYS IN COMMUNICATION AND EXCHANGE, Tavistock publications, London, 1972.

WILENTZ, J.S. THE SENSES OF MAN, Thomas Y. Gowell Company, New York, 1968.

WILLIAMS, F. Language and communication. In: HANNEMAN, G.J., McEWEN, W.J., COMMUNICATION AND BEHAVIOR, Addison-Wesley Publishing Company, Reading, Massachusetts, 1975.

WILLIAMS, K.R. Reflections on a human science of communication, JOURNAL OF COMMUNICATION, Vol. 23, 1973.

WILLIAMS, R. COMMUNICATIONS, Penguin books, Harmondsworth, 1962.

WILSON, E.O. Animal communication. In: FLANAGAN, D. (ed.), COMMUNICATION. A SCIENTIFIC AMERICAN BOOK, W.H. Freeman and Company, San Francisco, 1972.

WINSTON, B. DANGLING CONVERSATIONS, Book 1, THE IMAGE OF THE MEDIA, Davis-Poynter, London, 1973.

WISEMAN, G., BARKER, L. SPEECH-INTERPERSONAL COMMUNICATION, Chandler Publishing Company, New York, 1974, Second edition.

WOLSELEY, R.E., CAMPBELL, L.R. EXPLORING JOURNALISM, Prentice-Hall, Englewood Cliffs, N.J., 1957, Third edition.

WRIGHT, C.R. MASS COMMUNICATION. A SOCIOLOGICAL PERSPECTIVE, Random House, New York, 1975, Second edition.

YOUNG, J.P. (ed.) CONSENSUS AND CONFLICT: READINGS IN AMERICAN POLITICS, Dodd, Mead and Company, New York, 1972.

YOUNG, K. Comments on the nature of 'public' and 'public opinion'. In: KATZ, D., CARTWRIGHT, D., ELDERSVELD, S., LEE, A.M., PUBLIC OPINION AND PROPAGANDA, Holt, Rinehart and Winston, New York, 1954.

YOUNG, K. The nature of public opinion. In: WALKER, E.E., LINDQUIST, J.H., MOREY, R.D., WALKER, D.E., READINGS IN AMERICAN PUBLIC OPINION, American Book Company, New York, 1968.

ZADROZNY, J.T. DICTIONARY OF SOCIAL SCIENCE, Public Affairs Press, Washington, 1959.

ZALESNIK, A., MOMENT, D. THE DYNAMICS OF INTERPERSONAL BEHAVIOR, John Wiley and Sons, New York, 1964.

ZAJONC, R.B. The concepts of Balance, Congriuty, and Dissonance. In: BEISECKER, T.D., PARSON, D.W., THE PROCESS OF SOCIAL INFLUENCE. READINGS IN PERSUASION, Prentice-Hall, Englewood-Cliffs, N.J., 1972.

ZELKO, H.P. MODERNE VERGADERTECHNIEKEN, Het Spectrum, Utrecht, 1974, Derde druk.

ZUIDEMA, S.U. COMMUNICATION AND CONFRONTATION, Van Gorcum, Assen, 1972.


U.O.V.S.—U.O.F.S
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK-LIBRARY